

**GESKIEDENIS VAN DIE BYVOEGLIKE VERBUIGING**

**IN NEDERLANDS EN AFRIKAANS**

**deur**

**Edith Hildegard Raidt**

**Proefekrif aangebied ter voldoening aan die vereistes  
vir die graad Ph.D. in Nederlands en Afrikaans aan die  
Universiteit van Kaapstad.**

**1965**

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

## VOOREWOORD

Met die voltooiing van hierdie studie wil ek graag almal bedenk wat tot my akademiese vorming bygedra het en my by die skrywe van my doktorale dissertasie behulpzaam was.

My dank geld veral my promotor, prof. dr. J. du P. Scholtz. Ek beskou dit as 'n besondere voorreg dat ek onder hom kon studeer en onder sy leiding hierdie ondersoek op die gebied van die historiese taalkunde kon uitvoer. Ek is hom baie dankbaar vir sy belangstelling in my werk, vir sy vakkundige leiding en kritiek en die eindelose geduld wat hy in die loop van talryke besprekings aan die dag gelê het. Sy passie vir die vak was aansteeklik; dit het ook by my groot belangstelling in die taalkunde, veral die geskiedenis van Afrikaans, gewek. Ek stel dit ook baie op prys dat hy my goedgegunstiglik toegang gegee het tot ongepubliseerde Kaapse argiefmateriaal waaroor hy beskik.

Aan die Raad van die Universiteit van Kaapstad is ek spesiale dank verskuldig. Die toekenning van 'n beurs en studieverlof het dit vir my moontlik gemaak om in Nederland navorsing te doen in verband met die taalgebruik in 16de- en 17de-eeuse geskrifte. By dié geleentheid kon ek herhaaldelik met vooraanstaande Heerlandici soos prof. C.B. van Haeringen, prof. B. van den Berg en dr. L. Koelmans van die Rijksuniversiteit te Utrecht, prof. W. G. Hellinga en drs. P. Tuynman van die Gemeentelijke Universiteit, Amsterdam, prof. J.L. Pauwels van die Katholieke Universiteit, Leuven en prof. W.J.H. Caron van die Vrije Universiteit, Amsterdam probleme in verband met my ondersoek bespreek; die kontak met hulle was vir my van buitengewone waarde, en ek wil hulle graag bedank dat hulle so veel kostbare tyd aan my afgestaan het.

Dank is ek ook verskuldig aan die redaksie van die Woordenboek der Nederlandse Taal in Leiden, met name dr. A.C. Grens de Jongh en dr. H. Bakker, en aan dr. Jo Daan van die Dialect-, Naam- en Volkskundebureau in Amsterdam, wat my met raad en daad bygestaan het by die insameling van die Nederlandse materiaal vir my dissertasie.

# I N H O U D

|                     |   |
|---------------------|---|
| INLEIDING . . . . . | 1 |
|---------------------|---|

## A F D E L I N G    I

|                                                                |   |
|----------------------------------------------------------------|---|
| HOOFSTUK    I    -    DIE VERBUIGING IN MIDDELNEDERLANDS . . . | 5 |
|----------------------------------------------------------------|---|

|     |                                                  |    |
|-----|--------------------------------------------------|----|
| I   | Voorgeschiedenis van die adnominale verbuiging . | 5  |
| II  | Die verbuiging in Middelnederlands . . . . .     | 7  |
|     | 1. Die sterk verbuiging in Middelnederlands . .  | 10 |
|     | a. Nominatief enkelvoud . . . . .                | 10 |
|     | b. Genitief enkelvoud . . . . .                  | 11 |
|     | c. Datief enkelvoud . . . . .                    | 11 |
|     | d. Akkusatief enkelvoud . . . . .                | 11 |
|     | e. Meervoud . . . . .                            | 12 |
|     | 2. Die swak verbuiging in Middelnederlands . .   | 13 |
| III | Samevatting van chronologiese veranderinge . .   | 16 |
| IV  | Afsonderlike adjektiefsoorte . . . . .           | 20 |
|     | 1. Stofaanduidende adjektiewe en deelwoorde . .  | 20 |
|     | 2. Komparatiewe en superlatiewe . . . . .        | 21 |
|     | 3. Ander byvoeglike vorme . . . . .              | 21 |

|                                                                |    |
|----------------------------------------------------------------|----|
| HOOFSTUK    II    -    DIE VERBUIGING IN DIE SESTIENDE EEU . . | 23 |
|----------------------------------------------------------------|----|

|     |                                                                         |    |
|-----|-------------------------------------------------------------------------|----|
| I   | Probleme by die ondersoek van 16de-eeuse taal .                         | 25 |
| II  | Studies oor 16de-eeuse taal . . . . .                                   | 27 |
| III | Beskrywing van die tekste . . . . .                                     | 28 |
|     | 1. Amptelike en dokumentêre stukke . . . . .                            | 28 |
|     | 2. Kronieke, dagboeke, briewe e.a. . . . .                              | 31 |
|     | 3. Literêre tekste . . . . .                                            | 32 |
|     | 4. Klugte . . . . .                                                     | 33 |
| IV  | Beskrywing van die fleksie . . . . .                                    | 34 |
|     | 1. Nominatief enkelvoud . . . . .                                       | 34 |
|     | 2. Akkusatief enkelvoud . . . . .                                       | 38 |
|     | 3. Genitief enkelvoud . . . . .                                         | 40 |
|     | 4. Datief enkelvoud . . . . .                                           | 41 |
|     | 5. Meervoud . . . . .                                                   | 42 |
|     | 6. Vokatief enkelvoud en meervoud . . . . .                             | 46 |
|     | 7. 'n Paar tipiese adjektiefvorme en sintaktiese konstruksies . . . . . | 46 |



|                                                                                |                                                                                                  |     |
|--------------------------------------------------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------|-----|
|                                                                                | a. Adjektiewe en deelwoorde op <u>-en</u> . . . . .                                              | 46  |
|                                                                                | b. Komparatiwe . . . . .                                                                         | 48  |
|                                                                                | c. Ander byvoeglike vorme . . . . .                                                              | 48  |
|                                                                                | d. Sintaktiese konstruksies . . . . .                                                            | 48  |
|                                                                                | e. Twee attributiewe adjektiewe . . . . .                                                        | 49  |
| V                                                                              | Menings van die eerste grammatici . . . . .                                                      | 50  |
| VI                                                                             | Spreektaalvorme van die 16de eeu en die toestand in die hedendaagse Brabantse dialekte . . . . . | 55  |
| HOOFSTUK III - DIE VERBUIGING IN DIE SEWENTIENDE EEU . . . . .                 |                                                                                                  | 59  |
| I                                                                              | Studies oor sewentiende-eeus . . . . .                                                           | 61  |
| II                                                                             | Teksbeskrywing en metode . . . . .                                                               | 62  |
|                                                                                | 1. Die grammatici . . . . .                                                                      | 63  |
|                                                                                | 2. Die Statevertaling . . . . .                                                                  | 68  |
|                                                                                | 3. Literêre tekste . . . . .                                                                     | 68  |
|                                                                                | 4. Amptelike en betogende stukke . . . . .                                                       | 72  |
|                                                                                | 5. Reisjoernale . . . . .                                                                        | 74  |
|                                                                                | 6. Briewe . . . . .                                                                              | 81  |
|                                                                                | 7. Klugte, blyspele e.d.m. . . . .                                                               | 83  |
| III                                                                            | Beskrywing van die fleksie . . . . .                                                             | 87  |
|                                                                                | 1. Nominatief-Akkusatief enkelvoud . . . . .                                                     | 87  |
|                                                                                | a. Manlik . . . . .                                                                              | 87  |
|                                                                                | b. Vroulik . . . . .                                                                             | 100 |
|                                                                                | c. Onsydig . . . . .                                                                             | 104 |
|                                                                                | 2. Datief enkelvoud . . . . .                                                                    | 111 |
|                                                                                | 3. Genitief enkelvoud . . . . .                                                                  | 112 |
|                                                                                | 4. Meervoud . . . . .                                                                            | 112 |
|                                                                                | 5. Vokatief enkelvoud en meervoud . . . . .                                                      | 115 |
|                                                                                | 6. Ander adjektiewiese vorme of verbindings . . . . .                                            | 115 |
|                                                                                | a. Adjektiewe en deelwoorde op <u>-en</u> . . . . .                                              | 115 |
|                                                                                | b. Adjektiewe na <u>zo</u> , <u>sulck</u> , <u>alte</u> . . . . .                                | 119 |
|                                                                                | c. Verbindings van twee adjektiewe en die meervoud . . . . .                                     | 120 |
|                                                                                | d. Komparatief en superlatief . . . . .                                                          | 121 |
|                                                                                | e. Die possessief <u>on</u> en die demonstratief <u>dees</u> . . . . .                           | 121 |
| IV                                                                             | Slotopmerkings . . . . .                                                                         | 122 |
| HOOFSTUK IV - DIE VERBUIGING IN DIE AGTIENDE EN VROÛE NEENTIENDE EEU . . . . . |                                                                                                  | 128 |
| I                                                                              | Die adjektief voor 'n onsydige substantief . . . . .                                             | 130 |
| II                                                                             | Die adjektief voor 'n manlike persoonsnaam . . . . .                                             | 143 |
| III                                                                            | Stofaanduidende adjektiewe . . . . .                                                             | 145 |
| IV                                                                             | Adjektiewe en ander woorde op <u>-er</u> . . . . .                                               | 147 |
| V                                                                              | Die neëntiende eeu . . . . .                                                                     | 149 |

## A P D E L I N G    II

|                                                                                                   |                |
|---------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------|
| <b>HOOFSTUK V - DIE BYVOEGLIKE VERBUIGING IN HEDENDAAGSE NEDERLANDS EN AFRIKAANS . . . . .</b>    | <b>151</b>     |
| I Die verbuiging in Nederlands . . . . .                                                          | 151            |
| 1. Onlangse studies oor die Nederlandse verbuiging . . . . .                                      | 152            |
| 2. Buigingsvorme in Nederlands . . . . .                                                          | 153            |
| II Die verbuiging in Afrikaans . . . . .                                                          | 159            |
| A. Adjektiewe met suffiks . . . . .                                                               | 162            |
| B. Adjektiewe sonder suffiks . . . . .                                                            | 163            |
| 1. Formasies sonder /ə/ . . . . .                                                                 | 163            |
| 2. Formasies met /ə/ . . . . .                                                                    | 171            |
| <br><b>HOOFSTUK VI - DIE VERBUIGING IN AFRIKAANSE GESKRIFTE VOOR 1875 . . . . .</b>               | <br><b>179</b> |
| I Skryftaal versus spreektaal . . . . .                                                           | 179            |
| II Die gebruik by skrywers van Afrikaans uit die tydperk 1830-1875 . . . . .                      | 183            |
| 1. Samuel Zwaartman . . . . .                                                                     | 183            |
| a. Adjektiewe met suffiks . . . . .                                                               | 184            |
| b. Suffikslose meersillabiese adjektiewe . . . . .                                                | 185            |
| c. Suffikslose monosillabiese adjektiewe . . . . .                                                | 186            |
| 2. Geskrifte vóór Samuel Zwaartman . . . . .                                                      | 193            |
| a. Adjektiewe met suffiks . . . . .                                                               | 195            |
| b. Suffikslose meersillabiese adjektiewe . . . . .                                                | 195            |
| c. Suffikslose monosillabiese adjektiewe . . . . .                                                | 196            |
| 3. Gevolgtrekkings . . . . .                                                                      | 199            |
| <br><b>HOOFSTUK VII - DIE VERBUIGING IN KAAPSE-NEDERLANDSE TEKSTE VAN 1775 TOT 1838 . . . . .</b> | <br><b>202</b> |
| I Die dagboek van Louis Trigar dt (1836-38) . . . . .                                             | 205            |
| 1. Vergelyking met die Nederlandse stelsel . . . . .                                              | 206            |
| 2. Vergelyking met die Afrikaanse stelsel . . . . .                                               | 207            |
| a. Adjektiewe met suffiks . . . . .                                                               | 208            |
| b. Suffikslose monosillabiese adjektiewe . . . . .                                                | 209            |
| (i) Adjektiewe met vaste verbuiging . . . . .                                                     | 209            |
| (ii) Adjektiewe met wisselende verbuiging . . . . .                                               | 210            |
| c. Suffikslose meersillabiese adjektiewe . . . . .                                                | 213            |
| 3. Samevatting. . . . .                                                                           | 214            |
| II Die dag- en kasboekie van Johanna Duminy (1797, 1790-95) . . . . .                             | 215            |
| 1. Vergelyking met die Nederlandse taal . . . . .                                                 | 216            |

|          |                                                                               |     |
|----------|-------------------------------------------------------------------------------|-----|
| 2.       | Vergelyking met die Afrikaanse stelsel . . .                                  | 217 |
| a.       | Adjektiewe met suffiks . . . . .                                              | 217 |
| b.       | Adjektiewe sonder suffiks . . . . .                                           | 217 |
| (1)      | Meersillabiese adjektiewe . . . . .                                           | 217 |
| (11)     | Monosillabiese adjektiewe . . . . .                                           | 218 |
| III      | Die berig van Hendrik Jacob Wikar (1779) . . .                                | 219 |
| 1.       | Vergelyking met die Nederlandse stelsel . . .                                 | 220 |
| 2.       | Vergelyking met die Afrikaanse stelsel . . .                                  | 222 |
| a.       | Adjektiewe met suffiks . . . . .                                              | 222 |
| b.       | Adjektiewe sonder suffiks . . . . .                                           | 223 |
| (1)      | Meersillabiese adjektiewe . . . . .                                           | 223 |
| (11)     | Monosillabiese adjektiewe . . . . .                                           | 223 |
| IV       | Gegewens uit argivale bronne . . . . .                                        | 224 |
| 1.       | Adjektiewe met suffiks . . . . .                                              | 226 |
| 2.       | Adjektiewe sonder suffiks . . . . .                                           | 227 |
| a.       | Meersillabiese adjektiewe . . . . .                                           | 227 |
| b.       | Monosillabiese adjektiewe . . . . .                                           | 228 |
| 3.       | Stofaanduidende adjektiewe . . . . .                                          | 232 |
| 4.       | Aardrykskundige name . . . . .                                                | 233 |
| V        | Samevatting en tentatiewe gevolgtrekkings . .                                 | 236 |
|          |                                                                               |     |
| HOOFSTUK | VIII - DIE VERBUIGING IN KAAPSE-NEDERLANDSE                                   |     |
|          | TEKSTE VOOR 1775 . . . . .                                                    | 239 |
| I        | Aard en verspreiding van die materiaal . . .                                  | 239 |
| II       | Beskrywing van die fleksievorme . . . . .                                     | 243 |
| 1.       | Adjektiewe met suffiks . . . . .                                              | 243 |
| 2.       | Monosillabiese adjektiewe sonder suffiks . .                                  | 245 |
| a.       | Tipes <u>vaste</u> ; <u>vroeënde</u> ; <u>droë</u> ; <u>lieë</u> . . .        | 245 |
| b.       | Tipes <u>klein</u> , <u>arm</u> , <u>jong</u> ; <u>duur</u> , <u>geel</u> . . | 246 |
| c.       | Tipe <u>groot</u> , <u>diep</u> , <u>sterk</u> . . . . .                      | 250 |
| d.       | Tipes <u>ou</u> ; <u>blauw</u> , <u>frail</u> . . . . .                       | 252 |
| e.       | Tipe <u>pers</u> , <u>vals</u> , <u>fluks</u> . . . . .                       | 257 |
| f.       | Tipe <u>oude</u> , <u>rode</u> , <u>goede</u> , <u>wijde</u> . . . .          | 257 |
| 3.       | Monosillabiese adjektiewe in aardrykskundi-<br>ge name . . . . .              | 259 |
| 4.       | Meersillabiese adjektiewe sonder suffiks . .                                  | 261 |
| a.       | Adnominale woorde op <u>-er</u> . . . . .                                     | 261 |
| b.       | Adjektiewe op <u>-el</u> . . . . .                                            | 265 |
| c.       | Adjektiewe met klem op tweede sillabe . .                                     | 266 |
| III      | Slotopmerkings . . . . .                                                      | 270 |

|                                                                                                                                                                                           |     |
|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----|
| SLOTBESKOUING - ONTWIKKELINGSGANG VAN DIE KAAPSE                                                                                                                                          |     |
| PLEKSIE . . . . .                                                                                                                                                                         | 271 |
| I Die situasie in die sewentiende eeu . . . . .                                                                                                                                           | 271 |
| II Verlies van die buigings -e . . . . .                                                                                                                                                  | 275 |
| 1. Adjektiewe op -er . . . . .                                                                                                                                                            | 275 |
| 2. Adjektiewe soos <u>klein</u> , <u>ouw</u> , <u>groot</u> . . . . .                                                                                                                     | 276 |
| a. Tipes <u>klein</u> en <u>ouw</u> . . . . .                                                                                                                                             | 279 |
| b. Tipe <u>groot</u> , <u>diep</u> , <u>sterk</u> . . . . .                                                                                                                               | 280 |
| III Vaste gebruik van die buigings -e . . . . .                                                                                                                                           | 282 |
| 1. Adjektiewe met suffiks . . . . .                                                                                                                                                       | 282 |
| 2. Adjektiewe sonder suffiks . . . . .                                                                                                                                                    | 283 |
| a. Tipes <u>regte</u> , <u>vaste</u> , <u>ronde</u> , <u>harde</u> , <u>wilde</u> ,<br><u>dro(g)e</u> , <u>growwe</u> , <u>nuwe</u> , <u>halwe</u> . . . . .                              | 283 |
| b. Tipes <u>goede</u> , <u>brede</u> , <u>quade</u> , <u>rode</u> . . . . .                                                                                                               | 283 |
| IV Uitbreiding van defleksietendensies . . . . .                                                                                                                                          | 284 |
| V Vergelyking tussen die fonologiese grondslag<br>van die byvoeglike verbuiging en die fone-<br>tiese voorwaardes waaronder werkwoorde met<br>en sonder -e in Afrikaans voorkom . . . . . | 285 |
| 1. Vorme sonder -e . . . . .                                                                                                                                                              | 286 |
| 2. Vorme met -e . . . . .                                                                                                                                                                 | 287 |
| LYS VAN AANGEHAALDE WERKE . . . . .                                                                                                                                                       | 291 |
| I Studies . . . . .                                                                                                                                                                       | 291 |
| II Tekste . . . . .                                                                                                                                                                       | 297 |

## INLEIDING

Wie die byvoeglike verbuiging in hedendaagse Afrikaans met dié van moderne Nederlandse vergelyk, word onmiddellik deur die radikale verskil tussen die twee stelsels getref. Albei tale maak gebruik van adjektiewe in attributiewe funksie met en sonder die uitgang /ə/, maar Afrikaans doen dit op 'n heeltemal ander manier as Nederlands. Waar ons sê, "'n, die, my ou boek/vriend", "'n, die, my groot huis/dogter", "'n, die, my vriendelike antwoord/buurman", gebruik die Nederlander van elke adjektief 'n verboë of onverboë vorm al na gelang van die voorafgaande bepaling en/of die volgende substantief, soos "een ou boek", maar "het, mijn oude boek" en ook "een oude vriend" ens. In Nederlands is die gebruik van die adjektief met of sonder /ə/ 'n sintaktiese kwessie, m.a.w. die verboë en onverboë vorme van 'n adjektief verskil van mekaar in sintaktiese valensie; in Afrikaans daarenteen is die optree van die fleksieformans /ə/ al dan nie onafhanklik van die sintaktiese verband waarin die adjektief staan; die fleksie word bepaal deur die struktuur van die adjektief self en nie deur die omgewende woorde nie. In die seldsame gevalle waar wisselvorme voorkom, het die vorm wat nie die normale is nie, meestal 'n besondere stilistiese en affektiewe waarde; by hoë uitsondering is die verboë en onverboë vorme van die adjektief semanties gedifferensieer.

Vir die taalhistorikus ontstaan die vraag: hoe en wanneer het aan die Kaap 'n eie sisteem van byvoeglike verbuiging ontwikkel? Was dit die resultaat van interne of eksterne faktore? En in hoeverre sluit die nuwe sisteem by die 17de-eeuse Nederlandse taalgebruik aan? Die beantwoording van dié vrae verg 'n uitgebreide ondersoek van 17de-eeuse Hollandse toestande en veral van ons Kaapse bronne van die stigting van die volksplanting in 1652 tot in ons eie tyd. Daarmee word alreeds die aard en doel aangedui van hierdie studie, wat 'n bydrae wil lewer tot ons kennis van die geskiedenis van Afrikaans deur 'n subsisteem van die Afrikaanse taal in sy wording na te gaan en te beskryf so ver ons bronne dit toelaat.

In 'n artikel oor "Die ondergang van die nominale tweeklasse-sisteen in Afrikaans" het prof. J. du P. Scholtz die verloop van die byvoeglike verbuiging alreeds in 1958 in breë trekke geskets,<sup>1)</sup> maar aan die slot van sy studie sê hy dat weens materiaalskaarste veral vir die tyd voor 1750 ons nog lank nie in staat is om 'n beskrywing van die ontstaan van die Afrikaanse byvoeglike verbuiging te gee nie. Intussen is onder sy leiding intensiewe argivale navorsing gedoen deur L.C. van Oordt wat belangrike Kaapse materiaal vir verdere ondersoek beskikbaar gestel het. Dit het veral gegewe oor die tydperk voor 1750 aan die lig gebring.

Vir 'n korrekte siening en interpretasie van die vroeë Kaapse gegewe is kennis van die Hollandse fleksiegewoontes in die 17de en 18de eeu noodsaaklik. Alleen teen die agtergrond van Kaapse eiensaardighede in ons bronne op hul taalkundige waarde getoets word. Dit sou misleidend wees om die hedendaagse Nederlandse fleksie as uitgangspunt en vergelykingsbasis vir die Kaapse ontwikkeling te neem omdat die Nederlandse adnominale verbuiging van vandag nie sonder meer met die van die 17de en 18de eeu gelyk gestel kan word nie.

Toe ek met die oog op die Kaapse buigingsgeskiedenis die 17de-eeuse Nederlandse fleksie wou ondersoek, het ek daar ingewikkelde toestande aangetref wat die resultaat van 'n lang vereenvoudigings- en defleksieproses, van dialekvermenging en van die ingryp en voorskrifte van renaissancistiese grammatici en taalpuriste was. Reste van 'n oorspronklike, ouer verbuigingspatroon in die 17de-eeuse taal het my gedwing om verder terug te gaan en die wortels van die Nederlandse fleksie in die Middelnederlandse adnominale fleksie te soek. Op dié manier het die terrein van studie en ondersoek algaande breër geword en plaas van slegs 'n 17de-eeuse Nederlandse agtergrond vir die Kaapse ontwikkeling te gee, het dit my die moeite werd gelyk om 'n deurlopende beeld van die Nederlandse byvoeglike verbuiging van Middelnederlands tot

---

1) Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, Okt. 1958. Opgeneem in Taalhistoriese opstelle, Pretoria 1963, p. 122 vlg.

vandag te skets. Trouens, 'n dergelike historiese oorsig van die Nederlandse adnominale verbuiging is vantevore nog nie aangepak nie, en 'n groot gebied wat nie deur Van Helden se werke gedek was nie, het nog braak gelê. Die Nederlandse geskiedenis is egter oral met die oog op die latere ontwikkeling aan die Kaap bestudeer; daarom is verskeie aspekte waarin die Heerlandicus wel belang sou stel maar wat vir hierdie ondersoek nie relevant was nie, opsetlik teresj gelaat.

Die beskrywing van die Middelnederlandse adjektiewiese verbuiging is op die bestaande vakliteratuur gebaseer en maak geen aanspraak op volledigheid of oorspronklikheid nie. Dieselfde geld van die afdeling oor moderne Nederlands. Die hoofstukke oor die 16de-, 17de- en 18de-eeuse fleksietoestande, daarenteen, is in groot mate die resultaat van eie navorsing en wil 'n bydrae lewer tot ons kennis van die Nederlandse attributiewe adjektief. Afgesien van 'n uitgebreide teksondersoek, veral op 17de-eeuse gebied, word die grammatiese voorskrifte en waarnemings onder beskouing geneem, omdat hulle kritiek dikwels op die fleksietoestande van hulle eie tyd lig gooi. In die verlede is hulle miskien te eensydig as "taalreglementeerders" en "taaldespoters" beskou en is die studie van hul opmerkings oor eietydse spreek- en skryfgewoontes veronagsaam of die waarde van hul oordeelvellings onderskat. Met die nodige versigtigheid kan waardevolle inligtings uit hulle werke gehaal word. Al was die meeste van hulle bevooroordeel teen die "gewone spreektaal", het hulle tog nader gestaan aan die lewende taalgebruik van hul tyd as ons.

Die tekste en ander materiaal vir die Nederlandse afdeling van hierdie studie was van so 'n aard en omvang dat 'n mens van die verlede na die hede toe kon werk. Bowendien verskil die huidige Nederlandse verbuiging in sy grondslag nie van die Middelleuse nie, sodat 'n mens 'n deurlopende lyn in die ontwikkeling kry. Ons Kaapse materiaal plaas ons egter in 'n ander posisie. Ten eerste het die teenwoordige Afrikaanse byvoeglike verbuiging 'n ander grondslag as die 17de-eeuse Nederlands waaruit Afrikaans ontwikkel

het, en ten tweede word ons gegewens al hoe seldsamer en twyfelagtiger hoe meer ons terugtrek in die verlede. Vir die tydperk 1700-1750 laat ons bronne nog steeds heelwat te wense oor ten spyte van die nuwe materiaal wat onlangs bygekom het, en vir die eerste 50 jaar na die volksplanting in 1652 het ons nagenoeg geen eg Kaapse bronne van taalkundige belang nie. Onder die omstandighede moet ons met groot versigtigheid en so te sê tastend van die bekende na die onbekende toe werk. Uitgaande van die huidige buigingstelsel word eers die Afrikaanse geskrifte van die 19de eeu ondersoek, daarna die Kaaps-Nederlandse tekste en argiefstukke van 1775-1830, en ten slotte die tydperk van grootste materiaalskaarste en verwarring op fleksiegebied. Die gegewens van die 18de eeu moet gedurig na twee kante toe getoets word, nl. na 'n moontlike ooreenstemming met of afwyking van 17de- of 18de-eeuse Hollandse spreektaalvorms, en na tekens van 'n wordende Afrikaanse stelsel.

By die beskrywing van elke periode in die Nederlandse én die Afrikaanse afdeling moet die metode van ondersoek by die aard en verspreiding van die materiaal aangepas word. Daarom word oral, waar dit nodig is, aan die begin van 'n hoofstuk 'n uiteensetting van die aard van die bronne en die werkmethode gegee.

Die verspreiding van attributiewe adjektiewe in die verskillende geskrifte wissel baie na gelang van genre en styl. In dramas en betogende prosa is byvoeglike naamwoorde meestal seldsaam, soms byna heeltemal afwesig. Daarenteen is hulle in beskrywings, reisjoernale o.d.m. uit die aard van die saak volop. Om dié rede was baie tekste met andersins interessante taalvorms vir hierdie ondersoek onvragbaar, ander weer het binne 'n klein bestek baie materiaal opgelower. Met dié moeilikheid is, wat betref die lengte van fragmente wat geëksorpeer is, rekening gehou.

In hierdie ondersoek word die term byvoeglike, en selfs adjektiewiese, verbuiging dikwels gebruik as sinoniem met adnominale verbuiging. Dit is ook nie nodig geag om telkens te onderskei tussen woorde soos ons, ander, ieder, sommige en "egte" adjektiewe soos mooi, sarm ens. nie. Hulle gedra hulle wat die verbuiging betref, nie anders as ander adnominale woorde nie.



A F D E L I N G   I

DIE BYVOEGLIKE VERBUIGING IN NEDERLANDS

## HOOFSTUK I

### DIE VERBUIGING IN MIDDELNEDERLANDS

Vir 'n studie en beskrywing van die adnominale verbuiging in die 17de-eeuse Hollands en die latere Kaaps-Hollands is 'n kort oorsig van die voorgeskiedenis van bepaalde byvoeglike vorme in Middelnederlands onmisbaar. Sonder kennis van die Middeleeuse verbuiging kan 17de-eeuse en selfs hedendaggse dialektiese vorme maklik verkeerd geïnterpreteer en geanaliseer word. Dit lê nie binne die bestek van hierdie studie om 'n volledige uiteensetting van die verbuiging van die adnominale adjektief in Middelnederlands te gee nie - dit sou 'n studie op sigself wees; maar dit dringend nodig dat dié onderwerp 'n keer in besonderhede ondersoek word sodat taalkundiges 'n betroubare beeld van geografiese verskille en die historiese ontwikkeling kan kry. Tot nog toe het juis hierdie aspek nie die nodige belangstelling gekry nie. In onlangse studies oor die taalgebruik in afsonderlike Middelnederlandse werke is die byvoeglike verbuiging óf afgeskeep óf glad nie bespreek nie, en in die bekende Middelnederlandse grammatikas kry ons ook nie die duidelike beeld van die historiese ontwikkeling met inagneming van geografiese verskille wat ons graag sou wil hê nie. Bowendien is daar miskien nog te veel gesteun op die werk van Van Helten, wat 80 jaar gelede ongetwyfeld baanbrekend was, maar nou - met die gewens van 'n noukeuriger bronnestudie gebaseer op nuwe betroubare teksuitgawes - hersiening dringend nodig het.

Die beknopte oorsig wat hier volg, maak nie aanspraak op volledigheid nie; dit dek slegs dié aspekte wat vir die doel van hierdie studie noodsaaklik is.

#### I Voorgeskiedenis van die adnominale verbuiging

In Middelnederlands en selfs in 'n vroeër tydperk was die buigingsstelsel van die byvoeglike naamwoorde onderhewig aan veranderinge, veral as gevolg van die neiging tot kongruensie, <sup>1)</sup>

---

1) A. van Loey, Schönfeld's Historische grammatica van het Nederlands, 6de druk, Zutphen 1959, par. 124.

sodat toe al die sisteem gemeng was. In Indogermaans is die byvoeglike naamwoorde waarakynlik eers onverbuig gebruik, maar toe reeds het hulle die invloed van die fleksie van die selfstandige naamwoorde ondergaan (nominale verbuiging), wat in Oergermaans weer deur die verbuiging van die vooraafgaande pronomina, gedeeltelik onder invloed van 'n tussengroep, die pronominale adjektiewe, gewysig is (pronominale verbuiging). Naas hierdie fleksie, die sg. "sterk verbuiging", het die "swak verbuiging" ontwikkel deurdat byvoeglike naamwoorde gesubstantiveer kon word en dan die buigingsuitgange -en en -on<sup>2)</sup> van die n-stamme van die selfstandige naamwoorde aangeneem het. Dié uitgange was kenmerkend van die konsonantiese of swak verbuiging van die selfstandige naamwoorde. Uit die attributiewe gebruik van dié soort selfstandige naamwoorde ná die selfstandige naamwoorde wat hulle bepaal het (vgl. Goties ahna an weiha, letterlik geen die heilige), ontstaan in die vóór-Middelnederlandse tyd die swak fleksie van die adjektief met die kenmerkende uitgang -e(n). Die twee fleksiestelsels het in verskillende sintaktiese verbande voorgekom: die swak verbuiging na 'n bepaling (bv. bepaalde lidwoord, aanwysende en besitlike voornaamwoorde) en by substantiewiese gebruik; die sterk verbuiging as geen bepaling of 'n onbepaalde lidwoord of voornaamwoord vooraafgegaan het. Die swak verboë vorme van die adjektief het oorspronklik 'n individualiserende funksie gehad. Hulle beklemtoon 'n bepaalde kenmerk en word daarom met die bepaalde lidwoord gebruik in teenstelling met die sterk verboë adjektief (vgl. "de grote man" teenoor "een groot man").

Van Helten het die swak fleksie in Oud-Nederfrankies gerekonstrueer.<sup>3)</sup> Ek laat hier sy paradigma van die swak fleksie volg by wyse van vergelyking met die latere veranderinge in die basiese buigingspatroon.

2) A.W., par. 107 en 124; vgl. ook K. Meisen, Althochdeutsche Grammatik II, Formenlehre, Sammlung Metzler, Stuttgart 1961, par. 29 vlg.

3) Van Helten, Vondel's taal, grammatica van het Nederlandsch der zeventiende eeuw, Groningen 1885, p. 83.

|          |                                                      |      |                                                    |      |                                                     |
|----------|------------------------------------------------------|------|----------------------------------------------------|------|-----------------------------------------------------|
| Ekv. ml. | die goede<br>des goeden<br>den goeden<br>den goeden  | ons. | dat goede<br>des goeden<br>den goeden<br>dat goede | vrl. | die goede<br>der goeden<br>der goeden<br>die goeden |
| Hv.      | die goeden<br>der goeden<br>den goeden<br>die goeden |      |                                                    |      |                                                     |

'n Aanduiding van wat die sterk verbuiging in Oud-Weonederfrankies met sy vermenging van nominale en pronominale uitgange moet gewees het, vind ons in die paradigma van die Oud-Saksiese sterk adjektief,<sup>4)</sup> en selfs meer nog in die fleksie-uitgange wat volgens Cosijn in die "Wachtendonckse Psalms",<sup>5)</sup> dus in Oud-Oosnederfrankies, voorkom. Om dié twee stelsels te kan vergelyk, plaas ons hulle hieronder naas mekaar in een paradigma. Die Oud-Saksiese pronominale uitgange staan kursief en die Oud-Oosnederfrankiese fleksie-uitgange tussen hakies.

|          |                                                                                  |      |                                                        |
|----------|----------------------------------------------------------------------------------|------|--------------------------------------------------------|
| Ekv. ml. | blind (-)<br>blindes (is, es)<br>blindum (o, en, in)<br>blindan (an, in, en, on) | ons. | blind (-)<br>blindes (is)<br>blindum (in)<br>blind (-) |
| vrl.     | blind (-)<br>blindera (ero)<br>blindern (ero, era, iro, oro)<br>blinda (e)       |      |                                                        |
| Hv. ml.  | blinde, -a (a, e)<br>blindaro (ero)<br>blindum (in, on, un)<br>blinde, -a (a, e) | ons. | blind<br>blindaro<br>blindum<br>blind                  |
|          |                                                                                  | vrl. | blinda<br>blindaro<br>blindum<br>blinda                |

Hierdie Oud-Nederfrankiese en Oud-Saksiese paradigmas kan as agtergrond nuttig wees by die ondersoek na die adnominale verbuiging in Middelnederlands, waar geen duidelik onderskeie sterk en swak groepe meer aangetoon kan word nie.

## II Die verbuiging in Middelnederlands

Die neiging tot assimilasie van die buigingsuitgange van die adjektief aan dié van die voorafgaande bepalende woord was 'n kenmerk van die vóór-Middelnederlandse periode. Hierdie neiging word

4) K. Weisen, e.w., par. 50.

5) P.J. Cosijn, De Oudnederlandsche Psalmen, Haarlem 1873, pp. 15-17. Ongelukkig gaan E.K.J. Cowan in sy uitgawe van De Oudnederlandse (Oudnederfrankiese) Psalmenfragmenten (Leiden 1957, *Textus Minores* Dl. XXIII) nie op die kwessie van die adnominale verbuiging in nie.

in Middelnederlands voortgesit, veral by die swak verbuiging, waar die gedeeltelike verloop na die pronominale verbuiging die verskille tussen die sterk en swak fleksies nog meer uitgewis het. In plaas van die organiese swak verbuiging ná die bepaalde lidwoord soos in "des goeden ridders" kom byna uitsluitend "des goets ridders" voor. Die uitgang -en, kenmerkend van die swak verbuiging, is geassimileer aan die -g van die bepaalde lidwoord. Daarmee het sommige naamvalsuitgange van die swak verbuiging gelyk geword aan dié van die sterk verbuiging. Die gevolg was dat in Middelnederlands die twee stelsels so deureenloop en vereenvoudig word dat ons streng gesproke nie meer van 'n suiwer sterk en swak fleksie kan praat nie. Dit sou egter 'n oorvereenvoudiging van 'n uiters komplekse toestand wees, om nou van een gemengde fleksiesisteen te wil praat soos Van Loey dit in sy Middelnederlandse spraakkunst<sup>6)</sup> doen. Dit lyk randsaam en selfs noodsaaklik om die twee fleksies apart te behandel omdat reste van die ou sisteem oorgebly en lank bly leef het. Uit 'n dergelike skeiding tussen sterk en swak wat eintlik net kunsmatig deurgevoer kan word, moet die oorspronklike toestand blyk, en op daardie basiese patroon sal die afwykings aangetoon moet word.<sup>7)</sup>

In Middelnederlands kom die adnominale adjektief in verskeie posisies voor: vóór of ná 'n selfstandige naamwoord, en in verbinding met ander adjektiewe wat dieselfde selfstandige naamwoord bepaal. Vir 'n volledige bespreking hiervan verwys ons na Stoett, Franck

---

6) A. van Loey, Middelnederlandse spraakkunst, I Vormleer, 3de druk, Groningen 1960, par. 21.

7) 'n Indeling soos dié van E. Allard in Een grammaticaal onderzoek van het proza van Hadewych (Nijmegen - Utrecht, 1937, p. 15 vlg.) is ook nie bevredigend nie. Dit skep nog meer verwarring in die beskrywing van die alreeds moeilike toestand van die Middelnederlandse adnominale verbuiging. Mej. Allard skei die sterk en die swak verbuiging in elke posisie van die adjektief, maar groepeer dan onder die twee hoofde van sterk en swak alle uitsonderings sodat geen verskil gemaak word tussen bv. 'n reëlmatige sterk vorm en 'n onoorspronklike sterk vorm nie. As mens - soos mej. Allard dit doen - slegs 'n beskrywing van die adnominale verbuiging in 'n bepaalde teks of skrywer wil gee en nie die oorspronklike patroon wil blootlê nie, is Van Loey en Schönfeld se indeling (waar net een sisteem met sterk-swak vermenging erken word) meer bevredigend.

en Van Helten.<sup>8)</sup> In die volgende oorsig word die klem gelê op die adjektief vóór die selfstandige naamwoord, omdat die adjektief in hierdie posisie verreweg die frekwentste is, en verder omdat die adjektief postpositum in die 16de- en 17de-eeuse tekste tot die posisie beperk bly, dus nie meer - indien ooit - tot die gesproke taal behoort het nie.

Die adnominale adjektief kon verbuig of onverbuig voor; dikwels is -e die buigingsuffiks. Daar is egter ook 'n groep adjektiewe wat eindig op 'n stam -e. Hierdie stamuitgang mag dus nie as 'n buigingsuitgang beskou word nie. Die adjektief in "een soete woort" byvoorbeeld, is onverbuig. In die vroeë Middelnederlands word die adjektief met 'n stamuitgang -e onderskei van die ander adjektiewe. 'n Dubbele proses veroorsaak egter 'n geleidelik toenemende verwarring: na analogie van adjektiewe op -e as stamuitgang kry verwante adjektiewe ook 'n -e, bv. grote in plaas van groot analogies met clene, arme na analogie van rijke, ens. Andersyds word adjektiewe met 'n oorspronklike stam -e deur fonetiese apokopee aangetas, veral in die jonger Middelnederlands, en verloor soms die stam -e. By 'n bespreking van die sterk en swak verbuiging moet ons die bestaan van hierdie groep adjektiewe en die veranderinge deur analogie en apokopee in gedagte hou. Afgesien van die verskuiwings in die fleksiestelsels het ons hier reeds een faktor wat verantwoordelik is vir veranderinge in die adnominale verbuiging in Middelnederlands.

Middelnederlands, wat oor 'n tydvak van meer as drie eeue strek, kan nie as 'n eenvormige taal beskou word nie. Die groot chronologiese verskille ook in die adnominale verbuiging maak 'n diachroniese benadering noodsaaklik. In die twaalfde eeu is die kenmerke van 'n sterk en 'n swak verbuiging nog duideliker as byvoorbeeld in die vyftiende eeu toe ook 'n ander proses, nl. apokopee heelwat veranderinge in die fleksie-uitgange veroorsaak het.

---

8) F.A. Stoett, Middelnederlandsche spraakkunst: Syntaxis, 3de druk, 's-Gravenhage 1923, par. 135-139; J. Franck, Mittelniederländische Grammatik, 2de druk, Leipzig 1910, par. 202-203; W.L. van Helten, Middelnederlandsche spraakkunst, Groningen 1887, par. 314-317.

# 1. Die sterk verbuiging in Middelnederlands

Die paradigma van die sterk verbuiging in Middelnederlands is soos volg:

|         |                                            |                                               |                                                   |
|---------|--------------------------------------------|-----------------------------------------------|---------------------------------------------------|
| Ekv. m. | goet<br>goets (goeden)<br>goeden<br>goeden | ons. goet<br>goets (goeden)<br>goeden<br>goet | vri. goede<br>goed(e)r(e)<br>goed(e)r(e)<br>goede |
| nv.     | goede<br>goeder<br>goeden<br>goede         |                                               |                                                   |

Soos in die vóór-Middelnederlandse periode kom ook in Middelnederlands die sterk verbuiging voor by die adjektief sonder voorafgaande bepaling, na een, geen, en oorspronklik ook na die besittlike voornaamwoorde. Reeds vroeg vind ons hier heelwat uitsonderings, en sommige van dié onreëlmatighede neem mettertyd so toe dat hulle teen die einde van die periode die ou vorme verdring en 'n veranderde fleksiesisteen veroorsaak.

## a. Nominatief enkelvoud

Die reëlmatige Nom. manlik en onsydig is sonder buigingsuffiks. Voor 'n manlike substantief kom ons egter ook verboë vorme teë, veral later in die 15de eeu, bv. "goede wijn", "een grote storm". In die ouer periode is hulle uiters skaars. Na die besittlike voornaamwoorde en voor eiename (bv. vette Florens) word die uitgang -e selfs reël.<sup>9)</sup> Onder invloed van die swak verbuiging na die bepaalde lidwoord - bv. "de goede wijn", "de felle gast" - vind mens ook "goede wijn", "een felle gast". Die verboë en onverboë vorme het naas mekaar in presies dieselfde sintaktiese verband voorgekom. In die vroeë Middelnederlandse tekste is hulle egter minder frekvent as later.

In die vóór-Middelnederlandse periode was die sterk Nom. vroulik sonder buigingsuffiks. In Middelnederlands is dergelike uitganglose vorme ook bekend; dis opvallend dat veral groot dikwels

9) Van Helten (Vondel's taal, par. 85a) meen dat verboë vorme by die allceenstaande adjektief voor eiename (bv. "goede Karel") reers in die 15de eeu voorkom. Volgens Stoett (Mnl. spr., par. 133) en A.J. Barnouw (Beatrijs, A Middle Dutch Legend, Inl. par. 65) was die swak vorm altyd die normale. Vgl. ook Franck, a.w. par. 204.

onvertuig bly, bv. "groot claghe", "groot coude", "een swaer laet", "een half mile" ens. Het ons hier met apokopee van 'n sterk ouer fleksieuitgang te make - soos Van Loey dit verklaar<sup>10)</sup> - of is dit 'n deurwerking van die oorspronklike on-  
verboë Nom. vroulik ekv.?

#### b. Genitief enkelvoud

Die gewone buigingsuffiks vir manlik en onsydig is -s wat met sinkopee van die vokaal uit -es ontstaan het. Daarnaas kom ook nog die oorspronklike vol uitgang voor. Die vroulike adjektief eindig op -ere, -re of -er (-der); -ere is in die vroeë periode van Middelnederlands meer frekwent, later oorheers -er; adjektiewe op l, n, en r kry reëlmatig -re as buigingsuitgang, veral in die jonger tekste; en by adjektiewe met -er as stamuitgang verdwyn soms alle buigingsuffikse, bv. "der lecker spise".

#### c. Datief enkelvoud

Ook in die Dat. ekv. vroulik gebeur dit dat adjektiewe met 'n stamuitgang -er of -en die buigingsuffiks afwerp, bv. "ene ander werf", "in donker nacht", "setten gulden crone". Deur verlies van die -r in die buigingsuffiks, veral in die jonger taal, eindig die Dat. vroulik soms op -e (bv. "mit eenre starcke vergaderinghe", "met eenre fresche nonnen").<sup>11)</sup> Die Dat.-uitgang van manlik en onsydig is -en, maar deur n-Schwund kom ook hier Dat.-vorme op -e voor, sodat die drie geslagte in hierdie naamval - deur verskillende prosesse - aan mekaar gelyk word.

#### d. Akkusatief enkelvoud

In onsydig en vroulik was die Akk. gelyk aan die Nom.; manlik het die suffiks -en in die Akk., maar 'n uitganglose Nom. Onder invloed van die Nom. verloor die Akk. manlik soms sy buigingsuffiks. Andersyds kan ook die Nom. onder invloed van die vierde naamval 'n anorganiese -en-uitgang kry. Hierdie verskynsel is tipies Limburgs,

10) Van Loey, Mnl. spr. I, par. 23b, p.29.

11) Vgl. Van Helten, Mnl. spr., par. 299e.



maar is ook in die ander dialekte bekend. Dit speel veral in die 15de, 16de en selfs nog in die 17de een 'n belangrike rol toe die kreesie van die Nom. -en skiet word.

Ook die Akk. onsydig, wat normaalweg onverboë is, kan 'n anorganiese -e kry, bv. "een hemelache kint", "ene hebreusche wif", "een sonderlinghe dier".

Die Akk. vroulik toon ook skakeringe. Onder invloed van die oorspronklike (d.w.s. vóór die Middelnederlandse tydperk gewone) suffikslose Nom. kom adjektiewe in hierdie navaal ook sonder die uitgang -e voor. Vorme soos "groot ere", "groot pine", "eijn ecoen dochter", "een half mark", "swart gedano"<sup>12)</sup> is volop; by adjektiewe op -lijk, -baer, -saen is apokopee van die slot-e frekwent.

#### e. Meervoud.

Middelnederlands het slegs een meervoud vir alle geslagte, met die uitgang -e in Nom. en Akk., in teenstelling met 'n ouer periode toe die Nom.-Akk. voor neutra sonder uitgang was.<sup>13)</sup> Ons kom egter herhaaldelik uitganglose adjektiewe in die Nom.-Akk. mv. teë, hoofsaaklik by onsydige woorde, bv. "cleer ogen", "guerbaer cleder", "geheerseen kynder", maar ook by manlike en vroulike woorde: "wit penninghen", "heel voeten", "raen boones".<sup>14)</sup> Hier het ons reste van die ou uitganglose Nom.-Akk. onsydig wat soms ook die manlike en vroulike meervoudsvorme beïnvloed het. Naas hierdie analogiewerking het ook die fonetiese apokopee by die verlies van die buigings-e ná -lijk, -baer en -saen 'n rol gespeel.

Die Gen.- en Dat.-uitgange is konstant, maar by die verlede deelwoorde bestaan 'n neiging tot defleksie met verlies van die -n, bv. "van desen vliegende dieren". Van Helten gee voorbeelde van die tyd vóór die begin van die 15de eeu; hy vind die verskynsel egter besonder sterk in die jongste periode van Middelnederlands. Dit is nie tot die meervoud beperk nie; ons vind dit by verlede

12) Van Helten, a.w., par. 300a.

13) Van Looy, Hist. gram., par. 125, p. 152.

14) Van Helten, a.w., par. 300a.

deelwoorde in alle geslagte en in alle naamvalle.<sup>15)</sup>

## 2. Die swak verbuiging in Middelnederlands

Die suiwer swak verbuiging met die kenmerkende buigings-e (-en in die oas. obl.) het in Middelnederlands byna heeltemal verdwyn omdat die uitgang van die adjektief in verskeie naamvalle aan dié van die voorafgaande pronomina geassimileer is. In Middelnederlands kom die swak verbuiging voor ná 'n bepaling, nl. na 'n bepaalde lidwoord, aanwysende voornaamwoord en besittlike voornaamwoord; oorspronklik is ná laasgenoemde die adjektief sterk verbuig.

Die paradigma verskil min van dié van die sterk verbuiging:

|          |                                                           |                                                                |                                                               |
|----------|-----------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------|
| Ekv. nl. | de goede<br>des goets, goeden<br>den goeden<br>den goeden | ons. dat goede<br>des goets, goeden<br>den goeden<br>dat goede | vrl. die goede<br>der goeder(e)<br>der goeder(e)<br>die goede |
| mv.      | die goede<br>der goeder<br>den goeden<br>die goede        |                                                                |                                                               |

Nom. ekv. en mv. het in alle geslagte -e as organiese uitgang.

Maar nou en dan ontbreek dié suffiks, bv. "dat lanc gemerre", "dat half jaar", "dat pijnlijk evel", "tvalsch venijn", "thelich cruce", "tlang lijf", dit erdach dal", "dat vuul ondiel", "dat scarp yser", "dat plat lant", "dat arm lant", "dat arm rijk", "die gheheel stadt", "dese loos katijf", "die groot hitte", "deerste Ingelsch coninc", "die arm ridder", "die arm mensch", e.a.;

ook die meervoud ken dieselfde verskynsel (vgl. die mv. van die sterk verbuiging): "die claer ogen", "die swaer wonden", "die vruchtbaer wercken", "die geestlec liede", "die groot wonden", ens.<sup>16)</sup>

In Van Helten se voorbeelde oorweeg die onsydige gevalle; dieselfde vorme kom ogter ook in manlik en vroulik voor. Hy vind geen verklaring vir hierdie onverboë vorme wat, afgesien van die adjektiewe op -ich, -baer, -lije, -ijn ens., niks met fonetiese apokopee te doen het nie. Miskien is sy vermoede juist dat ook hier invloed van die oorspronklike onverboë naamvalle (nl. Nom.

15) Van Helten, a.w., par. 311a.

16) Van Helten, a.w., par. 307.

vroulik en onsydig ekv. en Hom. mv.) aan te wys is. Maar belangriker nog as die kwessie van die herkoms is m.i. die ooringing waarom dergelike vorme herhaaldelik in die verskillende tekste en tye opduik. Hulle is klaarblyklik 'n afwyking van die norm. Is hulle 'n aanduiding van die vorme van die spreektaal? Juiste in die geval van Middelnederlands weet ons hoegenaamd niks omtrent die gesproke taal nie, en die geskrewe taal gee deurgaans die indruk van 'n sekere skryftradisie, 'n vaste, byna starre skryfnorm wat onder die invloed van statiese voorbeelde en tradisionele oorlewering staan. Dit sou inderdaad die moeite werd wees om na te gaan in watter konteks, in watter tye en watter streke hierdie onverboë adjektiewe die meeste voorkom, want dit is hierdie groep, of die vorm van hierdie adnominale adjektiewe, wat in die geskiedenis van die adnominale verbuiging 'n aansienlike rol speel en in bepaalde tye en streke geleidelik meer veld wen. Was bogenoemde vorme in Middelnederlands 'n sporadiese verskynsel wat eers later met meer krag deurgebreek het, of was hulle destyds al deel van die gesproke taal en het net die erkende buigingstradisie hulle uit die geskrewe taal gebou? Franck neem aan dat hulle in die vroeë Middelnederlands frekwent moet gewees het, maar later "etwas formelhaft-erstarrtes" het.<sup>17)</sup> Tog, die feit dat hierdie uitganglose vorme later aktief word, laat eerder die teencorgestelde vermoed. Franck self maak die interessante opmerking dat hierdie onverboë adjektiewe in die 16de en 17de eeu frekwenter word.<sup>18)</sup>

Die Gen. manlik en onsydig wyk van die ou patroon af: die oorspronklike -en word dikwels vervang deur die vorm op -e, wat al in die vroegste Middelnederlands die gebruiklikste uitgang geword het. Die Gen.-suffiks -on is egter nie onbekend nie; soms kom dit voor met n-Schwund ("sijne lieve kints"). Teen die einde van die Middelnederlandse periode neem die gebruik van -on-vorme weer toe.

---

17) Franck, a.w., par. 198.

18) A.w., par. 204.

Die -en-uitgang in Gen.-Dat. vroulik soos "der edelen vrouwen" is egter uiters seldsaam. Die normale suffiks is die geassimileerde (pronominale) -er (uit -ere) - wat ooreenstem met die sterk verbuiging - of die -re by adjektiewe met 'n stem op l, n, en r. Soos in die sterk verbuiging is ook in die -er-suffiks van die swak Gen. in die jonger taal die verlies van die -r op te merk, sodat -e-uitgange al hoe meer frekvent word.

n-Schwund in die derde naamval manlik en onsydig is in die swak én die sterk verbuiging bekend. Die Akk. manlik van die swak verbuiging eindig op -en, onsydig op -e; daarnaas bestaan die onverboë vorme wat hierbo by die Nom. bespreek is.

Die Gen. meervoud verloor na 'n voorafgaande der, deser in ouer Middelnederlands soms, in die jonger taal taanlik dikwels die r van die fleksiuitgang, bv. "der goede knapen".

Dat. meervoud stem ooreen met dieselfde naamvalle in die sterk verbuiging; die Akk. toon dieselfde eienskappe as Nom. mv.

As ons die meervoud van die Middelnederlands swak verbuiging met dié van Oud-Nederfrankies vergelyk, val dit op dat in die Middelnederlands meervoudsuitgange die tipiese n-kenmerk in Nom.-Akk. geapokopeer is. Daarmee het in Middelnederlands die meervoud van die swak fleksie gelyk geword aan die meervoud van die sterk verbuiging.

'n Verskil tussen die sterk en die swak verbuiging bestaan alleen nog

- a. in Nom. ekv. van die drie geslagte en Akk. ekv. onsydig
- b. in die reste van 'n organiese swak fleksie in Gen. manlik en onsydig, en Gen.-Dat. ekv. vroulik.

Hierdie verskille tussen sterk en swak word deur wederzijdse beïnvloeding van kassus- en fleksiestelsels en deur klankwettige wysigings verder genivelleer. Die uitganglose Nom. manlik en onsydig ekv. van die sterk verbuiging kon analogies met die swak Nom. ook verbuig word; die swak Nom. daarenteen het 'n neiging getoon om uitganglose vorme te gebruik, waarskynlik onder invloed van 'n vroeër sterk Nom. vroulik wat uitgebrei en adjektiewe voor

masculina geraak het. Die oorspronklike Gen.-en van die swak verbuiging wat eers deur die pronominale -es op die agtergrond geplaas is, verdring in die laat- en veral ná-Middelnederlandse tyd weer heeltemal die onoorspronklike -g-suffiks.

### III Samevatting van chronologiese veranderinge

Voordat ons nog 'n paar besondere groepe adjektiewe in Middelnederlands bespreek, vat ons kortliks die belangrikste chronologiese veranderinge saam. Ons kan hulle onder drie hoofde groepeer:

1. veranderinge binne die kasusse
2. die verdringing (en gevolglik opheffing) van een kasusvorm deur 'n ander
3. klankwettige veranderinge.

1. In vroeë Middelnederlands wysig die sterk pronominale vorme die oorspronklike swak fleksie, maar in laat-Middelnederlands wen die n-vorme in die swak fleksie weer veld. Dit raak veral die Gen. manlik en onsydig en die Gen.-Dat. vroulik ekv. In die 15de eeu raak die -er-suffiks in die Gen.-Dat. vroulik ekv. en Gen. mv. ná die bepaalde lidwoord in onbruik en word dit deur die suffiks -e vervang.

Ook in Dat. manlik en onsydig ekv. en Dat. mv. verdring -e-vorme dikwels die organiese -en-uitgang. Sporadiese gevalle van hierdie defleksie is alreeds uit die einde van die 13de eeu bekend, en dan veral in Wes- en Oos-Vlaams van die vroeë 14de eeu. In die jonger Middelnederlands word die Dat. mv. op -e i.p.v. -en by verlede deelwoorde 'n byna reëlmatige verskynsel.<sup>19)</sup>

2. Die orige verandering is hoofsaaklik te wyte aan die weder- syde beïnvloeding van kasusvorme. Die vroegste verandering is wel die verdringing van die Dat. deur die Akk., veral ná bepaalde vooretsels (bv. van). Dat. en Akk. val al hoe meer saam.<sup>20)</sup> Die Gen. word in laat-Middelnederlands dikwels onskrywe deur

---

19) Stoett, Nnl. spr., p. 86.

20) P. Leendertz, jr., Floris ende Blanchefloer van Diederie van Assenede, Leiden 1912, Inl. p. CII.

'n voorsetseel-konstruksie met die Dat. (of Dat.-Akk.) bv. in plaas van "der ertscher vreucht" word "van de eertsche vreucht" geskryf. Dit is waarskynlik medeverantwoordelik vir die wegval van die -r.<sup>21)</sup>

In die jongste Middelnederlands het eintlik net twee naamvalle oorgebly: die Nom. of onderwerpsvorm en die Dat.-Akk. of voorwerpsvorm. Die Vokatief, waar naas die oorspronklike swak verbuiging na analogie van die Nom. ewe veel die sterk fleksie gebruik is, kan hier verder buite beskouing gelaat word. Omdat die verboë Akk. manlik die sterk (onverboë) Nom. manlik beïnvloed het en daar vir 'n vorm op -e(n) verantwoordelik was, en andersyds omdat onder invloed van die onverboë Nom. die Akk. soms sy suffiks verloor het, het in albei naamvalle wat in laat-Middelnederlands nog bestaan het, verwarring geheers. In die Nom. wen die verboë vora terrein, en slegs by die adjektief voor 'n manlike persoonsnaam word konsekwent ná een, geen die onverboë adjektief gebruik.

3. Naas die suiwer morfologiese veranderinge in die fleksiesisteen was daar ook 'n fonetiese proses aan die werk, nl. apokopee. Die afslytingsproses van die neutrale vokaal in die auslaut van die swakbeklemde lettergrepe word in die Middelnederlandse periode voortgesit in alle gebiede behalwe Vlaandere. In Hollands kan dit alreeds kort ná 1300 aangewys word, maar van die 15de eeu af word die -e hoe langer hoe meer geapokopeer.<sup>22)</sup> Dit is opmerklik dat juis in dié tyd die -e van die swak adjektief in die sterk fleksie ingedring en die neiging tot apokopee toegewerk het.<sup>23)</sup> Schönfeld-Van Loey soek die verklaring in die invloed van die objekvorm. By die adjektiewe op -ele, -ene en -ere het alreeds vroeg die neiging bestaan om die slotvokaal te apokopeer,<sup>24)</sup> en dié proses bereik juis in die 15de eeu 'n hoogtepunt.<sup>25)</sup> By byvoeglike naamwoorde met die stamuitgang -e

21) Van Helten, Vondel's taal, par. 89

22) Van Loey, Hist. gram., par. 93.

23) Vgl. P. Leviticus, De klank- en vormleer van het Nl. dialect der St. Servatius-legende van H. van Voldeke, Gent 1892, par. 106.

24) J. Heinsius, Klank- en buigingsleer van de taal des statenbijbels, Groningen 1897, par. 174.

25) Leendertz, a.w., p. CII.

was geapokopeerde vorme al in die 13de een talryker as die vol vorme. Dit ly geen twyfel nie dat hierdie klankwettige prosesse hul deel bygedra het tot die toenemende verwarring in die adnominale verbuiging.

Vir 'n makliker oorsig van die belangrikste chronologiese veranderinge in die Middelnederlandse adnominale verbuigings kan ons 'n skematiese voorstelling van sake gee soos dit bv. in onderstaande tabel gedoen word. Hierdie tabel is egter nie op noukeurige statistiese gegewens gebaseer nie. Dit is net 'n samevatting van wat in die geraadpleegde vakliteratuur oor die gedrag en veranderinge van die Middelnederlandse adjektief in die verskillende naamvalle en fleksiestelsels gesê word. Die indelings in "sporadies - gemiddelde frekwensie - hoë frekwensie" dui die toestand net by benadering aan.

|                  | Ekv.     | Basisse patroon                                             | Ouer Middelnederlands      |                            |                                   | Jonger Middelnederlands |                                    |                                  | Verandering onder invloed van                                                                                             |
|------------------|----------|-------------------------------------------------------------|----------------------------|----------------------------|-----------------------------------|-------------------------|------------------------------------|----------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
|                  |          |                                                             | sporadies                  | minder frekvent            | frekvent                          | sporadies               | minder frekvent                    | frekvent                         |                                                                                                                           |
| Sterk verbuiging | N        | ml. groet<br>ons. groet<br>vrl. groets                      | groets (groeten)           | groets                     | groet<br>groet<br>groets          |                         | groets, groeten<br>groets<br>groet | groet<br>groet<br>groets         | swak verbuiging en Akk. ml.<br>swak verbuiging<br>oorspronkl. suffikaloze Nom. vrl. ekv.                                  |
|                  | G        | ml. groets<br>ons. groets<br>vrl. groet(e)r(e)              | groeten<br>groeten         |                            | groets<br>groets<br>groeter       |                         |                                    | groets<br>groets<br>groeter      | swak verbuiging<br>swak verbuiging<br>apokopee van slot- <u>e</u>                                                         |
|                  | D        | ml. groeten<br>ons. groeten<br>vrl. groet(e)r(e)            |                            | groets<br>groets           | groeten<br>groeten<br>groeter(e)  |                         | groets<br>groets<br>groets         | groeten<br>groeten<br>groeter    | <u>n</u> -Schwund<br><u>n</u> -Schwund<br>apokopee van - <u>g</u>                                                         |
|                  | A        | ml. groeten<br>ons. groet<br>vrl. groets                    | (groet)<br>groets<br>groet |                            | groeten<br>groet<br>groets        |                         | groet<br>groets<br>groet           | groeten<br>groet<br>groets       | Nom. ml.<br>swak verbuiging<br>oorspronkl. suffikaloze Nom. vrl. ekv.                                                     |
| Swak verbuiging  | N        | ml. groets<br>ons. groets<br>vrl. groets                    | groet<br>groet<br>groet    |                            | groets<br>groets<br>groets        | groet<br><br>groet      | groeten<br>groet                   | groets<br>groets<br>groets       | oorspronkl. suffiksl. Nom. en/of Akk. ml.<br>oorspronkl. suffiksl. Nom. ons. ekv.<br>oorspronkl. suffiksl. Nom. vrl. ekv. |
|                  | G        | ml. groeten, groets<br>ons. groeten, groets<br>vrl. groeter |                            | groets<br>groets<br>groets | groets(n)<br>groets(n)<br>groeter |                         | groets<br>groets<br>groeter        | groets(n)<br>groets(n)<br>groets | sterk verbuiging; <u>n</u> -Schwund<br>sterk verbuiging; <u>n</u> -Schwund<br>apokopee van - <u>g</u>                     |
|                  | D        | ml. groeten<br>ons. groeten<br>vrl. groeter                 |                            | groets<br>groets<br>groets | groeten<br>groeten<br>groeter     |                         | groets<br>groets<br>groeter        | groeten<br>groeten<br>groets     | <u>n</u> -Schwund<br><u>n</u> -Schwund<br>apokopee van - <u>g</u>                                                         |
|                  | A        | ml. groeten<br>ons. groets<br>vrl. groets                   | groet<br>groet<br>groet    |                            | groeten<br>groets<br>groets       | groet<br><br>groet      | groet                              | groeten<br>groets<br>groets      | oorspronkelijke suffiksl. Nom.-Akk. mv.<br>en/of apokopee<br>oorspronkl. suffiksl. Nom. vrl. ekv.                         |
|                  | Meervoud |                                                             |                            |                            |                                   |                         |                                    |                                  |                                                                                                                           |
|                  | N        | groets                                                      | groet                      |                            | groets                            | groet                   |                                    | groets                           | oorspronkl. suffikaloze Nom. ons. mv.                                                                                     |
|                  | G        | groeter                                                     | groets (groeten)           |                            | groeter                           |                         | groets                             | groeter                          | apokopee van - <u>g</u> na <u>der</u> , <u>dezer</u> ens.                                                                 |
|                  | D        | groeten                                                     |                            |                            | groeten                           |                         |                                    | groeten                          |                                                                                                                           |
|                  | A        | groets                                                      | groet                      |                            | groets                            | groet                   |                                    | groets                           | oorspronkl. suffikaloze Nom. ons. mv.                                                                                     |



#### IV Afsonderlike adjektiefsorte

Daar is drie groepe adjektiewe wat 'n aparte bespreking verg, want hulle toon die wetmatighede wat ook in die later geskiedenis deurwerk en 'n eiesoortige ontwikkeling het.

##### 1. Stofaanduidende adjektiewe en deelwoorde

Die belangrikste van die groepe "alleenlopers" is die stofaanduidende adjektiewe, wat in die meeste gevalle op -ijn, -en uitgaan, bv. silverijn, goudijn, gouden, gulden. In die cas. obl. ekv. en mv. het hierdie adjektiewe - volgens Van Helten - al vroeg 'n neiging tot sinkopee getoon en die uitgang -enen, na uitstoting van die tweede -e, tot -en laat saanemelt.<sup>26)</sup> Verme soos "enen gulden candelare", "enen silverijn plateel", "een steine molen", "den staliijn hoed", "syde cleeren", "oopere vaten", "ysere wagenen" is baie gebruiklik. Dieselfde klankproses is frekwent by die verlede deelwoorde op -en; ook hier word i.p.v. -enen (participium-uitgang plus kasus-en) meestal -e(n) gebesig. Die uitgange -e en -en is hier nie geslags- of getalonderskeidend nie; -e kom dikwels in die Nom. voor: "dit verscreve ghelt", "de verscreve here". In die dokumentetaal van die latere Middelnederlands is hierdie gesinkopeerde participia volop.

Alreeds van die vroegste Middelnederlands af het die stoflike adjektiewe en die verlede deelwoorde op -en 'n eie ontwikkeling wat effens apart staan van die orige adjektiewe. Die veranderings is te wyte aan klankwettige prosesse en het met die sterk-swak-fleksieverskille niks te make nie.

By die teenwoordige deelwoorde, daarenteen, waar van die vroegste tye af, maar besonder dikwels in die jonger Middelnederlands, die uitgang -e i.p.v. -en in die cas. obl. van manlik, vroulik en in die meervoud aangetref word, is nie 'n klankwettige proses aan die werk nie, maar het ons te make met 'n ou sterk instrumentalis.<sup>27)</sup> Van Helten gee talle voorbeelde soos "van

26) Van Helten, Enl. spr., par. 299d, 306c.

27) Vgl. Van Helten, a.w., par. 311b; Franck a.w., par. 198, p. 168.

levende live", "met bernende moede", "een bornende wind" (Akk.), "des levende waters", "den armen biddende luden", ens. Dergelijke vorme het seker in die 15de en 16de eeu bygedra tot die algemene onsekerheid in die fleksie en aan die -e-uitgange steun gegee.

## 2. Komparatiewe en superlatiewe

Die komparatief met die suffiks -ere agter die positief (-re agter adjektiewe op l, r en u) is oorspronklik swak verbuig. Ook die superlatiefuitgang -(e)st was swak; maar in Middelnederlands word albei, komparatiewe en superlatiewe, sterk én swak verbuig; by eersgenoemde oorweeg die sterk vorme.<sup>28)</sup> Superlatiewe word soos gewone adjektiewe verbuig. By Hadewijch volg die attributief gebruikte superlatief uitsluitend die swak verbuiging.<sup>29)</sup> Waar egter 'n adjektief in die positief 'n onverboë vorm sou eis, is die Middelnederlandse komparatief altyd swak (bv. "grotere coninc en waser niet").

Die komparatiefuitgang -ere ondergaan dieselfde klankwysigings as die gewone adjektief; in laat-Middelnederlands is die -er-suffiks gewoon.

In die komparatief in Akk. manlik ekv. ontbreek dikwels die -n, bv. "betere man en vant men niet" (invloed van die Nom.?).

## 3. Ander byvoeglike vorme

Aan 'n paar byvoeglike onbepaalde voornaamwoorde, aanwysende voornaamwoorde en die besitlike voornaamwoord onse moet ook aandag bestee word omdat hulle in adnominale gebruik ook verbuig kon word. Van die besitlike voornaamwoorde is vir ons doel net ons(e) van belang.

Die byvoeglik gebruikte onbepaalde voornaamwoorde en telwoorde al, ander, eenich, menich, sonich en die onbepaalde lidwoord een is in die ouer taal net sterk verbuig ook in Nom. vroulik; eers later, by een, eenich eers in die 15de eeu, kom swak verboë vorme voor; mens vind ook spore van 'n swak meneghen. Eic en die

28) Barnouw meen dat deur die groter getal sterk uitgange in die positief ook in die komparatief hoofsaaklik sterk vorme ingedring het. (Beatrijs, par. 69)

29) S. Allard, a.w., par. 30.

aanwysende voornaamwoord sulc volg die buiging van een. Alhoewel vorme op -e ook nou en dan in die ouer taal voorkom en waarskynlik analogies met possessiva (soos hare, onse, uwe) ontstaan het, hoort hulle veral by die jonger taal.<sup>30)</sup> As ons uitsonderings en wisselvorme oor die hoof sien, vind ons ook by hierdie groep - soos by die adjektiewe - die neiging in die jonger taal om vorme op -e te gebruik. By ander, wat eers net sterk verbuig is, maar later ook swak uitgange gekry het, kom in laat-Middelnederlands byna altyd die vorm ander voor wat deur die klankwettige wysigings van die adjektiewe op -er sy fleksieuitgang verloor het.

Die besitlike voornaamwoorde volg die verbuiging van die adjektiewe. Maar onse met stam-e kan na analogie van mijn, dijn ens. ook as ons voorkom in alle gevalle waar 'n onverboë besitlike voornaamwoord moontlik was. Dus het naas die onverboë Nom. "onse here", "onse broeder" ook "ons here", verder ook "ons vrouwe" voorgekom - wisselvorme wat deur apokopee ontstaan het.

'n Oorsig oor die adnominale verbuiging in Middelnederlands skep maklik die indruk van verwarring. Maar in en deur die tallose wisselvorme (en vervloeiende grense tussen die twee fleksiestelsels) heen kan mens tog die rigting van die ontwikkeling ontdek: vereenvoudiging van naamvalsonderskeidings, en saam met gereduseerde kasusaanduidings 'n vaster woordvolgorde en beheer deur voorsetsels.

---

30) Franck, a.w., par. 225.

## HOOFSTUK II

### DIE VERBUIGING IN DIE SESTIENDE EEU

Vir die Nederlande is die 16de eeu 'n oorgangstydperk wat o.a. deur 'n nuwe waardering van die volkstaal (in teenstelling met die klassieke tale, veral Latyn) gekenmerk word. Uit dié hoër waardering het gevolg 'n strewe na suiwering van die nasionale taal en 'n strengere ordening van sy vorme. Die nuwe eksterne taalbeskouing lei dus in die loop van die eeu tot 'n ondersoek, beskrywing en ordening van die interne taalgegewens. Dit spreek vanself dat so 'n bewuswording van die eie taal met al sy ryk skakerings eers 'n groter verskeidenheid én verwarring - ook met betrekking tot die fleksiemorfeme van adjektiewe - in die skriftelike taalgebruik sal veroorsaak; maar geleidelik sou 'n bewuste strewe na sifting en normalisering op die voorgrond tree. Die toenemende verskeidenheid van die eerste helfte van die 16de eeu, én die suiwerings- en reglementeringstendensies van ná 1550, is te wyte aan 'n reeks faktore waarvan die Renaissance, die Hervorming en nasionale trots as die belangrikstes beskou moet word.<sup>1)</sup>

As gevolg van hierdie kulturele, godsdienstige en politieke strominge en/of gebeurtenisse word die skryfslus van mense uit verskillende sosiale en geografiese kringe aangewakker, en ons kry (of besit) 'n breër literatuur, 'n groter verskeidenheid tekste as in Middelnederlands. Baie van daardie tekste is opsetlik nief-literêr, soos bv. die klugte; ander weer is opsetlik argafes, soos amptelike stukke wat in 'n stereotipe kanselarytaal opgestel is. Dergelike verskille in styl, sosiale en geografiese herkoms van die tekste blyk duidelik ook uit die wisselvorme in die adjektiewiese stam- en naamvalmorfeme. Daarom is dit begryplik dat ons by die 16de-eeuse taal nog minder as in Middelnederlands van die

---

1) L. van den Branden, Het streven naar verheerlijking, zuivering en opbouw van het Nederlands in de 16e eeuw, Gent 1956, p. 4.

paradigma van adnominale verbuiging kan praat. Die uitsonderings, woekerende wisselvorme en naamvalarelike wat optree naas die ou (15de-eeuse) fleksiepatroon wat nog steeds die basis - maar dan 'n verbrokkelende basis - van die adjektiewiese verbuiging gebly het, maak dit onmoontlik om 'n vaste sisteem in die vroeë 16de-eeuse fleksie aan te toon. Daar was nie net een vaste sisteem nie.

En tog was die toestand nie juis chaoties nie. In die amptelike en streng literêre tekste byvoorbeeld toon die fleksie feitlik geen afwykings van die laat 15de-eeuse paradigma nie; maar waar ons stukke vind wat deur 'n minder ervare of selfs onbeholpe klerk geskryf is, val dit op dat ons in bepaalde stroke herhaaldelik op afwykende vorme afkom wat dikwels as vorme uit die gesproke taal geïnterpreteer moet word.

Die fleksie van die meeste klugte verskil sterk van die literêre tekste, maar dit sou voorbarig wees om in hierdie verskil 'n suiwer weerspieëling van die kloof tussen gesproke en geskrewe taal te sien, want die klugte in die 16de eeu is deurgaans deur rederykers geskryf. Van den Branden, De Vooy s.e.a. het herhaaldelik daarop gewys dat die rederykers in hulle sug na 'n opvallende taalgebruik 'n spesiale liefde vir vreemde woorde en uitdrukkinge aan die dag gelê het en min belangstelling toon vir die verdediging of suiwing van die volk se taal.<sup>2)</sup> Dis eers in die 17de eeu, wanneer klugte deur nie-rederykers geskryf word, dat ons 'n natuurliker taal kry; en selfs daar is die uitdrukkinge en fleksie van so 'n aard dat ons hulle eerder aan 'n vaste klugtetaaltradisie moet toeskryf as aan vorme uit die spreektaal. Daarom kan moeilik aanvaar word wat M.J. De Vriendt-De Man sonder afdoende bewys beweer: "Voor wie een taalkundig probleem uit de 16e eeuw bestudeert zijn het toneel en de poëzie der rederykers een kostbare bron... De Rederykers waren hartstochtelyke taalvormers die verlangden hun alledaagse spreektrant tot uitdrukkingekunst te verheffen."<sup>3)</sup>

---

2) L. van den Branden, a.w., pp. 26 en 294; C.G.N. de Vooy, Geschiedenis van de Ndl. taal, Groningen 1952, pp. 62-65.

3) M.J. De Vriendt-De Man, Bydrage tot de kennis van het gebruik en de flexie van het werkwoord ZULLEN in de 16e eeuw, Gent, 1958, p. 22.

In die rederykersklugte is daar ongetwyfeld baie volkstaalvorme maar ook 'n duidelike rederykerstradisie, wat in die loop van die eeu al hoe sterker word, sodat die klugte dikwels in 'n soort stereotipe volkstaal geskryf is. Ons kan daarom die taal en verbuiging van hierdie klugte nie sonder meer as 'n weerspieëling van die gesproke volkstaal beskou nie, en nog veel minder van die "spreektaal". Ook in die 16de eeu bestaan daar 'n straattaal naas 'n familieaar-beskaaf en 'n vormlike taalgebruik. En die drie soorte is saam en elkeen op sigself "spreektaal".<sup>4)</sup> Al boots die rederykers die straattaal na, kan hulle dikwels nie heeltemal wegbreek van hulle opvatting van 'n gestileerde taal nie.

As in die vervolg die terme volke- of straattaal gebruik word, dui hulle die taal aan van dié sosiale kringe wat gewoonlik in die klugte uitgebeeld word, hoofsaaklik die taal, dus, van die boerebevolking en die proletariaat van die stede.

Die verskille in die taalgebruik in 16de-eeuse tekste lewer die bewys dat die skrywers toe al stylbewus was. 'n Bybelvertaler gaan opsetlik deftig en ergaisierend te werk; 'n klerk skryf in die nugter, verouderde kanselarystyl; en 'n rederyker gebruik in 'n klug volkse en plat uitdrukkings.

#### I Probleme by die ondersoek van 16de-eeuse taal

Waar ons met 16de-eeuse uitgawes te make het, moet ons rekening hou met die toenemende en ingrypende invloed van die drukkers. De Vriendt-De Man gaan op hierdie probleem in en kom tot die gevolgtrekking dat die drukkers die taal van die 16de eeu werklik beïnvloed het.<sup>5)</sup> Soms het hulle die tekste wat hulle moes uitgee, gewysig. Die meeste outeurs bekommer hulle min oor die korrekte uitgawe van hulle werke. Maar ons weet byvoorbeeld dat Utenhove hom bedrieg gevoel het toe die drukker Van der Erven veranderings aan sy teks aanbring. Hy het toe

---

4) J.A. van der Hake, "De moeilijkheden van een onderzoek naar de levende taal in het verleden", N.Tg. jg. V, 1911, p. 120.

5) De Vriendt-De Man, a.w., pp. 12-22.

'n ander drukker gesoek wat sy psalmvertaling onvervals sou uitgee.

Van 'n eenvormigheid in taalkwessies by verskillende drukkers was daar geen sprake nie. Drukkers kon soms ook hulle taalkundige beginsels wysig. Namate die boekdrukkuns ontwikkel, toon hulle 'n neiging om die taal van die naburige kultuursentrum as voorbeeld te neem, bv. Leuven, Antwerpen of Brussel. So onderskei mens byvoorbeeld by die Goudenaar Geraert Leeu 'n Goudse en 'n Antwerpse periode.<sup>6)</sup>

'n Ander probleem is die onbetroubare teksuitgawes van 16de-eeuse geskrifte. In baie gevalle moet, althans voorlopig, dergelike uitgawes gebruik word al is die ondersoeker bewus van die ontoereikendheid van sy basiese materiaal. Waar die oorspronklike teks nie beskikbaar is nie, moet ons maar steun op wat ons het. Ons kan nie wag totdat al die tekste volgens ons huidige mantstawe bevredigend heruitgegee word nie. Maar ons met gepubliseerde argiefmateriaal te make het, is ook versigtigheid nodig. Dikwels is sulke stukke vir historiese doeleindes uitgegee, baie selde met die oog op taalkundige ondersoek. Daarom moet ons ook by die keuse van argieffublikasies op die betroubaarheid by die wyse van uitgawe let.

Uit 'n bestudering van 16de-eeuse stukke blyk gou dat daar duidelike dialekverskille bestaan, ook in die adnominale verbuiging van die adjektief. Die Vlaamse en Brabantse tekste, veral in die argiefstukke, toon fleksiebesonderhede wat in die suiwer Hollandse stukke feitlik onbekend is. Daar sal nagegaan moet word in watter soort tekste die streekverskille voorkom, of hulle uit die spreektaal of uit gewestelike skryftradisies afkomstig was, of hulle as "beskaaf" beskou is, en watter invloed hulle op die later ontwikkeling van die Nederlandse taal gehad het.

---

6) T.a.p., p. 14.

## II Studies oor 16de-eeuse taal

Met bogenoemde opmerkings het ons die moeilikhede aangedui waarvoor die taalondersoeker by 'n ontleding van 16de-eeuse taal te staan kom. Miskien is dit daarom dat ons nog betreklik min van dié taalvorm weet. Verskillende aspekte van 16de-eeus is wel ondersoek,<sup>7)</sup> maar ons besit nog geen omvattende grammatika van die taal van dié tyd nie. Daar is niks wat min of meer gelyk kan gestel word met Van Helden se Vondel's taal, Overdiep se Zeventiende-eeuwsche syntaxis en veral met grondige taalkundige ontledings soos Grens de Jongh se studie van die taalgebruik in G.C. van Santen's Lichte Wigger en Snappende Siitgen.<sup>8)</sup> Die kort inleiding van Stoett tot Drie kluchten uit de zestiende eeuw<sup>9)</sup> voorsien nie in daardie behoefte nie. Dit is kensketsend van die verwaarloosing van dié tydperk dat Weijnen in sy Zeventiende-eeuwsse taal<sup>10)</sup> 'n kort klank- en vormleer van sewentiende-eeus gee, maar sy Bloemlezing van zestiende-eeuwsse taal<sup>11)</sup> sonder kommentaar laat, afgesien van die opmerking in die voorwoord dat "de zestiende eeuw een hoogst belangryke periode" is en "ook in taalkundig opzicht... alle aandacht (verdient)."

Ook in afsonderlike uitgawes van klugte vind ons geen deeglike ontleding van die taalvorm nie. Dit word of afgeskeep of met 'n summiere opmerking afgehandel. Kruyskamp skryf bv. in sy inleiding tot die Dichten en spelen van Jan van den Berghe: "De taal van de Wellustighe Mensch geeft geen aanleiding tot een bijzondere beschouwing, zo min als die van de andere werken van Van den Berghe. Het dialect is Brabants, het woordgebruik en de woordvorming vertonen al de gewone kenmerken van de Zuidnederlandse

---

7) Bv. J.B. Kolthoff, Het substantief in het Ndl. der 16e eeuw (Groningen 1894), A.E. Lubach, Over de verbuiging van het werkwoord in het Ndl. der zestiende eeuw (Groningen 1891); B. van Halteren, Het pronomen in het Ndl. der zestiende eeuw (Wildervank 1906), e.a.

8) Assen 1959.

9) Zutphen 1932.

10) Zutphen 1960, derde druk.

11) Zutphen 1960.



rederykerstaal uit de eerste helft van de 16de eeuw."<sup>12)</sup> Mens vra jou af, wat presies is die Brabantse dialek en die Nederlandse rederykerstaal van die vroeë 16de eeu?

Die substantief, die werkwoord en die pronomina in die 16de eeu is al jare gelede ondersoek, en belangrike detailstudies - bv. De Vriendt-De Man se bydrae tot ons kennis van die werkwoord zullen - vul leemtes in die ou studies aan. Oor die adjektief van die 16de eeu weet ons nog bra min. Net Van Helden gee 'n paar noemenswaardige gegewens oor hierdie onderwerp,<sup>13)</sup> maar 'n volledige oorsig verskaf hy nie. Daarvoor is ook sy bronne-materiaal te beperk en eensydig literêr. Ook Heinsius, wat die adnominale verbuiging in die 16de eeu net indirek aanraak, baseer sy paradigmas op elegs 'n paar laat 16de-eeuse tekste in vernielik-literêre taal.<sup>14)</sup>

### III Beskrywing van die tekste

Die tekste waarop hierdie deel van die ondersoek gebaseer word, is so gekies dat hulle taamlik verteenwoordigend is van die skakerings in die 16de-eeuse taalgebruik en dat daar rekening gehou kan word met geografiese en sosiale eienskappe en met die rol wat die drukkers toe gespeel het.

#### 1. Amptelike en dokumentêre stukke

##### a. opgestel deur ervare klerke:

De oudste stadsrekeningen van Rotterdam in die goed versorgde uitgawe Bronnen voor de geschiedenis van Rotterdam deur J.H.W. Unger en W. Bezemer (Rotterdam 1899) is deurgaans in die tradisionele (d.w.s. laat 15de-eeuse) amptelike taal met sy fleksievorme geskrywe. Steekproewe het geen afwykende buigingsvorme aan die lig gebring nie, behalwe 'n enkele twyfelagtige onverboë meervoud (grauw erweten uit die jaar 1514, p. 475). Dit kan 'n samekoppeling

---

12) 's-Gravenhage 1950, p. XXIV

13) Vondel's taal, par. 88-89. Vgl. ook De Vooy, Nederlandse spraakkunst, Groningen 1960, p. 64.

14) Hy gaan uit van die gebruik in Harnix se Byencorff en in geskrifte van Coornhert. (Klank- en buigingsleer van de taal des Statenbybels, Groningen 1897)

wees of ook net 'n voorbeeld met elisie voor die substantief met beginvokaal.

Die Kenningboek der stad Leiden 1553-1570 en die Kenningboek... 1570-1580<sup>15)</sup> in die Reeks Oud-Vaderlandsche Rechtsbronnen wyk nêrens van die amptelike taaltradisie af nie. Die buigingsvorme stem ooreen met die van die Stadsrekeningen van Leiden van die 15de eeu.<sup>16)</sup> Die stukke in Bronnen tot de geschiedenis van de Leidsche textielnyverheid<sup>17)</sup> is gewoon laat 16de-eeuse amptelike taal.

Die Middeleeuwsche rechtsbronnen van stad en lande van Gooiland<sup>18)</sup> is almal in 'n streng amptelike taal geskrywe. Ook die onlangs gepubliseerde Bronnen voor de geschiedenis van Zeist<sup>19)</sup> bevat geen afwykende fleksievorme nie.

b. Opgestel deur eenvoudige, minder ervare klerke en skrywers:  
In die Verzameling van kronyken, charters en oorkonden betrekkelyk de stad en meierij van 's-Hertogenbosch<sup>20)</sup> (in die vervolg afgekort as Kron. van 's-Hert.) is 'n groot verskeidenheid stukke opgeneem wat in styl en soms ook in die fleksie van die ander bronne wat tot nog toe genoem is, verskil. Die kronieke is veel natuurliker opgestel; die stroewe amptelike taal het hier min invloed uitgeoefen. Waar die geskiedenis wat die kroniekskrywer vertel, baie opwindend word, wyk die buiging van die adjektief soms sterk af van dié in die meer besadigde stukke. Ons vind dan herhaaldelik onverboë vorme in vroulik enkelvoud en in die meervoud wat ons nêrens in die noordelike bronne aantref nie. Dit is hoofsaaklik die geval waar die skrywer klaarblyklik nie 'n professionele, opgeleide klerk was nie.

---

15) Uitgegee deur A.S. De Blécourt en J.J.A. Wjs, Utrecht 1936, en deur M.D. Osinga en W.S. Gellinck, 's-Gravenhage 1930.

16) Dl. II 1424-1434, uitgegee deur A. Meerkamp van Embden, Amsterdam 1914.

17) Uitgegee deur N.W. Posthumus, 's-Gravenhage 1911.

18) Uitgegee deur D.Th. Enklaar, Utrecht 1932.

19) Uitgegee deur Ph. J.C.C. van Hinsbergen, Dl. I, Assen 1962.

20) Uitgegee deur C.R. Hermans, 's-Hertogenbosch 1848.

Daar bestaan 'n goeie diplomatiese uitgawe van die Rekeningen van de gilden van Dordrecht 1438-1600<sup>21)</sup> (afgekort Rek. v. Dord.), waar interessante rekeninge opgeneem is soos dié van die "Appelkoopers- en fruiteniersgild", wat deur 'n baie eenvoudige klerk geskryf is. Dit is deurspek met vorme uit die spreektaal. Ongelukkig kom nie baie adjektiewe in sy poste voor nie.

Besonder vermaaklik is die "Rekeningen van het Illustre Lieve Vrouwe Broederschap te 's Hertogenbosch 1594-1646"<sup>22)</sup> (afgekort Rek. v. Broed.), waar o.a. vermeld word dat na 'n prosesie "6 oleyn Engelen elc 5 pl." en "die onse Heer God was ende t'ertryk droech 2 1/2 st(uiwers)" betaling ontvang; selfs aan "den Salvator..." en "den 12 apostelen" word 'n paar stuiwers gegee. Dis aan te neem dat die skrywer(s) rederykers was omdat die rekeninge net die uitgawes van die rederykersbroederschap behels. Die styl is natuurlik, nie onbeholpe nie, sonder te veel amptelike jargon, maar uit die aard van die saak het byna elke pos dieselfde of 'n soortgelyke bewoording. Naas die gewone buigingsvorme van die adjektief kom herhaaldelik afwykende vorme voor wat ooreenstem met dié van die Kron. van 's Hert. Daar bestaan egter geen verskil in die aard en frekwensie van hierdie afwykings in die poste uit die 15de eeu en dié van die 16de eeu nie.

'n Rekenboek van die kerkmeesters te Delfshaven<sup>23)</sup> wat oor die tydperk 1529-1552 strek, sit vol fontiewe en hiperkorrekte vorme (soos dat heeyellycht sackerment dacht i.p.v. "dat heilig sacrament dach", p. 4) maar ongelukkig kom daar min adjektiewe voor, en van dié wat daar wel is, is net "dat houecht outtaer" en "dat out hout" noemenswaardig. Die eerste van die twee is waarskynlik 'n samekoppeling (die "hoogeltaar"). Die orige buigingsvorme is "korrek", d.w.s. in ooreenstemming met die laat

---

21) Deur J.C. Overvoorde, Historisch Genootschap, Dl. II, 's-Gravenhage 1894.

22) Uit: C.R. Hermans, Geschiedenis der Rederijkers in Noordbrabant, 's Hertogenbosch 1867.

23) In die argief van die Ned. Herv. Kerk van Delfshaven; gedeeltelike afskrif daarvan is gemaak deur prof. B. van den Berg, Utrecht, by wie ek dit kon insien.

15de-eeuse fleksiepatroon plus die algemeen gangbare wisselverme.  
Uit 1574 dateer 'n rekening van die kerkmeesters van die St.  
Laurens<sup>24)</sup> waarin slegs een afwykende vorm aangetref is, nl.

"Het jong wyff inde lobert"; die res is normaal verbuig.

Rekeninge en oorkondes van die 14de tot eind 16de eeu, opgeneem  
in I.H. van Egghen se dissertasie Vrouwenkloosters en Begijnhof in  
Amsterdam (Amsterdam 1941), bevat geen afwykende buigingsvorme nie.

Dit val op dat in die Vlaamse en Brabantse stukke heelwat  
onverboë adjektiewe in vroulik enkelvoud en in die meervoud  
voorkom wat nooit in die egte Hollandse tekste aangewys kan word  
nie. In die taal van die suidelike stukke word blykbaar die  
laat-Middelnederlandse tradisie voortgesit met die sporadiese  
anorganiese onverboë vorme.

## 2. Kronieke, dagboeke, briewe e.n.

Van die Cronyk van Sint Aagten Convent wat van die 15de  
tot die 17de eeu strek, het net 'n vroeg 18de-eeuse afskrif  
bewaar gebly wat deur Boerwinkel (Amersfoort 1939) uitgegee is.  
Ons kan nie vasstel of en in hoeverre die taal deur die kopiërs  
gewysig en aan sy eie 18de-eeuse taal aangepas is nie, daarom  
kan ons aan buigingsvorme wat in die 16de-eeuse gedeelte voorkom,  
nie baie waarde heg nie. Bowendien is daar net een noemenswaardige  
vorm wat herhaaldelik opduik, die "onverboë" besittlike voornaam-  
woord ons voor 'n substantief vroulik skv. of in die meervoud.  
Die Dagboek van Broeder Wouter Jacobsz uit Gouda<sup>25)</sup> daarenteen  
is 'n betroubare bron vir taalkundige ondersoek. Hierdie Prior  
van Stein maak sy aantekeninge in die woelige jare 1572-1579,  
maar die nadeel is dat hy blykbaar met die oog op publikasie  
geskryf het. Wanneer hy oorslaan in die gebedstoon, wat dikwels  
voorkom, word hy deftig en sy buigingsvorme eg "kerklik". Ook  
waar hy sy persoonlike wedervaringe en die politieke gebeurtenisse  
beskryf, probeer hy soms om die naamvalsvorme (volgens die laat  
15de-eeuse patroon) te handhaaf; dikwels is hulle fout, veral die

24) Rotterdam, Gemeente-Archief K.2. 172, afskrif in besit van  
prof. B. van den Berg.

25) Uitgegee deur I.H. van Egghen, Historisch Genootschap,  
Groningen 1959.

Genitief wil nie so reg luk nie (bv. "... dat wý die gracie van openinge ende verlossinge dese swaere verdiets... van u verwerven". Maar tussendeur is daar stukkie in natuurlike verteltrant.

In 'n reeks briewe, almal in min of meer offisiële styl geskrywe, kry ons weer die gewone verbuiging van 16de-eeuse amptelike geskrifte.

Al die tekste wat tot nog toe genoem is, het nie die wysigende invloed van 16de-eeuse of later drukkers ondergaan nie. Ons kan daarom 'n groter individuele verskeidenheid verwag in soverre die skryftaaltradisie nie 'n nivellerende faktor was nie. Ons sien bv. waar 'n skrywer met die moeilikhede van die fleksie geworstel het. Hy was vrag bewus van "hoe dit behoort te wees", maar is dikwels gedwarsboom deur die fleksie uit sy eie spreektaal. Nog duideliker is die geografiese verskille (tussen Hollandse en Brabantse of Vlaamse tekste).

### 3. Literêre tekste.

Die adnominale buiging in die literatuurtaal van die 16de eeu is alreeds deur Heinsius en Van Helten ondersoek; daarom is vir hierdie studie nog net die volgende werke, of dele daarvan, geëkspeer: referensie van Jan van Doesborch en van Anna Byns; die komedies en die Wellevenskunste van Coornhert;<sup>26)</sup> Carel van Mander se Schilder-Boeck,<sup>27)</sup> die Wellustighe Mensche van Jan van den Berghe, 'n paar tafelspele,<sup>28)</sup> verskeie pamflette, en ten slotte ook die geskrifte van die eerste grammatici en Valcoogh se Regel der Duytsche Schoolmeesters.<sup>29)</sup> Dit is te

---

26) P. van der Meulen, De comedies van Coornhert, Assen 1945; D.V. Coornhert, Zedekunst dat is Wellevenskunste, uitg. deur B. Becker, Leiden 1942.

27) Het Schilder-Boeck, waer in voor eerst de leerlustighe Jueght den grondt der Edelvrý schilderconst in verschoyden deelen wort voorghedraghen..., Haarlem 1604.

28) Bv. "Een ander tafelspel van dry personagien..." en "Een tafelspel van twee personagien...", uitgegee deur E. Ellerbroek-Fortuin, Amsterdamse Rederýkerspelen in de zestiende eeuw, Groningen 1937.

29) Uitgegegee deur P.A. de Planque (Groningen 1926) volgens die druk van 1597.

verwagte dat ook die literêre taal in 'n tradisie vassit. Die verbuiging toon in die meeste gevalle die naamvaluitgange van die uitgaande 15de eeu. By hierdie groep tekste kan die drukkers die fleksie genormaliseer het.

Die pamflette is seker min deur drukkers gewysig, want hulle was geleentheidsgeskrifte vir propagandadoeleindes en het geen aanspraak op blywende waarde of literêre kwaliteit gemaak nie. Fredericq het 'n klein gedeelte van die massa pamflette wat bewaar gebly het, uitgegee.<sup>30)</sup> Hier lê m.i. nog 'n groot gebied braak vir taalkundige ondersoek. Tot nog toe is op die taal van die pamflette min ag geslaan; maar die steekproewe wat vir hierdie studie in die spesiale versameling pamflette in die Bibliotheca Thysiana in Leiden gedoen is, wêk die vermoede dat die pamflette 'n belangrike bron vir die studie van die 16de-eeuse taal kan wees. Die groot meerderheid is natuurlik in die tradisionele literêre taal met die verouderde fleksiestelsel geskrywe. Maar nou en dan kom mens op pamflette af waar die inslag van die gesproke taal onmiskenbaar is.

Marcus van Veerneuycksteur hom nie veel aan die literêre skryftaal nie. In gemoedelike styl en in die eenvoudige taal van die daaglikse omgang skryf hy Van die beroerlike tyden in die Nederlanden en voornemelyck in Ghent (1566-1568).<sup>31)</sup> Sy natuurlike, skilderagtige taal sit vol spreekwoorde en Franse basterwoorde; in die fleksie besig hy dikwels onverboë byvoeglike vorme voor vroulike substantiewe of meervoudsvorme. Vir die ondersoek is verskillende hoofstukke geëksampeer, nl. Boek 1, hoofst. 1; Boek 2, hoofst. 5; Boek 3, hoofst. 14.

#### 4. Die Klugte

Daar is 'n opvallende verskil tussen die verbuiging in literêre tekste en dié in die klugte, maar ons kan nie van 'n bepaalde fleksiestelsel in klugte praat nie. Dit lyk of die

---

30) P. Fr. Fredericq, Het Nederlandsch proza in de zestiende-eeuwsche pamfletten uit den tyd der beroerten met eene Bloemlezing (1566-1600), Brussel 1907.

31) Uitgegee deur Ferd. Vander Haeghen, 5 dele, Gent 1872-1881.

afwykings afhang van die rederyker wat die stuk skryf, van sy vermoë en sy bedoeling om sy personee in hul eie spreektaal te laat praat. Die graad van "hoortigheid" is in ieder geval nie deurslaggewend nie. Ons moet ook onthou dat ons baie klugte net uit 16de-eeuse drukke of uit telkens gewoigde afskrifte van ander rederykerkamers kom. Maar in uitgawes soos Vier excellente cluchten deur J.J. Mak,<sup>32)</sup> Drie kluchten uit de zestiende eeuw deur Stoett, Drie schandalouse spelen deur D.F.W. van Eeghen,<sup>33)</sup> Drie zestiende-eeuwse esbatementen deur M. de Jong<sup>34)</sup> e.a. word betroubare materiaal verskaf omdat die uitgewers teruggaan na die handskrifte. Naas hierdie 13 klugte is ook gebruik gemaak van Kalff se uitgawe Trou moet Blycken - Tooneelstukken der 16de eeuw.<sup>35)</sup>

#### IV Beskrywing van die fleksie

Die adnominale verbuiging in bogenoemde tekste het die volgende kenmerke:

##### 1. Nominatief enkelvoud

a. Die Nominatief ekv. onsydig na een, geen of sonder-veorafgaande bepaling is nooit verbuig nie, maar die Nominatief manlik ken naas die oorspronklike onverboë vorme ook verboë vorme. 'n Persoonsebepalende adjektief bly altyd onverbuig; uitsonderings op hierdie reël is uiters seldsaam. Ander (d.w.s. nie persoonsebepalende) adjektiewe kom in die Nominatief manlik ook af en toe verbuig voor, alhoewel nie te dikwels nie (vgl. Middelnederlands). Volgens Van Helten het hierdie vorme "blykbaar in aansluiting aan den zwakken vorm" ontstaan, en Van Haeringen gaan daarmee akkoord.<sup>36)</sup> Voorbeelde uit verskillende 16de-eeuse tekste maak egter 'n ander verklaring aanneemlik, nl. die indringing van

---

32) Klassieke Galerij, Nr. 46, 1950.

33) Antwerpen 1937.

34) Amsterdam 1934.

35) Groningen 1899.

36) "Opmerkingen by de apocope van -e", N.Tg. XXXI, 1937, p. 247.



Akkusatief-vorme in die Nominatief, veral waar die uitgang -en so dikwels in die Nominatief aangetref word. Die jonger Middelnederlands het al die neiging getoon om 'n Akkusatief i.p.v. 'n Nominatief te gebruik. Die n-vorme in die Nominatief kom egter te dikwels voor om hulle net aan hiperkorrekte spelling te kan toeskryf; voorbeelde soos die volgende is talryk: "Doe wast oec enen swaren dieren tyt" (Tafelspel v. 3 pers. r. 147); "So was ons nakende een groten thoren" (Katmaecker r. 472). Die verboë en onverboë adjektiewe kan naas mekaar staan soos in "Een goede, goude oude engels Eduardus off Ricardus nobel (Rekening van S. Lucia Klooster, Amsterdam ± 1557).<sup>37)</sup>

Die Nominatief vroulik eindig in die Hollandse tekste altyd, in Brabantse en Vlaamse stukke gewoonlik op -e, maar 'n onverboë vorm is in die Suide nie seldsaam nie, bv. "Dats cleen sake" (Esb. v. Boerdelic Pleghen),<sup>38)</sup> "een groote schoon clock, daermen mede clepten... Oock isser noch mede verbrant een schoon heerlyck, verheven orgelen" beris 'n kroniekskrywer (Kron. v. 's-Hert., p. 394) in 'n aanhangsel by die verslag van 'n brand rondom 1570; en Broeder Wouter Jacobsz vertel "dat daer...wederom groot oproerte gheweest was" (Dl. I, p. 21). Marcus van Vaerneuyck gebruik herhaaldelik onverboë vorme soos "een cleen myle", "die vermaerde edel coopstadt" (I, p.1). Ook by Carel van Mander vind ons voorbeelde, verder in pamflette, selfs in 'n Leidse pamflet uit 1585 (Vaerachtigh verhael vant' vroom ende lofwaardich feyt...) lees ons: "Het was een groot ellende en iammer om sien", en in 'n rekening van Dordrecht: "... dat zy (nl. die stad) aledan niemant ghehouden is deelynge te doen, alsoe een vry coopstat is ende alle man daer noch coemmen coopen ende verkoopen..." (Rek. v. Dordr., p. 112). Waar 'n substantief met beginvokaal volg - soos in die pas genoemde "een groot ellende" - kan die "onverboë" adjektief die gevolg van elisie wees.

37) I.H. van Egghen, Vrouwenkloosters... in Amsterdam, p. 191.

38) Uit Spelen van Cornelis Eversaert, uitgegee deur J.W. Muller en L. Scharpé, Leiden 1920.



Fonstiese apokopee is waarskynlik die oorsaak van uitganglose adjektiewe soos die volgende: "de gedaechde een openbaer coop-vrouwe... es" (Kenningboek v. Leiden Dl. II, p. 8); by Valcoogh vind ons "een eerbaer vrouwe", "een edel Vrouw" in aansluiting aan die Middelnederlandse vorme.

In die literêre tekste wat deur Van Helden ondersoek is, kom dergelike "kort" vorme ook herhaaldelik voor (Vondel's taal, p. 99).

b. Na 'n voorafgaande bepaling (bepaalde lidwoord, demonstratief en possessief) eindig die adjektief manlik en vroulik op -e, maar in die neutrum, veral na die possessief, is die onverboë vorm frekvent: "het quaet weder", "het schoon uer-werek", "het cleyn en. sober middel van provande" (Kron. v. 's-Hert., p. 297, 394, 338); "hulpe longeren hoe wort dit schoon water versuert" (Tafelspel v. Drie sotten, r. 117);<sup>39)</sup> "Dat vroom ende cloeck feryt", "dat dit Engelsch schip... is ontcomen" (Pamflet, Leiden 1585);<sup>40)</sup> "Het jong wyff inde lobert" (Bek. v. Kerkmeesters v.. St. Laurens, p. 11), "dat out hout" (Rekenboek v. die Kerkmeesters in Delfshaven, p. 4 en 25); "U zot bestier en mach hier nyet queken" (Esb. v. Tielebuys r. 359).<sup>41)</sup> By meerlettergrepige onsydige adjektiewe op -lyk en -igh gebruik die meeste skrywers hoofsaaklik die geapokopeerde vorm. Coornhert doen dit byna uitsluitend in sy "Voorreden van de noodich ende nutticheit der Nederduytscher taelkunste" van 1568,<sup>42)</sup> bv. "het redelyk verstand", "het gereshelt spreken", "het namelyk woord", "het wervich woord", maar hy gebruik die vorm met apokopee net by uitsondering in sy Comedie van lief en leedt (1582) en in

39) W. van Eeghem, Drie schandaleuse spelen.

40) Waerachtich verhael vant' vroom ende lofweerdich feryt/ bedreuen op de Custen van Biscayen..., waerachtelyck beschreven door Romphrey Mote, Enghelsman.

41) Uit: Drie zentiende-eeuwse Esbatementen.

42) Uitgegeen en toegelig deur J.W. Muller in Tsch. voor Ndl. T. en L., Dl. 38, pp. 1-20.

die Wellevenskunste (1586). Die onsydige eenlettergrepige adjektief laat hy net by gesubstantiveerde infinitiewe onverbuig, bv. "het blindt verkiesen", "het zot begheren ende het onrecht leven" (Wellevenskunste, p. 360 en 361).<sup>43)</sup> In die amptelike taal is gespokopeerde vorme niters seldsaam, ook onverboë eenlettergrepige adjektiewe voor neutra na bepaalde lid- of voornaamwoorde; laasgenoemde verskynsel kom in klugte wel voor, maar eersgenoemde nie. Die Historie van Pirus en Thisbe,<sup>44)</sup> wat reeds meer literêr is, het egter heelwat van daardie vorme: "u vierich insteecken" (r. 83), "dat aerdich juweelken," "dat lieffelyck dreelken" (r. 238-9), "d'onnosel lam" (r. 636) ens.

Die Nominatief manlik kom ook na 'n voorafgaande bepaling dikwels met die -en-uitgang voor (vgl. 1 a.). Waar die volgende substantief met 'n n begin, soos in "Twen crachtigen naem macht al vernielen" (Wel. Mensch, r. 1027) het dié seker 'n beslissende rol gespeel. Maar teenoor dergelike gevalle staan talle voorbeelde waar die n nie foneties verklaar kan word nie, bv. in "Hy is den getrouwen pellicaen" (Wel. Mensch, r. 1046), "minen besten cost" (Han. Leckertant, r. 64), ens.

Adjektiewe waarvan die stem op 'n diftong uitgaan, bly soms - soos reeds in Middelnederlands - onverbuig, bv. "die Nieu Kerk" (Rek. v. Dord. p. 105), "die nieu poorte", "tnieu casteel" (Vaernewyck, III, p. 268, 269), "waerachtige nieu tydinghe" (Leidse pamflet 1602), "een nieu Inquisitie" (Fredericq, p. 394), "een vry coepstat" (Rek. v. Dord., p. 112), "dit luÿ maeÿken" (Taf. v. 2 sotten, r. 121). Maar uitganglose adjektiewe soos "(de) goeÿ vrouw", "een quaeÿ conditie", is nie onverboë vorme nie. By goeÿ, quaeÿ (Hollands goe, qua) is die buigings-e - na vokalisering of sinkopee van intervokaliëse d - in die voorafgaande vokaal geabsorbeer.

43) Vgl. Heinsius se paradigma vir die O.H.S., a.w., p. 127.

44) Uit Kelff, Trou moet blycken.

## 2. Akkusatief enkelvoud

Die voorbeelde in die Nominatief wat pas bespreek is, kan deur talre Akkusatiefvorme aangevul word. Die twee naamvalle stem in 16de-eeuse geskrifte in vroulik en onsydig ooreen, terwyl die Akkusatief manlik net nog in die amptelike en streng literêre taal deur die fleksiemorfeem -en van die organiese Nominatief onderskei word. Waar hierdie -en die oorspronklike Nominatiefuitgang vervang, stem die twee naamvalle weer ooreen.

a. Sonder voorafgaande bepaling of na een, geen is die manlike adjektief in die reël verbuig, maar onder invloed van die Nominatief nou en dan ook onverbuig: "daer woont een biscop die groot schadt het" (Sotalach, r. 369)<sup>45)</sup>

Ook die vroulike adjektief kan sonder naamvalsuitgang wees veral as dit op 'n nasaal of diftong uitgaan: Thomas van der Noot gee die resep "om te makene een gruen sause";<sup>46)</sup> in 'n kroniek lees ons dat "een cleyn, schoon orgelen" verbränd het (Kron. v. 's-Hert., p. 394).

Carol van Mander gebruik herhaaldelik cleen, schoon, gemeen, fraey, vry, nieuw e.d.m. onverbuig ongeag die naamval of geslag: "zýner cleen gestalticheyt" (Gen.); "een schoon heerlyckheyt" (Akk.); "een schoon Tafel ter Goude" (Akk.); "de gemeen wýse" (Akk.); "'t gemeen leven", "zýn te langh vertoef" (Akk. ons.); "der edel vry schilder-const" (Gen.); "een uytnemende fraey handelingh" (Akk.), ens. Dieselfde gebruik tref ons by Van Vaernewýck (bv. "cleen reverencie", I p. 24; "uit een cleen oorzake", I p. 265; "een drooch gracht", I p. 5) en sommige pamfletskrywers aan (bv. "een cleyn vlamme", Fredericq, p. 79). Dit is opvallend dat hierdie skrywers ook dikwels die "onverboë" ons i.p.v. onse besig.

By herhaling praat die klerke van die Illustre Broederskap

---

45) Die klug het net in 'n afskrif bewaar gebly wat deur die Haarlense rederykerskamer "Trou moet blycken" vervaardig was. Die stuk dateer van ± 1550 en is waarskynlik van Brusselse herkoms.

46) Het eerste nederlandsche gedrukte kookboek, Brussel c. 1510, Facsimile-uitgawe, s-Gravenhage 1925, p. 10.

van "one lieff Vrouw" in Nominatief en Akkusatief. Ook half bly soms onverbuig, bv. in die Bredase rekeninge waar ons 'n paar keer "een half elle" naas "een lap van anderhalve el styf" teëkom (Rok. v. 's-Hert., pp. 202, 204). Seldsamer is 'n onverbuigde groot, bv. "voer een groot sterre van cattoen te maken" (Rok. v. Broed., p. 188). By 'n reël soos hierdie: "vuyl podt vuyl boter, vuyl melck vuyl suÿvele" (Esb. v.d. Blinden diet Taelt begroef, r. 37) het ons waarskynlik met 'n spreekwoord te make.

b. Na 'n bepaling vind ons dieselfde verskynsels soos by die Nominatief (vgl. 1 b.); besonder frekwent is die onverboë onsydige adjektief, maar die organiese verboë vorm het dieselfde distribusie: "doet my tdoot wyff vuÿte." (Esb. vande Schuyfman Ao. 1504, r. 380), "dat ern bisdom van Utrecht (brief Ao. 1528);<sup>47)</sup> "op dat houecht outtaer" (Kerkmeesters van Delfshaven Ao. 1530, p. 61); "daermen dat goet hier aff brout" (Sotslach, r. 88); "dit sot voortstel..." (Tafelstel v. 3 Sotten, 1559, r. 228); "hoert doch dit luÿ maeyken (Tafelstel v. 2 Sotten, r. 22); "dit sot bedryf, u lanck anotgat, u got bestier" (Tielebuÿs, r. 150, 274, 526); "in dit cort verbael" (Widdelburgse pamflet Ao. 1585); "vant' vroom ende lofwaardich feyt, t'groot perÿckel, nae dit vroom feyt" (Leidse pamflet Ao. 1585); "van haer ghoet leven," "dat zwaer pack", "noffene tnieu casteel" (Vaernewÿck, II pp. 124, 125, III pp. 268, 269), ens.

Onverboë vroulike adjektiewe het ons in "vande heel ende half ure" (Kron. v. 's-Hert., p. 394). In straat- en eiename soos "die Nieu Kerk," "die clein hout poerte" (Haarlemse Thesauriersrekening van 1417),<sup>48)</sup> "de Cleyn Stege ind de gemeyn straiët" (Sittardse argivalia 1526)<sup>49)</sup> kan allerlei faktore 'n rol speel: versteende uitganglose naamvalle, afslyting van die fleksiemorfeem, of samostellings met substantiewe. In die Rok. v. Dord. staan in een pos van 1530 "van die Groote Kerck" naas

47) "Brief over de plundering van Den Haag", Hist. Genootschap, Dl. 43, Amsterdam 1922, p. 11.

48) Rekenboeke van die St.-Bavo in Haarlem (Kerkvoogdÿ, Oud-Archief), afskrif in besit van prof. B. van den Berg.

49) Uit Weynen, Bloemlezing van zestiende-eeuwse taal, p. 179.

"van die Nieuwerkerk" (p.86). Ook Carel van Mander skryf "by de nieuw Kerck t'Amsterdam" (Fol. 233), en "op de nieuw gallerÿe" (Fol. 209). Ander voorbeelde van uitganglose vroulike adjektiewe kry ons by Van Vaernewÿck, bv. "die nieu poorte", "de groen keercke" (III pp. 268 en 270), en in pamflette, bv. "mÿn cleyn waerschouwinghe" (Fredericq, p. 393). Dikwels kom ons 'n onverboë gemeen teë, bv. "de ghemmen plaghe" (Pamflet: Wortel der Nederlantsche oorloghen...), "vande gemeyn stadt" (Kron. v. 'e-Hert. p. 276), "dats ghemeen usantie" (A. Bÿns, Ref. XIII b), "de gemeen wÿse" (Carel van Mander, Fol. 234).

Uit die klugte kan ons nie aflei dat in die spreektaal nie meer tussen Nominatief en Akkusatief onderskei is nie. Die rederykers gebruik byna reëlmatig die -en as naamvalsmorfeem in die Akkusatief manlik. Dis net in die eenvoudiger geskrifte, kronieke en rekeninge dat in alle geslagte - dus nie net vroulik en onsydig soos van ouds af nie - die eerste en vierde naamval-uitgange dikwels eenders is. De Vooyls is daarvan oortuig dat die die naamval-n in die Akkusatief al in die 15de-eeuse Hollands 'n gevolg was van die studie van die Latynse grammatika, <sup>50)</sup> en hy beklemtoon: "Te weinig nog is er op gelet, hoe de invloed van de Latÿnse grammatika op de onze lang vóór de renaissance werkt. Minstens twee eeuwen voordat Coornhert en Hooft hun renaissance-proza op Latÿnse leest schoeien, voordat de grammatika systematies beoefend wordt, zien wÿ een streven om een 'schrÿftaal' te scheppen." Hy verwys ook na die Exercitium puerorum wat al in 1485 konstateer: "Nominativus et accusativus habent eadem signa vulgaris."<sup>51)</sup>

### 3. Genitief enkelvoud

In die drie 16de-eeuse klugte wat deur Stoett uitgegee is, kom nie 'n enkele genitief voor nie, slegs die omskrewe vorm,

---

50) "Iets over en uit het 'Scaecspel'," Tsch. v. Ndl. T. en L., Dl. 26, pp. 243-244.

51) Geschiedenis van de Ndl. taal, p. 75.

en dan meestal met Akkusatief i.p.v. die Datief. Broeder Wouter Jacobsz sukkel met die Genitief; die klerke van gildes verkies om die omskrywing te gebruik. Carel van Mander veroorloof hom groot vryhede; hy flektoer die vooraangaande bepaling maar nie die adjektief nie: "seer verwondert zyner cleen gestalticheyt", "op den grondt der edel vry Schilder-const" (Pol. 209). Dit sluit by 'n gebruik aan wat veral in jonger Middelnederlands bekend was.<sup>52)</sup> Maar dit is opmerklik dat hierdie verlies van die kasusuitgang juis by dié adjektiewe voorkom wat hy ook buite die Genitief-konstruksie graag onverbuig laat.

Die nonne van Sint Aagten Convent sukkel in hulle kroniek met die Genitief al aan die begin van die 16de eeu, soos blyk uit hierdie voorbeeld: "van soo grooten weldaat ons Liefs Heeren ende Maria ons Liefs Vrouwe" (p.20).

In die pamflette kom die Genitief nog baie voor. Coornhert gebruik hierdie naamval dikwels in sy Comedia en in die Wolleveng-kunste. Ook by Van Vaernewyck vind ons nog dikwels die Genitief-konstruksie (ruim 35 keer) al gee hy klaarblyklik die voorkeur aan die omskrewe voorsetselkonstruksie (meer as 50 keer).

Te oordele na die gebruiksfrekwensie in die skryftaal, was die Genitief dus nog nie 'n dooie naamval nie. In die meeste gevalle skep die Genitief-konstruksies egter die indruk van stroewe of doftige taalgebruik, terwyl die omskrywings (van + Dat.-Akk.) veel natuurliker klink. Op grond van die geëksperpeerde tekste meen ek te kan aflei dat die Genitief in die spreektaal nie meer gelewe het nie.

#### 4. Datief enkelvoud

'n Belangrike kenmerk van die adnominale verbuiging in die 16de eeu is die vervanging van die Datief deur die Akkusatief. Dit veral die uitgang-er van die Datief vreulik en die Genitief nv. op -er wat deur die proses aangetas word. In die Esb. vande

---

52) Vgl. Van Helten, Mnl. op., par. 308.

Schuyfman (1504) kom nog 3 keer 'n Datief ekv. vroulik op -er voor; in Hanneken Leckertant (1541) is daar geen, en in die Batement vanden Katmaecker (1578) slegs 2 van dié uitgange in die vasstaande uitdrukkinge "ter goeder trou" (r. 140) en "uit goeder minnen" (r. 576). In die deftiger taal is daar wel nog datiewe op -er. Jan van den Berghe, die outeur van Hanneken Leckertant, gebruik in Het spel van cinnen genaemt den Wellustighen Mensch hierdie vorm nog 12 keer teenoor 6 keer die onskrywing met die Akkusatief in die plek van die Datief. Die Datief-er kom voor na die bepaalde lidwoord of as daar geen bepaling voorafgaan nie, maar hoofsaaklik na die voorsetsel met (2 keer ontbreek die -er na met). Na die voorsetsels van, by, in, voor, tot volg reëlmatig die Akkusatief.

Na 'n voorafgaande bepaling vind ons in die klugte geen Datief manlik en onsydig nie, slegs die Akkusatief.

In Coornhert se Wellevenskunste speel die Datief manlik 'n belangrike rol. Omdat die derde en die vierde naamval albei op -en eindig, kan ons hier nie bepaal of by hom die Akkusatief die Datief verdring nie. Dit gebeur egter ook dat hy hom vergis en 'n Nominatief i.p.v. 'n Akkusatief skrywe ("want deze meschaecht die groote Koning", p. 227). Na met en van volg by hom dikwels die Akkusatief ("met een godloos harte"); as die vroulike adjektief sonder bepaling op 'n voorsetsel volg, besig hy altyd die -er-vorm ("van godlycker aard", "met verdrietiger ellende", "uyt angeborener naturen").

##### 5. Meervoud

Die basiese paradigma is dié van die laat 15de eeu. Daar is reeds verwys na die defleksie-verskynsels in die Genitief van laat Middelnederlands, waar naas die organiese uitgang -er die fleksiemorfeme -e en -en meer frekvent word. Maar hierdie naamval word in klugte en eenvoudige tekste min gebruik; in plaas daarvan tree die konstruksie van plus Datief.

In die Datief is defleksie 'n wydverspreide verskynsel wat byna al die Datiewe in die klugte kenmerk: "met sijn grauwe ogen"

(Katmaecker, r. 305), "dattet van oude seden was" (ibid., r. 458), "met ouwe vrouwen" (Schuyfman, r. 144), "Helpt toch ons arme capuynen ter noot" (ibid., r. 240). Na met volg nog dikwels die fleksieuitgang -en: "met grooten hoopen" (Han. Leckertant, r. 138). Maar in die geheel kan ons konstateer dat in die klinge die Datief meervoud verdring word deur die Akkusatief.

Die belangrikste aspek van die meervoud in die paradigma van die 16de-eeuse adjektief is 'n reeks onverboë vorme wat aansluit by die laat-Middelnederlandse tradisie;<sup>53)</sup> dit kry veral in die tweede helfte van die eeu 'n groter distribusie in Suid-Nederlandse tekste en word later ook sporadies in Hollandse tekste aangetref. In streng literêre prosa, in die amptelike stukke en die klinge is hulle seldsaam, maar waar die styl natuurliker word en los staan van 'n bepaalde skryftradisie, is die onverboë meervoudsvorme nie ongewoon nie. Ons rangskik dergelyke voorbeelde uit die geëkserperte tekste in chronologiese volgorde:

1423/4 Item gegheven om wit roeden... (Rek. v. Broed., p. 181)

1464/5 Item 6 cleyn Engelen elc 5 pl. (ibid., p. 185)

1514 Van een hoet garsten, grauw erwteten... (Stadsrek. v. Rott., p. 475)

1519 Item de 4 gruen laken wairen van dese langten (Rek. v. Broed., p. 205)

± 1520 ....met nieuw maragien (Piramus en Thisbe, r. 142)

1526 Wy sijn arm, crancke sondige vaten /.../ Besiet u solven, arm schorfte schapen (Anna Byns, Ref. XIIIa.)

1532 Item betaelt voer twee nyeu cranen (Rekenboek v.d. Kuipersgild, Rek. v. Dord., p. 87)

Opm.: In die Dordtse "Rekenboek van het Kuipersgild" wat oer die jare 1530-1576 strek, is daar 6 voorbeelde van onverbuigde meervoudsvorme, 4 van hulle is die adjektief nyeu.

1544 Item noch twe nyeu alven, (kort daarop:)

noch twe nyeuwe alven (Rek. v. Dord., p. 100)

---

53) Vgl. Van Helten, Vondel's taal, par. 97.



- 1548 twee nieu mouwen (Tielebuys, r. 46)
- 1554 Item betaelt... Jan Willemsz van die vier nieu perken...  
(Rek. v. Dord., p. 106)
- 1550 Sij willen geniort syn als dees loom // sotten die als  
vroom schotten // begeven den cap (Sotslach, r. 355)
- 1554 Item betaelt... J.W. van die vier nieu perken... to maken  
(Rek. v.d. Kuipersgild, Rek. v. Dord., p. 106)
- 1559 ... want schamel wichtkens zyn beruote bruerkens  
(Esb. v. Beruote Bruers)<sup>54</sup>)
- 1559 Gij en geeft my geen lecker dingen (Tafelapel v. 2  
Sotten, r. 176)
- Opm.: Geapokopeerde meervoudsvorme by adjektieve met  
stamuitgang -el en -er is al in Middelnederlands 'n  
bekende verskynsel.
- 1559 ... doende schoon wercken sender caritate (Tafelspel  
v. 3 Sotten, r. 336)
- 1568 ... ende hadde cleen boucxzkins; cleen peerdekens; veel  
schoon vraukins; die edel vrouwen; sinpel vrouwen; die  
dobbel weldaden; ander quartieren; ander lieden eerfgront...  
ende ander lasten; voor ander ghiften; van ander ceremonien;  
ander kinderen; coeijen ende ander beesten, ens.  
(Vaernewyck, I p. 2, III p. 268, p. 272, p. 274, II p. 123,  
p. 122, I p.1, II p. 123, p. 124, III p. 269)
- \* 1570 ... 19 cleyn clocken (Rek. v. 's-Hert., p. 394)
- 1573 Noch 2 blou gardynnen..., Noch 2 roet ende geellen  
gardynen... (Kuipersgild, Rek. v. Dord., p.115)
- 1576 ... ende die nÿen maten lieten maken (ibid., p.116)
- Opm.: Vgl. die pos van 1597: ... met twee nÿeuen rollen  
daeraen gedraeyt.
- 1583 in dees twee schoon karen; van twee schoon lichamen;  
al dees schoon Goddinnen; maken cleyn dinghen groot  
(Jan van der Hoot, Epitalameon, pp. 6,8,17)

---

54) Uit: Van Beghem, Drie schandaleuse spelen.

- 1584 Met schoon beloften...; om nieu afgoden...; 't Syn  
quay huyslic...; schoon camers, schoon bedden...  
("Vaarschouwinge aan Gent", Fredericq, p. 392-395)
- 1586 ... van de gemeen gesellen; ... met gemeen stemmen  
(Rek. v. Dord., pp. 162, 196)
- 1588 Dat op de Roomsch afgoden niet en acht ...;  
Laet ons... teenemael dees qua kuykens versmooren  
(Triumph-Liet", Fredericq p. 401 en 402)
- 1597 Om cleyn saken wilt uwen vrient niet verwercke  
(Valcoogh, r. 31)
- 1604 ... en scheurde hem in veel cleen sticken; seer cleen  
beeldekens; de schoon deuren t'Utrecht; veel fraey  
stucken; veel meer fraey dinghen; veel fraey spelen van  
sinne; twee schoon stucken; de 36. cleen houtte Passie-  
stucken, verscheyden schoon stucken (Carol van Mander,  
Schilder-Boek Fol. 234, 236, 208, 209)

Uit die lysis blyk duidelik dat net bepaalde adjektiewe  
in die meervoud onverbuig bly, nl. adjektiewe met auslautsdif-  
tong: blauw, fraey; en met 'n auslauts-g of n: arm, vroom; cleen,  
schoon, gemeen. Verder adjektiewe op -(g)sch, -el, -er: Roomsch,  
Engelsch, schemel, ander.

Die klankstruktuur van die woord is hier deurslaggewend, maar na  
analogie van die genoemde groepe kan semanties verwante woorde  
ook die naamvalsmorfeem verloor; daar is bv. 'n reeks kleurname  
met auslautsdiftong: blauw, grauw, roey (lg. het deur klank-  
prosesse gelyk geword aan hierdie groep); verder groen, bruyn.  
Daaron verbaas dit nie dat ander kleurname met 'n heeltemal  
ander fonematiese struktuur na analogie van die meerderheid nou  
en dan ook onverbuig bly, bv. wit, swart.

Hierdie woorde toon egter nie net in die meervoud 'n neiging  
tot defleksie nie. Dit is dieselfde adjektiewe wat ook in die  
X enkelvoud teen die algemene reëls in die fleksieformans kan verloor.

## 6. Vokatief enkelvoud en meervoud

In aansluiting by Middelnederlands kom in die 16de eeu die onoorspronklike sterk Vokatief naas die organiese swak vorm voor.<sup>55)</sup> Die onverboë meervoud "lieff gesellen" (Schuyfman, r. 576) het uit die Middelnederlandse onverboë mv. onsydig ontwikkel en het vandaar ook in die Nominatief manlik en vroulik mv. gekom.<sup>56)</sup> Maar reëlmaat is daar nie. As 'n uitroep baie emfaties is, word soms aan 'n -en-uitgang die voorkeur gegee, bv. "luÿen draÿlaert" (Han. Leckertant, r. 111); maar die ritme speel ook 'n rol. In die poësie, in 16de-eeuse volksliedere en meer intieme tonele in 'n klug oorweeg die onverboë Vokatief, veral waar 'n meisie aangespreek word. In die meeste gevalle doen dit effens argaïes aan.

## 7. 'n Paar tipiese adjektiefvorme en sintaktiese konstruksies

### a. Adjektiewe en deelwoorde op -en.

Eighen, verscheiden, voorscreven is woorde wat in klugte min of nie voorkom nie, maar in amptelike en literêre stukke lees ons hulle dikwels. Die fleksie is naastenby chaoties: die onverboë vorm in alle geslagte ekv. en mv. is wel die gebruiklikste, bv. "zijn eighen vlyt", "huer eyghen schande", "in eygen zaken"; "veele verscheyden stoffen"; "die voorscreven ghetymesters", maar daarnaas kan in vroulik ekv. en in die meervoud eighene geskryf word, en die vorm eighe, verscheide sonder die stam-n is ook nie onbekend nie. In die "Voorreden van de noodich ende Nutticheit der Nederduytscher taelkunste" van 1568, wat waarskynlik deur Coornhert geskryf is, maak die skrywer van alle moontlikhede gebruik behalwe die vorm sonder stam-n: "ons eyghene lof", "haer eyghene tale", "haere eyghene teekens"; "van veele verscheyden stoffen", "verscheydene woorden", "elke verscheydene spraeke".

---

55) Vgl. Stoett, Drie kluchten, pp. 117-118; Van Helten, Nl. spr., p. 302.

56) Vgl. Stoett, a.w., p. 121; Van Helten, Vondel's taal, par. 97.

Die vorme op -e oorweeg. In die eerste boeke van die Wellevenskunste kom nog albei vorme voor: "deze bescheydene wetenschappe", "tot verscheyden eynden". In die laaste boek vind ons onverboë vorme in alle funksies, manlik, onsydig, vroulik en in die meervoud; in die hoofstuk oor die "Hovaardicheyd" gebruik Coornhert bv. 9 keer die woord eighen (1 keer ml., 4 keer vrl., 3 keer ons., 1 keer av.) en verbuig dit nooit. Daar het - indien die "Voorreden" inderdaad van die hand van Coornhert is - 'n verandering plaasgevind, maar in die rigting van geslags- en naamvalsverwaarloosing, wat by 'n taalpuris nogal 'n verrassing is. Die verandering is duidelik vereenvoudiging.

In die kanselarytaal word eighen, verscheiden, voorscreven gewoonlik nie verbuig nie.

Die fleksie van verlede deelwoorde sluit aan by die Middelnederlandse. Die uitgang is meestal -e(n), d.w.s. die stamuitgang sonder fleksiemorfeem. Die prosaïste was egter vormbewus en gebruik graag die fleksieuitgang, bv. "wt haerlieder beschrevene woorden-reghel", "welbeschrevene kunsten". Ook wat dit betref, tree by Coornhert 'n vereenvoudiging in. Hy verbuig later sy verlede deelwoorde nie meer nie, of slegs by uitsondering.

Vir die stoflike adjektiewe geld wat ons oor die toestand in die laat-Middelnederlandse periode gesê het. Dieselfde klankprosesse is ook hier aan die werk, sodat ons voorbeelde vind soos "van den silveren kandelaren", "de silver kandelers" (Rek. v. Broed.), "vier goudt gulden", "een oude gouden Frankrycksche schilt" (Rek. v. Oude Nonnen of Klooster v. Marienveld), "een goede, goude oude engels Eduardus off Ricardus nobel" (S. Lucia klooster, Amsterdam). Laasgenoemde voorbeeld toon duidelik aan dat die skrywer goud as die stamvorm beskou het, en hy verbuig die woord dan soos die ander adjektiewe. Wanneer Broeder Wouter Jakobsz kla: "Daer en is niet gebleven. Potten, ... ijserewerck, coperwerck ende tinnwerck, tis al wech" (p. 33), skuil agter die ekynbare samestellings miskien ook adjektiefkonstruksies, "het ijsere werck", "het coper werck" ens.

b. Komparatiewe

Die swak verboë komparatief is in die 16de eeu seldsaam. Byna orals, veral in die klugte, vind 'n mens die komparatief sonder fleksiesuffiks. Die superlatief word soos in Middelnederlands verbuig.

c. Ander byvoeglike vorme

Die veelvoudige gebruik van die demonstratief dees in die 16de eeu is opvallend. Ons kom dit ewe dikwels teë in Hollandse en Brabantse, in amptelike, literêre en klugtige tekste. Waarskynlik gaan dees terug op 'n Middelnederlandsse vorm dees in vroulik ekv., geapokopeer uit deze; bv. "dees henneghecken", "dees mans" (mv.), "dees boetschap", "dees wijfs" (mv.), "dees sotte collacie", naas "dese quae wijfs", "dese quae tandelose marotten", "desen droncken bloet" in dieselfde klug (Katmaecker). Ook in amptelike stukke en by Coornhert is dees-gevalle volop.

Die onverboë possessief ons in alle naamvalle ekv. en mv. is so wydverspreid in 16de-eeuse geskrifte dat voorbeelde nouliks nodig is.<sup>57)</sup> Ook in Hollandse tekste is dit 'n gewone verskynsel. Van Vaernewijck gebruik veral in die meervoud dikwels ons, bv. "in ons boesemen", "ons fouten", "ons kinderen", ens. Broeder Wouter Jakobsz skryf herhaaldelik "van ons prior", "doer ons voergaende sonde", en die nonne van Sint Aagten Convent net so: "doen ons Pater dat vernam", "ons Lieve Heere", "ons Suster" ens. Daarnaas vind ons dikwels ook 'n foutiewe "verboë" onse waardeur ons nog 'n aanduiding kry van die onsekerheid omtrent die verbuiging van hierdie voornaamwoord.

Die onbepaalde voornaamwoorde eenich en menich in attributiewe funksie kom in die klugte heel selde voor en dan net onverbuig. Coornhert verbuig hulle ("eenighen vasten reghel by eenich ghetel", "eenighe weerdighe saken") en flekteer ook gereeld ander, al, scamigh en sulck soos adjektiewe.

Ander is in nie-literêre tekste byna altyd onverbuig en volg die groep adjektiewe op -er (soos seecker, doncker e.a.). Waar

---

57) Vgl. Van Helden se voorbeelde en sy opmerkings in Vandel's taal, par. 99.

die literêre tradisie of die deftige kantoortaal invloed uitoefen, kom verboë vorme voor.

#### d. Sintaktiese konstruksies

'n Tipiese rederykerkonstruksie wat gereeld in klugte, tafel- en sinnespele opduik, is noyt plus (meestal onverboë) komparatief plus substantief:<sup>58)</sup> "noijt quader boeverij" (Schuyfman, r. 386); "noijt beter tijdinge" (ibid., r. 95). Vyf tot sewe voorbeelde hiervan in een klug is normaal.

In amptelike taal en in literêre prosa is dié konstruksie betreklik seldsaam, maar in die tafelspele van sinne, in Coornbert se Comedie en ander stukke kom hulle dikwels voor.

Na uitroope soos wat volg die adjektief met die uitgang -er, bv. "wat goeijer cost" (Han. Leckertant, r. 128). Van Helten beskou dit as 'n ou partitiwe Genitief.

'n Skynbaar verboë adjektief na al te, sulck, welck, so of noch so - die uitgang is in oorsprong die enklitiese onbepaalde lidwoord een - is besonder gewild in die klugte, maar word ook in literêre taal gebruik, bv. "dats al te vuijlen dinck" (Schuyfman, r. 18); "al sucken cost en hoordick noijt noemen"; "sulcken meester als ick ben" (Han. Leckertant, r. 253, 372); "van so grooten weldaat ons Liefs Heers" (S. Aagten Conv., p.20); "al waert ghij noch so groten droncksert (Katmaecker, r. 107); "Merckt doch, welcken personage" (Schuyfman, r. 442). Later verloor die enklitiese -en na so.. of al.. sy funksie en word net as fleksiemorfeem beskou, met die gevolg dat die onbepaalde lidwoord in die konstruksie voor so en al opgeneem word: "'t is een soe properen, soeten grondeken" (Katmaecker, r. 358); "dats mi een al te grooten verdriet" (Han. Leckertant, r. 24); "mij overquam vlus een alten quaijen vlage" (ibid., r. 346).

#### e. Twee attributiewe adjektiewe

As twee adjektiewe voor 'n substantief staan, word dikwels net die tweede verbuig, miskien na analogie van die differensiering tussen bywoord en byvoeglike naamwoord waar die adverbiale uitgang

---

58) Vgl. die voetnoot in Mak, Vier excellente cluchten, p. 35.

geapokopeer is: "edel hertelijke vrinden", "'t is een vuijl droncken drincker", "vuijl slappe leure". In hierdie voorbeelde kan ook die struktuur van die eerste adjektief 'n rol gespeel het. Miskien het hierdie konstruksie dié met die demonstratief dees as eerste lid beïnvloed. Maar ewe dikwels vind ons in 'n verbinding van twee en meer adjektiewe dat almal dieselfde fleksie volg, bv. "dedele, getrouwe en Gottlycke doechde", "u vrolyck, lieflyck en soet gelaet" (Coornhert, Comedie, r. 100 en 429); "ghy leelicke troerighe beest" (ibid., r. 449).

By hoë uitsondering en net in literêre (ook rederykers-) stukke kom nog 'n adjektief postpositum voor, veral waar twee byvoeglike naamwoorde een substantief bepaal, bv. "door sijn menschelyk lichaem vrij" (Piramus en Thisbe, r. 627).

#### V Meninge van die eerste grammatici

Die "spraak- en letterkunste" uit die 16de eeu gee nie 'n duidelike leidraad wat die verbuiging van die adnominale adjektief betref nie. Bowendien behandel Joos Lambrecht, Pontus de Heuter, Simon Stevin e.s. in die eerste plek net die spelling, uitspraak en woordgebruik.

Coornhert berig in sy "Voorreden" tot die Twe-spraak dat hy as balling in "vreemde landen... beghonnen hebbe ghehad te maken / eenen Neerlandischen Grammaticam, maar doort ontberen van alle myne armoede / benôdicht zynde om met mynre handen arbeyd myn koet te winnen / hebbe ick dat zyn voornemen anderwerven moesten verlaten."<sup>59)</sup> Heel waarskynlik is die fragmentariese "Voorreden van de Noodich ende Nutticheyt der Nederduytscher Taalkunste" van 1568 wat deur J.W. Muller uitgegee en bespreek is, die begin van die werk waarvan Coornhert skryf.<sup>60)</sup> Onge-lukkig word in hierdie inleiding tot die beoogde grammatika nog geen kommentaar op die verbuiging van die adjektief gelewer nie.

---

59) Twe-spraak, uitgegee deur W.J.H. Caron, Trivium Nr. III, Groningen 1962, p. 6.

60) Vgl. L. van den Branden, e.w., p. 75.

Ander werke, bv. Pieter de Berd se Nederduytsche letterkonst van 1588 het verlore gegaan. Die eerste Dietse spraakkuns wat op die klank- en vormleer van die Nederlandse taal ingaan, is Spiegel se Twe-spraak. Die jammer dat hy juis op die gebied van die adjektief-verbuiging baie oppervlakkig is. Hy onderskei net "manlycke" (onverboë) en "wyflycke" (verboë) vorme, maar bespreek nie die veel omstrede naamvalle nie. Van sy verhandeling sou 'n mens aflei dat kasusonderskeidings in die adjektief nie meer bestaan nie, want hy skryf: "Als de leden de ofte het voorgaen zō zyn int Manlycke, Wyflycke ofte Gheuerley gheslacht / altyd de byvoeghlyke namen wyflyck / als men zeyt de schone man, de schone vrouw, het schone dier";<sup>61)</sup> na die onbepaalde lidwoord een daarenteen is dit "een schōn man ende een schone vrouw". 'n Onverboë of "manlycke" adjektief na de (bv. "de schoon vrouw") bestaan vir hom blykbaar nie of is ontoelaatbaar. Dit is nogal kenmerkend vir 'n Hollander en vir 'n Amsterdamsse rederykerskamer vóór die val van Antwerpen dat tipies suidelike klanke, vorme en konstruksies nie in die Twe-spraak genceen word nie. Maar na het - al noem hy nie die moontlikheid in die opmerkings oor die verbuiging nie - skryf hy self volgens die algemene 16de-eeuse gebruik herhaaldelik 'n onverboë adjektief, en dikwels geapokopeerde vorme soos "het naerstigh bedrijf", "het daghelycx ghebruyck", "int wyflyck gheslacht", "het Enkel gheslacht", soms selfs by 'n vroulike substantief: "een ghezien kansse". Ook na een, waar hy 'n "manlycke" adjektief voorskryf, soos "een wys verstandigh man", noem hy self die voorbeeld "een wyze zoon". Hy is blykbaar nie bewus van die wisselvorme en die waarom van hul bestaan nie.

Twee dinge word duidelik te kenne gegee: 'n Nominatief-n is nie toelaatbaar nie, en op die voorsetsels volg die Akkusatief, nie die Datief nie (ten minste in neutrum): dis nie "op den ghebaanden pad" (soos Harnix skryf) nie, maar "t' behoort het ghebaende pad te zyn".<sup>62)</sup>

---

61) Twe-spraak, p. 45

62) Ibid., p. 50.



Spiegel hou hom nie aan sy eie reëls nie. Vir die bepaalde lidwoord in die Genitief ekv. van alle geslagte skryf hy des voor, bv. des zees, des vrouws, hy self gebruik egter ook der zee (p. 43). De Vooye meen dat die Genitief des voor vroulike substantiewe nooit in die lewende Nederlandse taaltradisie bestaan het nie;<sup>63)</sup> maar volgens Kooiman was des in die 16de en 17de eeu "voor alle soorten van substantiven zeer gebruikelijk. Toch is der nooit verdrongen geweest; ook Spiegelhel zelf gebruikt dezen vorm, al is het zeer zeldzaam. Daarom had hij hem niet mogen verzwijgen."<sup>64)</sup>

Ons moet dr. Kuiper gelyk gee: "Grondig is Spiegel slechts daar waar hij grondig zijn wil; waar dit niet het geval is, loopt hij met beninnelijke gratie er soms maar wat overheen, zonder zich al te veel aan de gestrengte eischen betreffende de inrichting eener spraakkunst te storen."<sup>65)</sup>

Al is Spiegel se Twe-spraak as 'n geheel 'n belangrike mylpaal in die geskiedenis van die 16de-eeuse taal, kan dit nie gesê word met betrekking tot die geskiedenis van die adjektief in die 16de-eeuse Nederlands nie.

Samevattend kan ons sê dat ons in die tekste van die 16de eeu 'n woekering van verskillende adjektiefuitgange sien wat nie deur 'n A.B. of enige algemeen erkende reëls teëgewerk is nie. Maar ten spyte van die verwarring van naamvalle en naamvalsuitgange, van klankprosesse wat die verbuiging gemaak het, en van die invloed van bepaalde "skole", soos die rederykers, stel ons vas dat daar 'n duidelike vereenvoudiging plaasvind en 'n toename van "ongestaerte" kort vorme onmiskenbaar is, ook in Hollandse tekste.

Oorsigtelikheidshalwe word die gegewens omtrent die laat-16de-eeuse adjektief in die verskillende stylsoorte van Brabantse en Hollandse skrywers in die hiervolgende tabel saamgevat. Die

---

63) "Iets over en uit het 'Scaccspel'", Tsch. v. Ndl. T. & L., Bl. 26, p. 243.

64) K. Kooiman, Twe-spraak vande Nederduitsche Letterkunst, Groningen 1913, p. 168.

65) De waardering van Spiegels Twe-spraak, Intreelesing, Hardewijk 1947, p. 9.

tabel is dus gebaseer op die reeds bespreekte gegewens uit die geëksperpeerde tekste en op die bestaande vakliteratuur. Wat die amptelike en literêre tekste betref, is 'n vergelyking van Brabantse en Hollandse fleksievorme betreklik maklik deurvoerbaar, maar by die sg. "argivalia", d.w.s. rekeninge, kronieke, dagboeke ens. van eenvoudige skrywers, laat die vergelyking te wense oor omdat ek nie so veel en sulke vrugbare Hollandse stukke kon kry as Brabantse nie. By die afdeling "klugte" word 'n vergelyking selfs onmoontlik omdat daar byna geen eg Hollandse klugte bestaan of bekend is nie. Selfs dié wat deur Amsterdamse rederykerkamers geskryf en opgevoer is, dra kennelik suidelike karakter.

Oral waar in die tabel die voorbeeld schoon opduik, is dit verteenwoordigend van 'n bepaalde groep adjektiewe, nl. dié wat op nasnal of diftong eindig (plus analogievorme) en soms onverbuig kan voorkom.

| B r a b a n t s |                                           |                                    |                 |                            |               | H o l l a n d s          |             |                                    |                |                            |             |
|-----------------|-------------------------------------------|------------------------------------|-----------------|----------------------------|---------------|--------------------------|-------------|------------------------------------|----------------|----------------------------|-------------|
| Teks-soorte     |                                           | Ampel. en literêr<br>norm afwyking |                 | Argivalia<br>norm afwyking |               | Klugte<br>norm afwyking  |             | Ampel. en literêr<br>norm afwyking |                | Argivalia<br>norm afwyking |             |
| Ekv. N ml.      | Na een, geen, en sonder voorafgaande bep. | goet man<br>goede tyt              | goeden tyt (f.) | goet man<br>goeden tyt     | goede(n)      | goet man<br>goede(n) tyt | goeden (f.) | goet<br>goeden                     | goede(n)       | goet man<br>goeden tyt     | goede       |
|                 |                                           | ons.                               | goet            | -                          | goet          | -                        | goet        | goet                               | -              | goet                       | -           |
|                 |                                           | vrl.                               | goede           | schoon (s.)                | goede         | schoon (f.)              | goede       | goede                              | schoon (s.)    | goede                      | -           |
|                 |                                           | G ml.                              | goets           | goeden                     | goets         | goede                    | -           | goets                              | goeden         | goets                      | goede(n)    |
|                 |                                           | ons.                               | goets           | goeden (s.)                | goets         | goede                    | -           | goets                              | goeden, schoon | goets                      | -           |
|                 |                                           | vrl.                               | goeder          | goede, schoon              | goede, schoon | goets                    | -           | goeder                             | goede          | goede                      | goets       |
|                 |                                           | D ml.                              | goeden          | -                          | goeden        | goede                    | goeden      | goeden                             | -              | goeden                     | goede       |
|                 |                                           | ons.                               | goeden (s.)     | -                          | -             | -                        | -           | goeden (s.)                        | -              | -                          | -           |
|                 |                                           | vrl.                               | goeder          | goede(n)                   | goede(r)      | -                        | goeder (s.) | goeder                             | goede(n)       | -                          | -           |
|                 |                                           | A ml.                              | goeden          | goet (s.)                  | goede(n)      | goet                     | goede(n)    | goeden                             | goet (s.)      | goeden                     | goet        |
|                 |                                           | ons.                               | goet            | -                          | goet          | -                        | goet        | goet                               | -              | goet                       | -           |
|                 |                                           | vrl.                               | goede           | schoon (s.)                | goede         | schoon (f.)              | goede       | goede                              | -              | goede                      | schoon (s.) |
| Na 'n bepaling  |                                           | N ml.                              | goede           | goeden (f.)                | goede(n)      | -                        | goede       | goede                              | goeden         | goede                      | goeden (s.) |
|                 |                                           | ons.                               | goede           | goet (f.)                  | goet          | goede                    | goet (f.)   | goede                              | goet           | goede                      | goet        |
|                 |                                           | vrl.                               | goede           | schoon (s.)                | goede         | schoon (f.)              | goede       | goede                              | -              | goede                      | schoon (s.) |
|                 |                                           | G ml.                              | goets           | goeden                     | goets         | goede                    | -           | goets                              | goeden         | goets                      | goede(n)    |
|                 |                                           | ons.                               | goets           | goeden                     | goets         | goede                    | -           | goets                              | goeden         | goets                      | -           |
|                 |                                           | vrl.                               | goede(r)        | schoon                     | goets         | schoon                   | -           | goede(r)                           | schoon (s.)    | goede                      | goets       |
|                 |                                           | D ml.                              | goeden          | -                          | goeden        | goede                    | goeden      | goeden                             | -              | goeden                     | goede       |
|                 |                                           | ons.                               | goeden (s.)     | -                          | -             | -                        | -           | goeden (s.)                        | -              | -                          | -           |
|                 |                                           | vrl.                               | goeder          | -                          | goeder (s.)   | -                        | -           | goeder                             | -              | goeder (s.)                | -           |
|                 |                                           | A ml.                              | goeden          | -                          | goede(n)      | goet (s.)                | goeden      | goeden                             | goede          | goede                      | goede(n)    |
|                 |                                           | ons.                               | goede           | goet (s.)                  | goet          | goede                    | goet        | goede                              | goet (s.)      | goede                      | goet        |
|                 |                                           | vrl.                               | goede           | -                          | goede         | schoon (f.)              | goede       | goede                              | -              | goede                      | schoon (s.) |
| Mv.             |                                           | N                                  | goede           | -                          | goede         | schoon (f.)              | goede       | goede                              | -              | goede                      | -           |
|                 |                                           | G                                  | goeder          | goede(n)                   | goeder        | schoon                   | -           | goeder                             | goede(n)       | goede(r)                   | -           |
|                 |                                           | D                                  | goeden          | -                          | goeden        | schoon                   | goede       | goeden                             | -              | goede                      | -           |
|                 |                                           | A                                  | goede           | -                          | goede         | schoon (f.)              | goede       | goede                              | -              | goede                      | -           |

(f.) = taamlik frekvent

(s.) = sporadies

VII Spreektaalvorme van die 16de eeu en die toestand in die  
hedendaagse Brabantse dialekte

Al ons bronne vir die bestudering van die 16de-eeuse taal - en trouens ook van later eeue - is geskrewe tekste; bowendien is dit stukke wat in 'n tradisionele medium geskryf is, en waarin nie geprobeer is om 'n noukeurige weergawe van die gesproke taal in al sy skakerings te gee nie. Vir die doel van hierdie studie is dit egter belangrik om juis iets omtrent die verbuiging in die spreektaal van die afgelope eeue te wete te kom. Om diŉ rede het by die keuse van ons tekste die klem geval op stukke wat miskien spreektaalvorme verraaŉ. Van die sekondêre, die geskrewe taal, moet ons telkens op die primêre, die gesproke taalgebruik konkludeer. Dit spreek vanself dat 'n mens by dergelike konklusies met die grootste versigtigheid te werk moet gaan. Ons kan bepaalde vorme slegs tentatief as spreektaalverskynsels aanwys; as egter in die hedendaagse dialekte van die herkomstgebied van die betrokke tekste dieselfde verskynsels aangetoon kan word, kry ons bevindinge uit die 16de-eeuse (sekondêre) bronne die steun van die moderne primêre taalgebruik.

Ons weet naastenby niks van die omgangstaal van die laagste kringe in die 16de eeu nie omdat die klugte nog nie daaroor uitsluitel gee nie. Die soort spreektaal wat ons uit die geëkserppeerde tekste, ook uit die afwykings en "foute" wat daarin voorkom, leer ken, is meer 'n beskaafde burgerlike omgangstaal, dié van die laer klerke en amptenare, van eenvoudige kroniekskrywers, sekretarisse van gildes ens.; van mense dus wat wel in staat was om te skrywe en wat 'n sekere opvoeding geniet het, in teenstelling met die ongeletterde laagste stand.

Uit ons tekste lei ons af dat in die gesproke taal van Noord en Suid die eerste en vierde naamval saamgeval het, behalwe dat in die Nominatief manlik na een ens. die persoonsbepalende adjektief gewoonlik onverbuig gebruik is; die Genitief kom braaselde voor, die Datief is in die meeste gevalle vervang deur die Akkusatief. Die basiese verbuiging vir Brabants en Hollands

(gelykwaardige wisselvorms word opgegee, uitsonderinge verwaarloos)  
was dus soos volg:

Ml.: een goet man; een(en), de(n) goede(n) man

Vrl.: een, de goede vrouw

Ons.: een, het goet (goede) kint

Mv.: de goede menssen

By adjektiewe van die tipe schoon, gemeen, fraay, blauw, suiver was daar egter in die Brabantse bronne die fleksielose vorme in die meervoud en vroulik enkelvoud, sodat by hierdie groep slegs manlik enkelvoud na die bepaalde lidwoord of 'n voorafgaande bepaalde voornaamwoord verbuiglis.

Ml.: een klein, de(n) kleine(n) man

Vrl.: een, de klein vrouw

Ons.: een, het klein kind

Mv.: (de) klein kindoren

In die hedendaagse Brabantse dialekte vind ons in groot mate ooreenstemming met 16de-eeuse Suid-Nederlandse fleksievorms. In teenstelling met die bowe-Noordykse dialekte kom ons in die huidige Brabants onverboë vorme teë van dieselfde tipes as wat ons uit die 16de-eeuse tekste leer ken het.

In die suidelik-sentrale dialekte wat 'n groot gebied van Noord-Brabant tot by die groot riviere insluit, verloor die adjektief voor 'n vroulike substantief die fleksieuitgang, veral as dit op 'n vokaal + liquida of nasaal of d, of op 'n diftong uitgaan.<sup>66)</sup> 'n Groot gedeelte van hierdie gebied val volgens P. Peters saam met die twee-genera-gebied wat by adnominale woorde net 'n manlike en 'n nie-manlike geslag onderskei.<sup>67)</sup> Hier eindig die adjektief manlik enkelvoud op -e(n) - die uitgang is genuskenmerk, nie meer fleksievorm nie - terwyl vroulik en onsydig en meestal ook die meervoud sonder uitgang bly, bv. "de

66) A. Weynen, Nederlandse dialectkunde, Assen 1958, p. 211.

67) P. Peters, "De geslachtsvormen van het adjektief in de Nederlandsche dialecten", Onze Taaltuin, Dl. V, p. 374.

geel gordyn", "een vaal duif", "een arm vrouw", "warm soep",  
 "een groen tafel", "een ruim kamer", "klein kinderen", "de groen  
 bloemen", "gehoorzaam kinderen", "gemeen mannen", "zwaar pakken",  
 "een donker kamer", "onnozel kinderen";<sup>68)</sup> Cornelissen en Vervliet  
 gee o.n. "een fraai kar koren", "een fraai som".<sup>69)</sup> Selfs in  
 die Bomtelerwaard is dergelike vorme bekend. Ongelukkig gee  
 Van de Water net twee voorbeelde: "Die erram minsə zyn wél te  
 beklaag"; "'k He liever rooi krisse es grūnn".<sup>70)</sup>

Op die kwessie of hierdie "kort" vorme 'n direkte voortsetting  
 van die 16de-eeuse onverboë vorme is of as gevolg van fonetiese  
 apokopee ontstaan het, kan ons hier nie ingaan nie.<sup>71)</sup> Die  
 presiese verloop van sake is vir ons doel nie van belang nie; wat  
 wel belangrik is, is die feit dat opvallende ooreenkomste bestaan  
 in die aard van die kort vorme en die omstandighede waarin hulle  
 voorkom. Dit is dieselfde soort adjektiewe wat onder dieselfde  
 voorwaardes onverbuig kan bly, nl. adjektiewe op vokaal + liquida  
 of nasaal, of op diftong. Die gebruik van dié vorme mét of  
 sōnder fleksieformans varieer egter van die een dialek tot die  
 ander. Ons 16de-eeuse materiaal wat in hoofsaak Noord-Brabante is,  
 toon fonologies en morfologies die meeste ooreenkomste met die  
 vorme van Noord-Brabantse dialekte. Aangesien hierdie "kort"  
 vorme 'n vaste patroon in die omgangstaal van daardie dialekte  
 vorm, mag ons ook met groter sekerheid die 16de-eeuse vorme as  
 van die gesproke taal afkomstig beskou, al word hulle nie in die  
 tekste duidelik sigbaar nie.

As ons besef hoe hoog die gebruiksfrekwensie van die geapo-  
 kopeerde vorme in die huidige dialekte is, verbaas dit effens dat

68) Vgl. J.L. Pauwels, Het dialect van Aarschot en omstreken,  
 Tongeren 1958, Dl. I, p. 307 vlg.; R. Hondshoven, Klank- en  
 vormleer van het dialect van Melkwezer, ongepubl. lic.-  
 verhandeling, Leuven 1953.

69) J. Cornelissen en J.B. Vervliet, Idioticon van het Antwerpsch  
 dialect, Gent 1899-1906, Dl. I, p. 431.

70) A. van de Water, De volkstaal in het Oosten van de Bomteler-  
 waard, Utrecht 1904, p. 38.

71) Vir 'n bespreking van die saak verwys ek na E. Blancquart se  
 studie "Genus-onderscheid" in Album René Verdeyen, Brussel,  
 Den Haag 1943.

ons hierdie vorme tog maar betreklik selde in die 16de-eeuse tekste vind. Dit sal seker aan die skryftaaltradisie toegeskryf moet word, tensy ons aanneem dat die verskynsel van apokopering wat ons al van Middelnederlands af ken, eers ná die 16de eeu 'n grootskaalse ontwikkeling in die spreektaal gekry het.

Soos reeds eerder te kenne gegee, vind ons in die hedendaagse bowe-Moerdykse dialekte geen spoor van dergelike fleksielose vorme nie. Dit stem ooreen met ons gegewens uit 16de-eeuse Hollandse tekste, waar onverboë vorme voor vroulike en meervoudige substantiewe onbekend is.

Daar die verskynsel van onverboë adjektiefvorme tipies Brabants was en in die beskaafde taal voorgekom het, is dit egter te verwagte dat deur die gesag van Brabants en deur die vermenging van Brabanders met Hollandse kringe veral na 1585 dubbelvorme van die tipes schoon(e), arm(e), klein(e), fraey(e) in die Noorde ten minste 'n tyd lank naas mekaar bestaan het. 'n Bestudering van die 17de-eeuse bronne sal ook daarop lig moet werp.

DIE VERBUIGING IN DIE SEWENTIENDE EEU

By die bespreking van die adjektiewiese fleksie in 16de-eeuse Nederlands het die klem op suidelike (Brabantse en Vlaamse) tekste geval om die eenvoudige rede dat in daardie eeu die brandpunt van die kulturele en literêre lewe nog in die Suide gelê het en ook Hollanders in hul skriftelike taalgebruik suidelik georiënteer was.

In die laaste jare van die 16de en die begin van die 17de eeu verskuif die sentrum van beskawing al hoe meer na die Noorde. Dit is o.a. te wyte aan die grootskaalse uitwyking van vooraanstaande Brabanders en Vlaminge na die Noorde, waardeur die posisie van veral die provinsie Holland aanmerklik versterk is. Hierdie bevolkingsmenging het ook taalvermenging in die hand gewerk, hoofsaaklik in die hoë en middellae van die burgery.

Daarnaas het 'n ander soort bevolkingsmenging taalverskeidenheid veroorsaak: die opbloeï van die groot stede deur handel en seevaart het talle mense uit die omgewing en die verder af geleë "platteland" na Amsterdam getrek. As dialektspreekers van bepaalde streke het hulle waarskynlik ook 'n sekere invloed op die spreektaal uitgeoefen<sup>1)</sup> al is dit moeilik na te gaan. So ver dit uit die beskikbare bronne van die 17de eeu vasgestel kan word, was daar geen wesenlike verskil in die adnominale verbuiging van Hollandse en Utrechtse dialekte nie. Die toestand in die huidige bowe-Noordrykse streektaale bevestig hierdie indruk, al moet ons by die hedendaagse dialekte met sterk Amsterdams-Hollandse uitstralings rekening hou.

Vir 'n bestudering van die 17de-eeuse adnominale fleksie is dus die tweede soort bevolkingsmenging minder belangrik. Die Suid-Noord-vermenging daarenteen is van kardinale betekenis, en dit lyk of die taalvermenging wat daardeur ontstaan het, nog te

---

1) De Vooy, Geschiedenis van de Nederlandse taal, p. 85.



min ondersoek en dan ook onderskat is. Juist op die gebied van die flekke vind ons naas mekaar tipies suidelike en die "normale" noordelike vorme; en blykbaar was die meeste skrywers van die dubbelslagtigheid nie eens bewus nie, anders sou die Deventer predikant Jan van der Veen ook die gebruik van onverboë adjektiewe in die Brabantse taal gehêl het - hy dryf tog in sy Verkeer-Spel<sup>2)</sup> met ander kenmerke soos die "nen"-gebruik van sy suidelike teenstanders wel die spot. Hulle skryf bv. oor die "ynyl onnutte sieden" (mv.) van Van der Veen, en "verscheyden schoen victori" wat hy verkry het. Dergelike vorme ken Van der Veen self nie.

As mens die vroeg 17de-eeuse tekste lees, verbaas dit nie dat manne wat oor die suiwerheid van hul moedertaal bekommerd was, 'n grammatikale ordening nagestreef het nie. Die werk van die grammatici is in die verlede, veral deur Kollerijn en De Vooy, miskien in 'n verkeerde lig geplaas. Hulle is te eensydig beskou as taalreglementeerders wat die sisteem van die Latynse grammatika op die Nederlandse taal wou afdwing. Al het die Latynse voorbeeld hul strewe beïnvloed en al het hulle reëls gaan opstel wat soms teen die lewende taalgebruik ingedruis het, sien ons in hul werke tog ook dikwels 'n groot mate van taalwaarneming, van suiwer beskrywing van die gesproke taal. Hulle opmerkings oor wat "nochtans in spreken en schryven gebruykelic" is, is ons enigste direkte inligting oor die spreekmedium. Ons sal dus verstandig handel as ons hulle bevindings noukeurig oorweeg en hul werk nie sonder meer as latinisties veroordeel en sodanige die kind met die badwater weggooi nie. Van 'n diepgaande invloed van die grammatici op die taalgebruik in die 17de eeu kan ons nie praat nie, want net 'n klein groepie letterkundiges het hulle aan die voorgeskrewe reëls gehou. Eers in die tweede helfte van die eeu kom daar meer eenvormigheid; die wisselvorme wat in die eerste helfte nog woeker, neem merkbaar af en verdwyn byna volledig.

---

2) Opgeneen in Jan van der Veens Zinne-Beelden of Adams Appel, Amsterdam 1642.

## I Studies oor sewentiende-eeus

Daar bestaan 'n taamlik uitgebreide vakliteratuur oor die taal van die 17de eeu, maar die adjektief kom nie in al die werke ter sprake nie. In Overdiep se Zeventiende-eeuwsche syntaxis bv. kan ons geen bespreking van iets betreffende die vormleer verwag nie. Die inleiding van Weijnen by Zeventiende-eeuwsche taal bevat 'n kort en daarby vae bespreking van die adjektief en sy verbuiging wat ons nie veel verder bring nie. Deeglike studies daarenteen vind ons by Heinsius, wat die Bybel-taal ontleed, en by Van Helten in sy beskrywing van Vondel se taalgebruik teen die agtergrond van ander literêre 17de-eeuse tekste.

Onder die studies oor individuele skrywers munt die werk van A.C. Crena de Jongh, L. Koelmans en F.E. Muller uit.<sup>3)</sup> J.O.S. van der Veen se studie Het Taaleigen van Bredero daarenteen is uiters onbetroubaar, omdat hy nie onderskei tussen Bredero se literêre en sy klugtetaal nie, ook nie tussen verskillende naamvalle (bv. Nom. en Vokat.) onderling, of tussen verskillende sintaktiese funksies van die attributiewe adjektief nie. Ook J.A. Nauta<sup>4)</sup> differensieer nie die stylsoorte nie, nogtans verskaf hy meer insig in Bredero se taalgebruik deur aan te toon waar lg. onverboë i.p.v. verboë vorme - wat origins die norm is - skryf. In die inleiding tot Het Moortje van Bredero bespreek F.A. Stoett die taaleie van die verskillende persone, maar hy het byna niks oor die adnominale verbuiging te sê nie.

In besprekings oor variante by Vondel en Hooft deur Walch en Kossman word die adjektief nie in besonderhede behandel nie;<sup>5)</sup> dieselfde geld vir die studies oor die briefstyl aan die begin

---

3) A.C. Crena de Jongh, G.C. van Santen's Lichte Sigger en Snappende Siitgen; L. Koelmans, Teken en klank by Michiel de Ruyter, Assen 1959 - verder ook die nog ongepubliseerde Vormleer van De Ruyter se taal; en F.E. Muller, De dichtwerken van Philibert van Borsselen, Groningen 1937.

4) Taalkundige aantekeningen naar aanleiding van de werken van G.A. Bredero, Groningen 1893.

5) J.L. Walch, De varianten van Vondel's Palamedes, 's-Gravenhage 1906; F. Kossman, "De varianten van Hoofts Granida", Tsch. v. Ndl. T. & L. XXXVI, pp. 97-151.

en teen die einde van die 17de eeu deur J.H. Kern, J. Mendels en E. Jongejan.<sup>6)</sup> Telkens moet ons met 'n paar terloopse opmerkings tevrede wees; of, waar die adjektief wel bespreek word, kom byna deurentyd net die n-kwessie ter sprake.

Des te waardevoller is die materiaal van en oor die grammatici wat Zwaan verskaf, en die studies oor bepaalde aspekte van die adjektief deur Van Haeringen, Verdenius, E. Bakker<sup>7)</sup> e.a., naas 'n reeks artikels van 'n meer algemene aard wat in die loop van die ondersoek ter sprake sal kom.

## II Tekstbeskrywing en metode

Die 17de-eeuse taal toon in die skriftelike oorlewering veel breër ekakerings as dié van die voorafgaande eeu. Die boekeproduksie was aansienlik hoër en die skrywers afkomstig van baie verskillende sosiale kringe. Die styl varieer van die plat Amsterdamese klugtetaal by Bredero bv. tot en met die hoogs gestileerde Renaissanceprosa in Hooft se Historiën. Sommige van hierdie stylsoorte is reeds ondersoek, soos blyk uit bogenoemde studies. Dit is egter wenslik om 'n totaalorsig van die attributiewe adjektief in alle teksoorte van die 17de eeu te gee, in soverre dit überhaupt moontlik is vanweë die veelvoudige wisselvorre, individuele, dialektiese en sosiale eienaardighede binne dieselfde stylsoort.

Kennis omtrent die buigingsstelsel in die spreektaal is ook hier weer die hoofdoel van ons ondersoek. Maar omdat dié nie sonder meer uit die tekste aangewys kan word nie, begin ons telkens by die literêre taal waar opsetlik skryftaalvorre in die fleksie

---

6) J.H. Kern, "Over de taal van de brieven van Huygens' zusters en Dorothea van Dorp", Tsch. v. Ndl. T. & L. XLVIII, p. 43 vlg.; J. Mendels, "Leeuwenhoek's taal", N.Tg. XLI, p. 125 vlg.; E. Jongejan, "Van Leeuwenhoek's brieven en de Nederlandse schryftaal in de 17de eeuw", N.Tg. XXXIV, p. 300 vlg.

7) C.B. van Haeringen, "Opmerkingen bij de apocope van -e", N.Tg. XXXI, p. 241 vlg. (ook in Neerlandica, p. 167 vlg.); A.A. Verdenius, "Over de vormen van het adnominale adjektief en het lidwoord van bepaaldheid in de 17de-eeuwse Amsterdamse volkstaal", N.Tg. XXXIII, p. 97 vlg. (ook in Studies over zeventiende eeuwse, p. 255 vlg.); E. Bakker, "Aantekeningen bij een paragraaf uit Gerlach Royens buigingsverschijnselen", Leuv. Bijdr. XLVII, p. 52 vlg.

gebruik is: nl. literêre en amptelike betogende stukke. In die reisjoernale en briewe is nie-literêre mense aan die woord wat wel deur sekere skryftradisies beïnvloed is, maar tog die deurbraak van die eie taalgebruik nie heeltemal kan of wil verberg nie. Die 17de-eeuse klugte, in teenstelling met dié van die voorafgaende eeu, kom los van die rederykertradisie en word in opsetlik plat Amsterdamse volkstaal geskrywe. Maar dit sou voorbarig wees om van die klugtetaal direk op die omgangstaal te konkludeer. By die lees van die klugte kom ons gou agter dat ook daar weer 'n soort tradisie ontwikkel het: die Amsterdamse dialek word die klugtetaal ook van die nie-Amsterdamse komiese spele. Dit is besonder sterk in die eerste helfte van die eeu, later vind ons klugte en blyspele wat klaarblyklik die meer beskaafde omgangstaal weerspieël.

Vorme uit die spreektaal kom ons dus in verskillende tekssoorte teë: in die klugte en blyspele, in vriendskaplike briewe; af en toe in reisjoernale en amptelike stukke wat deur laer amptenare opgestel is, en selfs in die beskaafde vermaaklikheidslektuur.

Tydgenootlike opmerkings oor taalgebruik, oor wat as plat beskou moet word en wat mens "behoort" te sê of te skryf, word met voorbehoud as uitgangspuntgebruik in ons bespreking van die 17de-eeuse verbuiging. Die eksterne gegewens (opmerkings, reëls, kritiek) help om die interne gegewens - óf by wyse van aanvulling óf van kontrastering - juis te interpreteer.

### 1. Die Grammatici

a. In 1624 verskyn A. de Hubert se "Noodige waarschouwinge aan alle liefhebbers der Nederduytze tale"<sup>8)</sup> as taalkundige inleiding by sy vertaling van die Psalmen des Propheten Davids. Die "Waarschouwinge" is 'n neerslag van die "letterkunstige Vergadering" oor die jare 1621-1624,<sup>9)</sup> waaraan ook Hooft en Vondel

---

8) F.L. Zwaan, Nit de geschiedenis der Nederlandse spraakkunst, Groningen 1939, pp. 123-131.

9) Sien Zwaan, a.w., pp. 3-13.

deelgeneem het. Maar, soos Brandt berig, "deze taalschikking is sedert merkelyk verbeterd, en door den Drossaardt en Vondel tot genoegsaame volkoomenheit gebracht".<sup>10)</sup>

De Hubert was 'n Seun van geboorte en was getroud met 'n Antwerpse meisie, later woonagtig in Amsterdam. Maar in sy buigingsreëls - waar hy min te sê het oor die adjektief - vind ons geen van die tipies Brabantse vorme nie. Hy is baie bewus van die vol vorm of wat die vol vorm van 'n vroulike woord behoort te wees, daarom skryf hy orals "in 't eynde dit teekentje'..., synde 't selve een teeken van uytwiszinge der letter e."<sup>11)</sup> Vondel en Hooft pas hierdie reël later stiptelik toe by adnominale woorde.

b. Kort na De Hubert se "Waarschouwinge", in 1625, verskyn De Nederduytche Grammatica ofte Spraec-konst deur die matematikus Christiaan van Heule. Dis moeilik om sy herkoms te bepaal. Volgens Caron se ondersoek is hy miskien 'n Deltenaar, maar later studeer en woon hy in Leiden. Moontlik was sy ouers uitgeweeke Vlaminge. In Van Heule se taal kom woorde voor wat Vlaams aandoen. Dis ook opmerklik dat sommige van sy vriende uit Suid-Nederland afkomstig is, (bv. J. van der Schueren, J. de Brune, De Hubert, P. de Huyter e.a.). Daarom spreek Caron die mening uit dat "het geestelyk klimaat, waarin Van Heule ademde" deur "het Zeeuws en Vlaams" sterk oorheers word.<sup>12)</sup>

In sy Nederduytche Grammatica ofte Spraec-konst van 1625 (A) en die hersiene uitgawe Nederduytche Spraec-konst ofte Taelbeschryvinghe van 1633 (B) maak Van Heule belangwekkende opmerkings oor die verbuiging van die adjektief, oor wat 'n mens hoor en wat miskien "cierliker" sou wees, of wat "men na de meeste bevallikhoit

---

10) G. Brandt's Leven van Vondel, 2de druk, uitg. E. Verwys, bewerk deur J. Hoeksma, Amsterdam 1905, p. 27.

11) Zwaan, a.w., p. 126.

12) Christiaan van Heule, De Nederduytche Grammatica ofte Spraec-konst, uitg., ingelei en toegelig deur W.J.H. Caron, Trivium Nr.1, Dle. 1-2, Groningen 1953. Inleiding Dl. 1, p. XVII.

des gehoors / zoude behoren te seggen".<sup>13)</sup>

Van Heule het die grammatikale geraante van sy werk in groot trekke byna ongewysig van Lithocomus se Grammatica Latina oorge-nëem, maar Caron beklemtoon herhaaldelik dat Van Heule van sy selfstandigheid blyk gee deur alles wat hy positief oor die taal-gebruik kan meedeel. Dis hier nie die plek om na te gaan in hoeverre Caron se interpretasie juist of dalk 'n reaksie op die Kolloewyn-De Vooy's rigting is nie. Vir ons doel is belangrik wat Van Heule direk oor "het acht-bare gebruyc... door het gemeyn sproken" van die verlede en van sy eie tyd opmerk, en die verskille tussen A en B wat betref die buiging van die adjektief. A is 'n grammatika "waer in de gemeyne deelen der Nederduytsche sprake (nae de manier der Grieken ende Latynen) beschreven zyn", soos die titelblad vermeld in teenstelling met die "Tael-beschrÿvinghe" van B "waer in alle gemeyne veranderingen der Woorden, ende Spreuken grondelic vertoont ende geleert worden". Uit die veranderde titel en verskeie wysigings in die hersiene uitgawe word duidelik dat Van Heule hom later minder dig aansluit by sy Latynse voorbeeld.<sup>14)</sup>

Van al die 17de-eeuse grammatici gee Van Heule die breedvoerigste bespreking van die adnominale verbuiging, met vermelding ook van die wisselvorme van die gesproke taal of die moontlikhede wat die "Rÿners" het om "de byvouglicke worden somtÿts te verkorten".

In 1649 versorg Van Heule die derde druk van Ampzing se "Taelbericht" en maak daar o.a. 'n toevoeging by die adnominale verbuiging oor wat "eygentlyker gebruykelyker" (sic) is. Deur 'n dergelike opmerking en die opgawe van wisselvorme in sy eie werk gee Van Heule reliëf aan die direkte konstaterings sonder meer van Ampzing, Kok en ander grammatici.

---

13) B, p. 23.

14) Vgl. Caron, Inleiding Dl. I, p. LII.

c. In 1628 verskyn S. Ampzing se "Nederlandsch Tael-bericht", oorspronklik as taalkundige inleiding by sy Beschryvinge ende lof der stad Haerlem, later afsonderlik uitgegee.<sup>15)</sup> Die Haarlemmer predikant staan onder invloed van sy vriende De Hubert en Van Heule en hulle taalbeskouings, soos hy uitdruklik in die "Voor-Reden" vermeld.<sup>16)</sup> Ook by hom vind ons 'n reeks opmerkings oor die adjektiewiese verbuiging wat vir ons van belang is, veral sy behandeling van die neutrum.

d. Van 'n heeltemal ander aard is die Waarnemingen op de Hollandsche Tael, t'samengesteld door Fr. Cas.Hoofd.<sup>17)</sup> In hierdie 126 aanmerkings sonder enige struktuur of orde sien ons hoe die groot digter en prosaïs van die 17de eeu hom rekenskap probeer gee van bepaalde vorme of spellingkwessies, of hoe hy sy eie opvatting teenoor die van ander mense, bv. De Hubert, plaas. Die meeste Waarnemingen is tussen 1635-1638 saamgestel, die laaste (119-126) waarskynlik eers in 1641 volgens Zwaan se ondersoek.<sup>18)</sup> Hoofstel stel dikwels net wat "men zeidt" en eindig in 'n vraag betreffende die spesifieke taalvorm; soms wil hy ook iets invoer "om reghel te maeken". Dis opmerklik dat hy in die latere "Waarnemingen" af en toe herroep wat hy vroeër gesê het, bv. in 29 en 80. Eers wil hy "reghel maeken" en "het sterk paerd" ('n on- verboë onsydige adjektief na bep. lw.) afskaf, later aanvaar hy albei vorme, met en sonder buigings-e na het. As hy egter dinge beskryf "die men zeidt", het dit betrekking op die vorme wat hy in die gesproke taal van sy sosiale kringe gehoor of wat hy self gebruik het, dus 'n verfynde, beskaafde (salon-) taal. Te veel waarde mag waarskynlik nie aan 'n dergelike "men zeidt" as 'n weerspieëling van die gesproke taal geheg word nie; in 'n brief aan sy seun Arnout (27 Okt. 1646) gee hy bv. 'n les oor die ver-

---

15) Zwaan, a.w., pp. 135-191.

16) Vgl. Zwaan, a.w., p. 135.

17) Zwaan, a.w., pp. 235-256.

18) T.a.p., p. 109.

buiging van "ik blijf UE. Onderdeanighste zoon" en vermaan Arnout om ook af en toe in pa se Historiën te lees ten einde "uwe moederlyke taal wel te schryven en te spreekken". Mens twyfel sterk of enige seun of volwasse persoon ooit in die daaglikse omgang & la Hooft se Historiën gepraat het.

e. Interessante kommentaar op 17de-eeuse taalvorme vind ons ook in die aanmerkinge van Vondel en Kostaert op Daghwerck en Huygens se weerlegging uit 1639.<sup>19)</sup> Baie selde aanvaar Huygens 'n verandering wat Vondel of Kostaert voorstel; hy verdedig sy eie taalgebruik deur te sê dat bv. iets "by ons soo gebruyckelick" is of "dewyle het by meer als eene provincië in gebruyck is", of dat hy skryf "naer 't my in de penn komt". Huygens is bewus van die provinsiale verskille, veral dié tussen Brabante en Hollands en gebruik vorme van albei as hy hulle "voor goed, en heel goed aangesien" het.

f. Uit 1649 dateer die Ont-Werp der Neder-duitsche Letter-Konst deur A.L. Kok.<sup>20)</sup> Dié spraakkuns is net om sy beskrywing van die neutrum vir ons van belang. Kok se paradigma vir onsydig ekv. gee steun aan dié wat ons by Ampzing gevind het, en aan opmerkings deur Van Heule en Hooft oor onverboë onsydige adjektiewe na die bepaalde lidwoord.

g. Uit die tweede tydvak, d.w.s. ná 1650, is daar net P. Leupenius se Aanmerkingen op de Heederduitsche Taale van 1653<sup>21)</sup> noemenswaardig. Sy verspreide kommentaar op die verbuiging van adjektiewe lewer niks nuuts op nie. Hy breek egter beslis met

---

19) Die "Aanmerkingen" vorm "Bylage II" by die artikel van Theod. Jorissen, "De handschriften van Huygens", Versl. en Mededeelingen der Kon. Akad. v. Wetensch., Afd. Letterkunde, 2de reeks, Dl. III, 1873, pp. 234-239.

20) Ont-Werp der Neder-duitsche Letter-Konst, Uit de Natuur der Neder-duitsche Taal / de redelyke ghe-woonte en 't ghebruik der ghoede Schryvers / ten besten van alle Lief-hebbers der zelve in de noódigste Uytbeeldingen / schiftingen en ghrondt-reeghelen t' zám-ghestelt door A.L. Kok, Amsterdam 1649.

21) Uitgegeë deur W.J.H. Caron, Trivium IV, Groningen 1958.



die Latynse kasuspatroon en onderskei slegs drie naamvalle by die substantiewe; "de byvoeglyke naamen voegen sik ook by de selfstandige in alle drie geslagten / maar met seer weinig onderscheid."<sup>22)</sup> Waarin dié onderskeid geleë is, word nêrens sistematies bespreek nie.

## 2. Statevertaling

Die adnominale verbuiging in die Statebybel is grondig ondersoek en beskryf deur J. Heinsius; die Resolusies en ander stukke betreffende die taal van die Statebybel, gepubliseer deur F.L. Zwaan,<sup>23)</sup> werp geen nuwe lig op die buigingstelsel nie.

## 3. Literêre tekste

### a. Tekste op rym:

Daar die klem in hierdie studie nie op die skryftaal val nie, is maar 'n beperkte getal literêre tekste geëksperpeer. Wat Vondel betref, kan ons op die studie van Van Helten steun, maar om die verskille tussen die vroeë en die latere Vondel aan te dui, word Pascha en Adam in ballingschap met mekaar gekontrasteer.

As vroeë verteenwoordiger van Hooft se werke het ek die Granida gekies. Die vroeë stukke is gekies om te kan bepaal of en hoe die laat 16de-eeuse literêre tradisie in hulle voortgesit word, verder om die Brabantismos in Vondel se taal en verbuiging te vergelyk met Hooft se styl.

Die adnominale verbuiging in die digwerk van die Seun Philibert van Borsselen sluit direk by die pas genoemde suidelike literêre tradisie aan, veel meer as enige van die ander skrywers wie se werk vir hierdie ondersoek gelees is. Den Binckhorst (1613) en Strande (1614) is heruitgegee deur P.E. Muller en deur breedvoerige "taalkundige beskouwingen" voorafgegaan.<sup>24)</sup> Muller beskryf die fleksie van die adjektief taamlik volledig, maar sonder verklaring van vorme wat afwyk van die

---

22) A.w., p. 28.

23) Zwaan, a.w., pp. 193-234.

24) P.E. Muller, De dichtwerken van Philibert van Borsselen.

Hollandse en die streng literêre Brabantse skryftradisie.

Van die genoemde stukke van Hooft, Vondel en Van Borsseleen is telkens 500 reëls gelees om 'n sekere vergelykingsbasis vir die frekwensieverhouding te hê.

In Zacharias Heyns se Emblemata en sy Sinne-spel van de Dry Hoof-Deuchden wat in 1625 in Rotterdam verskyn het, is die adjektief na die bepaalde lidwoord onsydig dikwels onverbuig; ook 'n paar uitganglose vroulike en meervouds-adjektiewe kom daar voor. Die Emblemata (sonder paginering) is volledig gelees, van die Sinne-spel net die eerste 50 bladsye.

Constantyn Huygens steur hom nie veel aan die reëls van die grammatici nie en gebruik grammatikale konstruksies uit die volkstaal in sy poësie waar dit hom te pas kom, al is hy in ander opsigte 'n "taal-aristokraat" soos De Vooy's opmerk. In Hofwÿck<sup>25)</sup> is sy taal veel natuurliker as in die Marinistiese vroeër werke soos Daghwerck. Waar skippers en boere aan die woord gestel word, praat hulle die Noord-Hollandse omgangstaal (bv. rr. 2215-2272). Die grondslag van Huygens se taal - volgens De Vooy - is Brabants, maar waarskynlik sterk getemper deur sy Haagse opvoeding;<sup>26)</sup> tipies Brabantse vorme van die laat 16de eeu, nl. onverboë vorme in die femininum ekv. by die adjektief-tipe schoon, klein, blauw, kom by hom egter hoogs selde voor. Ons vind onverboë adjektiewe nog af en toe in die meervoud. Ongelukkig is Eymael se uitgawe van Hofwÿck gebaseer op die druk van 1672 (Korenbloemen) omdat dié deur Huygens self besorg is, terwyl die eerste druk van 1653 in die hande van sy oudste seun Constantyn gelê het. In die uitgawe van 1672 gebruik Huygens stiptelik die afkappingsteken volgens die voorskrif van De Hubert.

By J. Cats, 'n Seun van geboorte, is die verbuiging suiwer Hollands sonder enige tipiese Brabantismes. In sy Verzameld Werk

---

25) Uitgegee deur H.J. Eymael, Zutphen 1920, 2de druk. Die ondersoek word gebaseer op rr. 1-150 en 1700-2300.

26) C.G.H. de Vooy, Geschiedenis van de Ndl. taal, p. 100.

(Amsterdam 1655) vind ons nêrens spore van sy Seeuse herkoms nie. Die fleksie is deurgaans reëlmatig Hollands. By neutra met onbeklende anlautsillabe gebruik hy dikwels - in ooreenstemming met ander 17de-eeuse skrywers - die vorm sonder fleksiesuffiks.

Naas die Sinne- en Minne-beelden is veral gebruik gemaak van Het Spaens Heydinnetje. 'n Vergelyking van die styl in hierdie stukke het geen verskille in die adnominale verbuiging aan die lig gebring nie. Het Spaens Heydinnetje is in suiwer verteltrant geskrywe, nogal iets ongewoons in Cats se tyd, want dié genre is na die veertiende eeu taamlik verwaarloos.<sup>27)</sup>

#### b. Literêre prosa.

Die magtigste prosawerk wat die 17de eeu opgelewer het, is Hooft se Nederlandsche Historiën (1642),<sup>28)</sup> in swierige Renaissancestyl en goed geproporsioneerde sinne geskrywe volgens klassieke voorbeelde. Hierdie doelbewus gestileerde prosa is begrypklarer vir die onderhawige studie van minder belang, soos trouens al die suiwer literêre tekste. Vir 'n volledige beeld van die fleksie in die 17de eeu is daardie soort tekste egter onmisbaar. Uit die ondergenoemde prosastukke is ongeveer 200 reëls ondersoek.<sup>29)</sup>

Veel minder pretensieus en soms selfs bepaald lig van aard is die prosa wat ek by ander skrywers ondersoek het, bv. Jok en Ernst deur Jan de Brune de Jonge (1644)<sup>30)</sup> en die pittige, kernagtige geformuleerde Bankket-werk van goede gedagten deur Johan de Brune de Oude.<sup>31)</sup> In teenstelling met die Seeuse digter

---

27) Sien G. Knuvelde, Handboek tot de geschiedenis der Nederlandse letterkunde, Dl. II, p. 218.

28) Episodes uit Hooft's Nederlandsche Historiën, uitgegee deur E. Verwys, 4de uitgawe bewerk deur P.A. Stoett.- Zutphen, s.j.

29) rr. 174-375 uit die Historiën.

30) Jan de Brune, de Jonge, Jok en Ernst: Dat is Allerlei deftige Hofredenen, Quinslagen, Boerterynn... Dl. I, Amsterdam 1644. Die eerste 10 "Puntreden" is geëksrpeer (pp. 1-13).

31) Weijnen, Zev.-eeuwsche taal, pp. 251-255.

Van Borsselen vind ons by hierdie Saeuse prosafiste geen tipies Brabantse of suidelike buigingsvorme nie. "Hollands" is ook die fleksie in J. Oudaan se werk, bv. in sy vertaling van H.K.A. van Nettenheym se Onzekerheid en Ydelheid der Wetenschappen en Konsten,<sup>32)</sup> maar by F.A. Poirters kom ons weer die vorme teë wat in die 16de-eeuse geskrifte en nog by Carel van Mander so volop is.<sup>33)</sup> Van hierdie Brabantse Jesufet is gesê: "Hy schreef zoals ie sprak". Sy prosa is van die natuurlikste van die 17de eeu.<sup>34)</sup>

Deftig en streng literêr is weer G. Brandt in sy Leven van Vondel,<sup>35)</sup> met die verbuiging volgens die voorskrifte van die "regel-makende" groep skrywers en grammatici.

### c. Populêre geskrifte

Dis opmerklik dat in die "literatuur van die volk", die ligte leeslektuur van die burgerkringe, van ± 1645 af geen noemenswaardige afwykings van die Hollandse buigingsisteen gevind word nie, d.w.s. afwykende onverboë vorme by vroulike adjektiewe en in die meervoud. Daar is wel uitganglose vorme voor neutra na voorafgaande bepaling soos ook in die ander Hollandse tekste. Die Genitief en Datief is betreklik seldsaam in die meeste stukke. Styl en verbuiging sluit aan by die ligte literêre tekste, sodat nie maklik 'n grenslyn tussen die literêre en die nie-literêre leesstof getrek kan word nie. Dit is egter duidelik dat hierdie boeke nie literêr bedoel is nie. 'n Paar van die gelese tekste is Het Overtooms Praetje; die Zuyd-hollandtsche Thesalia (Gorinchem 1663) en die Dordrechtsche Arcadia (Amsterdam 1663), albei deur L. van Bos; Het aynigh en vermaeckelyck Coffy-huys (Zaandijk 1678); Historie der Ouessters op de Noorder eilanden

---

32) Rotterdam 1661. Sien J.A. Knuttel, Proza uit de zeventiende eeuw, Amsterdam 1913, pp. 98-106.

33) Het Masker vande Wereldt afgetrocken, Antwerpen s.j. (1ste druk 1646), p. 75-95.

34) A. Weynen, "Opmerkingen over de taal van Pater Poirters", Vondelkroniek 1939, p. 324.

35) G. Brandt's Leven van Vondel, rr. 443-657.

van Holland gebruikelik (Queestendam 1683), Het Leeven en bedryf van de hedendaagsche Haagsche en Amsterdamsche Zalet-Juffers (1696) e.a. Die taal is meestal natuurlik en geestig, maar die adnominale verbuiging stem deurgaans ooreen met dié van die hedendaagse ABN. Hoe natuurliker die styl soos in die laaste twee, hoe seldsamer word ook die onverboë neutra.

'n Baie interessante bron is die Haegse Mercurius van die jare 1697-1699<sup>36)</sup> met al die laat 17de-eeuse politieke en sosiale skinderstories, in geestig satiriese verteltrant geskrywe. Dit ly geen twyfel dat hierdie styl die beskaafde spreektaal weerspieël nie. Tipiese dialekverskynsels is daar nie, nóg in die klanke nóg die woordgebruik. Die fleksie van die adjektief stem ooreen met dié van die hedendaagse ABN, afgesien van die -en-suffiks wat in die Akkusatief veral na voorsetsels voorkom, en ook in die Nominatief opduik.

Met die Haegse Mercurius is ons ver verwyder van die statigeftige literêre prosa. Uit dergelike 17de-eeuse "krante" of nuusblaaie en die populêre vermaaklikheidslektuur blyk duidelik dat in die tweede helfte van die 17de eeu daar 'n beskaafde nie-literêre medium ontstaan het wat met gemak en oor 'n breë terrein gehandhaaf is.

#### 4. Amptelike en betogende stukke

Streng amptelike stukke van die 17de eeu soos Het Groot Privilegie en Hantvest Boeck van Kennemerlandt en Kennemer-Gevolgh (Amsterdam 1664), wat deur die burgemeester van Wormer saamgestel is, en die Besondere Privilegien ende Handventen, verleent aen d'Inwoonders van Westzaanden en Crommenie....

(Amsterdam 1661) het niks opgelewer nie. Styl en verbuiging van hierdie geskifte sluit direk by die tradisie van die 16de-eeuse amptelike taal aan. 'n Paar afwykinge (bv. onverboë neutra) kom

---

36) Haegse Mercurius, Schelsende vermakelyke, Satyrique, Galante, Stigtelyke, Politique, Academische, Emblématique, en andere Reflexien; ... door H.D. 's Gravenhage 1698, Amsterdam 1699;

voor in Het archief van het seer oude en voornamelyc collegie van de Malen op het Hoogland buiten de stad Amersfoort<sup>37)</sup> en in 'n afskrif, gedateer 29 Nov. 1686, van "Vertooninge van de situatie en gelegenthoijt vant lant vant oog, hoe tselve voor ende naer de inundatie 1570 in syn dyckasie is geweest..."<sup>38)</sup> Met uitsondering van Het archief... van de Malen is al die stukke van na 1650.

Interessanter materiaal vind ons aan die Kaap in Van Riebeeck se Daghregister,<sup>39)</sup> meer spesifiek in 'n paar briewe wat daarin opgeneem is, bv. die van "Marcus Robbeljaert ende de schapehoeder Pieter Borigers (21 Aug. 1654) aen de Commandeur van 't Fort de Goede Hoop", toe hulle op Robbeneiland gestasioneer was, verder die briewe van laer amptenare van die Kaap. Die kopie van die joernaal van Skipper Symon Pieterz. Turver<sup>40)</sup> bevat 'n paar onverboë adjektiewe voor masculina en feminina. Die meeste afwykings wat hier voorkom, vind 'n mens herhaaldelik ook in die skeepsjoernale. Die taal van die Daghregister self staan nader aan die stroewe amptelike styl wat in die dokumente in die moederland gebruik is as aan die styl van die joernale.

Iets nuuts vind ons nie in hierdie Kaapse tekste nie. Ons vind dieselfde soort onverboë adjektiefvorme in Hollandse geskrifte van laer amptenare en van die joernaalskrywers. Enigins verrassend is net 'n sporadiese verboë i.p.v. onverboë vorm na een voor neutrum.

'n Voorbeeld van betogende prosa kry ons in Antoni van Leeuwenhoek se briewe.<sup>41)</sup> Hierdie "self-made" Delftenaar beskryf

---

37) Uitgegee deur J.F.X. van den Bergh, Dl. III, Rekeningen, 's-Gravenhage 1898.

38) Fotokopie in die Dialectbureau van Amsterdam.

39) Daghregister gehouden by den Oppерcoopman Jan Anthonisz van Riebeeck, uitgegee deur D.B. Bosman en H.B. Thom, Dl. I-III, Kaapstad 1952-1957.

40) Daghregister Dl. I, pp. 385-391.

41) Alle de brieven van Antoni van Leeuwenhoek, uitg. door een Commissie van Nederlandse geleerden. Amsterdam, Dl. I (1939), Dl. IV (1952), Dl. VI (1961).

in 'n aangename, ongekunstelde taal sy wetenskaplike bevindings. Meestal gee hy kalm verslag van sy werkprosedure, af en toe probeer hy deftig wees en gaan skuil agter geleerd klinkende vreemde woorde veral in briewe aan die Royal Society in Londen; as die "Entdeckungsfreude" hom beetneem, soos in die brief oor die syrum (11 Julie 1687), of wanneer hy verontwaardig is oor die kleinerig van die kant van medegeleerdes, raak hy opgewonde. Al is daar heelwat verskil in sy styl na gelang van die persoon tot wie hy sy briewe rig, bly sy adnominale fleksie deurgaans dié van die beskaafde Delftse omgangstaal, ook ná 1683 toe hy sy spelling moderniseer. In sy verbuiging van die adjektief vind ons niks van die literêre fleksioreëls sover hulle in stryd met die gesproke taal was nie. Mej. J. Mendels wys daarop dat Van Leeuwenhoek veral in die eerste jare van sy korrespondensie 'n suiwer Delftse stadsdialek skryf, maar hom later by 'n meer genivelleerde taal aanpas.<sup>42)</sup> Ook van dié wending sien ons geen neerslag in die verbuiging nie. Die fleksie bly - afgesien van 'n sporadiese naamvals-n in Nominatief en cas. obl. en in vaste uitdrukkings - dwarsdeur konstant.

Uit die omvangryke versameling briewe is steekproewe gemaak en sewe briewe willekeurig uit die tydperk 1674-76, en drie uit die periode 1683-87 gekies. Vanuit 'n taalhistoriese oogpunt is Van Leeuwenhoek se geskrifte belangrik as 'n weerspieëling van die 17de-eeuse beskaafde spreektaal<sup>43)</sup> sonder direkte invloed van grammatikas en skryftaalreëls.

##### 5. Reisjoernale

In die 17de-eeuse reis- of skeepsjoernale van koopmanne, skippers e.d.m. is 'n bepaalde tradisie van styl, woordgebruik en behandeling van die onderwerp onmiskenbaar. Die houer van 'n dagboek of joernaal wat 'n goeie opleiding geniet het, skryf 'n

---

42) "Leeuwenhoek's taal", H.Tg. XLI, p. 125.

43) Vgl. J. Mendels "Leeuwenhoek's taal", Alle de brieven, Dl. IV, p. 320.

byna stereotiepe taal, veral as hy besonder saaklik en realisties van aanleg is. Onder die skrywers is daar egter dikwels ook manne met 'n gebrekkige skoolopleiding; by hulle vind ons dan meestal 'n vermenging van eie spreektaalelemente met die tradisionele joernaalstyl.

Die Cort verhael vant gene wedervaren is Frederick de Houtman...<sup>44)</sup> is in vlot, ongekunstelde styl geskrywe en getuig van die opleiding van hierdie Seeu wat op dié reis (1598-1601) kaptein was. Die kenmerke van die laat-16de-eeuse literêre taal ontbreek in De Houtman se verbuiging. Die naamvals-n in Akkusatief en Nominatief is seldsaam; voor neutra gebruik by dikwels onverboë adjektiewe.

Pieter van den Broecke was 'n minder serieuze tipe as Fr. de Houtman, maar sy Journael van wjn voiagien gedaen naer Carbo Verde... (1606)<sup>45)</sup> is veel saakliker opgestel, waarskynlik omdat dit 'n "Joernael" en nie 'n "Cort verhael" was. Van den Broecke is in 1685 in Antwerpen gebore, maar sy ouers het nog in dieselfde jaar met baie ander mense die stad verlaat en hulle later eers in Hamburg, uiteindelik in Amsterdam gevestig. Daar ontvang Pieter sy opleiding as koopman. Van den Broecke se skryfstyl herinner aan die amptelike taal; in Akkusatief manlik ekv. gebruik hy stiptelik die suffiks -en, wat egter ook in die Nominatief voorkom. In ons. ekv. hou hy van die "kort" vorm, en ook in die meervoud skryf hy herhaaldelik onverboë adjektiewe, hoofsaaklik by een-lettergrepige adjektiewe (clijn, starck, cloeck). Dit kan te wyte wees aan sy Brabantse ouers, maar daardie vorme was ook in Holland aan die begin van die 17de eeu nie onbekend nie. Dieselfde kenmerke wat styl en taalgebruik betref, vind ons ook in die ander joernale van Van den Broecke, bv. in sy "voiaaghe naer Oost-Indien" (1613-1614) en in sy "Beschrjvinghe van

---

44) De oudste reizen van de Zeeuzen naar Oost-Indië 1598-1604, Linsch. Ver. LI, uitgegee deur W.S. Unger, 's-Gravenhage 1948.

45) Reizen naar West Afrika van Pieter van den Broecke, Linsch. Ver. LII, uitgegee deur K. Ratelband, 's-Gravenhage 1950.



den Conuckxryck Loango".

Die uitgawe in die Linschoten-Vereeniging berus op 'n manuskrip wat volgens die bewerker R. Batelband "een oorspronkelyke bewerking door Van den Broecke zelf van diens dagelykse Afrikaanse aantekeningen"<sup>46)</sup> is en as sodanig vir taalkundige ondersoek betroubaar. Sy joernale wat vroeër in druk verskyn het, is "bygeschaafd en hier en daar opgemaakte ten gerieve van het lezend publiek, als ook voor persoonlyke doeleinden",<sup>47)</sup> merk die destydse bewerker op.

Of daardie skaafwerk deur die 17de-eeuse drukker gedoen is of deur iemand anders, weet ons nie. Maar by sommige joernale het die drukkers 'n ingrypende rol gespeel. Waar die oorspronklike MS verlore gegaan het, is ons nie in staat om die skrywer se eie styl en taalvorme te agterhaal nie, soos in die geval van Bontekoe.

In die lewendige Verhael van de avonturelycke Reyse... naar Oost-Indiën (1618-1625)<sup>48)</sup> is die adnominale verbuiging verbasend sistematies en los van die literêre en amptelike tradisies. Maar is dit inderdaad die styl van die skipper Bontekoe? Heel waarskynlik nie. Die verhaal van die uitreis is saam met die dagverhaal en die verhaal van die tuisreis deur Jan Jansz. Deutel in 1646 as volksboek uitgegee. G.J. Hoogwerff, wat die uitgawe vir die Linschoten-Vereeniging versorg het, meen dat aan die dagregister "in geen geval een eigenhandig manuscript van den schipper ten grondslag is gelegd. Een kopij werd veeleer met gebruikmaking van het aanwezige daggeschrift in gereedheid gebracht. Die kopij was op vele plaatsen meer een paraphraserende bewerking dan een woordelijk afschrift."<sup>49)</sup> Dit lyk aanneemlik

---

46) Inleiding, p. LXIX.

47) T.a.p., p. XXXI.

48) Journalen van de Gedenckwaerdige Reyssen van Willem Ysbrantsz. Bontekoe 1618-1625, Linsch. Ver. LIV, uitgegee deur G.J. Hoogwerff, 's-Gravenhage 1952.

49) Inleiding, p. XXVII.

as mens die "dagbgeschrift" van die reis na Haccan<sup>50)</sup> met die verhaal van 1646 vergelyk; maar soos L. Koelmans opmerk, selfs dit is nog nie voldoende rede om te bewys dat hier Bontekoe self aan die woord is nie.<sup>51)</sup> Die hs. is te netjies vir 'n eenvoudige skipper, en bowendien stem die skrif glad nie ooreen met dié in 'n eiehandige brief van Bontekoe wat dr. Koelmans aanhaal nie. Wat die buiging betref, kry ons in die "dagbgeschrift" en in die brief vorme wat sterk afwyk van dié in die "Verhaal". Die brief en die "dagbgeschrift" toon meer ooreenstemming met mekaar as met die volksboek. Waar die volksboek waarskynlik 'n geredigeerde "parafraserende bewerking" is of ontstaan het "uit een dictaat van Bontekoe zelf",<sup>52)</sup> en die daggeskrif miskien 'n afskrif van 'n klad van Bontekoe is<sup>53)</sup> - albei dus in die ons bekende vorm die werk van 'n ander persoon en van 'n later tyd - is die brief oorspronklik.

Al kan ons in die gedrukte verhale en die afskrif nie van Bontekoe praat nie, het ons hier nietemin 17de-eeuse skrywers en as sodanig is die tekste belangrik vir 'n ontleding van die taalvorm. Van die eerste gedeelte van die volksboek, die "Avonturelijske Reyse" van 1646, het die kopie wat miskien deur die drukker bewerk en verwerk is, verlore gegaan. Maar 'n vergelyking van die "Dagbgeschrift" met die "Verhaal van de tocht :... naar de kusten van China" (ook deel van die volksboek) lewer interessante variasies op. Verder is daar ook verskille tussen die genoemde verhale en die outograaf van Bontekoe.

Die verbuiging in die "Avonturelijske Reyse" is reëlmatig en na aan die beskaafde spreektaal. As dit die werk van die

---

50) Hoogewerff, pp. 99-135.

51) L. Koelmans, "Bontekoe zelf", H.Tg. LVI, pp. 153-158.

52) Hoogewerff meen: "Voor het eerste gedeelte wordt zulk een dictaat (bij gebrek aan een grondtekst) aangenomen; voor het tweede gedeelte zijn er aanwijzingen, welke de veronderstelling van het dictaat staven; voor het derde gedeelte moet in plaats van een rustig en geregeld dictaat een ietwat haastig naschrijven van het verhaalde worden verondersteld" (p. XXXI).

53) Koelmans, a.w., p. 154.

drukker of dié se klerk is, verwonder dit ons byna nog meer, omdat hier niks van die onnatuurlike grammatikasleure of die rederykertradisie te bespeur is nie.

Verskille in die fleksie van die "Avonturelijske Reyse" en die geskrewe "dagheschrift" van 1624: In die daggeskrif is Nom. vorme op -en volop, ook die Dat.-Akk. op -en in manlik ekv. naas vorme op -e; opvallend is ook die anorganiese vorme wat soms deur die skrywer van die gedrukte joernaal (B) (wat op die geskrewe "dagheschrift" (A) gebaseer is) 'n -e kry: A "d'Engelsz Beer", B "de Engelsche Beer" (9 Mei), A "de twee Engelaz schepen", B "de twee Engelsche schepen" (27 Junie); A het bv. twee keer agter mekaar die "onverboes" bes. vnv.: "lieten wij ons ankers vallen", B verander dit na "ons anker" (24 Junie). Ander onverboes vorme wat in A en B voorkom, is bekende 17de-eeuse konstruksies soos "het duynich landt". Maar A het meer onverboes eenlettergrepige adjektiewe as B, van die tipe "vant groot eylandt", "daer ist root duynich landt", naas verboes vorme in dieselfde posisie. Die verskil tussen A en B is aansienlik. Die fleksie word nie drasties gewysig nie, maar "moderner" en reëlmatiger. Hoogewerff konstateer: "wij ontdekken in (die skrywer van B) een mens met een geheel andere, meer moderne schoolkennis. Bij Bontekoe vergeleken was hij bepaald een 'vereenvoudiger'" (p. XXVIII).

In die brief berig Bontekoe die slag voor Maccao aan die "heer Jeenerael Jan Pietersen Coenen". Dieselfde gebeurtenis is in die dagverhaal aangeteken. Hier het ons verseker 'n eiehandige teks uit die jaar 1623 van die eenvoudige skipper wat klaarblyklik sukkel met die naamvalle terwyl die skrywer van die "Avonturelijske Reyse" op sy gemak die taal en grammatikale vorme hanteer.

In die rapport van Piet Heyn uit Delfshaven van sy Wes-Afrikaanse reis<sup>54)</sup> is die Suid-Hollandse spreektaal onmiskenbaar

---

54) De Westafrikaanse reis van Piet Heyn, 1624-1625, Linsch. Ver. LXI, uitgegee deur K. Ratelband, 's-Gravenhage 1959.

in die diminutiefvorme, die weglaat van slot -n in werkwoorde, substantiewe en adjektiewe; dus sal ook die verbuiging van die adjektief die Suid-Hollandse omgangstaal weerspieël. Daar is 'n verrassende ooreenstemming met die fleksie in die briewe van Huygens se susters.

Dis moeilik om te sê of en in hoeverre die joernaal van die Schiedammer kommandeur Mathijs Hendricksz. Quast<sup>55)</sup> deur die kopiërs gewysig is. Die uitgawe deur die Linschoten-Vereeniging is gebaseer op 'n afskrif wat kort na Quast se terugkeer in Batavia gemaak maar eers in die 19de eeu gepubliseer is. Die styl is amptelik en saaklik en verskil sterk van Bontekoe en ook Heyn se lewendige verteltrant. Die fleksie is klaarblyklik nie 'n weerspieëling van die spreektaalbuiging nie. In Quast se joernaal is die tradisie van die amptelike taal met talloze verouderde naamvalsvorme onmiskenbaar.

Michiel de Ruyter<sup>56)</sup> skryf 'n effens natuurliker taal as Quast, maar hy sit ook nog vas in die offisiële joernaalstyl en vaste verbindings. L. Koelmans het die klank- en vormleer van die taal van De Ruyter ondersoek<sup>57)</sup> en gevind dat De Ruyter af en toe adjektiewe sonder buigingsuffiks gebruik in teenstelling met die moderne beskaafde Nederlands; dit is weer die tipe kleen, moer, grau, blaauw ens. wat by 'n man van Seeuse herkoms nie verbasend is nie. Die vorme is meer frekwent in De Ruyter se briewe - al was hy in sy briewe, selfs aan sy gesin, ewe formeel en deftig - en in ander stukke van hom as in sy joernaal van 1664-1665. Dis egter opmerklik dat ons daardie vorme nog in die tweede helfte van die 17de eeu kry; in die meeste ander Hollandse stukke uit daardie tyd is hulle baie seldsaam.

---

55) De reis van Mathijs Hendricksz. Quast en Abel Jansz. Tasman ter ontdekking van de Goud- en Zilverereilanden (1639), Linsch. Ver. LVI, uitgegee deur J. Verseput, 's-Gravenhage 1954.

56) De reis van Michiel Adriaanszoon De Ruyter in 1664-1665 Linsch. Ver. LXII, uitgegee deur P. Verhoog en L. Koelmans, 's-Gravenhage 1961.

57) Teken en klank by Michiel De Ruyter, Assen 1959. Dr. Koelmans het die stuk oor die adnominale verbuiging by De Ruyter uit sy nog ongepubliseerde vormleer tot my beskikking gestel.

Daar is reeds eerder verwys na die Daghregister van Jan van Riebeeck. Volgens die ondersoek van J.A. Verhage is dit "'n tipiese voorbeeld van die 17de-eeuse amptelike styl",<sup>58)</sup> ook in die fleksie. Maar verskeie bylaas, bv. die verslae van Pieter van Meerhoff oor die twee reise "nae de Namaquas" (1661)<sup>59)</sup> of die aantekeninge van Sijmon Pietersz. Turver en die Groninger Jan Danckaert sluit meer onmiddellik by die reisjoernalstyl aan. Die rapporte van die boekhouer Verburgh en ander "opgevoede" mense daarenteen is weer boekerig en in streng amptelike, soms in ordrewe deftige stadhuistaal opgestel, maar selfs by hulle vind ons af en toe onverboë vorme wat van die norm afwyk.

Frederick de Smit van Koningsberg, 'n Duitser in diens van die Oos-Indiese Kompanjie, berig oor een van die Kaapse ontdekkingstogte.<sup>60)</sup> By hom, soos by alle nie-Nederlanders (bv. ook Pieter van Meerhoff), moet ons van die norm afwykende vorme versigtig beoordeel en vreemdolinge-Nederlands van dialekties gekleurde Nederlands onderskei. Hulle moet egter by die skryfwerk hulp gekry het, want die joernale van De Smit en Van Meerhoff is in vlot en taamlik korrekte Nederlands geskryf. Dit blyk o.e. uit die verskil in taalgebruik tussen 'n brief van Van Meerhoff<sup>61)</sup> en die twee bogenoemde verslae van hom.

Die reisverhale van die skipper Gerrit Gerrits Ridder Huys en Sienwert Jans Boon, "een goet stierman ende ervaeren caertenmaeker op Batavia gebruyckt wesende", wat albei die tog van "de Hoecker d'Grundel" langs die Kaapse oeskus meegemaak het, is in eenvoudige taal opgestel. Interessant is hier 'n reeks onverboë vorme oor de-substantiewe veral by die kaartemaker, wie se

---

58) Daghregister, Dl. I, Inleiding p. XLIII.

59) Dl. III, Bylae IV en V, pp. 478-499.

60) Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse tyd, Dl. I, uitgegee deur E.C. Godeé Wolsbergen, Linsch. Ver. XI, 's-Gravenhage 1916, v.p.66 vlg.

61) Aangehaal deur G.G. Kloeke, Herkomst en groei van het Afrikaans, Leiden 1950, pp. 322-323.

joernaal "in sijn kist bevonden en op verscheide papiertjes zeer casuys geschreven" was.<sup>62)</sup>

Die joernaalhouer(s) van Oloff Bergh se twee joernale<sup>63)</sup> skryf af en toe 'n afwykende vorm, bv. 'n onverboë adjektief voor 'n de-substantief of 'n foutief verboë vorm voor 'n neutrum. By die Leidse vaandrig Isaq Schryver, daarenteen, kom ons nêrens dergelike afwykings teë nie, al is ook sy joernaal in eenvoudige styl geskrywe.<sup>64)</sup>

Die joernaal van Simon van der Stel se ekspedisie na Namakwaland<sup>65)</sup> staan na aan die amptelike taalgebruik. Die adnominale verbuiging stem feitlik deurgaans met dié van die laet 17de-eeuse nie-literêre gebruik ooreen. Van der Stel se joernalis skryf geen onverboë vorme voor vroulike substantiewe nie; voor neutra is hulle seldsaam.

## 6. Briewe

Die brief het in die 17de eeu 'n literêre genre geword deur die vooraanstaande digters en prosafiste. Hoof byvoorbeeld het sy korrespondensie tot in die fynste besonderhede versorg en van sy briewe 'n suiwer epistolêre kuns gemaak. Dit blyk duidelik uit die briefwisseling tussen Hooft en Huygens,<sup>66)</sup> waar ons streng literêre beginsels ook in die adnominale verbuiging aantref. Die briewe van vriende en familieleden daarenteen is gewoonlik veel minder deftig, al is in die meeste briewe 'n bepaalde briefstyl-

---

62) Reizen in Zuid-Afrika, Dl. III, Linsch. Ver. XX, 's-Gravenhage 1922, p. 6 vlg. en p. 27 vlg. Vgl. ook Dl. I, p. 129.

63) Joernale van die landtogte van... Olof Bergh (1682 en 1683)...., uitgegee deur E.E. Mossop, Van Riebeeck Vereniging Dl. 12, Kaapstad 1931.

64) Reizen in Zuid-Afrika, Dl. III, p. 98 vlg.

65) Simon van der Stel's Journal to Namagualand (1685-6), edited from the MS in the library of Trinity College Dublin, by Gilbert Waterhouse, Dublin 1932.

66) De briefwisseling van Constantijn Huygens, Dl. I (1608-1634), uitgegee deur J.A. Worp, 's-Gravenhage 1911.

tradisie onmiskenbaar, in sommige meer as in ander. As J. Hylŕe in die eerste jare van die 18de eeu oor die verskillende stylsoorte in briewe skryf, is diŕ opmerking 'n samevatting van die praktyk in die 17de eeu eerder as 'n aanduiding van 'n bepaalde ontwikkeling in die loop van die eeu. "De styl der brieven" van vriende aan mekaar moet "niet groots noch hoogdravendt, maar gemeenzaam... wezen, byna of een met elkandere spreekt, en de een den anderen iet verhaelt: mydende nochtans alle onzuiverheit van tale en slegte woorden, die in 't schryven nergens kunnen geleden worden. Zo de brieven van meer belang zyn, en dat men over grote en gewigtige zaken schryft, dan moet de styl naar vereisch der stoffe wat sterker en verhevener zyn; behoudende echter iet van de gemeenzaamheit, opdat 'er onderscheit blyve tusschen den styl in ene redevoeringe, en tusschen den styl der brieven."<sup>67)</sup> Die mees "gemeenzame" styl skryf seker Constantia en Geertruid Huygens aan hulle broer.<sup>68)</sup> In hulle briewe is daar geen spoor meer van die literêre of stadhuisonaamvalsforme nie. Die onverboŕ forme wat uit suidelike tekste bekend is, vind ons nŕg by hierdie Haagse meisies, nŕg by hul Brabantse moeder. Die fleksie van hierdie vroeg 17de-eeuse beskaafde Suid-Hollands wyk byna nŕrens van die hedendaagse beskaafde Hollandse spreektaal af nie.

Maria van Reigersberg is deftiger in haar briewe aan haar man, Hugo de Groot.<sup>69)</sup> Haar verbuiging sluit aan by die laat 16de-eeuse tradisie. Seuse kenmerk of selfs suidelike invloed is die vorme op -en in Nom. manlik ekv. en in die cas. obl. manlik, maar die (verouderde) naamvalsuitgange -s of -or gebruik sy nie. Dis wel opmerklik dat die briewe aan haar broer in 'n ligter natuurliker trant geskryf is as diŕ aan haar man; lg.

---

67) Jacobus Hylŕe, Aanleiding tot de Nederduitsche Taal, (Derde druk), Amsterdam 1723, pp. 34-35.

68) De Briefwisseling van Constantŕn Huygens, Dl. I (1606-1634), Br. 133, 134, 135, 146, 174, 188.

69) Brieven van en aan Maria van Reigersberch, uitgegee deur H.C. Rogge, Leiden 1902.

briewe is hartlik, maar tog effens formeler.

Toon en styl varieer in die briewe van Nicolaes van Reigersberg aan sy suster, maar hy word stroewer in die briewe aan De Groot.

'n Reeks briewe van Willebrandt Geleynsz. de Jongh (De Alkmaarder Wees"),<sup>70)</sup> wat in diens van die V.O.C. was, van en aan sy familieleden en sy nêi in Noord-Holland is ongekunsteld; die adjektiewe, ook stofaanduidende, flekteer op -e; -en-vorme in Nom. manlik ekv. of cas. obl. ken hy nie. Onsydig ekv. na die bep. lw. bly dikwels onverbuig. Die korrespondensie (12 briewe) strek oor die jare 1634-1648.

'n Natuurlike, hartlike styl kenmerk die briefwisseling van die akademies opgeleide broers Adriaen en Willem van der Goes;<sup>71)</sup> selfs waar hulle politieke vraagstukke bespreek, word die styl nie stroef nie. Die Nominatief -en is frekwent, maar nie reëlmatig nie, ook die buigings -en in die cas. obl.; in onsydig ekv. ontbreek hier en daar die buigingsuffiks-e, maar in die ag lang vertelbriewe wat ek gelees het, is die fleksie origins gewoon beskaaf Hollands.

Die taal van die meeste briewe weerspieël 'n sekere skryftradisie, maar die deurbraak van die spreektaal veral van beskaafde kringe is dikwels onmiskenbaar. Waar die briefskrywer met sy pen worstel, bv. Bontekoe, is argiese naas foutiewe vorme meer frekwent. Dit was seker nie skryfonwennigheid nie, wel 'n gevoel van deftigheid wat met die geskrewe woord verbonde was, dat De Ruyter bv. in al sy briewe, selfs in dié aan sy kinders, styf en formeel was.

#### 7. Klugte, blyspele e.d.m.

In teenstelling met die ander geskrifte wat ons bespreek het, is in die klugte 'n opsetlike poging gedoen om die plat volkstaal

---

70) Uit: H.E. van Gelder, Alkmaarse Opstellen, uitgegee deur die Vereniging "Oud Alkmaar" 1960.

71) Briefwisseling tussen de Gebroeders van der Goes (1659-1673), uitgegee deur C.J. Gonnert, Amsterdam 1909.



na te boots. Veral vanaf Coster en Bredero het die klug van die rederykersgreep losgekom en "egter Hollands" geword. G.H. Breughel, 'n gebore Antwerpenaar wat hom later as boekdrukker in Amsterdam gevestig het en lid van die Vlaamse kamer "Het wit lavendel" was, toon in sy klug Van d'een en d'ander (1612) nog baie sterk Brabants-Vlaamse kenmerke en tipiese rederykerskonstruksies (bv. "noijnt meerder... verdriet") wat in al die Amsterdamse klugte onbekend is. Breughel gebruik byna deurgaans verouderde datiewe ("van grooter hitten") en argaïese vorme. Die klug as 'n geheel en veral die taal, spesifiek die fleksie, lewer 'n bewys van die taaiheid van die rederykerstradisie.<sup>72)</sup>

Af en toe steek ook nog by Coster die rederyker die kop uit, tog verskil sy verbuiging min van dié in Bredero se klugte. In sy bekende blyspel Teeuwis de Boer (1612) gebruik hy - soos Bredero in Het Noortje - die adnominale verbuiging om styl- en standverskille aan te dui. So kom daar bv. ou datiewe in die lied van die rederyker voor ("op hooger tinnen" 1712, "met luyder keele" 1753, "een korten wijl" 1714). In die taal van die Limburgse "Joncker" en in dié van die bedelaar is dergelike vorme volop; maar by Teeuwis soek ons hulle verniet. Die fleksie in sy taalgebruik stem met dié van die volksmense in Bredero se klugte ooreen, nie in dieselfde mate met dié van die hoër staande, meer bekaafde mense in blyspele soos Het Noortje nie.

Maar hoe betroubaar is die klugte as weerspieëling van die gesproke taal? Verdenius wil Kollwijn se waarskuwing dat die Hollandse klugte 'n onbetroubare beeld van die volkstaal sou gee, nie aanvaar nie. Juis by "een zô intieme taalaangelegenheid" as die verbuiging, meen hy, kan 'n mens nie aan Suid-Nederlandse of vreemde skryftaalinvloede dink nie.<sup>73)</sup> Ná 'n ondersoek van die taalgebruik en fleksie in meer as 20 klugte moet ek Verdenius en Kollwijn gelyk gee: die fleksie in 15 Hollandse klugte is

72) J.J. Mak, Vier excellente cluchten, Inleiding, p. XXXV.

73) A.A. Verdenius, "Over de vormen van het adnominale adjectief en het lidwoord van bepaaldheid in de 17de-eeuwse Amsterdamse volkstaal", N.Tg. XXXIII, p. 99.

"suiwer Hollands", tipies suidelike fleksievorme kom net by hoë uitsondering voor. In die meeste klugte was daar nie 'n enkele voorbeeld nie. Ook was daar geen spoor van skryftaalinvloei nie, behalwe in Het Moortje. Aan die ander kant het dit duidelik geword dat die taal van die Hollandse klugte nie sonder meer as 'n weergawe van die gesproke volkstaal beskou mag word nie. Die taalgebruik en fleksie is so eenders en eg Amsterdams-Hollands in al die klugte, of hulle in Amsterdam, Dordrecht of Middelburg verskyn het, dat 'n klugtetaaltradisie onmiskenbaar is, maar 'n ander soort tradisie as dié van die rederykerstukke. As die skrywer werklik die volkstaal wou karakteriseer - Van Santen doen dit in 'n sekere mate - moes daar meer tipiese dialektverskynsels wat van die Amsterdamse patroon afwyk, opgeneem gewees het. Of was daar inderdaad geen verskil in die buiging van die verskeie Hollandse dialekte nie? Selfs in die Vlaamsche klucht deur Willem van Bruyningen (Amsterdam 1645) waarin die Vlaminge gehekkel word, vind ons geen Vlaamse kenmerke in die verbuiging nie.

In Bredero se Klucht vande koe, Symen sonder soeticheydt en De Molenaar<sup>74)</sup> volg die verbuiging 'n taamlik vaste sisteem. By 'n noukeuriger ontleding van die tekste kan 'n mens nie meer met Van der Veen saamstem nie as hy sê, na 'n voornaamwoord of bepaalde lidwoord gebruik Bredero "den verbogen en den onverbogen vorm dooreen".<sup>75)</sup> Groter verskeidenheid en invloed van skryftaal naas beskaafde vorme kom ons in Het Moortje teë, terwyl in die Spel, op 't oud Liedt: Het dagot uyt den Oosten<sup>76)</sup> meer van die bewerker se taal gevind word as Bredero s'n. In die fleksie is daar egter geen noemenswaardige verskil nie.

Naas Hooft se Warenar is nog die volgende Hollandse klugte

---

74) Uitgawe A.A. van Rijnbach, De kluchten van Gerbrand Adriaensz. Bredero, Amsterdam 1926.

75) O.J.S. van der Veen, a.w., par. 53.

76) "Bredero, by hem in syn overlyden onvolmaectt ghevonden / en voort ghemaectt door een Liefhebber der Poesye", nl. Cornelis Lodowijcksz. van der Pleasse, uitgewer van Bredero se versamelde werk, Amsterdam 1638.

nagegaan: Van Santen se Lichte Wigger en Snappende Siitgen,<sup>77)</sup> Starter se Klucht van Jan Soetekaag (Amsterdam 1627); F. Codewyck Witte-broets Kinderen / of Bedorve Jongelingen (Dordrecht 1941); Frik in 't Veur-huys deur H.G. Tengnagel (Amsterdam 1642); Jan Vos se Klucht van Oene (De tweeden Druck door hem zelf vermeerderd en verbeterd, Amsterdam 1643); die Klucht vande Ketel-Boeter deur H. vander Muyr (Gorinchem 1644); die Middelburgse Klucht van 't Kalf (1662) deur Joos Klaerbout en Lammert Heese of Klucht vande Melck-boer deur A.v.Steyn (Delf 1661).

In Huygens se Trijntje Cornelisdr.<sup>78)</sup> word Noord-Hollandse met Suid-Nederlandse dialektspreekers gekonfronteer, en volgens Smout se ondersoek is Huygens se weergawe van Antwerps geslaagd en betroubaar.<sup>79)</sup> Onder die Suid-Nederlandse klugte wat nie rede-rykeragtig is nie, is die taal van C. Ogier se Gulsigheydt (Antwerpen 1635); Hooveerdigheydt (Antw. 1644), en Gramschap (Antw. 1645).<sup>80)</sup> besonder interessant en ook oortuigend in die natuurlike dialoog van die sprekers, al is daar plek-plek sterk Franse invloed bespeurbaar. Opvallend is in daardie "Hoofscaden" die talryke onverboë adjektiewe in vroulik ekv. en in meervoudsvorme wat presies ooreenstem met die 16de-eeuse vorme en met die hedendaagse (Brabantse) dialektiese verbuiging. In die eerste klug van die onbemiddelde, 17-jarige straatslyper van Antwerpen kom hulle selfs 13 keer voor (De Gulsigheydt), veral in die dialoog van boere.

Ook in ander Suid-Nederlandse klugte kom ons daardie vorme teë, al is hulle daar veel minder frekwent as by Ogier, bv. in De ghedwonghe Griet, Het Belacchelyck Kluchtspel van Lemmen met syn neus ('n verwerking van Lammert Heese "tot vreught der Brusselsche Jeught"), en Meester Coenraedt Bier-Borst, Heer van Kannen en Pinten,<sup>81)</sup> uit die laaste jare van die 17de eeu.

77) Uitgegee deur Grena de Jongh.

78) Uitgegee deur H.J. Eymael.

79) H. Smout, Het Antwerpsch dialect, Gent 1905.

80) De Hooveerdigheydt, herdruk en uitgegee deur W. van Eeghem, Antwerpen 1934; De Gramschap, heruitgegee deur A.A. Keersmeekers, Amsterdam 1955. Vgl. ook De Seven Hooft-Sonden... deur C. Ogier, Antwerpen 1682, heruitgawe Antwerpen 1889.

81) Het Brusselsch Klucht-tooneel: Bestaende in verscheide eorlycke Bly-spelen..., Amsterdam 1700.

'n Aanduiding van die meer beskaafde Hollandse spreektaal kry ons in 'n reeks blyspele deur Asselijn, Focquenbroch en P. Langendijk.

### III Beskrywing van die fleksie

#### 1. Nominatief-Akkusatief enkelvoud

In die loop van die 17de eeu word die neiging tot kasus-assimilasie (d.w.s. gelykmaking van naamvalle aan mekaar met uitwissing van onderskeidende naamvalsvorme) in die meeste tekssoorte so sterk dat 'n bespreking gebaseer op die tradisionele naamvalle kunsmatig is. Slegs in die deftige, literêre taal bestaan nog hierdie onderskeidings; in die ander geskrifte vind 'n mens hier en daar naamvalsrelikte. Daarom word by onderstaande fleksiebeskrywing net in literêre tekste die Nominatief en Akkusatief apart behandel. Waar die naamvalsvorme eenders is, word hulle saam gegroespeer. In baie geskrifte word manlike en vroulike woorde eenders verbuig afgesien van die uitganglose Nominatief wat net by masculina voorkom. Reeste van die naamvalsen geslagsonderskeidings is egter nog in baie tekssoorte, veral vóór 1650, te vinde. Daarom is dit in hierdie stadium by 'n volledige fleksiebeskrywing nog te vroeg om net die onderskeiding de- en het- woorde te maak. Aan die einde van die 17de eeu is 'n dergelike groepering geregverdig.

##### a. Manlik

In literêre tekste is die toestand soos volg:

- (1) Na een, geen ens. of sonder 'n voorafgaande bepaling gebruik Vondel in Nominatief ekv. die verboë en die oorspronklike onverboë vorm by persoonsbepalende adjektiewe deurmekaar; maar by name vir diere, voorwerpe en abstrakte oorweeg die verboë adjektief. Dit opmerklik dat hy in die Pascha in verboë vorme hoofsaaklik die -en-suffiks i.p.v. die -e-uitgang besig, nie meer in later stukke nie, bv. "enen stercken muer" (Pascha, r. 361), "een blijde geest"

(Adam, r. 208), "oen krachtelooze klanck" (Adam, r. 44).

Hooft verwerp al vroeg baie van die Nominatief-en-vorne in die Granida en skrap hulle in sy hersiening van die hs. vir die eerste druk in 1615.<sup>82)</sup> Maar belangriker as die Nominatief-n-kwessie is vir Hooft en die grammatici die vraag: uitgang of geen uitgang, "met eene E ende zonder E op het eynde". Van Heule meen "het valt aengener / dat men" by woorde soos man, meester "altijt de e in het byvoeglic woort nalaet", nietemin kan 'n mens albei vorme gebruik voor die manlike persoonsname.<sup>83)</sup> Het adjectiewe wat op 'n -sch eindig, soos Philozoophisch, Romeynsch, kan "zeer qualic eene E op het eynde... hebben." Hooft worstel klaarblyklik met bestaande wisselvorme in die gesproke taal wat hy nie onder 'n reël kan bring nie: "Men zeidt EEN VROOM MAN, EEN WACHTIGH KONINGH, EEN KONSTICH SCHILDER; maer EEN STERKE LEEUW, EEN WILDE STIER, EEN PELLE WOLF,... EEN LANGE BRIEF, ... EEN GROOTE CRUNEL... Men zoude moghen stellen, dat alleen de Substantiven die eenighen menschelijken persoon beteekenen, de E in 't Adjectyf op 't letst niet lijden willen, en dat andere Masculynen die geenen menschelijken persoon beteekenen, de E in 't letst van 't voorgaande Adjectyf vereijsehen. Maer hier tegens strijdt, datmen zeidt EEN RYKE DOER, EEN GAEUWE DIEF, doch men zoude moghen zeggen, dat men behoort te stellen EEN RYK DOER, en dat EEN GAEUWE DIEF moet genomen worden voor een Laeswoord, ... Maer men zeidt EEN JONGE, EEN GROOTE ZOON; ende nemmer EEN GROOT, EEN JONG ZOON: desgelijks EEN BEQUAEME BODE, niet BEQUAEM BODE. Doch om regel te maeken, moghte men invoeren te zeggen EEN JONG ZOON, EEN BEQUAEM BODE."<sup>84)</sup> Hy self paa daardie reël toe en skryf altyd die sterk (onverboë) Nominatief masc. by persoonsbepalings. Ons sien duidelik sy strewe na eistematisering, terwyl Vondel hier klaarblyklik nader staan aan die wisselvorme van die (gesproke) taal. In die 92ste "Waerneming" erken Hooft egter ook

---

82) F. Kossman, "De varianten van Hoofts Granida", p. 109.

83) Van Heule, a.w., A, p. 16.

84) Hooft, Waernemingen 28 & 29, Zwaan, a.w., p. 241.

bestaande wisselvorme: "EEN RYK MAN, EEN RYKE BOER, EEN LANG VINGER, EEN RYK BOER kan gezeldt worden."<sup>85)</sup> Hierdie wisselvorme wat vir hom hoofbrekens gee, is die skynbaar verboë vorme waar die uitgang -g egter 'n oorblyfsel van die ou -ja-stamme en nie buigingsuffiks is nie. Naas die geëlideerde vorme is hulle by Vondel nog glad nie seldsaam nie.<sup>86)</sup> Ook in die Statevertaling staan vorme met en sonder die uitgang -g naas mekaar; die vorme met die ou stamuitgang -g is selfs frekwenter as in die 16de-eeuse tekste.<sup>87)</sup>

Ook die ander literêre skrywers volg meestal die reël in die Nominatief, maar by die nie-persoonsbepalende adjektiewe is die verboë vorm normaal. In die Statebybel kom al drie vorme voor: die uitganglose, dié op -e en dié op -en.<sup>88)</sup> By Huygens en by die 17de en 18de Brabantse skrywers is die -en dikwels oorgangsklank voor 'n vokaal of h in die anlautsilabe van die volgende woord. By Cats is die -en-uitgang uiters seldsaam.

Die Akkusatief manlik eindig in die literêre tekste gewoonlik op -en volgens die voorskrifte van alle grammatici. Van Heule beklemtoon dat hierdie kasus 'n -n in die buigingsuffiks moet kry.<sup>89)</sup> Maar Ampzing merk op: "Het schijnt ook wel dat de aenklager (=Akkus.), ende de ofnemer (=Ablat., d.w.s. Datief na voorsetsels) der manselijke woorden somwijlen oeter vallen naer de wijze van den noemer (=Nominat.) uytgesproken: insonderheyd met een by-worpig woord (=adj.) te saem gevoegd: ende noch met-namen met het oneygentlijke ledelen een gebruykt: ... ik sie na een vroom man uyt, ik ken hem voor een vroom man" i.p.v. die "korrekte" vorm eenen vroomen man. Hy voeg egter onmiddellik by: "...ik achte dat onse Hollandsche verkortinghe ende af-bijtinghe hier van oorzake is, ende dat sulke onse gewoonte dat onse oren ook daerom best doet gevallen: ende meyne oversulckx, dat wy onse

85) Vgl. ook waarneming 79.

86) Van Helten, Vondel's taal, par. 95.

87) Heinsius, a.w., par. 171.

88) Heinsius, a.w., par. 175.

89) Van Heule, a.w., I, p. 33.

monden, ende oren liever aen regelen behoren te gewennen, ende dat wy daerom in sulke manieren van spreken matig moeten wesen, om den vasten regel niet te verbreken tot nodig ende zierlijk onderscheyd der gevallen."<sup>90)</sup>

Vir Ampzing se gevoel was dit 'n Hollandse en nie 'n suidelike verskynsel nie al is dit reeds in 16de-eeuse suidelike tekste bekend. Vondel gebruik die Akkusatief manlik in die ouer periode ook onverbuig, maar minder dikwels in die later werke, soos Van Helten aantoon,<sup>91)</sup> bv. "van een tyrannich Koningh" (Pascha, r. 1414), "een trou gezel", naas al die onverboë adjektiewe met -er en -en as stamuitgang. Hierdie laaste groep bly ook later in die reël by Vondel en ander skrywers sonder buigingsuffiks in die Akkusatief. In die fragmente uit Oudaen se werk is 'n enkele onverboë Akkusatief teëgekom: "De Epidauren... verkozen alle jaars... een voornaam deftig man",<sup>92)</sup> in al die ander gevalle gebruik hy die -en- of -e-suffiks. Afgesien van twee onverboë Akkusatiwe in Hofwyck ("een spijtig gast" 1937, "met onnoosel jock" 2111), skryf Huygens orals die buigingsuffiks -e(n), ook in die gedeeltes waar boere e.d.m. aan die woord gestel word. By Brandt eindig die Akkusatief altyd op -en.

(ii) Die adjektief na die bep. lidwoord, possessief of demonstratief eindig in die Nominatief op -e, in die Akkusatief op -en in aansluiting by die Dietse tradisie.<sup>93)</sup> Maar "eenige geleerden begeeren", skryf Van Heule, "dat men voor de woorden van het manlic geslacht / welke met eene H ofte met eene klinkletter beginnen Den zoude stellen (in die Nominatief) / als Den outaer,... Den Hemel, ende alsser verscheyde byvouglicke woorden voor de zelfstandige staen / zo heeft het byvouglic woort welc by het zelfstandig woort staet / alleenlic eene N op het eynde / als de hoge ende heyligen Outaer, de schoonen Hemel."<sup>94)</sup> Die Nomina-

---

90) Tael-bericht, Zwaan, a.w., p. 145.

91) Vondel's taal, par. 91b en 98.

92) Weynen, Zev.-taal, p. 265.

93) Vgl. Ampzing, opm. IV (Zwaan p. 144); Hooft, Waerneming 78 en 79. Van Heule, A, pp. 15-17.

94) Van Heule, A, p. 15.

tief-n is in Vondel se Faacha nog volop: "den swarten Nacht", "den droeven Ackerman", "onsen droeven staet", "den blinden dag", "den stouten hoochmoed" ens., terwyl in die fragment uit Adam alle Nominatiene op -e eindig. 'n Onverboë vorm na die bep. lidwoord en na die possessief, is hoogs seldsaam.<sup>95)</sup> Enkele gevalle by Van Borsaelen en Huygens is "de droef ys-voghel" (Strande, r. 137) en "jouw moet backes" (Hofwijck r. 1747). Die Akkusatief eindig by Vondel en die ander literêre skrywers deurgaans op -en, by Huygens dikwels op -e.

In die populêr-literêre tekste, die briewe, reisjoernale en veral die klugte is die Nominatief- en Akkusatiefvorme op min uitsonderings na eenders.

(i) Na die onbepaalde lidwoord een, na geen of sonder 'n voorafgaande bepaling vind ons in die ligte lektuur soos Het vermakelyk coffi huys e.a. die onverboë adjektief by persoonsbepalings, en origens die verboë vorm op -e soos in die literêre tekste; -en-vorme is sporadies. Die Haegse Mercurius (1697-9) gebruik hulle net as oorgangsklank voor vokaal en h: "die een seer groot Koning ... en die een grooten Heilig was" (14.5.1698), "een Mercurialen Oorlog" (5.3.1698), "door een varige regen" (7.12.1697), "in een donkere kelder" (6.5.1699) ens. In die objektief (d.w.s. Dat.-Akk.) eindig die persoonsbepalende adjektief dikwels op -e.

In Het archief van het seer oude en voorname collegie van de Malen kom ons een keer 'n onverboë vorm teë: "Ken hallif maren hebben de heeren wtgedaen" (p. 69), origens is die stukke in gewone amptelike styl geskrywe.

Antoni van Leeuwenhoek skryf in sy briewe slegs in geøykte slotformules en in vaste uitdrukkinge n-vorme, bv. "van mijnen geringen dienst", "ten hoogst verplichten Dr.", "sedert enigen tijt" ens.; 'n uitsondering is "byt een licht groenen couleur" (22.2.1676). 'n Onverboë vorm kom net af en toe by 'n adjektief

---

95) Van Helten, a.w., par. 92 en 94.



met -er as stamsinde voor, bv. "van een seker Heer" (22.1.1676), "een ander couleur" (22.2.1676). Die normale uitgang van die adnominale adjektief is -e.

Huygens se susters (1622) ken geen -n in die Nominatief nie; hierdie naamval, asook die objektief - d.w.s. Datief-Akkusatief - eindig altyd op -e, ook by adjektiewe op -or, -en en -el as onbeklemde stamuitgang. Voor h, d of vokaal as beginklank van die volgende woord skryf hulle - soos ander Suid-Hollanders<sup>96)</sup> - 'n oorgangs-n: "hoe groeten haest dat ick heb", "den heelen dach", "goeien navont" (Worp, p. 95, 86, 96) teenoor "ick krygh groete vaeck", "we benne in en sobre staet", (P.117); maar die komparatief bly onverbuig: "ick heb tech ne leve geen meerder treck gehadt om te hoore spele" (p.117).

Soos Kern aantoon,<sup>97)</sup> behou Dorothea van Dorp oral die "manlike" -n in subjekts- en objektsfunksie met en sonder voorafgaande bepalings. Slegs 1 keer gebruik sy die "sterk" Nominatief: "als haer goedt vrindt" (p. 166) teenoor 8 maal Nom.--en en 8 maal die Akk.--en. Die uitgang -n by haar is duidelik 'n genus-, nie 'n kasusaanduiding nie.

Maria van Reigersberch gesels nie so lekker soos die Haagse juffertjies nie, haar styl is effens formeler maar nietemin natuurlik. In die 15 briewe aan Grotius en 8 briewe aan haar broer Nicolaes, wat vir hierdie studie geëkspeer is,<sup>98)</sup> kom net die volgende onverboë Nominatiewe en Akkusatiewe voor: "een gentelyck persoon" (XIX p. 81), "een groot man" (XXX p. 122), "een fraei ende gheleerd man" (XLVI p. 169), "wt een hevigh contraremonstrant" (XXIII p. 95), "zij heeft zeer quaedt couleur" (XIX p.82), "met een ander edelman" (XLIII p. 163), "door een Sweedts edelman" (LXVI p. 222); anders eindig die manlike adjektief altyd op e(n).<sup>99)</sup>

96) Nie net by adjektiewe nie. Huygens verdedig bv. sy oorgangs-n in sien ick teenoor sie ick wat Vondel voorstel, want "sien ick gebruyck ick sonder onderscheid tegens sie ick, om de vocalis will, naer 't mij in de pennkomt." ("Aanmerkingen van Vondel..." p. 235)

97) J.H. Kern, "Over de taal van de brieven van Huygens' zusters en Dorothea van Dorp", Tsch. v. Ndl. T & L. XLVIII, p. 105.

98) Rogge, I-IV, X, XIX-XXIII, XXVIII, XXIX, XXXII, LXXI, LXXII aan haar man; VII, IX, XXVI, XXX, XLIII, XLIV, XLVI, LXVI aan haar broer.

99) Kern ondersoek die -n-gebruik, p. 99 en pp. 105-106.

Die geapokopeerde vorme goe en qua is by haar baie soldaam. Slegs twee gevalle is gevind: "Hebbende zeer qua wech ... ghehadt" (XXXII p. 126), "zij zidt aen een zeer qua voedt" (XLIII p. 164) naas meer as 20 goeds(n)-gevalle.

Die adjektiewe op -or gebruik sy met en sonder buigingsuffiks: "op een ander tijdt" (XLIII), "den anderen dach" (XXXII), "geen sekeren tijdt" (X), maar die komparatief bly altyd onverbuig.

Maria skryf haar briewe dikwels "met seer grooten haest" en het dus nie die tyd om haar styl te versorg nie. Maar haar spreektaal kan tog nie so onbelemmerd deurbreek soos by die Huygens-meisies nie omdat die aangeleerde skryftaal en seker ook die omgang met haar geleerde, taalbewuste man 'n reënde invloed uitgeoefen het. Mens kry selfe die indruk dat sy aan haar broer meer geselskerig kan skryf as aan De Groot.

Hugo de Groot self is verbasend "modern" en reëlmatig in sy fleksie. In die 6 briewe aan Maria is daar nie 'n enkele Nominatief-n by die adjektief nie, en slegs een geval van 'n objektief-n in die gekte uitdrukking "in seer langen tijdt" (VI p. 260); die 6 Akkusatiwe wat voorkom, eindig op -e; die Nominatiwe is "sterk", bv. "De Ambassadeur... is een zoon van een groote Puritein ende zeer groot vriend van den Bisschop" (VII p. 283). De Groot se reëlmatige verbuiging is 'n verrassing in 'n tyd van wisselvorme, fleksiestryd en taalreglementering.

By Nicolaes van Reigerberch daarenteen oorweeg die -en-vorme in subjektief en objektief. Hy teken meestal "UE. dienstwilligen", soms "UE. dienstwillige broeder", en kla oor "een ouwen hoet" (Nom.) of skryf van "geen quaden sin", "goeden dienst" ens. 'n Onverboë naamval is by hom nie aangetref nie; wel val dit op dat hy adjektiewe op -or soos ander en seecker nie verbuig nie, nóg in enkelvoud nóg in die meervoud in teenstelling met Huig wat ander ens. altyd verbuig soos die hedendaagse ABK. Nicolaes se briewe aan Maria is plesierige leesstof en in natuurlike taal geskrywe veral waar hy - en dit gebeur dikwels - besorg is oor die een of ander kledingstuk wat sy vir hom na "het nieuwste ende frayste fatsoen" moet maak.

Die briefstyl van die broers van der Goes (1659-1673) sluit by dié van Nicolaes van Reigersberch aan. Verboë en onverboë Nominatiewe bestaan naas mekaar; Adriaan onderteken altyd "UE. genegene" of "oetmoedige dienaar" terwyl Willem gereeld oetmoedigh skryf na "Uwe Ed<sup>te</sup>". Die suffiks -n in Nominatief en Akkusatief kom gewoonlik in manlik ekv. voor naas 'n reeks -g-vorme.

Onder die reisjoernale is Fr. de Houtman se "Cort verhael" (± 1600) in sommige opsigte verrassend. Sy buigingsuitgang na een, geen ens. is in die objeksvorm gewoonlik -e. Onder 15 gevalle objeksvorme in die eerste 20 bladsye van sy verhael eindig net 5 op -en, waaronder vaste uitdrukkings is soos "tot redelijken prijs", "tot eenigen prijs". Voor 'n volgende b, p, m, h en vokaal skryf hy die oorgangeklank -n. Onverboë vorme kom slegs by persone voor ("een jong edelman", "een out man", "een Engels bootsman"), maar hy skryf "een cleyne jongen" in Nominatief en Akkusatief.

In die joernale van Pieter van den Broecke eindig die adjektiewe in manlik enkelvoud in die reël op -en ongeag die voerafgaande bepaling; kort vorme is uiters seldsaam. In die joernaal van 1606 is daar nie 'n enkele geval nie (in 'n sin soos: "Dit volck drinckt seer starck toeback die hier valt..." is starck waarskynlik 'n bywoord); in die joernaal van 1612 is die volgende gevind: "een awart inwoonder vant landt" (Akk. p. 70), "daer hebt ghij... roo clijgrondt" (p. 63). In Van den Broecke se verbuiging is die -en-uitgang 'n genusaanduiding in teenstelling met vroulik en onsydig. Dit is opvallend dat hy adjektiewe op -er soos ander, seker nie flekteer nie.

Bontekoe se fleksieuitgang vir manlike adjektiewe is -e, die n is vir hom oorgangeklank. By Piet Heyn is daar nog net -g-vorme; die enigste -en-vorme in die hele stuk is 2 keer "den heelen dach" (p. 10, 11); uitganglose manlike adjektiewe is net 2 keer nage-tref: "een Footagees schiepper" (Hom., p. 5), "verhoopende op een goet prijs" (p. 13).

By De Ruyter daarenteen is daar meer onverboë adjektiewe in manlik ekv. gevind - ook omdat 'n groter materiaalversameling

gebruik is: "met een wzw styf wynt" (1633<sup>1</sup>), "een swaer storm wynt" (1659/60<sup>70</sup>), "geen groot oervloet" (1659/60<sup>152</sup>), "met clær mans achyn" (1654<sup>91</sup>), "met groot blyckxsen" (1655/6<sup>73</sup>), "by donker nacht" (1641/2<sup>13</sup>), "een duyts boodt" (1655/6<sup>63</sup>), "met...eenych wyn" (1667<sup>39</sup>), "60 wasen waeshachtych gront" (1640/3<sup>106</sup>). 100)

Ook in die joernale van die skipper Gerrit Gerrits Ridder Muys en die kaartemaker Siewert Jana Boom kom ons herhaaldelik dergelike kort vorme teë. Die skipper skryf minstens 9 maal 'n onverboë adjektief in verbindings soos "fijn sant grondt", "groff steen gront en sant", "hier is mooy fyn santgrond" (pp. 9, 10, 13, 14, 19, 20) naas af en toe 'n verboë vorm in presies dieselfde verbinding. By die kaartemaker is dié fleksieslose vorme selfs nog frekwenter; hy skryf "een groot muschet-schoot" (p. 27) en keer op keer "fyn en groff santgrond", "groff schulpsandige grond", "fyn grauw santgrond" naas "fyne grauw sandgrond", "al fyn en oock schulpsandig grondt" ens. (pp. 27, 37, 39, 41, 42, 44, 45, 46, 47). In 'n ander joernaal lees ons "43 vaas vuyl grond" (Reizen in Zuid-Afrika III, p. 194) maar "grauwe zantgrond".

Skipper Sijmon P. Turver skryf in sy "Dagelijke aanteeckeninge" (1652) aan die Kaap net verboë vorme op -e afgesien van die volgende gevalle: "Het eijlant een groot canonschoot gepasseert sijnde", naas later in dieselfde stuk: "een groote canonschoot van 't lant" (Daghregister I, pp. 386 en 390); verder "op 16 vaden wit santgrond" (p. 385); 'n oorgangs-n kom slegs 2 keer voor ("op een hegen bergh", "onder den blauwen hemel"). By Pieter van Meerhooff eindig alle manlike adjektiewe op -e, behalwe die volgende: "met moey, helder sonneschyn" (III, p. 494).

In Simon van der Stel se Dagh Register van 1685 (uitgawe Waterhouse) kry die adjektiewe voor masculina 'n -e; die -en-uitgang kom sporadies voor en lyk na pogings tot deftigheid. In die eerste 60 bladsye van die joernaal vind ons net die volgende

---

100) Verwysings soos aangegee deur Dr. L. Koelmans, van wie die voorbeelde gekry is. De Ruyter behandel hierdie substantiewe as masculina.

uitganglose vorme: "marscheerden voor eerst om een groot moeras, de selve om sijnde trocken..." (p. 15); "op half weg" (p. 10). Die skrywers van Oloff Bergh se joernale (1682 en 1683) is veel meer onbeholpe as Van der Stel se sekretaris. (Na Mossop se mening het die uitlander Bergh self waarskynlik niks aan die joernale geskryf nie). By hulle leesens o.a.: "daer de vendrigh 2 Hottentots door lang aanspraek en beloften van kreeg" (p. 100); "een uigtgedroogd Rivier" (p. 120); "over een olein revier" (p. 144). Soos in die allermeeeste 17de-eeuse reisverhale word revier ook in hierdie joernale steeds as 'n de-substantief gebesig. Dit is egter opmerklik dat Oloff Bergh self in 'n brief van 1699 aan die goewerneur W.A. van der Stel altyd "het rivier" skryf (bv. "'t Botte rivier", "'t wilde palmiet rivier", e.a.).

In die klugte is dergelike vorme naastenby onbekend.

Bredero gebruik by manlike adjektiewe konsekwent die uitgang-g;<sup>101)</sup> slegs by die persoonsbepalende masculina na een ens. vind ons by hom gewoonlik die kort vorm, naas af en toe lang vorme in dieselfde posisie. In die Klucht van de koe kom 8 onverboë adjektiewe voor; almal is persoonsbepalend en almal in subjeksfunksie, bv. "ien out Soldaat" (205), "ien hiel rijk rick Monsieur" (206), "een goet looper" (268) ens., maar "een arige gast" (436), "een gauwe-dief (643) - of is lg. 'n "laschwoord" soos Hooft dit probeer verklaar? In verbinding met eiename is ook die persoonsbepalende adjektief verbuig: "doove Jas...mancke Klaas, en droncke Piet" (209). Dieselfde reëls vind ons in Symen sonder soeticheit en in die Molenaar (bv. "so wast ien geweldigh kloeck gast" (115), "en gehout man" (251), maar in die objeksfunksie word altyd die -e(n)-uitgang gebruik. In 't Woortje is die toestand meer ingewikkeld. Die Brabantse Moyaal gebruik -en-vorme in die Nominatief: "een loosen ouwden guyt" (137), "een hallef mallen bloet" (164), Koenraadt hoofsaaklik kort vorme by persoonsbepalings as hy nie die Vokatief besig nie, by ander masculina sê hy -g: "een groot Kaddet" (738), "een zeer wijs knecht" (812), maar "een

101) Nauta, a.w., par. 65.

lompe loer" (588), "een schrickelycke Moordt" (570).

Ander kort vorme by Bredero is die geapokopeerde gaa, goe, snoo<sup>102)</sup> en adjektiewe op -er en el. Laasgenoemde gebruik hy kort en lank soos dit hom "in de pen" kom.

Coster gebruik in die eerste 1000 reëls van Teeuwis de boer 4 keer persoonsbepalende adjektiewe sonder uitgang (bv. "ien goet costumier, die ... een goedt Advocaet vint", "dats een geluckich man", rr. 886 en 966) naas "een rijke Boer", "'t is ien kalen Voghel"; die ander adjektiewe in Nominatief- en objeksfunksie eindig op -e(n), behalwe 'n paar geapokopeerde goe-vorme.

Die klugte van Coster, Tenguagel, Starter,<sup>103)</sup> Jan Vos e.a. sluit in hul adnominale verbuiging by Bredero e'n aan. Die eendekheid en eenvormigheid in die fleksie van die klugtetaal skep die indruk van of 'n klugtetradisie of 'n vaste, byna onveranderlike fleksiesisteen in die plat omgangstaal.

Grens de Jongh vind ook by Van Santen onverboë persoonsbepalende adjektiewe (naas verboë vorme in Nom.-Akk.) en meen in 'n voetnoot: "de toestand by VAN SANTEN is hier dus in ooreenstemming met het 'bescheafde' 17de eeuwse taalgebruik".<sup>104)</sup> Maar die res van Van Santen se adnominale verbuiging sluit by die ander klugte aan. In die tweede, Amsterdamse, uitgawe van Lichte Wigger (1635) is daarna gestrewe om die spore van die Delftse dialek soveel as moontlik weg te werk;<sup>105)</sup> die variante van die twee drukke is egter meestal wysigings van -e of -en-vorme, behalwe 2 gevalle - nl. r. 1067 aen elcke arm (A) teenoor elck arm (B), en r. 1669 "je hebt groot Meesters fleresijn" (A) teenoor grote in (B) - wat geen nuwe insigte verskaf nie.

Ook in die Warenar is persoonsbepalende adjektiewe deurgaans uitgangloos in Nom. en Akk.: "een goet slocker", "een eerlijck burgher", "ien oud man" ("ien out man" volgens die druk van 1677),

---

102) Van der Veen, a.w., par. 71.

103) Starter skryf een keer: "Ick heb ien glad ael by de start." (Jan Soetekauw).

104) A.w., p. 95.

105) T.a.p., p. 140.

"uit een out man", "uit een rijck man" (rr. 294, 298, 858, 308, 641) - by alle soorte sprekers. Af en toe kom ook 'n ander uitganglose vorm voor soos "een hiel penningh" (r. 380). 'n Enkele keer word in die druk van 1677 'n uitgang weggewerk: "om de stad in beteren eendracht te houwen" (r. 672) word later "in beter eendracht".

De Vooyts en G. Brom kom tot die konklusie dat die blyspel Warenar die eerste aanloop na 'n beskaafde omgangstaal gegee het "die zich aarzelend boven de volkstaal plaatst"<sup>106)</sup> maar eers teen die einde van die 17de eeu kon deurdring,<sup>107)</sup> bv. in die klugte en blyspele van Asselijn, Bernagie en Focquenbroch. Met die eerste twee outeurs kom ons op 'n terrein wat hom, volgens De Vooyts, by uitstek leen vir waarneming van die lewende taal: realistiese tipering van persone uit die eie omgewing, van verskillende stand en ontwikkeling, en sedeschildering van die naaste omgewing. Wat die adnominale verbuiging betref, verskil nog net die hoevaelheid n-vorme. Al die skrywers gebruik onverboë vorme by adjektiewe voor manlike persoonsname, terwyl die ander adjektiewe in manlik okv. op -e(n) eindig. In Asselijn se Jan Klaasz of gewaande dienstmaegt (1682) kom n-vorme net in vaste uitdrukkinge (goeden morgen) of as oorgangsklank ("een hielen dag") voor bepaalde klanke voor. In die blyspel De dobbe-laer,<sup>108)</sup> wat heel waarskynlik na 1692 ontstaan het, is daar 'n enkele Nominatief-n in 'n emfatiiese uitroep: "dats een laffen bloed" (r. 201), in die objeksvorm vind ons dié uitgang slegs in "goeden morgen" en by 'n Brabantse waardin wat haar gaste na "een andren komer" (r. 406) stuur.

In Het studente-leven (1684) en De goê vrouw (1686) van Bernagie kom n-vorme ook net in geykte terme voor. Focquenbroch daarenteen het in sy effens parodiërende, melodramatiese blyspel

106) C.G.N. de Vooyts, "Omgangstaal in het begin en tegen het einde van de zeventiende eeuw", N.Tg. XLIII, p. 133.

107) G. Brom, Boekentaal, Verhand.d.Kon.Ned.Akad. voor Wetensch., Afd. Letterkunde, Nieuwe Reeks Dl. LXII, No. 1, Amsterdam, 1955, p. 23.

108) Vir die eerste keer uitgegee deur R. Grisard in Tsch. v. Ndl. T. & L. XXVIII, pp. 162-205.

Verwarde jalouzy (1696) nie 'n enkele naamvals-n nie. Sy adjektiewe verbuig konsokwent op -e. Uit hierdie stukke kan ons aflei dat die buigingsuffiks -en in die Hollandse beskaafde spreektaal van die uitgaande 17de eeu nie meer bestaan het nie, slegs die uitgang -e.

(21) Na die bepaalde lidwoord, bestl. en aanw. voornaamwoorde is die buigingsuffiks reëlmatig -e(n). In die geestige taal van die Historie der Quessters (1683) kom net -e-vorme voor, terwyl die "literêre" Zuydt-hollandtsche Thessalia (1663) en Het Leeven en bedryf van de hedendaagsche Haagsche en Amsterdamsche Zalet-Juffers (1696) ook literêr is in die verbuiging, met -e(n) in in die Nominatief en gereeld -en in die Akkusatief. Onverboë vorme na die bep. lidwoord is in geen van die tekste gevind nie. Die Haegse Mercurius het -e- en -en-vorme: "die grijsen Heerschap is een groot Operateur" (1.3.1698), "de Haegsen Mercurius" (5.3.1698), "door den hoornigen Vaendrager", (7.12.1697) "van de Haegse Mercurius", "met je vuyle stinkende jampu-aesen" (5.3.1698).

Die opmerklik dat in dié tekste waar nog dikwels na die bep. lidwoord 'n Nominatief -en voorkom, soos in die Haegse Mercurius, dit nie of hoogs selde na 'n voorafgaande een in die Nom. gebruik is.

Uitganglose vorme by adjektiewe met -el en -er as onbeklende stamuitgang is in al die ligte literêre tekste bekend, maar hulle is minder frekwent as in die reisjoernale en klugte. Bredero bv. verbuig hulle nooit, nóg in die ekv. nóg in die meervoud van die drie geslagte. Ook die komparatiewe volg dieselfde patroon. P. van den Broecke ken ook net die kort vorme, terwyl Fr. de Houtman en Piet Heyn hulle met en sonder die fleksieuitgang gebruik. Pieter van Meerhoff het weer net uitganglose vorme. In die laat 17de-eeuse blyspele van Asselijn en Bernagie kom hierdie adjektiewe met en sonder buigingsuffiks voor. In die Haegse Mercurius waar die taal onmiskienbaar die beskaafde spreektaal en buiging weerspieël, word adjektiewe op -er, komparatiewe ens. konstant verbuig. In geen uitgawe van



hierdie kletsrige nuusblad is 'n onverboë ander (waar die moderne ABN andere sou gebruik) teëgekome nie. Teen die einde van die 17de eeu is die onverboë ander ens. klaarblyklik as plat beskou altans in die geskrewe taal; die verboë vorme wat alreeds aan die begin van die eeu in literêre tekste en bv. by Hugo de Groot in gebruik was, het in die loop van die eeu naas die oorspronklike onverboë vorme gestaan, maar uiteindelik in die beskaafde (spreek)taal geseëvier.

Samevatting: Dwarsdeur die eeu en in alle tekessoorte is persoonsbepalende adjektiewe in die Nominatief na een ens. onverbuig, in al die ander naamvalle en na ander voorafgaande bepalings eindig die adjektief gewoonlik op -e(n). Die -en-vorme verloor in nie-literêre bronne in die loop van die eeu al hoe meer terrein en word vervang deur die vorme op -e. Die -n van die oorspronklike swak buigingsuffiks word al hoe minder as naamvalsformans beskou, maar in plaas daarvan ôf as oorgangsklank voor vokale en bepaalde konsonante, ôf as manlike genus-aanduiding.

Onder invloed van die uitganglose Nominatief by persoonsbepalende adjektiewe kom af en toe ook 'n objeksvorm sonder buigingsuffiks by nie-persoonsbepalende adjektiewe voor. Dié vorme bly egter beperk en is in die klugte bv. naastenby onbekend. Die meeste voorbeelde vind ons in reisverhale van die eerste én die tweede helfte van die 17de eeu. Na die bepaalde lidwoord, demonstratief of possessief is nêrens dergelike vorme teëgekome nie. Dit is egter opmerklik dat al die kort vorme in hierdie groep aansluit by dié wat ons uit die 16de eeu ken, nl. adjektiewe van die tipe klein, swaar, duys, engels ens.

#### b. Vroulik

Die vroulike adjektief in Nominatief-Akkusatief okv. toon onreëlmatighede. In plaas van die oorspronklike (d.w.s. vanaf Middelnederlands algemene) suffiks -e in die twee naamvalle vind ons in 17de-eeuse tekste van die minder streng literêre soort,

in briewe en reisjoernale af en toe onverboë vorme. Die grammatici gee nêrens 'n aanduiding van moontlike wisselvorme nie, almal noem -e as die kenmerkende "vroulike" buigingsuffiks. Vir Hoofst bestaan daar ook nie 'n probleem nie, anders sou ons in sy "Waernehmungen" 'n opmerking teëgekom het. Maar by Vondel teken Van Helten 'n reeks kort vorme uit die "ouer periode" aan<sup>109)</sup> van die tipe "een klein weerd", "groen Palm", "een schoon geheymenisse", meer dikwels by adjektiewe op -er, -en, -ol in onbeklede slotlettergreep. Later kom slegs die adjektiewe op -er en -en onverbuig voor. By Van Borsseelen, Zacharias Heyns en in Huygens se Hofwyck kom dergelike "kort" vorme verskeie kere voor. Die vooraangaande bepaling - sy dit bep. of onbep. lidwoord, demonstratief of possessief - speel hierby geen rol nie: "in d'ou ghewoont" (Pascha, r. 908); "in een blauw coets" (Borsseelen, Strande, r.2), "een blauw wolck"; "de cromm' Iris", "de fraey Een-daghsche Blom", "met syn scherp trompet" (Borsseelen, Binckhorst, rr. 163, 222, 244, 446); "de vuyt natuer" (Heyns, Emblemata); "door uwe sterck kracht", "door de gused begeert", "van onse nieuw geboort" (Heyns, Sinnespel, p. 13, 17, 26); "een Brabands tongh" (De Brune, Ueynen, p. 253); in die fragmente uit Hofwyck is net drie voorbeelde gevind alhoewel die apostrof hier miskien op 'n erkende maatswag wys: "'t is rouw' Land-metery" (Aan de leser, r. 26), "in gewig' ongenucht", "een stout' onwetenheit" (Hofwyck, rr. 56, 81) naas 'n herhaaldelike d'een of d'ander.

Die meeste voorbeelde van hierdie verskynsel kom ons in die reisjoernale teë: "aen de ander zij", "een halff mijl", "eenich slup" (P. Heyns, p. 4, 12); "aen dander sijde", "aulcken sonderlingh raddicheijt", "de geheel cust over", "de moeder ... vrij Turckesse vrouw sijnde" (P. van den Broecke, pp. 10, 14, 72, 91); "een cleyn mijl" (Fr. de Houtman, p. 70); "een dootelyck wonde" (Bontekoe, Brief r. 14). Vader van den Broecke skryf in sy "Memori Boeck" in 1602: "Den L. Godt wil hem een geluckighe

---

109) Vondel's taal, par. 96.

opstandingh verlenen" by die dood van 'n kind en in 1603 "een geluckigh opstandingh verlenen" (p. 90). Koelmans het by De Ryter die volgende opgespoor: "een kleen/cleyn koelte" (3 keer) "een moey coelte" (2 maal), "met styl labber coelte", "met cleen labberkoelte", "by de grau casp", "de blaeu vlag", "de blaenu vlagge", "over syn groot moetwylycheyt".<sup>110)</sup>

Die voorbeelde in Kaapse joernale sluit direk hierby aan. Skipper Sijmon P. Turver skryf in 1652 "een groot partije eijers", "een ongelooffelijk meenichte" (2 maal), "een stijff topseijl-coelte", "een groot mijl", "die ander zijde" (Daghregister I, pp. 385-391); Frederick Verburg, 'n boekhouer, wat maklik die taal kon hanteer, skryf in dieselfde jaar "een ontallick meenichte", "een redelick partije robbenvellen", "sijn groot genade"; Jan Danckaert gebruik die skeepstern "een cleyn 1/2 mijl" (1660); Frederick de Smit (1662) het verne soos "in den kleyn valeye", "op oen bogaem plaets", "een groot (naas "een grodte") 1/2 uyr" e.a.; by Pieter van Meerhoff (1661) lees ons "d'ander reys", "d'ander sijde", "goen ander natie", "in de roo (-rooie) mutsen" (Daghregister III, pp. 483-495). Uit die ongepubliseerde geskrifte van Van Meerhoff het Kloeke nog die volgende aangeteken: "een cleyn Revier", "een cleyn water valoy", "een cleyn water kuyl", "onse sen os die syn been gebroocken had", "een moy reit valy", "eenige ander natie".<sup>111)</sup>

Ook in die joernale van ander seevaarders wat later in die eeu 'n ruk aan die Kaap was, vind ons herhaaldelik verbindings soos "een groot mijl", "een groot 1/2 mijl", "een groot 1/2 uur", "een groot vlakke", "een halff mijl", "een half ure", "een klaar koelte", "een jong koe", "donker nagt", "een schoon fontein en gras" e.a.<sup>112)</sup>

110) Uit die nog ongepubliseerde Vornaleer.

111) G.G. Kloeke, a.w., p. 326.

112) Nl. by Oloff Bergh (Joernale..., pp. 174 en 132), Gerrit Gerrits Ridder Mays en Sieuwert Jans Boom (Reizen in Z.A. III, pp. 11, 34, 36, 42), by die joernalhouers van die "galioot de Postlooper" (Reizen in Z.A. III, pp. 185 en 194), van die "Centarus" (t.a.p., p. 73), en by Jan van de Capelle "en Sijn Raad" (H.J.J.M. van der Merwe, Scheepsjournael ende Dagregister, Pretoria 1964, pp. 187, 189, 206, 207).

Die woord nur(e) word in die 17de-eeuse reisverhale byna deurgaans as 'n vroulike substantief behandel.

Sporadiese gevalle vind ons ook in 'n brief van die Noord-Hollander Wollebrandt (die "Alkmaarder wees"): "voor sijn India reyse" (6.12.1638; p. 134); in 'n pamflet van 1602 "met heylich vree" (El Paternostro de Gli Spagnoli, Enchÿssen 1602); en in 'n 17de-eeuse pos van die Rek.v. Broed: "van een fraey ende bequaem musieck" (1646).

By al die genoemde skrywers is die kort vorme in vroulik ekv. betreklik seldsaam in vergelyking met die normale verboë vorme.

Dis opvallend dat in die Hollandse klugte slegs 'n paar voorbeelde gevind is, bv. in die Klucht vande ketelboeter waar die ketelboeter sing: "Hy vonter niet te cuypen,.. / Als een ou Turrif-mandt" (p.2); verder in Spel op 't oud liedt... van Brodere, wat deur sy uitgewer voltooi is: "wat een braef ghestalt". Vorme soos qua en goe daarenteen is oral bekend. In die klugte van die Antwerpenaar Ogier kom die kort vorme by herhaling voor: "een cleyne saeck", "voor een ou Vrou", "met de dooy Vrouw", "Gy ou Tooveres" (Gulsigheydt, rr. 62, 153, 341, 552); "een fyn vrou", "het Peert met de blau Saersie", "Arm dochter" (Vok., Granschap, rr. 79, 1004, 1006); "gedenckte d'ou vrientchap niet!", "dien grootmaecker, die cael Rat", "hun caligheyt en arm hooverdye", "op de cou Banck", "t'is goet voor de kou pis". (Hoveerdigheydt, rr. 287, 316, 497, 547, 640). In Trijntjke Corneliedr. lees ons "Ick sacher niet Monsieurs an, Dan en blauw ouwe pluym" (r. 1224).

Samevatting: Die kort vroulike vorme wat af en toe naas die enigste erkende en ook algemeen gebruiklike verboë vorme op -e voorkom, is veral in suidelike gebiede bekend. Ons vind hulle in Suid-Nederlandse of Seeuse literêre én klugtetaal, veral in die eerste helfte van die 17de eeu. Die betreklik groot aantal voorbeelde uit reisjoernale van oor die hele eeu dui daarop dat kort vorme in egte joernaalstylverbindings soos "een groot mijl", "stijff topaeijlcoelte" gebruik is en waarskynlik in die seemanstaal gangbaar was.

Onder die de-woorde (manlik en vroulik) was daar dus 'n reeks afwykende vorme sonder fleksieuitgang naas die "normale" vorme met uitgang. Ons kan hierdie afwykings nie sonaar aan skryfonwennigheid toeskryf nie, want daar is klaarblyklik 'n sekere reëlmatigheid. In hoeverre hulle in die gesproke taal van Noord-Nederlanders voorgekom het, is nie met sekerheid te sê nie, in die Suide was hulle beslis gesproke taalvorme. Uit die gegewens neen ek egter te kan aflei dat in die eerste helfte van die eeu daar ook in Holland kort vorme in die beskaafde spreektaal naas die "normale" lang vorme voorgekom het, hoofsaaklik onder invloed van die uitgewoke Brabanders. Na die plat Hollandse volkstaal het hulle nie deurgesyfer nie, en teen die einde van die eeu is daar byna geen spoor van hulle meer in die bekkaafde taal nie. Met die akklimatisering van die-suidelinge en die sterker Hollandse deurbraak verdwyn die kort vorme na 1650 by die de-woorde. Teenoor die wisselvorme aan die begin van die eeu is die laat 17de-eeuse bronne baie reëlmatig. Slegs in die reisjoernale kom die kort vorme nog voor.

### c. Onsydig

(i) Soos in die 16de eeu is ook in die 17de-eeuse tekste die gebruik van die onverboë Nominatief-Akkusatief onsydig na een ens. dwarsdeur die eeu en in alle teksoorte konstant. Verboë vorme is uiters seldsaam. Van Helten noem 'n paar gevalle by Vondel; hulle kom net by 'n attributiewe Genitief voor: "Gods rechtveerdighe Oordeel", "Turnus groote lichaem".<sup>113)</sup> In al die Nederlandse tekste het ek net twee verboë vorms teëgekom, nl. in Fr. de Houtman se "Cort Verhael": "in de rechter handt een blote swaert" (p. 85) - hy gebruik swaert onsydig; en by Zacharias Heyns se Emblemata (Rotterdam 1625, sonder paginering): "even als een naghete Paert het steken van de vliegen niet ontrennen kan ten sy het wel geayvert... wort." In die Kaapse tekste is dergelike verboë vorme nie alteseldsaam nie. In die dagverhaal van Oloff Bergh se eerste landtog na die Noorde kom een verboë neutrum voor: "marscheerden op hooge gebergte dat uitge-

---

113) Van Helten, a.w., par. 90c

tekent was aen" (p. 84); in die joernaal van die tweede reis is drie gevind: "heeste sonneschyn weer"; "het was een swaare santpadt gewseest" (p. 150); "ruilden eenige vee" (p. 152), pad en vee word anders altyd as het-woorde behandel. Fr. de Smit skryf herhaaldelik 'n foutiewe "lang" vorm, bv. "een clayne reviertien", "een grootte quaertier", "een hooghe geberchte", "andere geberchte" e.a.; ook Van Meerhoff het "een... grootte geberchte", "een hooghe geberchte", "een moÿ lopende revierken". Ander voorbeelde kry ons by Isaq Schryver: "met schoone boscagie" (Reizen in Z.A. III, p. 100), by Theunis Gerbrantszoon van der Schelling: "een barre strand" (t.a.p., p. 170) en nog in die vroeë 18de eeu by Jan van de Capelle: "door een grootte boscchagie", "een grootte doorn boscchagie" - of was boscchagie toe 'n de-substantief? (Scheepsjournael ende daghregister, pp. 186, 189)

(ii) Na die bepaalde lidwoord, die besitlike en aanwysende voornaamwoorde is die verboë adjektief normaal en 'n voortsetting van die tradisie vanaf Middelnederlands. Maar naas hierdie organiese verboë vorme kom so dikwels die uitganglose adjektief voor, dat albei vorme min of meer dieselfde frekwensie het.

By Ampzing kry ons die eerste "offisiële" erkenning van dié dubbelvorme. Vir Nominatief, Datief, Akkusatief en Ablatief gee hy "(van) het kleyn, ofte kleyne, een kleyn kind. <sup>114)</sup> Van Heule stem daarmee ooreen in sy voorskrifte en in sy eie taalgebruik. <sup>115)</sup> Hy skryf dit aan die invloed van die digters toe dat die verboë vorm i.p.v. die onverboë so dikwels voorkom: "Misschien wel te meer / overmits alle onze geachtate Auteurs Rijmers zijn / welken de vermeerderinge of versinderinge der Silben / zeer groten dienst doet: Daerom men in hare Schriften menichmal zal vinden / Het kleyne kint voor het kleyn kint... Also valt het mede onzen oren bevallicker / als men zegt Het gantsche volc, dan het gansch volc, ooc het gemeyne beste, schijnt zoeter te wezen dan / Het gemeyn beste. De oorzake

114) Zwaan, a.w., p. 143.

115) Van Heule, a.w., B, pp. 22-23 en 27.

waerom deze onvolmaakte Taelspreuken / ons bevallic schijnen  
in hare onvolkomenheyt / achten wy / het gemeyn Spreec-gebruyc /...  
Hier uyt hebben verscheyde Tael-kenders geoordeelt / dat de E,  
op het eynde der Ey-woorden des generleyen geslachts / eene vaste  
plaetse behoort te hebben / ende dat noch te meer / dewijle oec  
volgens onze beschrijvinge / vele Deel-woorden in het generley  
geslacht eene E op het eynde mogen hebben / als Het lopende  
wilt..."<sup>116)</sup>

Volgens hierdie opmerking was die onverboë vorm na het dus  
taalreglementering. Ook A.L. Kok gee in die onaydige paradigma  
net die uitganglose vorm het ghoeft wif in Nom., Dat., Akk. en  
Ablatief. Maar Van Heule se toevoeging tot Ampzing se opmerking  
indie derde druk van sy "Tael-bericht" dui op 'n ander gebruik  
in die spreektaal: "De mannelijke bygginge des noemers, gevers,  
aenklagers, roepers, en ofnemers van het geenderley geslachte  
net byvoeginge des bywerpigen naem-woords, het kleyn kind, is  
eygentlyker gebruykelyker, als de vrouwelyke het kleyne kind;  
Hoewel die (onses oordeels) ook niet en kan verworpen worden:  
also die ook in het gebruyk merkelyk gegrond is." <sup>117)</sup>

Ook vir Hooft is die fleksie hier 'n probleem, en volgens  
sy 29ste Waarneming was daar uiteenlopende opvattinge onder die  
grammatici: "Hubert acht het evenveel oft men zeidt HET GROOT HUYS,  
HET STERK PAERDT, HET GROOTE HUYS, HET STERKE PAERDT, maer ik achte  
dat men zeggen moet HET GROOTE HUYS, HET STERKE PAERDT. Vast  
gaet altoes dat men moet zeggen EEN STERK PAERDT, EEN GROOT HUYS." <sup>118)</sup>

In alle literêre geskrifte van die 17de eeu is die onverboë  
vorm na 'n voorafgaande bep. lidwoord, possessief of demonstratief  
frekwenter as die verboë. By Vondel sien ons geen verskil tussen  
die vroeë en die latere werke nie. In die eerste 350 reëls  
van Pascha gebruik hy 6 keer die verboë en 26 keer die onverboë  
vorm; in 'n fragment van dieselfde lengte uit Adam is die ver-

116) T.a.p., p. 27.

117) Zwaan, a.w., p. 145.

118) T.a.p., p. 241.

houding 4:12, in Huygens se Hofwyck 8:14. By Van Herasselen en Zacharias Heyns wemel dit van uitganglose vorme. In die prosa-fragment uit Brandt daarenteen was nie 'n enkele geval nie. Uitganglose neutra is veral by adjektiewe met die suffiks -lijk, -ig en -saem frekwent, verder by eenlettergrepige adjektiewe voor 'n substantief met klemlose beginsillabe, maar ook in verbindings soos "sijn bloet lijf", "het traegh schip", "d'out vee" ens. In Cats se Spaens Heidinetje kom die ongeflekteerde neutra baie voor. In die Haegse Mercurius word met min uitsonderings net die adjektiewe op -ig, lijk ens. onverbuig gebruik. Dardanelli skryf in sy Historie der Ousesters een keer "op 't oud ys". Die res verbuig op -e. By Van Leeuwenhoek is in 6 briewe net 5 uitganglose neutra gevind: "het wit pampier", "het vochtigh ende dampich weder", "het veelvoudich bewegen", "sijn langh en quiver wit haer", "om het veel voudigh kammen", teenoor talryke neutra met uitgang. Dis interessant dat ons in die "Boeck vande Osse" van 1689<sup>119)</sup> twee keer lees: "op 't groot hijlige landt", wat na die staddeel verwys wat vandag onder die straatname "Het groot heiligland" en "het klein heiligland" bekend staan. Het 'n mens toe inderdaad groot hijlige geest of wou die klerk dit "korrek" stel soos dit behoort te wees en nie soos hy en sy mede-Haarlemmers dit in die spreektaal gebruik het nie? In die dokument oor die "Vertooninge van die situatie... vant lant vant oog" word melding gemaak van "het meergemelte eluysgat t out hol" (p. 4) "...genaemt t out hol" (p. 6).

Voorbeelde wat in Het archief ... van de Halen gevind is, plaas ons voor 'n probleem waarmee ons by die meeste neutra te kampe het, nl. die kwessie van samekoppelings. Ons lees daar herhaaldelik van het Nieu-landt, t' Hooch-landt naas t' Nieuwe Landt 't Hogelandt en selfs het Nio-landt (p. 37-80). Die Kaapse plek- en riviername daarenteen is altyd verbuig by alle joernaalhouers. Telkens is daar sprake van 't swartelant, het ronde boschje, het hoge lant, de Zoute revier, de diepe revier, de droge rivier,

119) Archief St. Elisabeths Gasthuis in Haarlem.



Norassische rivier, wat nie altyd in dieselfde vorm in die hedendaagse Afrikaans gebruiklik is nie, vgl. Swartland, Soutrivier, Dieprivier, maar Rondebosch, Kuweland ens.

Huygens se susters het net verboë neutra, Dorothea van Dorp daarenteen skryf "het goie Colfken" naas "UE goet geselschap" en "het eyngels bouckken" (pp. 168, 155). Afgesien van een uitganglose "Het gheroeckt vleis" (XXXII) eindig alle neutra by Maria van Reigersberch op -e; Nicolaes laat hulle altyd onverbuig (3 keer); Hugo de Groot ken net die vorm op -e in sy briewe. Die broers Van der Goes gebruik herhaaldelik die onverboë neutra, bv. "het nieuw parlement", "het verder nieuws," "het varent volck" (IX, XXXIII, VIII) o.a. In Hooft se briewe aan Huygens is die verboë vorm die uitsondering. By Huygens vind ons 3 verboë naas 7 onverboë neutra in sy briewe aan Hooft. In die korrespondensie van die Noord-Hollander Willebrandt kom naas verboë vorme 6 keer uitganglose adjektiewe voor; 3 van die voorbeelde is adjektiewe wat van geografiese name afgelei is, soos "opt Indies huis" (p. 143), "het Chinees glaswerk" (p. 123) ens.

Ook in die reisverhale is dergelike adjektiewe - dikwels ongegag geslag of getal van die volgende substantief - meestal onverbuig: "het Frans schip" (V.d. Broecke p. 7), "een duyts boodt" (De Ruyter 1655/6<sup>63</sup>), "twee Engelaz schepen" (Bontekoe). Fr. de Houtman laat sy neutra dikwels sonder fleksiesuffiks (9 maal naas 6 maal verbuig) en opvallenderwys is 6 van die 9 voorbeelde eenlettergrepige neutra soos "het cleyn eylandt", "vant vroemt gelayd". Van den Broeke het in sy eerste joernaal net twee onverboë neutra; in die joernaal van 1613 is een mét, 3 sônder fleksieuitgang, nl. "ons olijn schuytien", "het sieck volck", "het cober schaffen" (pp. 76, 78, 82). By Piet Heyn daarenteen kom slegs die vorm op -e voor (8 keer). De Ruyter laat net die onsydige superlatiewe onverbuig, bv. "met het eerst koeck water", "met het eerst hoochwater" (B<sup>8</sup>).

Onder die Kaapse stukke is dit opmerklik dat Skipper Sijmon P. Turver al sy neutra flekteer en ook Pieter van Meerhoff in sy

eerste verslag van 1661, maar in die tweede van dieselfde jaar gebruik by 4 neutra onverbuig: "het vooras groot geberghte", "het ander goet", "'t vast geberghte", "het gedurigh sterck marscheeren" (III pp. 496 en 499). In Oloff Bergh se eerste joernaal is 5, in die tweede net een voorbeeld teëgekóm: "'t hoogh gebergten" (pp. 86, 122), "door dat los sant" (p. 90), "in 't swoel heet weer" (p. 122) "het regenaghtigh weeder" (p. 142), naas talle vorme op -e. Die tweede joernaal bevat oor die algemeen meer spreektaalvorme, die skrywer was waarskynlik 'n man van minder opvoeding as die wat die eerste verbaal geskrywe het. Simon van der Stel se sekretaris gebruik naas 11 verboë vorme net 2 sonder uitgang: "door 't groot geraes" (p. 18), "het goet hart" (p. 41). Maar in die byskrifte by die 72 tekeninge is daar 5 onverboë neutra: "'t Spaans groen" ('n plantnaam), "dit soet en minnelyck beesje", "dit afschrikelyk gedierte", "dit welriekend bloemtje", "dit aanmerckens waardig gewas" (pp. 97-109).

Die gewone vorm in die klugte is dié op -e, maar uitganglose neutra kom by herhaling voor, bv. "al mijn moy goedje", "t'hoog woord", "jou moy aensicht" (Jan Soetekauw, 1627), "het dertel op-vceden", "van 't guset geselschap", "van 't vuyl gespuys", "dit boos gedrocht", "u hoogh verstant", "met jou keel scheurigh pack", "het groen gewas", "ghy vuyl geboeft", "dit boos gespuys", "dit groot ongemack" (Godewyck Witte-broets Kinderen, 1641); "het Italiaens vloertjen", "'t Haerlems buysie", "Harry met 't rood haer" (Frik, 1642): "het Duyvels paternoster", "het recht bescheyt", "op 't Zuyer Kerkhof", "het hels gebroet", "'t hels moeras" (Klucht van Gene, 1643): "'t blauw lint" (Lammert Heese, 1661). By Bredero vind ons in Symen 9 verboë, 5 onverboë neutra; in die eerste bedryf van 't Moortje is 10 met, 7 sonder buiging-suffiks, die meeste van hierdie uitganglose adjektiewe bepaal 'n gesubstantiveerde infinitief soos "het straf bedwinghen", "'t schricklyck moorden". Van Santen verbuig al sy onsydige adjektiewe. <sup>120)</sup>

120) Crena de Jongh, a.w., p. 95.

Ook in Suid-Nederlandse klugte is die onverboë naas verboë vorme bekend, bv. 5 in Hoveerdigheyt, 5 in Gulsigheyt van Ogier; sporadiese gevalle kom ook in die stukke van Het Brusselsa klucht-tooneel voor en in Huygens se Trijntje Cornelisz.

In die laat 17de-eeuse blyspele vind ons in Bernagie se Studente-Leven (1684) 2 onverboë neutra, in De gde vrouw (1686) 1, in Jan Klaasz. (1682) 7, in De dobbelaar († 1692) van Asselijn 1, en by Focquenbroch se Verwarde Jalousy (1696) 5 voorbeelde. Dis opvallend dat dié vorme dikwels in enfatiess uitdrukkings voorkom, bv. in die skelwoorde "dat stout stukke vleys", "jou los hoeft" (Jan Klaasz., rr. 402, 434).

Samevatting: Op die gebied van die onsydige adjektiewe word in die 17de eeu 'n interessante stryd gevoer tussen verboë en onverboë vorme na die bepaalde lidwoord, besittlike of aanwysende voornaamwoord. In literêre en nie-literêre tekste van vóór 1650 kom albei vorme voor, alhoewel die adjektief sônder fleksiesuffiks in die literêre styl verreweg oorweeg, terwyl die adjektief met fleksieformans in nie-literêre stukke meer gebruik is. Grammatici soos Ampzing, De Rubert en Kok verkies die kort vorm of laat ten minste vrye keuse; Van Heule vind die kort vorm ook "eierlyker". In die klugte voor 1650 kom albei vorme voor. Maar in briewe van die meisies Huygens, van Hugo de Groot en Maria van Reigersberch is die kort vorm onbekend. In die tweede helfte van die eeu verloor die suffikelose neutra al hoe meer terrein in nie-literêre taal. In die blyspele en vermaaklikheidslektuur waarin ons 'n aanduiding vind van die beskaafde spreektaal, is hulle so seldsaam dat ons ointlik nie meer van wisselvorme kan praat nie. Ons kom op grond van ons materiaal tot die gevolgtrekking dat in die eerste helfte van die eeu die verboë en onverboë vorme naas mekaar bestaan het in die geskrewe, en waarskynlik ook in die gesproke taal van die beskaafde kringe. Grammatici het aan die kort vorm die voorkeur gegee en op dié manier die voortbestaan van hierdie vorm byna kunsmatig bestendig.

In die beskaafde spreek- en skryftaal van na 1650 is egter die suffikslose onsydige adjektief meer 'n relik as 'n lewende vorm. Suidelike invloed kan hier 'n rol gespeel het. In die hedendaagse Brabantse dialekte word die onsydige adjektief nooit verbuig nie; vorme soos "het groot huis", "het schoon kleed", "het wit laken", "het sterk paard" is heel gewoon. Hierdie verskynsel was egter nooit eg Hollands nie (die apokopee by meerlettergrepige adjektiewe is 'n ander, nl. ritmiese kwessie wat wel algemeen "Hollands" is). Dit is opvallend dat ons juis ten tyde van die Brabantse influks so baie wisselvorme kry, maar met die Hollandse deurbraak - ook op ander taal- en fleksiegebiede - seëvier die organiese verboë vorm. Die literêre stilis verkies egter nog in die laat 17de eeu die adjektief sonder fleksieformans.

## 2. Datief enkelvoud

Al skryf die grammatici nog oor die Gevër (=Datief), het die naamval in die 17de eeu op 'n paar relikte na nie meer bestaan nie. In manlik ekv. was die Datief van ouds af gelyk aan die Akkusatief; in onsydig het al in Middelnederlands die Akkusatief die Datief verdring, en in vroulik ekv. is selfs deur grammatici die -e-suffiks as enigste uitgang erken: "De Byvoeglicke woorden van het Vroulic geslacht / en worden in het Eenvoudig / in geen Geval geboogen."<sup>121</sup>) Ampzing gee toe: "De eerste buyginge des gevers ende ofnemers van 't geenderleijge geslachte, het kind, van het kind, wort gemeynsaemer gebruykt; maer de tweede, den kinde, vanden kinde, is eygentlijker ende zierlijker; also sy de gevallen beter onderscheyd."<sup>122</sup>) Datief-vorme manlik en onsydig kom daarom net in literêre geskrifte - en ook daar net sporadies - voor. In die klugte is daar geen spoor van 'n Datief nie behalwe natuurlik in versteende uitdrukkings soos ter nauwer noodt, metter Tydt ens., wat ook

---

121) Vgl. Van Heule, a.w., A, p. 24; en Ampzing, in Zwaan, a.w., p. 143.

122) Zwaan, a.w., p. 145.

herhaaldelik in die reisjoernale voorkom.

### 3. Genitief enkelvoud

Die Datief is deur die Akkusatief opgeslorp, en die Genitief vervang deur die Datief-Akkusatief, want "het tweede geval wordt dikwyls uitgedrukt door het bywoord van", sê Leupenius.<sup>123)</sup> Selfs Vondel besig "gemeenlijk den omschreven vorm."<sup>124)</sup> Waar dit wel nog voorkom, is dit byna sonder uitsondering met die swak fleksie op -en in manlik en onsydig; met -e volgens Ampzing, soms nog -er volgens Leupenius (bv. in die Statevertaling) in vroulik. Die -er-suffiks is egter beslis toe al verouderd volgens die opmerkings van grammatici soos Van Heule, Ampzing e.a.

### 4. Meervoud

In die paradigma wat die grammatici gee, verander die adjektief na 'n voorafgaande bepaling slegs in die Datief waar dit die -en i.p.v. die -e-suffiks aanneem. Sonder 'n bepaling moet die Genitief volgens Van Heule altyd op -er, volgens Ampzing op -e eindig. Van Heule baseer sy paradigma op die 16de-eeuse tradisie soos dit "by de Ouden altyt gebruykt (is) geweest / ook by Koornhert / Aldegonde / Grotius / Ampsingius / ende andere."<sup>125)</sup> Die fleksie van die Statevertaling sluit daarby aan; dié van die literêre tekste stem met Ampzing se paradigma ooreen. Die Genitief -er is seldsaam en alreeds verouderd, die Datief -n vind ons byna uitsluitend in streng literêre stukke. In die meeste tekste eindig die adjektief in alle naamvalle van die meervoud op -e.

Soos in die tekste van die vorige eeu kom ook in 17de-eeuse geskifte herhaaldelik onverboë vorme voor. Vondel besig hulle veral in sy vroeë werke. Die adjektiewe wat sonder fleksiemorfeem bly, stem ooreen met die van die 16de-eeuse tekste, bv. reyn.

---

123) P. Leupenius, Aanmerkingen, p. 32.

124) Van Helten, a.w., par. 90d.

125) Van Heule, A, p. 25.

schoen, blau, swaer en adjektiewe wat op onbeklende -er, -el of -en eindig.<sup>126)</sup> In die eerste 1000 reëls uit Pasche is daar 4 voorbeelde van die verskynsel: "zijn wy dus ghestraft om onse swaer misdaden" (r. 135), "met droeve duyster wolcken" (r. 765), "met opgeblasen zeylen" (r. 790), "d'ander Goden" (r. 851); Van Helden noem altesame 9 gevalle uit hierdie stuk, maar later kom dié vorme "nagenoeg alleen bij adjektieven op -en en -er" voor. Daar was geen voorbeelde in die fragment uit Adam nie. In die Statebybel is hulle blykbaar onbekend. Heinsius het niks daaroor te sê nie. Van Borsselen<sup>127)</sup> skryf: "de geel Bresijlsche Rosen", "op dijn teer schouders", "ghy... cleyn dierkens ongescht" (Binckhorst, rr. 241, 312, 347); in Hofwijck lees ons "van veel' wegen", "bruyn' oogen", "blauw scheenen-zeer", "van schoon' oogen", "bree Noten-bladen" "veel tijden wert betaelt met vuyt' ondancckaerheden", "geen' minder Metselaeren, (rr. 109, 1861, 1893, 1993, 2290, 2021). Pater Poirters praat van "die kleen pottkens", "prentel pasteykens en suer sauskens",<sup>128)</sup> "mijn groen jaern" (Het Masker, p. 93). Die ontstoke Brabanders skryf in hul "Antwoorde aen den Laster-Logendichter Ian vander Veen..." van dié se "vuyt onnutte seden" en "verscheyden schoon victori" (pp. 440, 441).

In die "Vertooninge van de situatie... vant lant vant oog..." word meermale van "de dubbel duynen" gewag gemaak. Waarskynlik het ons hier met 'n samekoppeling as eienaam te make.

Dikwels kom onverboë meervoudsvorme voor in reisjoernale a.d.m., veral by Pieter van den Broecke: "met noch 5 oft 7 clijn assagijtjens", "veel plaatssen", "sommigh feestdagen", "met... sommigh schoone appellen", "veel schoon karcken", "wijnich ossen"

126) Van Helden gee 'n lysie van voorbeelde. A.w., par. 97.

127) Vgl. P.E. Muller se opmerking: "De nom. acc. plur. neutr. zonder suffix oefende soms invloed op dezelfde naamval van het fem. en masc.: vele dapper geesten D 14. Vervolgens drong de acc. vorm door in de dat. vorm en zodoende heeft een dat. plur. van het fem. soms geen uitgang: de deughsaem vrouwen S 1042. (par. 7, p. 121).

128) Aangehaal deur Weijnen in "Opmerkingen over de taal van Pater Poirters".

(objeksvorm, pp. 13, 17, 65, 79, 83); "De vissers sijn oock exterordinnaris starck swemmers ende cloeck vissers", "daer groot proffijten op vallen" (Hom., pp. 14, 72); ander is byna altyd onverbuig bv. "de ander schepen". Fr. de Houtman het het een keer "veel oliphanten" (p. 71). Piet Heyn se meervoude eindig konstant op -e. By Pieter van Meerhoff vind ons 2 keer 'n onverboë veel, verder "in de roo mutsen", "gans vol levendigh vormen", "clippachtigh bergen". Simon van der Stel skryf: "met diergelyck bomen" (p. 36).

In die briewe kom veel, weinigh en ander, seker ens. nou en dan sonder fleksiomorfeem voor. By Dorothea van Dorp lees ons een keer "Allee die soet(e) kinders die verdrotten mijn soe" (p. 166) waar Worp in sy uitgawe 'n e tussen vierkantige hakies aangelas het. Ek het nêrens in die boek 'n verklaring van dié hakies gevind nie. Het Dorothea hier soet geskryf?

Heelwat onverboë meervoudsvorme vind ons in die Brabantse en Suid-Hollandse klugte, maar nie by Bredero of ander eg Hollandse klugskrywers nie: "mit een paer blaew ooge" (Steyn, Klucht vande Melck-boer p. 30); "ouw schoon oogskes"; "van ouw en niewe taije" (Trijntje Cornelisdr., rr. 1396, 340); "nieuw schoenen aen de voet" (Lemmen met syn neus, p. 15); veral by die Antwerpenaar Ogier: "Syn oock d'ou wyfs niet sot te Trouwen" (Guls., r. 152); "die gau Schrey-anen die groote Pronckers, die cael Jonckers, die vuyt Baerden" (Guls., r. 259); "by die vuyt, rotte, bepoekte... Fryen!" (Guls., r. 316); "aen die blau Ogen" (Guls., r. 655); "met liegen, en... duyentich schoon fluyten" (Hov., r. 262); "O dat syn quae Wyfs" (Hov., r. 484); "die arm Sottinnen" (Gram., r. 152); "de cleyn Arm Hoerkens" (r. 473); "t' Syn al fyn Mans" (r. 696); "de Arm Soldaeten" (r. 844); "Wel gy, en ick, en Arm halsen" (r. 996). Selfs Asselijn skryf nog 'n keer in De dobbelaar "een half dozijn nieuw steenen" (r. 478).

Die gegewens dui daarop dat die onflekterde meervoudsvorme hoofsaaklik 'n Suid-Nederlandse verskynael is. Die soort adjektiewe wat geen fleksiomorfeem kry nie, is dieselfde as dié in die 16de-eeuse tekste.

## 5. Vokatief enkelvoud en meervoud

In al die geskifte tref ons die verboë naas die onverboë Vokatief aan, bv. by Vondel. Bredero besig byna altyd die swak vorm op -e; dieselfde gebruik vind ons in die Hollandse klugte. Na 1650 is die Vokatiewe oorwegend swak, die sterk vorm is deftig en literêr.

## 6. Ander adjektiewiese vorme of verbindings

### a. Adjektiewe en deelwoorde op -en.

'n Reeks adjektiewe wat op -en eindig - dié met die stamuitgang -en, sterk verlede deelwoorde en stoflike adjektiewe - verg 'n ekstra beskrywing. Die neiging om hierdie -en-morfeem as fleksieuitgang te beskou, word in die meeste tekasoorte al hoe meer verbreid in die loop van die eeu.

(i) Adjektiewe en verlede deelwoorde op -en verbuig Vondel soms "reëlmatig", d.w.s. met die naamvalsmorfeem na die -en as stam- of participiumuitgang, bv. "sijne eygene as";<sup>129)</sup> in Fascha bly hulle meestal onveranderd, bv. "syn verkoren bloet", "t verkoren volc", "in syn eyghen sweert", "Haer syn eyghen moeders borsten". Daarnaas elideer hy soms die -n. Die Statebybel opokopeer af en toe die buigingsuffiks en laat die woord op -en eindig; daarnaas kom die normale vorme met -en plus suffiks in die betrokke naamvalle voor. Hoef wil 'n opsetlike onderskeiding van geslag en getal invoer, wat egter nooit algemene gebruik word nie. Hy onderskei "een gevangen man", "een gevange vrouw", "een verslagen man", "een verslage vrouw" (selfs in predikatiewe gebruik!);<sup>130)</sup> hy skryf dus die (stam)uitgang -en voor vir manlik en onsydig ekv., en die stamuitgang -e (d.w.s. met geëlideerde -n van stam) vir vroulik ekv. en vir die meervoud. In sy briewe aan Huygens lees ons: "in verscheide soorten" (p. 178), "verscheide toevallen" (p. 197), "van versacheide stoffen" (p. 439), "haer eigen Vaeder" (p. 440), "in de voorleede lente" (p. 439). Huygens

129) Van Helten, a.w., par. 100.

130) Waarnemingen 89 en 111.



antwoord 'n enkele keer met "volkomene toestemminghe" (p. 224), maar in Hofwijck besig hy altyd die stamvorm: "van eigen toover-min" (r. 15, Aen den Leser), "sijn eigen raden" (r. 2209), "by naestgelegen vroughd", "die verheven kraynen" (rr. 2101, 2073); in Trijntje Cornelisdr. ken hy net die vorm op -e: "ee gesplete woër", "desen droncke man" (rr. 615, 701), "sen eighe stijve scheepje" naas "sen eigen Hof", "Sen eighen hout" (r. 262-3) waar die n weer oorgangsklank is.

Huygens se suster skryf "heur eyge mont" (p. 85). By Maria van Reigersberch kom die stamvorm "de voorleeden winter", "volkomen assurance" naas kunsmatig verhoë vorme voor: "tot zijne volcommennen ghesontheyt" (p. 87), "uwe volcommene ghesondtheyt" (p. 117). Grotius skryf "verscheide advysen" (p. 284) en die broers Van der Goes "op voorlede Dinsdagnacht" (II p. 409), "het voorlede jaer" (II p. 411), "in de voorlede maent" (II p. 15). Die gebruik of weglating van die -n in hierdie woorde stem ooreen met die gebruik van die uitgänge -e of -en by gewone adjektiewe. Dieselfde toestand tref ons in die Haegse Mercurius aan: "met sijn eyge handt", "sijn eyge huys", "'t eige empressement", "mijne eyge existentie", "mijn eygen Persoon" (1697, Nr. 22, 23; 1698, Nr. 43, 50). Onder 16 partisipia in die Haegse Mercurius is slegs 2 -en-vorme, en dis is uit 'n deftiger taalsfeer: "gedwongen geloof", "een verkoren Koning" (1699, Nr. 79 en 44), anders kry ons net vorme soos "een verlope Student", "sijn geswolle koonen" (1698, Nr. 43). Van Leeuwenboek skryf konstant verscheyde (mv.); wanneer hy -ene-vorme besig, bv. "in de voorledene somer", "het eerst verlatene haer", lyk dit of hy deftig wil wees. Twee maal vind ons by hom by neutra sonder voorafgaande bepaling die -e-vorm: "welcke ingeboege puttge" (22/3/76), "gestoote glas" (24/4/74).

Piet Heyn, wie se taal in alle opsigte ná aan die omgangstaal staan, ken net -e-vorme met elisie van die -n van die stam- of partisipiële uitgang, bv. "de voorschreve svart" (p. 13). In die joernale van Houtman, Van den Broecke en Bontekoe, daarenteen, kom net die vorm op -en in alle geslagte, enkelvoud en meervoud voor. By Bontekoe lees ons: "verscheyden discoersen" (p. 52), "behouden

reys wenshende" (p. 17), "van de voorschreven straet" (p. 26), by Van den Broecke "behouden rjasse", "de voorschreven haven" (pp. 4 en 5). In die blyspele van die laaste kwart van die een is daar nog die stryd tussen -e- en -en-vorme, d.w.s. met ge-elideerde stam-n of met vol stamuitgangsmorfeem. Dit is vreemd dat Bernagie onder 6 gevalle net een verlede deelwoord op -e het, al die ander op -en. Maar ons bronne gee duidelik te kenne dat die verlede deelwoorde in die spreektaal van die laaste kwart van die 17de eeu op -e (met n-elisie) geëindig het.

(ii) 'n Interessante verskynsel is die stoflike adjektiewe in ons 17de-eeuse bronne. Die literatoure en grammatici probeer om "regel te maken" maar skep eerder nog meer verwarring. Soos by die bogenoemde adjektiewe op -en word ook by die byvoeglike stof-name die stammorfeem -en dikwels as buigingsuffiks opgevat. Die grammatici wil onderskeiding van geslag en getal ook by hierdie groep hê, daarom die voorskrif by Van Heule: manlik en onsydig eindig op -en: aerden, koperen, maar vroulik en meervoud op -e (met geëlideerde -n): aerde, kopere.<sup>131)</sup> Die Reviseurs van die G.T. besluit vir die Statevertaling: "GOUDEN et GOUDENE, non GOUDE, in plur."<sup>132)</sup> Die vertalers het egter dikwels nie dié besluite toegepas nie en skryf "silvere bekere", "goude ketenen" ens.<sup>133)</sup> Vondel maak blykbaar van alle moontlikhede gebruik; hy besig die reëlmatig verboë vorme (dus -ene in vrl. en mv.), die vorme met n-elisie (bv. "zijde kleeren"), en die stamvorm in alle geslagte.<sup>134)</sup> In die Pascha lees ons: "een goude schale" (r. 29), "aen eenen zijden draet" (r. 37), "met syn gulden Torts" (r. 88), "met gulden ayren" (r. 324), "syn gulden vruchte" (r. 642). Ons vind by hom egter geen neutrum van die tipe "t'silver cleet" nie.

In al die bronne sonder literêre pretensies, ook in Hofwijck, is -e(n) die uitgang in alle geslagte ekv. en mv.; in die tweede helfte van die eeu oorweeg die -e-suffiks.

Die reisjoernale weerspieël die wisselvorme van die (gesproke)

---

131) Van Heule, A, p. 55.

132) Zwaan, a.w., p. 216.

133) Heinsius, a.w., par. 173.

134) Van Helten, a.w., par. 100

taal. De Houtman skryf -e in die meervoud, -en in manlik en ons. ekv., en -e of -en vir vroulik. By Van den Broecke kom net meervoudsvorme voor wat gewoonlik op -e eindig behalwe die volgende verrassende vorme: "veel cooper en silver arminghen", "in groote cooper arminghen" (pp. 67 en 70), wat miskien analogies met die adjektiewe op -er sonder "uitgang" gebly het, maar hy skryf in 'n ander joernaal van "halve issere saekers". Of moet ons die -e-lose vorm aan elisie voor volgende vokaal toeskryf?<sup>135)</sup> Bontekoe (of sy uitgewer) ken slegs die -en-formans vir alle geslagte ekv. en mv.

In die klugte, blyspele en veral in die Haegse Mercurius kom -en-vorme net by hoë uitsondering voor, die normale uitgang is -e.

Spesiale vermelding verdien 'n paar uitganglose neutrals:

"met t'silver clood behangen" (Van Borsaelen, Strande, r. 341);

"we hanghe mé wel wat an aulver goet en krselen" (Hofwielck, r.1629);

"met iser beslagh" (Van der Coes II, p.2); "een groot yser braet-

spit" (Coffy-Huys, I p. 187); "een staal en ongevoelig hert" (H.

Mercur., 1698, Nr. 1). Mej. Bakker gee veel meer voorbeelde

en bespreek die probleem hoe ons daardie voorbeelde moet waardeer.

Sametrekking kan slegs in enkele gevalle as oorsaak beskou word.

"Voor het overige moet men er wel van uitgaan, dat de -en uitgang

niet altijd meer gevoeld werd als formans van stoff. adj. en als

flexievorm werd opgevat." As ander moontlikhede noem sy beïnvloe-

ding deur fleksievorme sonder -e, waarby met die dialektiese

apokopee van -e in die vroulike adjektief rekening gehou moet word,

en regstreekse of sekondêre adjektivering.<sup>136)</sup>

In hierdie verband is dit interessant om D. van Hoogstraten se mening oor die onsydige stofname te hoor al dateer dit uit die vroeë 18de eeu. In sy "Aenspraak tot den Nederduitschen Lezer" (Gestelt voor den tweeden Druk),<sup>137)</sup> bespreek hy die fleksie van onsydige adjektiewe. Die stofaanduidende adjektiewe moet nes die

135) Mej. H. Bakker gee egter 'n hele lysie van "onverhoë meervoudsvorme uit 16de- en 17de-eeuse tekste. "Aantekeninge bij een paragraaf uit Gerlach Royens buigingsaverschijnselen", Leuv. Bijdr. XLVII, 1-2, pp. 54-55.

136) A.w., pp. 56-57.

137) Nl. van sy Geslagslys. Opgeneem in die 4de druk van Lyst der gebruykelykate zelfstandige Naamwoorden... opgemaekt door D. van Hoogstraten..., Amsterdam 1753.

ander byvoeglike naamwoorde verbuig word. Mens sê nie "een treffelyke huis" nie maar "een treffelyk huis" - "waerom een staale wapen, myns oordeels, niet goed te keuren is in Jan Vos, schoon men zegt, het staale wapen, gelyk het sterke wapen, niet een sterke wapen: moetende de uitdrukkinge syn, een krachtich, een groot, een sterk, en uit dien hoofde ook een staal wapen, in welk zeggen staal byvoegelyk is. Dit gebiet, zeg ik, het gebruik..." Vir hom was dus die -e(n)-formans van die stofname 'n fleksieuitgang wat by neutra na een moet verval.

b. Adjektiewe na zo, zulck, alte.

Die skynbaar verboë vorm op -en na zo, zulck e.a. is ook nog in die 17de eeu taamlik algemeen gebruiklik. Ampzing het die volgende daaroor te sê: "De by-worpige woorden voor mannelijke self-standige vergroten, ofte beswarens, ende uytdruckens gewijae gesteld, willen dickwils niet ongevoeglijk in den noemer, gelyk in den gever, ende aanklager, gebogen worden: het is so vroomen man...: het is so trouwen knecht... De geenderleijsen woorden willen desen voet ook wel volgen: het is al te stouten kind. Maer ik achte dat het ledeken een in het by-worpig woord niet duycterlijk besloten, ende begrepen is: het is so vroom een man... Ja het schijnt ook selfs in de vrouwelijke plaetse te hebben: het is al te sweeren saek: Haerlem is so schoonen Stad."<sup>138)</sup> Hoofst daarenteen sien wel 'n onklitiene een in dié -en: "Men zeidt ZO GROOTEN MAN..., hier is MAN Hominatyf, ende GROOTEN een andre Casus. Zommighen meenen, dat ZO GROOTEN word gezeydt voor ZO GROOT EEN. Maer men zoude moghen daer tegen meenen, dat men behoort te zeggen ZO GROOTE MAN, gelyk DE GROOTE MAN; ende dat men allenlijk GROOT moet zeggen als 'er EEN vooretaet. Doch men zeidt ZO GROOTEN VOLK, ende alhier te zeggen ZO GROOTE VOLK gelyk HET GROOTE VOLK dunkt mij niet wel aenneemlijk; waer over ik mij liefst houden zouw een de meening der eersten; te waeten dat het zijn moet ZO GROOT EEN MAN."<sup>139)</sup>

138) Zwaan, a.w., p. 147

139) Waarneming 47. Zwaan, a.w., p. 247.

Daarom skryf hy bv. in briewe aan Huygens: "uit zoo vriendelyk eenen mondt" (p. 220), "van zoo laf een' spijs" (p. 440), maar Huygens bly by die algemene praktyk: "soo swaren straffe" (p. 233), "hebbe soo redelicken gevallen... gehad", "zoo goeden voornemen" (p. 245). Sy susters skryf geseeld -en: "sulken verslenaten wyf" (p. 86), "sulken goen knecht" (p. 117), "hoe grooten haest" (p. 95); so ook Dorothea van Dorp, Maria van Heigersberch, en die broers Van der Goes.

In die reisverhale is net een afwykende vorm by Van den Broecke aangetref: "sulcken sonderlingh raddicheijt" (p. 14). Die klugte het nog af en toe die uitgang -en, bv. "zoo vuylen Hoer"; meer dikwels kom die vorm op -e voor: "te zoete dievery", "sulke groote hoope" (Gene pp. 3 en 6) - by Jan Starter een keer selfs "daer het suck moyer weer is". By Van Santen neem die adjektief in die enkelvoud reëlmatig -en.<sup>140)</sup>

Verdenius meen in sy bestyding van die Kollwijn-kritiek op Van der Veen dat vorme soos om sulcken grammen daad, om een soo dollen vrouw, sucken onwetenden vlay "van huis uit niets met buiging, noch met genus te maken" het. "Hier heeft men intensieve adjektieformen... Deze n is in wezen een affectmiddel, een affect-uitgang..."<sup>141)</sup>

Ná 1650 verdwyn egter dié vorme al hoe meer en die in eersprong enklitiese een kom tussen te, zo, sulk en die adjektief te staan: "soo een groot Orkaan" (Overtooms Praatje, p. 21). Dit is die normale vorm in die laat 17de-eeuse blyspele: "Zoo een schiklik Jongman" (Bernagie, Stud. Leven, p. 9), "sulk een vreemd bedryf" (Focquenbroch, Verw. Jal. r. 70) naas "zo schoonen vrou" in dieselfde stuk; "wat een grousaem Neus" (Leenen met syn neus, p. 24); ook P. van Meerhoff skryf "soo een schraal landt" (III 497).

c. Verbindings van twee adjektiewe in die meervoud.

Meermale vind ons in 17de-eeuse tekste by twee adjektiewe verbind deur en(de) voor 'n selfstandige naamwoord in die meervoud

---

140) Crena de Jongh, a.w., p. 96.

141) Verdenius, Studies over Zev.-eeuws, p. 237.

dat die eerste onverbuig bly, bv. "seer swaer en diere stonden" (Witte-broots Kinderen), "van ouw en niew taije" (Trijntje Cornelisdr., r. 340). In Van Riebeeck se Dagverhaal kom hulle dikwels voor, bv. "acht jongh ende oude schapen" (I, 371, 377), "oud ende jonge koebbeesten" (I, 372, 373, 374, 377, 380). Waarskynlik moet die verskynsel - soos D.B. Bosman vermoed - aan elisie van die -e voor ende toegeskryf word.<sup>142)</sup>

#### d. Komparatief en superlatief.

In die loop van die bespreking is al herhaaldelik na die fleksie van komparatiewe verwys. Hoof t sê met nadruk: "De Comparativen als GROETER, MEERDER, VROONER etc. declineer ik niet."<sup>143)</sup> Ook Van Heule en Leupenius erken net die onverboë komparatief.<sup>144)</sup> In alle tekssoorte, veral in die klugte, word die komparatief so gebruik.

Die grammatici is eenparig wat die superlatief betref: dit eindig op -ste ongeag geslag of getal. Huygens is egter lief vir die onverboë vorm bv. "haer grouwelickst gewoel", "'t meesterlickst geweld".

#### e. Die possessief ons en die demonstratief dees.

Die ou neiging om by onse en dese die -e te apokopeer, kom 'n mens ook nog in 17de-eeuse tekste teë. In literêre stukke is die gebruik van onse "korrek", maar in die reisjoernale kom ons-vorme voor. Piet Heyn skryf "ons coers" (p. 13), verder "met ons boots" (p. 5), origens besig hy die vol vorm. By Van den Broecke is net een meervouds-ons teëgekem (p. 76); De Houtman het die algemeen erkende vorm. Maar Pieter van Meerhoff gebruik met min uitsonderings ons vir alle geslagte, ekv. en mv.; hy skryf byna altyd "ons coers" (meer as 10 maal), "ons dingen", "ons draeghossen" ens. Fr. de Smit sukkel klaarblyklik met die ons-onze-verskil. Hy skryf bv. "ons nachtrust", "ons rustplaes", "ons reye",

---

142) Sien voetnoot Dagregister I, p. 371.

143) Waarneming 55. Zwaan, a.w., p. 249.

144) Van Heule, A, p. 17; Leupenius, a.w., p. 28.

"ons dorst" en dan weer "onze nachtleger", "onze goet", "onse speck", "onse broedt". By Skipper S. Turver het net 1 maal "ons coers" (I, p. 391) voorgekom. Oloff Bergh het 6 keer ons i.p.v. onse in sy twee joernale (bv. "ons beesten", "ons reis" ens.), Simon van der Stel 4 keer. In die klugte,<sup>145)</sup> briewe en ligte lektuur is 'n gespokopeerde ons seldsaam. Moeder Huygens skryf 'n keers: "in ons kerk" (Worp, I, p. 126).

Die gebruik van dees daarenteen is algemeen bekend en deur die grammatici vir manlik ekv. naas deese erken.<sup>146)</sup> As manlike vorm kom dit dikwels in literêre tekste voor; maar in die ander geskrifte is dit in alle funksies bekend: "voor dees tijdt" (herhaaldelik by M. van Reigersberch), "dees beginnende weeck" (Van der Goes II, p. 409), dikwels by Bredero<sup>147)</sup> en ander klugteskrywers, en in die reisverhale.

#### IV Slotopmerkings

Die fleksiesisteen het in die loop van die 17de eeu 'n aansienlike wysiging en vereenvoudiging ondergaan in die geskrewe en waarskynlik ook in die gesproke taal. Onder die verwarrende hoeveelheid vorme in die adjektiewiese verbuiging is daar een opvallende verskynsel: 'n groot getal kort vorme veral in die eerste helfte van die eeu. By die de-woorde veroorsaak kasus-assimilasie (gelykmaking van Akk. ml. ekv. aan Nom. ml. ekv. sonder voorafgaande determinatief) en invloed van ou uitganglose vorme of apokopee (in vrl. ekv.) soms die verlies van die fleksie-uitgang. By die het-woorde is daar ook deurwerking van die ou onverboë neutra. Al hierdie verskynsels, ook die uitganglose meervoud, is nie prosesse wat eers in die 17de eeu begin nie. Hul oorsprong lê in die Middelnederlandse of selfs 'n nog vroeër periode. Ons ken hulle uit die 16de-eeuse suidelike Nederlands.

---

145) Vgl. Nauta, a.w., par. 90. In Bredero se Hoortje is nie 'n enkele ons i.p.v. onse teëgekome nie.

146) Hooft, Waern. 71; Zwaan, a.w., p. 251; en Leupenius, a.w., p. 34.

147) Nauta, a.w., p. 91<sup>x</sup>.



Maar in die 17de eeu word die stryd wat die de-woorde betref, besleg: In die bowe-Noordrykse Nederlands seëvier die lang vorme; in die suidelike Nederlands daarenteen word die neiging tot apokopee by vroulike adjektiewe voortgesit en veralgemeen soos uit die hedendaagse Brabantse dialekte blyk. Ook by die het-woorde na determinatief (in teenstelling met die Suide) oorwin die verboë vorme in die gespreke taal, maar onder invloed van grammatici bly die kort vorm in die versorgde geskrewe taal bestaan. Terwyl in die eerste helfte van die eeu adjektiewe sonder fleksieformans (waar die hedendaagse Nederlands 'n -e vereis) as wisselvorme naas die organies verboë adjektief in alle taalsoorte gebruiklik was, verdwyn hulle al hoe meer in die tweede helfte van die eeu. In die beskaafde spreektaal van die laaste kwart is voorkeur vir verboë vorme onmiskenbaar. Dit blyk ook uit die verboë komparatiewe en adjektiewe op -er in teenstelling met die praktyk voor 1650.<sup>146)</sup>

Op die gebied van die attributiewe adjektiewe toon die 17de-eeuse Hollands in die eerste helfte van die eeu dus 'n neiging tot kort, geapokopeerde vorme in ooreenstemming met tendense in die suidelike Nederlands. In die suide kon daardie tendens voortwerk, soos duidelik blyk uit die toestand in die hedendaagse Brabantse dialekte. In die Noorde waar dergelike vorme deur

---

146) "Kort" vorme het ook op ander terreine in die vroeë 17de-eeuse Nederlands voorgekom, bv. by die gesubstantiveerde adjektiewe. Moontlik het hierdie "kort vorme" steun gegee aan die reeds bestaande onverboë adjektiewe. By Huygens tree die verskynsel besonder sterk na vore, maar hy is verreweg nie die enigste skrywer wat uitganglose gesubstantiveerde adjektiewe besig nie. In Hofwyck kom ons herhaaldelik vorme teë soos het schoon, het droogh, myn diep, haer natt (1885, 1028, 2213, 2079) ens. Hy verdedig ook die gebruik teenoor Vondel en Houtaert ("Aanmerkingen...", p. 238) wat i.p.v. 't vol liewers de vollt of 't vervulde sou wil hê. Ook by Brodero is die vorme bekend (Hauta, a.w., par. 81), verder by Van den Broecke: "de sommigh spreken goet Engels" (p. 13), "den selven swart nam een asagay" (p. 14); by Piet Heyn: "datte wij daer een swart ofte negoro bequaem dat een viesser was" (p. 12). Sijmon P. Turver skryf van een Swart (I, p. 388), P. van Meerhoff in 't ront (III, p. 487). In die Haegse Mercurius kom voor: "dien voorsz. Heilig", "dien milden Heylig" (1698 Nr. 1 en Nr. 2). Weijnen gee meer voorbeelde uit die pen van ander skrywers (Zev.-Taal, p. 46). Reeste van hierdie verskynsel sien ons ook in familienaam: De Wit, De Zwart, De Groot ens. Van Heule beskou die uitganglose gesubstantiveerde adjektiewe as normaal: Het swart, het goet, maar hulle "eyndigen ook dicmael in E, als Het boeze, Het mijne,...Het geestelicke,...Het quaetste...". Leupenius daarenteen sê het goede, het quaade wat kenmerkend is vir die gebruik in die tweede helfte van die 17de eeu. (Vgl. Van Loey, Schönfeld's Hist. Gr., par. 124, opm. 2).



suidelike infiltrasie - veral in die laat 16de- en vroeg 17de-eeuse tydperk - ingang gekry het, is hulle met die toenemende Hollandse gesag weer grotendeels verdring. Daarom is geapokopeerde vorme in die laaste kwart van die 17de eeu in die Hoarde seldsaam. In 'n sekere mate weerspieël hierdie "kort" vorme die stygende en dalende gesag van die suidelike tradisie vanaf ± 1585. Die kort vorme was nooit eg Hollands nie.

Dis opvallend dat die passogene kort of geapokopeerde vorme hoofsaaklik by vroulike en onsydige adjektiewe in die enkelvoud en die meervoud voorgekom het, by vorme dus met die buigingsformasies -e in subjekts- en objeksfunksie. Hierdie bevindinge staaf Van Haeringen se verklaring van die apokopee van -e by adjektiewe.<sup>149)</sup> Die adjektiewe voor masculina met die buigingsuitgang -en het slegs apokopee van die slot -n ondergaan, die -e daarenteen is nie geraak nie omdat dit deur die -n gedek was. Hierdie "lang" vorme het dan, eventueel in samewerking met ander kasusvorme op -en, die lang vorme help handhaaf ook in gevalle waar die adjektief op -e uitgegaan het en dus wel deur apokopee moes geraak geword het. Nou konkludeer Van Haeringen: "Als de hier veronderstelde invloed van de oorspronkelijke mannelijke adjektiefvormen werkelijk in het spel is geweest, kan men verwachten dat hier of daar, nu of vroeger, ook de 'klankwettige' toestand is waar te nemen, nl. dat de vrouwelijke adjektiefvormen, waarin de -e niet door volgende -n is gesteund, wel apocoperen", en hy verwys na P. Peters se artikel oor die adjektief in hedendaagse suidelike dialekte "waar de neiging tot apocope bij de vrouwelijke adjectiva onmiskenbaar is". In die kort vroulike adjektiefvorme van die vroeë 17de eeu is die "klankwettige toestand" herkenbaar, maar 'n mens moet steeds onthou dat hierdie vorme én die spesifieke apokoperingstendens van suidelike herkoms is. Daarom verdwyn hulle later uit die Hollandse taal.

By manlike adjektiewe, veral by persoonsbepalings, na een, geen ens. sien ons egter 'n ander neiging tot kort vorme, nl. die

---

149) Van Haeringen, Neerlandica, tweede druk, Den Haag 1962, p. 174.

uitbreiding van die onverboë subjektvorm na die objektief. Al was die uitgang van die objektvorm -en net soos by die manlike adjektiewe na bepaalde lid- of voornaamwoord, moes die lang vorm dikwels plek maak vir die korte uit die subjektief. Dit kom hoofsaaklik by persoonsbepalings voor waar die oorspronklike sterk Nominatief en dié se invloed op die objektvorm voortwerk; af en toe kry ons dit ook by gewone manlike adjektiewe, maar slegs baie selde ná 1650. Aangesien hierdie verskynsel feitlik net by persoonsbepalings bekend was, het dit nie die meerderheid van die manlike adjektiewe geraak nie. Tog het hierdie proses (invloed van kort Nominatief op objektief van persoonsbepalende adjektiewe) die ander proses (invloed van lang objekts- op subjektvorm) teëgewerk. Die eerste proses het kort i.p.v. lang vorme begunstig, die tweede lang i.p.v. verkorte, geapokopeerde vorme.

Terwyl ons aan die begin van die eeu en in die vyftiger jare nog heelwat van die wisselvorme kry, is hulle in die laaste kwart van die 17de eeu alreeds verdring, sodat ons in die laat 17de-eeuse blyspele en in vlot nie-literêre prosa, 'n taamlik eenvormige fleksie vind wat min verskil van dié van die hedendaagse Hollandse spreektaal.

Dieselfde fleksieverskynsels kom ons in die Kaapse tekste van die laaste kwart van die 17de eeu teë, en die ooreenkomste met die byvoeglike verbuiging in die huidige Nederlandse taal is selfs groter as wat prof. J. du P. Scholtz aanneem. Hy meen die joernaal van die reis van Simon van der Stel na die Koperberge in 1685 "verskil van ons eie tyd net in die gebruik van onverboë vorme in verbindings soos 'het groot gebergte', 'het groot gat', 'het geheel veld'..., d.w.s. waar die adjektief voor 'n subst. van die het-klas vooraafgegaan is deur 'n determinatief, insonderheid die bepalende lidwoord. Dieselfde verskynsel tref ons trouens deur die hele 18de eeu en ook nog later aan."<sup>150)</sup> Prof. Scholtz se ondersoek van Van der Stel se joernaal is egter gebaseer op die

---

150) J. du P. Scholtz, Taalhistoriese opstelle, Pretoria 1963, p. 142.

teks wat deur François Valentijn in 1726 in sy Beschryvinge van de Kaap de Goede Hoop... gepubliseer en in 1916 deur die Linschoten-Vereeniging opnuut uitgegee is. Hierdie teks verskil in baie opsigte van die manuskrip wat Gilbert Waterhouse in die biblioteek van Trinity College, Dublin, opgespoor en in 1932 uitgegee het. Volgens Waterhouse se ondersoek moet hierdie teks as Van der Stel se offisiële verslag aan die V.O.C. beskou word en dateer dit dus van 1686. Die manuskrip wat Valentijn gebruik het, is nog nie gevind nie, maar dit lyk of Valentijn 'n kopie gehad het van die Kommandeur se daaglikse aantekeninge op die tog.<sup>151)</sup> Valentijn of sy drukker korrigeer egter die taal waar dit nie "korrek" is nie; dit blyk duidelik uit 'n vergelyking van die twee tekste. Hy korrigeer nie net taalfoute nie, maar tipiese 17de-eeuse verne soos dees, ons. Dis besonder opvallend dat hy veral die vorm van die adjektiewe konsekwent "verbeter"; waar Van der Stel 'n verhoë onsydige adjektief na die bepalende lidwoord het, skrap Valentijn altyd die fleksienitgang. 'n Vergelyking van die eerste 60 paginas uit Van der Stel (Fol. 671-704) met die ooreenkomstige gedeelte in Valentijn gee 'n duidelike insig in die verhouding van laat 17de-eeuse tot vroeg 18de-eeuse taalgebruik.

| Van der Stel (Waterhouse)                            | Valentijn (Linsch.-Ver.)                     |
|------------------------------------------------------|----------------------------------------------|
| p. 10 het <u>groot</u> Gat                           | p. 147 het <u>groot</u> Gat (2 maal)         |
| 12 <u>wild</u> gedierte                              | 148 het <u>wild</u> gedierte                 |
| 13 het <u>woedende</u> dier                          | 150 het <u>woedend</u> dier                  |
| 18 door 't <u>groot</u> geraas en 't getier          | 153 door 't <u>groot</u> getier<br>en geraas |
| 21 Het <u>Regenachtige</u> weer                      | 156 Het <u>regenagtig</u> weder              |
| 29 een gangh van <u>schoone</u> mitte<br>alabaste(r) | 162 van <u>schoon</u> wit albaast            |
| 31 't <u>lopende</u> wate(r)                         | 164 't <u>lopend</u> water                   |
| 32 het <u>hooge</u> gebergte                         | 165 't <u>hoog</u> gebergte                  |
| 41 het <u>goet</u> hart                              | 172 het <u>goed</u> hart                     |
| het <u>style</u> gebergte                            | 179 het <u>steil</u> gebergte                |
| het <u>gantsche</u> jaer                             | het <u>gansch</u> jaar                       |
| 56 het <u>oude</u> pad                               | 183 op ons <u>oud</u> pad                    |
| 57 het <u>oude</u> pad                               | 184 het <u>oud</u> pad                       |

151) G. Waterhouse, a.w., Inleiding p. XV.

Van der Stel se verbuiging is in ooreenstemming met die laat 17de-eeuse nie-literêre gebruik, terwyl Valentijn by 'n ander sisteem aansluit. Die verskil in die twee tekste lyk nie net na 'n stilistiese nie; ons sien hier eerder die begin van 'n nuwe "skool" of tradisie wat die verbuiging in die 18de-eeuse (skryf-)taal kenmerk. In hoeverre dié nuwe tradisie die werk van grammatici en skoolmeesters was en of dit die gesproke taal beïnvloed het, sal ons nog moet nagaan voordat die toestande aan die Kaap verder ondersoek kan word omdat ons daar altyd met die invloed uit patria rekening moet hou.

## HOOFSTUK IV

### DIE VERBUIGING

#### IN DIE AGTIENDE EN EERSTE DEEL VAN DIE NEENTIENDE EEU

Die 18de eeu is nie besonder belangrik in die geskiedenis van die adjektiewiese fleksie in Nederlandse nie, want ná die groot vereenvoudigingsproses in die loop van die vorige eeu bly die fleksiegebruik taamlik konstant en in ooreenstemming met die laat 17de-eeuse taalgebruik. Daar is egter een verskynsel, nl. die wisselvallige lot van die onaydige adjektiefuitgange, wat vir die studie van die Nederlandse én die Kaapse verbuiging nie sonder belang is nie.

Met die oog op die doel van hierdie ondersoek kan ons die n-kwessie in die buigingsvorme ook in hierdie periode grotendeels verwaarloos, want naamvalsonderskeidings met die Datief- en Akkusatief-n in manlik ekv. was beslis nie meer gebruiklik in die omgangstaal nie. Hier het alleen die vorm op -g en dié sonder uitgang in alle geslagte ekv. en mv. gefungeer. In die skryftaal, selfs in baie nie-literêre tekste, eindig die adjektief in die objeksfunksie byna gereeld op -en.

Nog meer as in die latere 17de eeu word die adnominale verbuiging 'n stylkwessie. Dit leer ons uit die tekste, maar veral uit Lambert ten Kate, wat spesiaal attent maak op "dat onderscheid van Verbuiging, 't welk het verschil van Stijl vereischt."<sup>1)</sup> Daarom onderskei hy tussen "1. De Hoogdravende of Verhevene, ten 2. De Deftige of Statige, en ten 3. De gemeenzame Stijl". Dié drie stylsoorte karakteriseer hy dan as volg:

"Het eerste zweemt na 't oude gebruik, als vervattende iet ongemeens, dat niet dan bij geleerden te regt behandelt, hoewel van minder geoeffenden, mits in Letterstoffs niet ten eenemaal onbedreven zijnde, nog wel verstaen kan worden.

---

1) Aanleiding tot de Kennisse van het Verhevene Deel der Nederduitsche Sprake ..., Dl. I, Amsterdam 1723, p. 333.

"De Tweede komt iets nader aan de daaglijkse gewoonte, dog houdt zig egter aan de volledige en regelmatige orde en deftigheid des gezegs, zonder zig veelvoudig van Metaplasmata (Afpadigheden) en inkortende wijzen te bedienen.

"De Laatste bekreunt zig niet zeer met de voorgaende opmerkingen, maer voegt zig, op een vrijer voet, na de daaglijkache Taelvoering en Spreektrant, zonder te schroomen voor Inkortingen, zo de Euphonie (Welluidendheid) zulks verkiest; en zonder te naeuw gezet te zijn op de uiterste gereldheid (sic) en opschik; verre nogtans van zoo los en ongeschikt te loopen, als die platte Spreek- en Straet-tael, die met de bewoordingen omspringt even als een dozijnwerker met zijne waren, die ze goed genoeg agt, zo ze slegte aan den man willen en gangbaar zijn voor 't onkundigste gemeen."<sup>2)</sup>

In teenstelling met die vorige grammatici werk Ten Kate volgens sy "Stokregel" "dat men de Taelwetten moet vinden, en niet maken".<sup>3)</sup> In dië opsig gee hy 'n meer betroubare weergawe van die destydes taalgebruik, al wil hy niks met die "straet-tael" - d.w.s. die gewone, nie noodwendig plat, omgangstaal - te doen hê nie. Die "hoogdrawende" en "deftige" soekte het nog die verouderde kasus-uitgange soos die -en of -er in die Genitief van vroulik ekv. Die gemeensame styl is die natuurlikste, alhoewel nie direk 'n weergawe van die beskaafde omgangstaal nie. Dit is die styl wat Ten Kate in die hele "Aenleiding" besig, met -en in Datief en Akkusatief van manlik ekv. teenoor -e in die Nominatief.<sup>4)</sup> Hierdie verbuiging is die gebruiklikste in die leeslektuur van die 18de eeu waarin nie volkstaal-effekte nagestreef word nie.

---

2) A.w., p. 334. Uit sy Aenleiding blyk dat hy "als deftige achttiende-eeuwer, de grens tussen 'gemeenzaam' en 'plat' anders trekt dan wij het zouden doen" (De Vooys, Verzamelde taalkundige opstellen I, Groningen 1924, p. 390).

3) A.w., p. 365.

4) Vgl. De Vooys, "Bestaan er grondslagen voor een nieuwe regeling van het taalkundig mannelijk en vrouwelijk geslacht," N.T.A. XIV, p. 164.

# I Die adjektief voor 'n onsydige substantief

Die adnominale verbuiging was blykbaar taamlik reëlmatig, want Ten Kate merk op dat "in 't schryven niet alleen, maar zelfs bij de daeglykse Spreektael, die orde" (nl. die drie stylsoorte) "bij-na zonder missen onderhouden word: uitgenomen dat men in 't Neutrum te mets zondigt met een E verkeerdelyk agter aan te voegen."<sup>5)</sup> Mens behoort nie te sê "Groot Verstand, nogte Een Groot Beest, nogte Het Groot Beest, maar GROOT bij de twee eersten, en GROOTE bij het laetste." Maar hy versuim om te sê in watter taalsoort - dalk is dit in die "platte Spreek- en Straet-tael" - daardie foutiewe neutra op -e voorkom. Hy gee egter byna terloops te kenne dat hy vorme soos Het Groot Beest afkeur. David van Hoogstraten kritiseer ook die "misbruik... dat het dagelyx gebruik, en onze ooren, die anders gewoon zyn, afweren en wraken. Te weten men zegt wel, dit, of dat, of het heerlyk werk, en het heerlyke werk: dit, of dat of het treffelyk huis; maar niet een treffelyke huis, een heerlyke werk, hoedanige uitdrukkingen men nu en dan vint, die schoon eenen schyn hebbende van te mogen gebruikte worden, echter niet aennemelyk zyn."<sup>6)</sup> Die kritiek van Ten Kate en Van Hoogstraten slaan dus op twee soorte foutiewe buigingsverskynsels by adjektiewe voor onsydige substantiewe: a) die lang vorm na een, geen ens., en b) die kort vorm na het, demonstratief en possessief. Van Hoogstraten aanvaar die tweede soort (het heerlyk werk en het heerlyke werk) maar verwerp die eerste; vir Ten Kate is albei foutief. In hierdie saak wil Huydecoper egter glad nie met Ten Kate saamstem nie: "Wederom schryft de Hr. Ten Kate: By de Neutra komt insgelyks de E, wanneer ons HET (of eenig Pronomen Possessivum of Demonstrativum, als MYN, ONS, DIT, enz.) tot voorlooper dient; als HET of MYN ZOETE KIND, HET VUILLE BEEST, enz. Om de waarheid te seggen, hier ben ik 't met dien Taalgeleerden Schryver gansch niet eens. Ik sta

5) Ten Kate, a.w., I p. 365.

6) D. van Hoogstraten, "Aenspraek tot den Nederduitschen Lezer. Gestelt voor den tweeden Druk". (Lyst der gebruikelykate zelfstandige naamwoorden... 4de druk, Amsterdam 1733).

toe, en niemand zal sulke niet toestaan, datmen moet schryven HET of DIT zoete kind; HET of DAT vuile beest. Maar, datmen in goed en beschaafd Duitsch zou seggen, MYN zoete kind, dat kan ik toch noch niet toestaan. eene tederhartige moeder mag op die wyze, met haare kinderen stamelende, spreek: maar uit die skoolle moeten wy onze regels niet haalen. immers zalmen by geen' goeden Schryver, sints veel jaaren herwaarts, vinden, ZYN wreede geweld, UW heerlyke bedryf, MYN scherpe zwaard, enz. ... Wy oordeelen dan, datmen na de Pronomina Possessiva, als Myn, Uw, Zyn, enz. de E so wel van achter de Bynaam- als Deelwoorden onveranderlyk moet wegserpen."<sup>7)</sup> Huydecoper onderskei hier duidelik tussen "schryven" en "seggen", lg. in beskaafde spreektaal, en aanvaar die lang vorm na het en dit/dat as korrekte skryftaaltvorm; is die kort vorm dan beskaafde spreektaal? Na die possessief is alleen die kort vorm in spreek- én skryftaal vir hom aanvaarbaar. Hy is die enigste wat daardie verskil aantoon en 'n mens vra jou af, in hoeverre was dit die algemene gebruik in die vroeë 18de eeu. Dit stem egter ooreen met die huidige gebruik, soos later aantoon sal word. Volgens Huydecoper het Vondel ook al daardie onderskeiding gemaak en net partisipia na 'n voorafgaende possessief verbuig, nie adjektiewe nie. Sy voorbeelde is egter nie steekhoudend nie, want in die kombinasie bepaling + adj. + en + adj. + subst. bly by 17de-eeuse skrywers byna altyd die eerste adjektief onverbuig, bv. "Uw laf en suffende gemoet", "zyn klam en glinsterende hoofd" ens. In teenstelling met Ten Kate eis hy dus na die possessief die kort vorm, maar hy stem saam wat betref verboë vorme na een, geen "dat onze taal, in die deel, noch niet geheel gezuiverd is"<sup>8)</sup> en gee voorbeelde ook van vooraanstaande 18de-eeuse skrywers soos A. Moonen en David van Hoogstraten. By hulle lees hy o.a. "Diens rug... en lange lyf", "Kaerels oude slot", "Zyn bekende pork", en by Ten Kate "op ons kleine stukje gronde." By die Bybelvertalers vind hy die verskynsel "zeer gemeen", bv.

7) B. Huydecoper, Proeve van taal- en dichtkunde..., Amsterdam 1730, pp. 192-193; kursivering van Huydecoper.

8) T.a.p., p. 193.



"een dorre lant", "een dorre en dorstigh lant" en herhaaldelik by attributiewe partisipia. "Hoe onder de schryvers zyn, hoe dit gemeener is. Wy wenschen dat die Dichters, die nu noch leeven, en naderhand onder de Besten van deezen tyd zullen geteld worden, hierop acht geeven, en ook deeze overblyffels der boersche oudheid geheel ten lande uydryven."<sup>9)</sup> Dis duidelik dat vir Huydecoper die lang vorm na een en die na possessief foutief, verouderd en boers klink.

Meer as 20 jaar vóór Huydecoper sy Proeve geskryf het, was A. Moonen en die skrywer van die Linguae Belgicae Idea Grammatica in 'n polemië oor die verbuiging van adjektiewe betrokke. Albei stem egter ooreen in die kwessie van onsydige adjektiewe na con: hulle is onverbuig.<sup>10)</sup> Hulle het niks oor afwykende neutra te sê nie maar impliseer dat neutra na het op -e eindig. Vir David van Hoogstraten is die onverboë vorm 'n kenmerk van die onsydige adjektief na een en het. Dit leer ons o.a. uit 'n opmerking soos die volgende: "Hier uit blykt dat de namen der steden (want dat teonen buiten de artikels ook de byvoegelyke woorden) onzydig zyn, als het volkryk Parys, ... het magtigh Amsterdam".<sup>11)</sup> En hy self gebruik een- en meerlettergrepige adjektiewe na het ens. in die kort vorm. J. Nylde gee feitlik dieselfde voorbeelde in sy Aanleiding tot de Nederduitsche taal,<sup>12)</sup> maar wel nérens uit oor die moontlikheid van kort monosillabiese adjektiewe na het nie. Sewel het meer te sê oor hierdie onderwerp: "Ontrent het Onzydig is insgelyke aanmerkelyk, dat hoewel men zegt, Een groot schaap, men nógtans ook gewoon is te zeggen, Dat groote schaap. Dus zegt men insgelyke, Een groen veld, en Dat groene veld. Een paersch kussen, en Dat paersche kussen. Een kleyn kind, en Het kleyne kind".

---

9) T.a.p.;, p. 194.

10) "Brief van A. Moonen... over de schetse der Nederduitsche Spaekkunst, onlangs in de Lat. tale uitgegeven" (1708) en "Brief aen den Heere Adriaen Reland... van den schryver der Linguae Belgicae Idea Grammatica; & c. tot rekenschap van de Aenmerkingen vanden Heer Arnold Moonen op dezelve Idea... (1709)", albei opgeneem in die vierde druk van Van Hoogstraten se Lyst der gebruikelykete zelfstandige naamwoorden...

11) Van Hoogstraten, a.w., p. 2.

12) Derde druk, Amsterdam 1723, p. 62.

Ook die superlatiewe eindig op -e.<sup>13)</sup> As voorbeeld van die paradigma onsydig skv. gee hy het vruchtbaar land. Al sê hy dit nie direk nie, moet ons aflei dat hy monosillabiese adjektiewe verbuig en die meerlettergrepiges nie.

Dit is dus net Van Hoogstraten en veral Huydecoper wat kort vorme na 'n voorafgaande bepaling erken; na het altans in die beskaafde spreektaal, na die possessief volgens Huydecoper ook in die geskrewe taal. Maar Valentijn gaan verder as al die grammatici en gebruik byna deurgaans onvertoë een- en meerlettergrepige neutra. Soos uit sy "Voorreden" tot Oud en Nieuw Oost-Indiën Dl. I<sup>14)</sup> blyk, was hy baie taalbewus en gesteld op sy kennis van tale. Steekproewe uit dele I en IV van die lywige werk stem ooreen met die verbuiging van adjektiewe voor neutra in die Simon van der Stel-dagregister wat deur Valentijn of sy korrektor blykbaar "verbeter" is. Valentijn maak in sy eie tekste sorgvuldige naamvalsonderskeidings en skryf gereeld die -en-uitgang in Datief en Akkusatief; maar slegs by hoë uitsondering verbuig hy 'n onsydige adjektief na 'n voorafgaande bepaling. In 'n fragment met 26 gevalle van neutra is slegs 6 verbuig. Absolute reëls vir verbuiging of nie-verbuiging is daar nie, altans nie na het, dit nie. Hy skryf nou "dit gansch eiland" (I, p. 40) dan "dit gansche eiland" (I, p. 51); "het gansch Werk" (Voorreden) en "het gansche Leger" (IV, p. 73); "het groot dorp" (I, p. 52) en "van het regte spoor" (I, p. 45); maar na die possessief gebruik hy deurgaans die kort vorm: "met zyn gansch lighaam" (I, 52); "zyn gansch geslacht" (IV, p. 74); "myn gansch Werk" (Voorreden). Twee- en meerlettergrepige onsydige adjektiewe bly altyd sonder die fleksieformans ("het voornaam dorp", "het bewoond eiland", "het steenig hoekje", "dit overspelig bedryf" ens.) By die monosillabiese woorde speel nóg die ritmiese kwessie nóg die fonologiese struktuur van die adjektiewe 'n rol.

Die fleksie van neutra in die werk van die predikant Valentijn

---

13) Wm. Sewel, Nederduytsche spraakkonst..., tweede druk, Amsterdam 1712.

14) Dordrecht 1724.

stem ooreen met die reële wat Huydecoper sewe jaar later geformuleer het. Moet ons daarvan aflei dat die kort vorme by Valentijn, ten minste dié na het, dit/dat uit die beskaafde spreektaal afkomstig is?

'n Aanduiding van wat die beskaafde omgangstaal moes gewees het, kry ons in die briewe van Johanne Maria van Riebeeck aan haar ouers.<sup>15)</sup> Haar vader, Abraham van Riebeeck, was toe Goewerneur-Generaal van Oos-Indië. Sy vertel in natuurlike geselskap van haar indrukke aan die Kaap tydens haar kort verblyf daar van November 1709 tot Maart 1710 op deursois na patria. Sy gee blyk van 'n goeie opvoeding en van beskaafdheid, soos in hierdie hoogste kringe van Nederland se amptenaars- en handelswêreld verwag kan word. Johanna ken slegs 'n verbuiging met en sonder -e as formans. Die onsydige adjektiewe na dit, dat, het ens. verbuig sy reëlmatig, bv. "het groote huys" (p. 64), "dit kouwe klimaat" (pp. 68, 79, 81, 86), "het warne bat", "dat warne water" (p. 89), "int lieve vaderland" (pp. 69, 112), "in dat swaarwichtige Ampt" (p. 64), "in mijne vorige briefje" (ekv., p. 93), "met het vorige schip" (p. 95). Slegs 4 keer kom onverboë vorme voor, nl. by 'n substantiewiese infinitief: "het stout spreken" (p. 76) - 'n taanlik frekwente verskynsel in die 18de eeu; die adjektief het hier nog 'n half adverbiale funksie -, voor 'n Franse woord: "door zijn goed comportement" (p. 95) en verder in "dat droefvigh afscheyde", "dit droefvigh afscheyden" (pp. 102, 107), wat uit 'n ander, meer verheue styl afkomstig is. In haar Mondprovisieboekje lees ons egter een keer "in het warrem water" (p. 134). Uit 'n totaal van 23 adjektiewe gebruik sy dus slegs 5 keer die vorm sonder fleksie-uitgang na 'n voorafgaande bepaling.

Hierdie briewe, wat altyd "met wat Caabse stooris vermenght" is, bevat heelwat spreektaalverskynsels, soos apokopee na stemlose frikatief by werkwoorde (bv. heef, geween), die enkelvoudsvorm van 'n werkwoord i.p.v. die meervoud of andersom (bv. groeyt i.p.v.

---

15) Briewe van Johanna Maria van Riebeeck en ander Riebeeckiana, uitgegee deur D.B. Bosman, Amsterdam 1952.

groeyen), die gebruik van dat as betreklike voornaamwoord by antedente van alle geslagte okv. en mv. Die geslag van selfstandige naamwoorde en die verbuiging daarenteen is byna altyd in ooreenstemming met "korrekte" Nederlands; slegs 'n paar afwykings is opgemerk: "in myne vorige briefje", "in dese kouwe kliemaat" (pp. 93, 95).

In die drie briewe van haar man is 2 uit die 6 onsydige adjektiewe sonder fleksieuitgang; in albei gevalle stem die struktuur van sowel die adjektiewe as die bepaalde substantiewe ooreen - albei pare begin met 'n onbekleemde lettergroep: "van het totaal gebrek", "na myn gering begrip" (pp. 100, 111); daarnaas vind ons "voor 't gemeene scheepsvolk", "het Gaapse gedruifs" (pp. 100, 84).

In die dagboek van die Amsterdamer Adam Tas,<sup>16)</sup> wat op 29-jarige leeftyd as vryburger aan die Kaap kom en hier 'n belangrike rol gespeel het, is die kort vorm by adjektiewe na het 'n uitsondering. Tas se aantekeninge uit 1705-1706 is in maklike styl geskrywe en gee blyk van sy opvoeding en breë belesenheid. Ons vind hier nie spreektaalverskynsels soos by Johanna Maria van Riebeeck nie. Van die 28 voorbeelde wat in die dagboek voorkom, is net 3 kort vorme, nl. "met zyn boosaardig wijff" (p. 8), "over zyn geheel lijf" (p. 72), "het bovenstaande goed nieuws" (p. 140); in 'n vorm soos "'t hoog water" moet 'n mens eerder 'n samekoppeling sien. Al dié ander adjektiewe voor neutra eindig op -e: "in't groote hok", "het onbeschofte wijf", "voor 't niese huys", "zijn lieve wijf" ens. As hy van "onze kleine Saartie", hul dogtertjie, skryf, word "Saartie" nie as 'n neutrum behandel nie. Voor substantiewese infinitiewe is die adjektief altyd (7 maal) onverbuig, "door 't gestadig hard rogenen" (p. 82), "over 't slegt opgeven", ens.

'n Paar vroeg 18de-eeuse blyspole bevestig die indruk dat die onverboë neutrum na 'n vooraangaande bepaling nie in die gewone spreektaal frekwent was nie. Pieter Langendijk stel in Krelis

---

16) Het dagboek van Adam Tas (1705-1706), uitgegee deur Leo Fouché, London 1914.

Louwen (1815)<sup>17)</sup> beskaafde en onbeskaafde sprekers aan die woord. Die adellike Ferdinand gebruik af en toe naas die verboë ook die kort vorm, veral by affektiewe taalgebruik: "op myn verliefd gemoed" (r. 48), "dat groot geluk" (r. 175); maar veral waar Kees as vorse Alexander vir die gek gehou word, maak die komediante van die onverboë vorm gebruik in hul hiper-deftige taal, waardeur die kontras met Keesje se Amsterdamse dialek nog komieser na vorse kom. Van die 23 voorbeelde is 6 monosillabiese neutra (op 1 na almal in die komedie) en 4 meerlettergropige adjektiewe onverbuig. Geen van daardie vorme word in die mond van Kees, Klaar of Alida gelê nie.

In Het wederzyds huwelijks bedrog (1714)<sup>18)</sup> daarenteen is die lang vorm 'n groot uitsondering. Lengendijk laat die meeste persone 'n letterkundig gekleurde taal met Franse stempel praat. Dit is duidelik dat die digter ook in die fleksie dus die kunsmatig deftige en gesofistikeerde houding van die persone wou aantoon. Omdat ons hier byna deurgaans die kort vorm kry, word ons indruk bevestig dat die onverboë onsydige adjektiewe na het ens. in die familiêre beskaafde spreektaal nie gangbaar was nie.

Beslikte swaantje<sup>19)</sup> is ten spyte van die klugtige boersheid in 'n beskaafde taal en taamlik streng jambiese verse geskrywe. Maar die normale neutrumuitgang is -e, 12 maal, teenoor 4 uitsonderings waarvan 2 in 'n lied (as aria gesing) voorkom.

Stylverskil vind ons ook in De Schoonste of het ontzet van Schevening<sup>20)</sup> deur Diederik Buisero, wat in 1717 verskyn het maar veel eerder geskryf is. Buisero was 'n gebore Hagenaar, maar die dialek wat hy in hierdie "blyspel" gebruik, was die tradisionele Hollandse toneeldialek van sy tyd; dit blyk uit 'n Haarlemse afskrif

---

17) Klass. Lett. Panth. 128, uitgegee deur C.H. Ph. Weijer, Zutphen s.j.

18) Klass. Lett. Panth., uitgegee deur F.A. Stoett, Zutphen 1927.

19) Deur A. Alewyn, Amsterdam 1715.

20) 's-Gravenhage 1717. Vgl. ook die hernitgawe deur K. Heeroma, Amsterdam 1963.

van die oorspronklike teks wat verlore gegaan het.<sup>21)</sup> Die uitgawe van 1717 is sterk gewysig deur die uitgewer soos dié self in sy voorwoord te kenne gee: "Zoo dient tot onderrigting diesaangaande, dat, de uitspraak van sommige woorden by de Schevelingens, en wel voornamentlyk de Vrouwlieden geheel verscheide zynde van die van onze opregte Nederduitse Tale, het ons ook niet onfaartig toescheen, dezelve door eene letterverwisseling, ofte eenige klankteekens aan te toonen, om die bequameelyk op hunne wyze te doen uitspreken." Aan die verbuging het die uitgewer afgesien van 1 geval niks verander nie. Die vissers en vroue besig altyd die verboë neutrum: "het heële Dûrp" (r. 337), "het heele strandt" (r. 156) ens., terwyl die seegod Triton in die druk van 1717 so "in dat groot Vlek" (r. 25) - teenoor die Haarlemse teks "in dit groote dorp" (r. 29) -, en die Held by herhaling onverboë vorme gebruik: "in dit schriklyk avontuur", "in dit groot govaer", "van 't vervaarlyk monster" (r. 520, 531, 589) in albei tekste. Ligthart, die "Knegt van Hans", probeer ia sy twis met Jeroen sy teenstander uittart met die spotwoorde: "Maar Bolk vangertje, met jou blaeuw gutsje, kom jy eens hier" (r. 424) waar die taalgebruik kennelik emosioneel is. Uit 'n totaal van 10 monosillabiese adjektiewe is 3 sonder buigingsformans in die stuk.

Ook in Het Leidsche Studentenleeven van J.J. Mauricius<sup>22)</sup> kom onverboë monosillabiese neutra slegs in enfatiese taal voor, bv. "dat is 't recht studentenleeven / wat meenen wij een heerlijk Beel te slaan!" (p. 15); "Wat wil het ras op dat oud ijs van gistren vriezen!" (p. 16), of die uitroepe "dat duivelsch gat" (p. 21) "Jou rechte ligtekooi! ... jou eerloos vel!" (p. 24). Maar die boer kla "och! men arms wijf" (p. 35). Vorme soos "dat eerlijk hart" (p. 26), \* 't waereldsch goed" (p. 33) kan byna as vaste verbindings beskou word.

Ander klugte soos die Rotterdamse stuk van 1719 Het toevalligh

21) Heeroma, Inleiding p. 6.

22) Kluchtig blyspel 1717. Programma, Feestviering in den Schouwburg ter Gelegenheid van het Vyftigjarig Bestaan van het Leidsche studentencorps.

bedrog mislukt e.a. is in die tradisionele klugtedialek geskrywe en bevat geen voorbeelde van onverboë neutra nie.

In die hekelende prosastukke van Zedige snaakery, of snaakche zedicheyt, bestaande in geestelyke en vleeslyke geboorte- huwelyk- en lyksermoenen...<sup>23)</sup> wissel die toon - en die verbuiging - van oordrawe deftigheid tot enfatiessie omgangstaal. Die pastoor wat "Een zoer Heerlyk en deftig sermoen uytgesproken op het Feest der H. Driekoningen A.o. 1314" hou, gebruik die "hoogdrawende" styl wanneer hy oor die heiliges praat, maar word "gemcensaam" as hy een van sy toehoorders sien "den ganschen tyd te leggen gapen... terwyl ik een geslage uur als een Gek op den stoel sta en spreek" (p. 86). Slegs een keer kom 'n onverboë monosillabiese neutrum voor wat egter ook 'n samekoppeling kan wees: "het groot Autaar" (p. 73). In die stukke op rym daarenteen kom onverboë vorme voor soos "van het oud en koud / gebruyk", "het klinkend woord", "het goed genoeg" ens.

Dit wil dus voorkom - altans volgens hierdie tekste - of die onverboë onsydige adjektief in die eerste kwart van die 18de een nie deel van die omgangstaal was nie. Des te verrassender is Van Effen se stukke in die Hollandsche spectator uit die dertiger jare. "Tijdsbuurs Os" bv. is in 'n baie natuurlike praattraant met dialektiese inslag geskrywe; maar van die 5 onsydige adjektiewe is 4 onverbuig: "op 't goed sukses", "dat groot beest", "het koel weer", "dat gelukkig oogenblik", naas "het heele smeer". In die "Burgervrijage" van Kobus en Agnietje daarenteen bly die monosillabiese adjektief slegs 1 maal onverbuig teenoor 15 verboë vorme, en die meerlettergrepige is 8 keer sônder, 4 keer mët fleksieformans. Die "Conversatie in Trekschuiten", in ligte, vlot skryftaal, bevat 'n enkele verboë vorm naas 3 een-, en 6 meerlettergrepige adjektiewe sonder buigingsaffiks. Uit die veertiger jare dateer waarskynlik ook Langendijk se postume stuk De spiegel der vaderlandsche kooplieden<sup>24)</sup> met die opvallende voorkeur vir

23) By een gebragt door een zedige snaak, Dl. I, 's-Gravenhage 1728.

24) Uitgegeve deur C.H. Ph. Meijer, 5de druk, Klass. Lett. Panth., Zutphen s.j.



verboë onsydige adjektiewe. Van 13 voorbeelde mis net 3 die buigingsformans: "op uw los en overdadig leven" (p. 11), "uw kostelyk huisraad" (p. 65) en "al je gesuikerd poppenwerk" (p. 98); al drie kom voor in emosionele of enfatiëse taalgebruik. De Vooys beskou hierdie stuk as die bron wat "ons die meeste gegevens verschaft voor die toenmalige omgangstaal onder Amsterdamse gezeten burgers."<sup>25)</sup>

De volmaakte Hollandsche keuken-meid... "Beschreven door Eene voornaame Mevrouw onlangs in 't Gravenhage overleeden"<sup>26)</sup> is gedruk "volgens haar eigen Handschrift", maar die uitgewer het dit nodig geag om "dit doorwrogt Werkje" hier en daar te verbeter. "De grootste verandering", sê hy in die "Opdragt", "bestaat in een verbeetering van schikking en spelling; ... en de verbeetering der spelling was ook zeer nootzakelyk; dog men benadeelt de Eer van die deftige Mevrouw daar door niet, want men weet wel dat Vrouwen van geboorten zig zelden daar op toelaggen..." (Bedoel hy met "schikking" ook "verbuiging"?). Vergelyk met die Huishoudelyk woordboek van 1743<sup>27)</sup> bevat dit nog baie spreektaal-elemente en is dit allesbehalwe sistematies in spelling en verbuiging. Onsydige adjektiewe is seldezaam en kom met en sonder buigingsuffiks voor, bv. "dit doorwrogt Werkje" - "dit beroemde Werkje" (Opdragt), "het gerookt vleesch" (p. 12) - "het gesneden en geprepareerde vleesch" (p. 26); "het groot banket kan men in schotels... en het kleine in fruitschaalen... opdischen" (p. 136). Oor die algemeen is daar 'n voorkeur vir kort vorme; die komparatief bv. is altyd onverbuig in ooreenstemming met die gewone 18de-eeuse gebruik. Die deftige en pretensiëuse Huishoudelyk woordboek

25) De Vooys, Geschiedenis van de Nederlandse taal, p. 130.

26) Amsterdam 1746.

27) Huishoudelyk woordboek, vervattende vele middelen om zyn goed te vermeerderen en zyne gezondheid te behouden... Door M. Noel Chomel, priester en pastoor der Parochie van St. Vincent te Lyon. In't Nederduits vertaald, in orde geschikt, en vermeerderd met nuttige Artikelen, door de Heeren Jan Lodewyk Schuer, Uitgever van 't Groot Algemeen Woordboek, A.H. Westerhof..., Dl. I en II, Leyden en Amsterdam 1743.



sluit aan by Valentijn se verbuiging van neutra en gaan selfs verder, want al die gevalle wat in die steekproewe gevind is, het geen buigingsformansie, bv. "van 't groot Hospitaal in Lyon" (I p. 4), "'t groot Woordenboek" (I p. 6), "dat schoon geheim" (I p. 4), "Men onderscheidt het goed van kwaad yzer" (I p. 1408), "tot zyn tydelyk en lighaamlyk, ja ook geestelyk nut" (I p. 3), "nu sproetig Aangesicht (I p. 5), het bovengenoemd drinkbaar Goud of algemeen Genees-middel" (I p. 259), "dit gebrand Koper" (I p. 449), "'t smedig yzer" (II p. 1408) ens.

Baie ordinêre taalgebruik met heelwat volkstealvorme maar 'n adnominale verbuiging soos dié van die huidige ABN vind ons in Het koddig en vermakelyk leven van Louwtje van Zevenhuizen, of het schermaschool der huislieden... deur Gerrit van Spaan. <sup>28)</sup> Die meerlettergropige adjektiewe bly af en toe sonder fleksieformans. Die enigste opmerklike vorm kom in die "Winnedig" van die verliefde Louw voor: "Mariana zoete diertje, / Die een gloed en hevig viertje / In myn boezem hebt gestookt, / Dat gestadig smeult en smookt" (p. 17). Ons kry uit hierdie boek weer die indruk dat onverboë neutra in die minder beskaafde spreektaal feitlik onbekend was.

'n Paar sporediese onverboë vorme vind ons in die ongekunstelde dagboek van 'n dorpseun op een van die Noord-Hollandse polders uit die jaar 1771. <sup>29)</sup> Daar is bv. 'n adverbiaal gekleurde kort vorm infinitief: "door het sterk sneeuwe dat het die winter dede (.) het sneuwe die winter in January eens 24 ure anmenkander" (3/34), en "het ander lant" (3/33), 'n vorm wat in die 18de eeu taamlik frekwent is. Origens word al die neutra verbuig. Wanneer hy skryf "met eenstywe kouw wint" is hierdie kort vorm moontlik die gevolg van elisie voor die volgende w-klank.

Die verbuiging van die neutra in die Sara Burgerhart kom soos 'n verrassing, want daar kry ons byna ewe veel kort as lang vorme. Die totaal voorbeelde uit 43 briewe is 85, waarvan die eenletter-

---

28) Rotterdam 1752.

29) Fotokopie van die Hs. in besit van die Dialectbureau, Amsterdam.

grepige neutra 17 keer s6nder, 22 keer m6t buigingsuffiks, en die meerlettergrepige 36 keer sonder, 10 keer met suffiks verskyn. Dis moeilik om 'n sisteem in die al-of-nie-verbuiging van mono-sillabiese adjektiewe te ontdek; die kort vorm oorweeg egter by affektiewe taalgebruik, terwyl by gewone beskrywings in vertel-briewe die lang vorm gewoon is. So skryf Saartje in haar woede: "Je suis enrag6e, op het oud Wyf -, op myne Tante" (Nr. 10) en Hendrik Edeling in sy besorgdheid oor Sara wat met die Heer R. uitgegaan het, roep uit: "het arm, arm meisje!" (Nr. 126). In die meeste gevalle waar emosie 'n rol speel, sy dit verontwaardiging, blydskap, verliefdheid, opwinding, kry ons kort vorme by Sara, Edeling, maar minder by Blankaart. Die bedaarde Anna Willis, wie se briewe telkens kommentaar op en berig van gebeurtenisse verskaf en so 'n bietjie die rol van die verteller moet speel, gebruik slegs verbo6 monosillabiese neutra; ook die meerlettergrepige adjektiewe verbuig sy by voorkeur, net in opwindende of verbewe oomblikke val die buigingsformans weg.

Uit die Sara Burgerhart moet ons aflei dat die onverbo6 on-sydige adjektiewe (veral die eenlettergrepige) wel in die beskaafde omgangstaal van die laat 18de eeu in emfatiess en affektiewe taal-gebruik bekend was in teenstelling met die gebruik aan die begin van die eeu. Of is die Sara Burgerhart en soortgelyke geskrifte net uit 'n ander taalsfeer as ons vroeg 18de-eeuse tekste? Moes die skryftradisie eers meer los raak van die klugtetaal enerayds en die liter6re styl andersyds om die gebruik van hierdie vorme in maklike prosa moontlik te maak? 'n Bergelike argument word weerl6 deur die styl van Langendyk se blyspele - al skryf hy nog nie prosa nie - en deur Ten Kate se taalbeskrywing. Hy sou seker melding gemaak het van di6 verskynsel as dit in die "gemeenzame" styl voorgekom het. Dat Huydecoper beswaar aanteken en die gebruik van kort vorme verdedig, lewer nog geen bewys daarvoor dat dit wel in die familier-beskaafde omgangstaal gangbaar was nie. Huydecoper was te klassiek geori6nteer en te veel van 'n taalreglementeerder terwyl Ten Kate meer 'n taalbeskrywer was, wel nie in die huidige sin nie.

Die meeste ander 18de-eeuse grammatikas mis oorspronklikheid en gee ook nie 'n betroubare beeld van die lewende, veral die gesproke taal nie. Jan van Belle volg in sy Korte Wegwyzer, ter Spel- Spraak- en Dichtkonden (Haarlem 1748) eers Sewel se voorbeeld na, maar sy Korte Schets der Nederduitse Spraakkunst (Haarlem 1755) baseer hy heeltemal op Lambert ten Kate. Kornelis van der Palm gee in die Nederduitsehe Spraakkunst voor de Jeugt Dl. II (Rotterdam 1769) vir onsydig ekv. net die verboë vorm "het jonge Paerdt" sonder alternatief. Matthias Kramer se grammatika was blykbaar baie gewild, anders sou die werk nie so dikwels heruitgegee gewees het nie. Die latere uitgawes kan egter nie meer op rekening van Kramer gestel word nie, al verskyn hulle nog lank na sy dood onder sy naam.<sup>30)</sup> In die uitgawe van 1755<sup>31)</sup> verskyn in die paradigma vir onsydig ekv. weer Sewel se voorbeeld; die uitgawe van 1774 daarenteen is 'n vooruitgang en gee blyk van groter selfstandigheid. Hierdie Vollkommene niederdeutsche oder holländische Grammatik für diejenigen hochdeutschen Staats- Handels- und Kriegsleute, ... (Leipzig) gee die volgende paradigmas:

Nominatief: het goede (goed) Kind

Genitief: des goeden Kindes, oder van het goede Kind

Akkusatief: het goed Kind

Ablatief: van het (goed) goede Kind.

Is die bewerker van hierdie Kramer-gramatika alreeds vollediger as sy voorgangers of het die onverboë gebruik teen dié tyd meer algemeen geword in die beskaafde daaglikse omgangstaal? Die gegewens uit ons tekste steun eerder die tweede moontlikheid. Ook is die boekie opgestel om allerlei soorte vreemdelinge ("Staats- Handels- und Kriegsleute, als auch andere, welche diese Sprache in kurzer Zeit ... richtig lesen, verstehen und reden ... wollen") met die omgangstaal vertrouwd te maak; dit is dus suiwer beskrywend van taaltoestande soos hulle deur 'n vreendeling waargeneem word en is nie 'n spraakkunst wat vir puristiese doeleindes saangestel en gebruik

---

30) Vgl. De Vooy, Verzamelde taalkundige opstellen III, Groningen 1947, p. 266.

31) Neue Holländische Grammatik... Nieuwe Hollandse grammatica..., Amsterdam 1755.

is nie. Die Beknopte Aanleiding tot de kennis der Spelling, Spraakdeelen, en Zintekenen van de Nederduytsche Taal wat "ten dienste van Mingevoorderden, naar den nieuwen smaak" opgestel is,<sup>32)</sup> het oor die wisselvorme niks te sê nie. Na het volg die adjektief met die buigingsuffiks -e. Hierdie boekie is ook net vir "mingevoorderden" bedoel vir wie die verskeidenheid van die lewende taalgebruik dalk verwarrend sou wees.

Lambert ten Kate het al aan die begin van die een 'n mening geformuleer wat die hele periode kenmerk: "Daerenboven, vermits bij eene zelfde Redevoering al de zaken niet even hoogdravend nogt' even deftig zijn, zo komt gevolglijk een vermenging van Stijl en onderscheidene gedaente van Valbuiginge niet ongevoeglijk. Immers ik sou 't voor Wijsheid aanzien, wanneer iemand zijn Stijl gevoeglijk weet te laten dalen en rijzen, na mate dat de waarde der zaken af en toe-neemt, en de agting en aendagt van den toehoorder of lezer behoort te minderen of meerderen."<sup>33)</sup> By goeie skrywers soos by Wolff en Deken is die veranderlike verbuiging 'n doeltreffende stylvariasie, maar seker ook 'n weergawe van die gesproke taal.

## II Die adjektief voor 'n manlike persoonsnaam

Ten Kate - en ná hom byna al die ander grammatici - onderskei tussen bv. "een groot man" en "een groote man" waar e.g. beteken "iemand van groot bedrijf of bestier" en lg. "een die hoog en breed van statuer is".<sup>34)</sup> In verreweg die meeste 18de-eeuse tekste is manlike persoonsbepalings in Nominatief en Akkusatief onverbuig; 'n verboë vorm in dié posisie en funksie is seldsaam. Die verboë vorme vind ons byna altyd in 'n taalsituasie met neerhalende, spottende of kleinerende toon. In Krelis Louwen bv. gebruik beskaafde en onbeskaafde sprekers die vorm sonder -e waar

---

32) Ter Uitgave opgesteld door Klass Stijl (en Lambertus van Bolhuis), Groningen 1776.

33) Aanleiding I, p. 335. Vgl. ook Ten Kate se "Aenmerking by Waerneming 92 van C.P. Hooft (Aanleiding I, p. 739).

34) A.w., p. 367.

'n waardering uitgespreek word soos "een eerlyk man", "een kloek soldaat", "een machtig koning", "een braaf komediant". Waar Klaar vir Ferdinand sê: "Myn heer je bent een groot Poëet" en die plan vir 'n komedie gemaak word, wil sy kneg Filippyn ook meedoen: "Gans bloed! wat meen ik mee te veegen, en te likken: / 'k Ben mee een hallevé poëet". Kees self gebruik kort vorme: "je bent een schiklyk borst"; naderhand word hy kortaig "dat ik een hiel groot kenning ben", maar hy kyk met vrees en veragting na "een zwarte moriaen", "een zwarte vent". Veragting spreek ook uit Ferdinand se opmerking oor Kees: "want 't is een groeve domme bloed". Die studente en selfs die dialektapreker Kees in Het Leidsche studentenleeven gebruik herhaaldelik die kort vorm, bv. "Je bent ... een braaf slag van een vent" (3 maal), "met een eerlyk man" (2 maal), "een eerlyk mensch", "dat is meê zo'n hiel verstandig man"; maar emfaties en emosioneel is "ik bin ien armen boer", "je bent ... een ouwen Rammelaar". In Beslikte Swaantje kom ons 3 keer verboë vorme teê ("Robert heeft een ryke vaêr", "Het is een rechte fymelaêr", "het is een rechte snaak") teenoor 1 keer "je bent een heel goet praater". Langendyk skryf in sy Spiegel der vaderlandsche kooplieden gewoonlik die kort vorm (3 maal): "een deftig aanzionlyk Heer", "een slecht makelaar", "een oprecht jongman", maar "je zyt een arme bloed", "een ouwe kennis". Ook in die Sara Burgerhart kom ons alleen vorme op -e teê waar afkeuring of spot uitgedruk word. So skryf Blankaart "Ik ben een ouwe gek" (Brief 136); Edeling beskou die Heer R. as "een geweldigse Deugniet" (Brief 126). Die normale vorm is dié sonder fleksieuitgang: "een eerlyk edelmoedig man", "een fatsoenlyk student", "een hupsch jongman", "een niets beduidend oud Vryer", "een fraai jong Heer", "een braaf man", "een minzaam Vader", ens. In die Datief en Akkusatief word die soort woorde soms ook verbuig. By Adam Tas speel die affektiewe waarde geen rol nie; by spot, goedkeuring en bewondering skryf hy die kort vorm (13 keer), bv. "geen goet profeet" (p. 68), "een braaf onderling" (p. 80), "een arm man", behalwe by tiperende eiename (kromme Piet) en voor zoon

(bv. "een jonge zoon", 2 keer).

Lambert ten Kate wy 'n taamlik lang stuk aan die bespreking van die verskynsel en vind dit nogal moeilik "om algemeene Regelen en Verdeelingen uit te vinden op zulke duistere, en wijdutgestrekte zaken" (p. 367). Onverbuig bly "Onze Personalia, die in ons het denkbeeld van een Amptenaar, Bedrijver, Bestierder, of Dienaar verwekken, naamlik die -ER of -AER of -IER of -LING tot een toegevoegde terminatie hebben (als ARBEIDER, LEERAER, ...) waar bij ook te voegen zijn onze Woorden KONING, ... MEESTER, KNEGT en ONDERDAEN, VRIEND en VYAND, en HUISVADER, als mede MAN, KAREL, en MENSCH (so het laatste als Mascul: aengezien word), gelijk ook PERSOON..."; en selfs waar die deftige styl onderskei tussen "een groot man" en "een groote man", lg. as 'n aanduiding van ey voorkoms, word in die "gemeenzame stijl" die "Verkorting (als VAN EEN' GROOT' Man)... meest gebruikt", omdat die "minder gemaekt klinkt" (p. 367). Maar nie al die persoonsbepalende manlike adjektiewe is onverbuig nie; daar is 'n groepie manlike persoonsname soos Zoon, Jonge, Broeder, Reus ens. wat 'n verboë adjektief vereis, dus "een jonge zoon" (p. 367). In die tekste kom hulle inderdaad ook so voor. Hierdie onderskeidings was alreeds in die 17de eeu bekend en het probleme geskep vir die grammatici en vir Kooft.<sup>35)</sup> Die onverboë vorm is 'n regstreekse voortsetting van die oorspronklike sterk vorm in Nominatief manlik ekv. In die 16de- en 17de-eeuse taal is ook die vorm op -e gebruik; in sommige gevalle was die -e egter nie buigingsformans nie maar 'n ou stamuitgang, bv. in ryke, soete. Die 18de-eeuse taal onderskei hom dus van die taalgebruik van die vorige eeu deur 'n intensiewer gebruik van uitganglose manlike persoonsbepalende adjektiewe na een, goen ens. in subjeks- en objeksfunksie.

### III Stofaanduidende adjektiewe

Die verbuiging en gebruik van stofaanduidende adjektiewe toon 'n duidelike patroon wat dié van die laat 17de eeu voortsit.

---

35) Vgl. Waarnemingen 28 en 29.

Adjektiewe soos houten, linnen, koperen ens. eindig by "sommige schrijvers, en zelf bin zulke die roem hebben, en ook roem verdienen, voornaemlijk bij de hedendaegsche" - soos Lambert ten Kate 'n bietjie teſinnig moet erken - dikwels op -e met verlies van die stam-n, dus kopers, houte ens. "in de Verbogene Casus" (p. 377). In ekv. en mv. is die uitgang dus die stam -en of -e met geapokopeerde -n. Dit is taamlik algemene gebruik; vorme soos houtene klink gekunsteld en verouderd en kom selfs in literêre geskrifte selde voor. A. Moonen eis dat die meervoud "door het verwerpen der leste N" gevorm moet word.<sup>36)</sup> Ten Kate sien egter "zulk een verkort schrijven aan voor een Insmelting, die ingevolg word, om aan de daeglijksche Spreektael te meer te gelijken; want dewijl onze Spreektael niet gewoon is de N agteraen die klem- en Zaeklooze Silben voort te brengen, zo heeft ze noodwendig tot die Insmelting moeten vervallen, zo dra die Participia tot Adjektiva's overgingen. Ook is in Dichtmaat die afknodsing verschoonlinker, om dat de dubbelstaertigheid daer t'onpas komt."<sup>37)</sup> Huydecoper kritiseer Van Hoogstraten omdat dié "een staal wapen" wil voorskryf analogies met "een sterk wapen", daarnaas egter "het stale wapen". Ook Moonen word verwyd dat hy "den bal misslaat" met sy stoflike adjektiewe met geapokopeerde slot -n voor vroulike substantiewe. Op Moonen se argument: "Men zegt eene Aerde kruik, eene Tinne schotel, eene Koperse kroon" ens., antwoord Huydecoper: "maar wy zeggen, dat hier weder het zeggen niet geldt, want men zegt ook een Aerde pot, een Tinne beker, een Koper beeld". Hyself het vroeër verkeerde vorme gebruik, maar nou moet 'n mens skryf zilveren, marmeren, koperen ens. "zonder eenig onderscheid in Getalen of Geslachten. Dit, oek van Plantyn en Kiliaen altyd waerge-nomen, zy ons voortaan eene staalen wet."<sup>38)</sup> Hiermee het die "taaldespoot" die wet bepaal wat ook nog in die 19de een stiptelik gehoorsaam word.

---

36) Moonen, Hederduitsche Spraakkunst, Amsterdam 1706, p. 112.

37) Ten Kate, a.w., I p. 377-378.

38) Huydecoper, a.w., p. 351.



Die Huishoudelyk woordboek gebruik bv. "in een ander aarde pot" (I, 5), "in een kleine aarden Pot (II, 1409), "in een aarde Schotel...", "met een houte lepel" (I, 5), "met een yzere Staaf" en "met de yzere Staven" (II, 1408, 1409) ens. Die Hollandsche keuken-meid ken alleen vorme op -e, "in tinne schotels", "op een houte bort", "een linne doekje" ens.

Ten spyte van Huydecoper se reëls is die "onverboë" stof-aanduidende neutrum in die 18de eeu nog taamlik frekwent. Valentijn skryf "uit zyn goud doosje" (IV, 74), "1 zyer stuk (II, 152) en Johanna Maria van Riebeeck "een klein koper doppie" (p. 132) naas "Een Eysere hongseltje" (p. 135). In De Schoonste word gepraat van "dat yzere wamme" (r. 197). Glaucomastix beskryf "een rond ijzer beugeltje dat om het hoofd sluit".<sup>39)</sup> In 'n Kaapse "Journaal van eenen landtogt" met H. Swallengrebel in 1776, in suiwer Nederlands opgestel deur die Kapenaar Pieter Cloeten,<sup>40)</sup> lees ons "een koper hart" (p. 5) en een keer selfs by 'n de-woord "dat is Zout R(ivier)", anders altyd "de Zoute R(ivier)". Mej. N. Bakker gee 'n hele reeks voorbeelde van dergelike neutra uit 18de-eeuse tekste,<sup>41)</sup> bv. "een blik kannetje" (1784); "een klein blik vosje" (1787); "in een zyer mesje" (1719); "een koper pennetje" (1786) e.a. Hierdie "kort" vorme is egter beperk tot die bepalinge voor het-woorde. Voor de-woorde is hulle uiters seldsaam.

#### IV Adjektiewe en ander woorde op -er

Byvoeglike woorde met die onbeklende uitgang -er soos ander, zeker, bitter, dapper, donker ens. moet volgens Ten Kate, Sewel en ander grammatici soos gewone adjektiewe na gelang van geslag, getal en naamval verbuig word. Dit is dan ook die gebruik in alle literêre en die meeste ander tekste van die 18de eeu. In reis-

39) Ophelderingen en Aanmerkingen over de vermaarde Psalmberyminge van Petrus Dathenus... door Juvenalis Glaucomastix, Beschermer der verdrukte Onnoozelheid. 1758.

40) Godde Molsbergen, Reizen in Zuid-Afrika, Dl. IV, Linschoten-Vereeniging XXXVI, 's-Gravenhage 1932.

41) "Aantekeningen bij een paragraaf uit Gerlach Royens buigings-verschijnselen", Leuv. bijdr. XLVII, Nr. 1-2.



joernale en nie-literêre tekste kom ons hier en daar in aansluiting by die 17de-eeuse vorme 'n onverboë ander teë (bv. "een ander Heeger", "een ander dag reijensa" - Van der Merwe, Scheepsjoernaal..., pp. 200, 203; "de ander Doctor", "in een ander aarde pot" - Huishoudelyk woordboek, pp. 4, 5); "het ander land" - Dagboek v. dorpseun); zeker is, veral in verbinding met 'n manlike persoonsnaam, dikwels onverbuig in subjeks- en objeksfunksie. Adam Tas skryf bv. "zeeker man", "zeeker franschman" (pp. 32, 100), maar daarnaas ook "een wacker steenbraassem" (p. 44). Onverboë adjektiewe op -er is egter betreklik seldsaam behalwe voor 'n neutrum. In verbindings soos "het helder licht", "het/dit/dat donker gat", "dit donker hol" tref ons herhaaldelik in alle soorte geskrifte die -g-lose vorm aan.

Die komparatief daarenteen is soos in die 17de eeu volgens die voorskrifte van grammatici en in die praktyk van literêre en nie-literêre skrywers deurgaans onverbuig. Ten Kate stel dit eksplisiet: "Hogtans wil 't gebruik onzer Tale dat de Comparativus onverbuigsaem blyve in alle Genera, zo wel in Singul: als in Plur: niettegenstaende de Positivus en Superlativus even als de andere Adjectiva in de verbuiging behandelt worden. Op wat rede dit gebruik steunt, of waar uit het bij ons gesproten zij, heb ik nog niet konnen begripen."<sup>42</sup>) Orals lees ons vorme soos "twee kleinder schotels", "het hooger einde", "een lager sandhoek" ens.

Die 18de-eeuse adnominale verbuiging is dus byna "modern". Dit verskil van die hedendaagse ABN-fleksie in die volgende opsigte: (1) die frekwente gebruik van onverboë eenlettergrepige onsydige adjektiewe na het, possessief en demonstratief in bepaalde stylsoorte; (2) die frekwente gebruik van kort vorme van onsydige stofaanduidende adjektiewe; (3) die byna reëlmatige gebruik van onverboë vorme voor manlike persoonsname na voorafgaande een; en (4) die onverbuigbaarheid van komparatiewe en speradiese defleksie by ander byvoeglike woorde op -er in die onbeklemde uitgang.

---

42) Ten Kate, a.w., I p. 328.

V Die neëntiende eeu

In die skryftaal van die vroeë 19de eeu bly die buigingsreëls van Hoonen en Huydecoper gesaghebbend veral deur die steun van Siegenbeek met sy hiper-deftige skryftrant, en later ook deur H. de Vries. Die meeste skrywers en welsprekende predikante gee uiting aan deftigheid o.a. deur hul voorkeur vir ou buigingsvorme.<sup>43)</sup> Die opvallendste vorme is die adjektiewe op -en wat almal onderwets verbuig word. Die eg romantiese Aernout Drost bv. skryf: "met verhevenen ijver", "de gestalte dier verhevene wezens", "het gebogene hoofd", "van Hermingard's bedrevene hand" ens. Ook is die onsydige adjektiewe ná 'n bepaling by voorkeur kort by een- en meerlettergrepige adjektiewe.

In dieselfde jare skryf Siegenbeek se tydgenoot Jacob Geel natuurlike "styl in huiwgewaad". Soos in al die ander 19de-eeuse geskrifte vind ons ook by hom die -en-vorme in Datief en Akkusatief, maar origens verskil sy verbuiging in niks van die hedendaagse nie. Die kort neutra is by hom 'n uitsondering. In 'n fragment uit "Over het reizen" gebruik hy net 5 onverboë neutra in posisies waar hulle ook vandag so sou voorkom, en verder 18 lang vorme. Geel word veral deur die jonger geslag bewonder en nagevolg. By Beets vind ons dan ook 'n sekere verwantskap. In sy verbuiging van neutra maak hy egter nog meer van kort vorme gebruik as Geel. Na het, dit/dat is die lang vorm frekwenter, gemiddeld staan ± 25 lang teenoor ± 15 kort vorme in sy sketse. Maar na die possessief is die lang vorm 'n uitsondering. In Potgieter se prosa, bv. "Een dag te Kleef", is kort vorme bra seldsaam na die bepaalde lidwoorde en demonstratief.

By adjektiewe voor manlike persoonsname kom die "sterk" vorm nog dikwels voor; veral voor man, heer, mens en nomina agentis is hulle byna algemeen. Maar tog lyk dit of die kort vorme nou minder frekwent is as in die 18de eeu. Dit is gedeeltelik daaraan te wyte dat ook in die ligter literatuurstyl daar noukeurig tussen

---

43) De Vooye, Geschiedenis van de Nederlandse taal, p. 159.

Nominatief en Datief of Akkusatief manlik ekv. onderskei word; in die objeksfunksie word dus ook die persoonsbepalende manlike adjektiewe na een verbuig.

Die "kort" stoflike adjektiewe na een voor onsydige substantief ken ook Beets, bv. "een silver horloge", "zijn goud horloge" ens. Ander voorbeelde uit tekste van vóór 1850 gee mej. Bakker in haar reeds genoemde artikel: "'t staal rapier" (1843), "zijn staal gebit" (1812) e.a.; maar die "normale" vorm, ook by Beets, is dié op -en voor de- en het-woorde, ekv. en mv.

Naas die onderwetse fleksie by Siegenbeek en sy skool bestaan daar dus al voor 1850 'n attributiewe verbuiging in die bekanaafde spreek- en skryftaal wat - afgesien van die n-kwessie - ooreenstem met die hedendaagse sisteem. Deur die spellingstryd van Kolléwijn, De Vooye e.a. is ook hierdie verskil tussen geskrewe en gesproke taal uiteindelik verwyder.

A F D E L I N G   I I

DIE BYVOEGLIKE VERBUIGING IN AFRIKAANS

## HOOFSTUK V

### DIE BYVOEGLIKE VERBUIGING IN HEDENDAAGSE NEDERLANDS EN AFRIKAANS

Tot dusver is die ontwikkelingsgang van die Nederlandse adnominale fleksiesisteen beskrywe. Voordat ons die geskiedenis van die Afrikaanse verbuiging en sy verhouding tot die Nederlandse kan nagaan, is dit wenslik om eers die hedendaagse toestand in die twee tale te beskrywe. Trouens, ons is alleen hier op veilige gebied omdat ons met lewende en kontroleerbare primêre taalgebruik kan werk, terwyl ons by die historiese ondersoek van 'n sekondêre, nie altyd betroubare, weergawe van taal afhanklik is. Uit 'n teenoormekaarplasing van die hedendaagse stelsels sal die ooreenkomste en verskille in die fleksie van die twee tale duidelik blyk. Historiese aspekte sal ek daarby so min moontlik ter sprake bring omdat die geskiedenis van die Afrikaanse verbuiging nog moet volg. In teenstelling met die eerste deel van hierdie studie het vir die beskrywing van die Afrikaanse fleksiegeskiedenis die retrogressiewe metode doeltreffer gelyk. Daarom het hierdie hoofstuk 'n dubbele funksie: dit is 'n sluitstuk vir die eerste deel en uitgangspunt vir die ondersoek in die tweede.

Uit die aard van die saak word in die volgende beskrywing net rekening gehou met die vorme van die adjektief soos dit in attributiewe gebruik voorkom. Alle ander aspekte van byvoeglike verbuiging val buite die kader van hierdie oorsig.

By die beskrywing van en die Nederlandse en die Afrikaanse fleksie val die klem op die beskaafde spreektaal; tipies literêre en skryftaalvorms sal ek daarom nie of net terloops noem.

#### I Die verbuiging in Nederlands

Die meeste Nederlandse attributiewe adjektiewe het twee vorme, een sonder en een met 'n /ə/ in die aansluit.<sup>1)</sup> Of die

---

1) Hierdie /ə/ is buigingsmorfeem, en nie naamvalsvorm of deel van die stam nie.

attributiewe adjektief 'n buigingsmorfeem het of nie, hang af van die daaraan voorafgaande bepaling en die genus van die volgende substantief, of in sekere gevalle van die struktuur van die adjektief self, soos hierna sal aangetoon word.

#### 1. Onlangse studies oor die Nederlandse verbuiging

Omdat die Nederlandse fleksie al herhaaldelik bestudeer is, kan ek hier met 'n beknopte oorsig volstaan. Alle spraakkunste gee 'n beskrywing van die verskynsel; buitendien het Gerlach Royen naas die min of meer vaste kategorieë die wisselvorme in beskaafde spreek- en skryftaal breedvoerig en so volledige moontlik bespreek in sy Buigingsverschijselen in het Nederlands III,<sup>2)</sup> waar hy ook na die handleidings en vernaamste spraakkunste verwys. Die buigingsverskille in die taal van Noord- en Suid-Nederlanders is onlangs deur Sr. L. Degryse statisties ondersoek.<sup>3)</sup> Soos Gerlach Royen kritiseer ook sy die ontoereikende beskrywing van fleksievorme in die lewende taal wat in die spraakkunste gegee word. In die beskaafde omgangstaal en selfs in die skryftaal is daar veel meer skakerings as wat ons uit daardie boeke te wete kom. Ritme, woordaksent, subjektiewe waardering en streekverskille veroorsaak heelwat wisselvorme waarvan Royen 'n massa voorbeelde opgeteken en verwerk het. Hierdie wisselvorme is egter nie willekeurig of chaoties nie, al skep hulle daardie indruk, want "wat chaos leek is kosmos voor wie sien en horen kan";<sup>4)</sup> die vorme vervul bepaalde sintaktiese en semantiese funksies.

Op suiwer eïnchroniese vlak beskryf H. Schultink De morfologiese valentie van het ongelede adjektief in modern Nederlands.<sup>5)</sup> Die indeling en metode wat hy vir die beskrywing van die ongelede, monomorfematiese adjektief volg, kan uitgebrei en met vrug vir 'n beskrywing van alle adjektiefgroepe gebruik word. Wat die

---

2) Tweede stuk, Amsterdam 1953.

3) Statistiesch en beschrijvend onderzoek van de verbuiging van het bijvoeglijk naamwoord in het modern Nederlands proza, ongepubliseerde "licentiaat"-verhandeling, Leuven 1959.

4) G. Royen, a.w., p. 113.

5) Den Haag s.j. (1962).

groepering van die Nederlandse adjektiewe betref, sluit ek my in hoofsaak by prof. Schultink aan.

## 2. Buigingsvorme in Nederlands

By 'n beskrywing en klassifisering van fleksievorme van die attributiewe adjektief in Nederlands kan verskeie morfologies-sintaktiese tipes onderskei word. Maar dit val op dat een bepaalde groep adjektiewe in alle tipes kan verskyn sonder om enige morfologiese verandering te ondergaan. Dit is die onveranderlike adjektiewe, nl. (1) die stofaanduidende adjektiewe op /ə/ soos gouden, koperen, linnen; (2) adjektiewe met /ə/ as stamanslout, bv. effen, eigen, open, oranje, roze, stupid; en (3) attributief gebruikte sterk verlede deelwoorde met die partisipiumuitgang /ə/, bv. beladen, geschreven, verleden. Op hierdie tipe adjektief is van toepassing wat H. Schultink oor die "ongelede" adjektief op /ə/ te sê het: dit het 'n sintaktiese valensie wat sowel dié van die orige onverboë adjektiewe as ook dié van die daarnaas gebruiklike /ə/-formasies (= verboë vorme) omvat<sup>6</sup>): "een effen kleed" - "het effen kleed" staan sintakties parallel met "een groot huis" - "het grote huis". Ook woorde met die uitgang -er (zuider, linker) sluit by hierdie groep aan.

Naas hierdie morfologies onveranderlike groep kry ons die groot massa adjektiewe waar die morfologiese verandering 'n sintaktiese funksie kan hê. In aansluiting by Schultink se groepering van die ongelede adjektief kan ons die attributiewe byvoeglike naamwoorde in Nederlands in die volgende skemata orden:

Tipe A 1

een + (adjektief + /ə/) + de-substantief

2

een + adjektief + manl. persoonsbepalende de-substantief

Tipe A<sub>1</sub> kry ons bv. in konstruksies soos "een oude tafel", "een gevaarlike hond", "een kleine jongen", "een grotere stad", "goede hoop" - dus in verbinding met alle de-woorde behalwe dié van tipe A<sub>2</sub>. Daarby is een vervangbaar deur enige ander onbepaalde

6) Schultink, a.w., p. 63.

voornaamwoord soos geen, zeker, elk e.a.

Tipe  $A_2$  vorm 'n minder vaste kategorie omdat hierdie verbinding ("een ryk heer", "een groot geleerde") in die gemeensame spreektaal selde gebruik word,<sup>7)</sup> in die plek daarvan tree tipe  $A_1$ . Mens hoor "een goeje koning", "een knappe voolespeler", "een geschikte leraar", maar nooit "een goeje professor" nie (dit sou te familiaar klink), wel "een goeje prof."<sup>8)</sup> In die bowe-Moerdykse dialekte is tipe  $A_2$  onbekend; in beskaafde omgangstaal daarenteen en veral in meer formele taalgebruik word dit wel gebruik, maar nie by alle manlike persoonsbepalings nie. Voor mens, man en heer is  $A_2$  vrywel vaste reël, ook voor die ag. "nomina agentis", en oral waar 'n manlike persoon in sy beroep, bedryf, amp of waardigheid gekenskets word. Die fyn betekenis-differensiasie tussen  $A_1$  en  $A_2$  (een goed of goeje koning) is in dialektiese taal onbekend. Vir sommige sprekers korrespondeer die vormverskil tussen  $A_1$  en  $A_2$  wel met 'n duidelike semantiese verskil.<sup>9)</sup>

Tipe B 1

|      |                                   |
|------|-----------------------------------|
| de   |                                   |
| deze | + (adjektief + /a/) + substantief |
| die  |                                   |
| mijn |                                   |
| jouw |                                   |
| ens. |                                   |

2

|                                                       |
|-------------------------------------------------------|
| <u>de</u> + adjektief + persoonsbepalende substantief |
|-------------------------------------------------------|

Tipe  $B_1$  is die normale adjektiefkonstruksie wat gereeld voor de-woorde na vooraangaande bepaalde lid- of voornaamwoord voorkom (afgesien van 'n paar uitsonderlike gevalle van die tipe  $B_2$ ), bv. "de jonge boom", "de losse arbeider", "deze bekwame skrywer", "de oudere dochter", "de lelikste auto"; verder ook

7) Overdiep, Stilistiese grammatika van het moderne Nederlandsch, Zwolle 1937, p. 261.

8) G. Royen, a.w., p. 56.

9) Vgl. Schultink, a.w., p. 66.



met die substantief in die meervoud: "de kleine kinderen", "de grootste volken", "die hoge deuren", "deze witte bladen" ens.

Tipe B<sub>2</sub> vorm 'n uitsonderlike konstruksie: "de los arbeider", "de waarnemend minister", "de waarnemend vertegenwoordigster", "de algemeen sekretaris" wat deur G. Royen in besonderhede beskryf word.<sup>10)</sup> Uit sy voorbeeld blyk dat die verskillende woordgroepe van B<sub>1</sub> en B<sub>2</sub> nie betekenisonderskeidend is nie. Al dui die tipe B<sub>2</sub> 'n titulatuur, semi-titel of eenvoudig 'n vaste betiteling van 'n "soort" aan, is daar van 'n semantiese differensiasie tussen "de losse arbeider" en "de los arbeider" geen sprake nie.<sup>11)</sup> In teenstelling met B<sub>1</sub> waar die adjektief deur enige ander adjektief vervang kan word, is die vervangbaarheid van die "titulerende" byvoeglike naamwoord in B<sub>2</sub> baie beperk; in die konstruksie B<sub>2</sub> tree slegs 'n paar adjektiewe op, veral algemeen, plaatsvervangend, waarnemend, los. Ook is hierdie tipe seldsaam in die ooreenkomstige taal; ons kom dit hoofsaaklik teë in koerante en offisiële stukke of briewe.

Tipe C

een + adjektief + het-substantief

Tipe C vorm 'n vaste konstruksie sonder variante met /ə/-formasies; die eerste lid een is vervangbaar deur enige onbepaalde lid- of voornaamwoord: "een scherp licht", "zeker klein huisje", "menig vriendelik gezicht", "goed weer". In hierdie groep kom ons ook vorme teë wat as ooreenkomstige uit die bogenoemde groep "onveranderlike" adjektiewe beskou kan word, bv. "een goud horloge", "een silver potlood", "een koper roetje".<sup>12)</sup>

Tipe D 1

het + (adjektief + /ə/) + substantief

2

het + adjektief + substantief

10) G. Royen, a.w., pp. 35-46.

11) Vgl. Schultink, a.w., p. 65.

12) Royen beskou hulle nie as analogiese vorme van bv. "een goed horloge" nie, maar as 'n regstreekse adjektivering van die s.nw. goud, silver ens. (Vgl. Royen, a.w., pp. 22-23).

Naas die gebruiklike tipe  $D_1$  - "het oude boek", "het lieve kind", "het achtbare gebruik", "het grotere huis", "het duurste geschenk" - tref ons ook dikwels woordgroepe van die tipe  $D_2$  aan: "het stedelik museum", "het heilig verbond", maar minder dikwels "het oud huis". By nader ondersoek blyk dit dat die monosillabiese adjektief in Noord-Nederland selde in die verbinding  $D_2$  gebruik word, die meersillabiese adjektief daarenteen dikwels. In die bowe-Moerdykse dialekte is  $D_2$  'n byna onbekende verskynsel.<sup>13)</sup> Maar by Suid-Nederlandse sprekers is die monosillabiese adjektief in die verbinding  $D_2$  heeltemal gewoon: "het groot huis", "het sterk paard", "het wit laken", "het schoon weer" ens. By die meersillabiese adjektiewe is woordgroepe volgens tipe  $D_2$  in noordelike Nederlands frekwent om 'n ophoping van swak beklende sillabes te kan vermy. Die oorsaak is dus gedeeltelik van 'n ritmiese en eufoniese aard. Soortgelyke probleme lewer die volgende woordgroepe op:

|        |   |                                                                                                                                                                                                          |
|--------|---|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Tipe E | 1 | $\left. \begin{array}{l} \text{dit} \\ \text{dat} \end{array} \right\} + (\text{adjektief} + /ə/) + \text{substantief}$                                                                                  |
|        | 2 | $\left. \begin{array}{l} \text{dit} \\ \text{dat} \end{array} \right\} + \text{adjektief} + \text{substantief}$                                                                                          |
| Tipe F | 1 | $\left. \begin{array}{l} \text{mijn} \\ \text{jouw} \\ \text{zijn} \\ \text{haar} \\ \text{ons} \\ \text{jullie} \\ \text{hun} \end{array} \right\} + (\text{adjektief} + /ə/) + \text{het-substantief}$ |
|        | 2 | $\left. \begin{array}{l} \text{mijn} \\ \text{jouw} \\ \text{zijn} \\ \text{haar} \\ \text{ons} \\ \text{jullie} \\ \text{hun} \end{array} \right\} + \text{adjektief} + \text{het-substantief}$         |

13) Geen van die dialekmonografieë gee adjektiefverbindings van die tipe  $D_2$  nie. Almal beskryf net die  $D_1$ -woordgroepe.

By die tipes D en E is die /ə/-formasies frekwenter as die sonder /ə/, maar by tipe F oorweeg die /ə/-lose formasie, veral in die omgangstaal: "haar ziek kindje", "mijn trouw hondje", "ons nieuw plan". Is die substantief 'n diminutief, dan is die tipe F<sub>2</sub> besonder frekwent. Andersyds speel ook die gevoelsaspek 'n rol, want by affektiewe taalgebruik verkies sprekers die /ə/-lose formasies, bv. "dat stout (dat mal) stukkie verdriet". Vir sommige Nederlandse spreker het die variante van die betrokke tipes geen semantiese waarde nie, vir ander daarenteen wel. Na G. Royen se taalgevoel "komt na het, dit, dat en de possessieven, bij verbuiging een duidelijke waardering, een sprekender affektief element tot uitdrukking dan bij niet-verbuiging", en hy hou vol: "uit het al of niet verbogen worden van het adjektief bij neutra, kan men zo maar niet besluiten tot onderscheiding contra karakterisering" <sup>14)</sup> Hy verwys hier na Den Hertog, wat in sy spraak-kuns die mening voorstaan: as die spreker met 'n spesiale bedoeling praat, is die /ə/-lose vorm in alle gevalle (d.w.s. in tipes D, E en F) geskik om te karakteriseer, die vorm + /ə/ is geskik om te onderskei. Die baie doeblette van formasies met en sonder /ə/ hang volgens Royen egter saam met die moontlikheid om dieselfde verbinding nou individualiserend subjektief-waarderend, nou slegs objektief-klassifiserend te besig. Die individuele gevoelselement of subjektiewe waardering is vir Royen primêr, die ritmiese kwessie sekondêr. Schultink konkludeer dan "dat ook in deze gebruiksgevallen het ongelede (en ons kan byvoeg, ook die gelede) adjektief en de daarnaast voorkomende formaties op /ə/ (= /ə/) voor sommige gebruikers van het Nederlands in betekenis verschillen". <sup>15)</sup> Hy plaas hierdie doeblette parallel met die variante van tipe A wat ook nie vir alle sprekers 'n semantiese onderskeid inhou nie.

By tipes D, E, en F kom by Suid-Nederlandse prosaekrywers die vorm sonder /ə/ meer dikwels voor as by Noord-Nederlandse, soos Sr. Degryse in 'n statistiese ondersoek aantoon. <sup>16)</sup> By tipe

14) G. Royen, a.w., pp. 104-105.

15) Schultink, a.w., p. 67.

16) Degryse, a.w., pp. 73-84. Die ondersoek is gebaseer op prosa-werke van Demedts, Walschap, Roelants, Elschot, Lebeau, Boudier-Bakker, Kuyle e.a.

D is daar geen noemenswaardige verskil nie, maar by woordgroepe van Tipe E is die persentasie van /ə/-formasies soos volg:

|                  | Suid | Noord |
|------------------|------|-------|
| eenlettergrepig  | 74%  | 100%  |
| tweelettergrepig | 57%  | 100%  |
| meerlettergrepig | 40%  | 64%   |

Vir verbuigings van tipe F, d.w.s. na possessiewe:

|                  | Suid | Noord |
|------------------|------|-------|
| eenlettergrepig  | 30%  | 50%   |
| tweelettergrepig | 15%  | 20%   |
| meerlettergrepig | 2%   | 20%   |

In die skryftaal - ook van joernaliste - word nog voorkeur gegee aan formasies sonder /ə/; dit is dus nie 'n betroubare weerspieëling van die toestand in die beskaafde omgangstaal nie. Anders as die bowe-Moerdrykse dialekte wat net vorme op /ə/ besig,<sup>17)</sup> bevat die Brabantse dialekte veel meer /ə/-lose formasies en volg ander skemas as die adjektief in die Noorde.<sup>18)</sup>

Samevattend kan ons sê: die vorm van die adnominale adjektief in dialektiese én beskaafde Noord-Nederlandse (spreek)taal is afhanklik van die soort bepaling wat voorafgaan, en van genus en getal van die volgende substantief. Die morfologiese struktuur van die adjektief speel geen rol nie (afgesien van die onveranderlike groep). Ritme, eufonie en die subjektiewe waardering aan die kant van die spreker veroorsaak doeblette in spreek- én skryftaal. Al is daar vaste tipes van adjektiefverbindings, het die spreker 'n groot speelruimte deur die wisselvorme sodat die Nederlandse sisteem van adnominale verbuiging veel minder vas en absoluut is as bv. die Duitse of die Engelse.

17) Die adjektief volg tipes D<sub>1</sub>, E<sub>1</sub> en F<sub>1</sub> in Oud-Beierland (Opprel, par. 56), in die ooste van die Bommelerwaard (A. van de Water, par. 47), in Culemborg (Aussems, par. 63), Schouwen-Duiveland (De Vin, par. 54), West-Voorne (Van Weel, par. 151) en Katwijk aan Zee (Overdiep, pp. 121-126).

18) Vgl. Hoofstuk II.

## II Die Verbuiging in Afrikaans

By die attributiewe adjektiewe in Afrikaans onderskei ons twee groepe, nl. een waar die adjektiefstam<sup>19)</sup> deur die buiging-suffiks /ə/ gevolg word, en 'n ander sonder daardie suffiks. Maar in albei groepe is daar byvoeglike naamwoorde wat met 'n sonder die /ə/ kan voorkom; ons sal dus heelwat gevalle teëken waar die adjektiewiese vorm in bepaalde verbindings van die norm afwyk, en ook gevalle waar die fleksie in mindere of meerdere mate onvas is, naas al die vaste vorme wat die patroon van die groep bepaal. Die fleksiesuffiks /ə/ waarvan hier telkens sprake is, is nie identiek met die anlaut-/ə/ in woorde soos eie, goue, linne nie.

Nóg die voorafgaande bepaling nóg die soort of getal van die volgende substantief het enige invloed op die adjektiewiese formasie, d.w.s. die toevoeg of weglaat van die fleksiesuffiks. Die enigste vaste grondslag vir verbuiging of nie-verbuiging in Afrikaans is die morfologiese en/of fonologiese struktuur van die adjektief.<sup>20)</sup>

Daar is 'n duidelike verskil in die gedrag van adjektiewe wat op 'n suffiks uitgaan (hulle het altyd 'n /ə/, bv. veilige, vriendelike, historiese, Kaapse) en adjektiewe sonder 'n suffiks (sommige het altyd 'n /ə/, bv. blinde, sagte, droë, breë, lieve, geheime, sommige het in die reël geen fleksieuitgang nie, bv. groot, arm, mooi, lekker, eenvoudig).

Die byvoeglike naamwoorde van die tweede groep is byna almal monomorfenaties. By 'n beskrywing van die adnominaale verbuiging

---

19) Gleason omskryf die term stam as "any morpheme or combination of morphemes to which an affix can be added." By adjektiewe onderskei hy 'n "adj. stem" en "inflectional suffixes" bv. great, great/er. (An introduction to descriptive linguistics, Revised edition, New York 1961, pp. 59 en 96). Volgens H.W. Bloomfield en L. Newmark is die stam 'n "lexical morpheme" (bv. blind) of 'n "derivational sequence" (bv. onvriendelik) wat gevolg kan word deur 'n fleksievorm (A linguistic introduction to the history of English, New York 1963, p. 149). Ook A.W. de Groot onderskei in die woordstruktuur 'n (gestruktureerde) stam en een of meer fleksiemorfeme. (Inleiding tot die algemene taalwetenskap, Groningen 1962, pp. 19 en 219).

20) J. du P. Scholtz, Taalhistoriese opstelle, p. 123.

in Afrikaans moet met dié basiese morfologiese verskil rekening gehou word. Dit is in 'n mate ook altyd gedoen deurdat grammatici vanaf D.F. Malherbe<sup>21)</sup> tussen een- en meerlettergrepige woorde onderskei het. Wat die monosillabiese adjektiewe betref, is tot dusver in alle grammatikas, handleidings en studies dieselfde metode gevolg: grammatici het uitgegaan van die slot-element in die spelling van die predikatiewe adjektief en reëls geformuleer soos die volgende: byvoeglike naamwoorde op d, f, g of g kry die buigings-e, ens. Hierdie metode is om twee redes onbevredigend: (1) Dit gee nie 'n suiwer beskrywing van die gesproke taal nie omdat dit op spelling gebaseer is;<sup>22)</sup> (2) dit kan nie sonder steun van die Nederlandse parallelvorme as vergelykingsmateriaal klaarkom nie.

Alle groeperings of pogings tot groepering van suffikselose attributiewe vorme in Afrikaans lower besonder groot moeilikhede op omdat, soos reeds gesê, die verbuiging in baie gevalle onvas is, en ook omdat ander faktore as die fonologiese die reëlmaat dikwels versteur. Die stilistiese faktor speel 'n belangrike rol. Sodra 'n woord minder frekwent is in die algemene spreektaal of uit 'n hoër taalsfeer afkomstig is of saam met 'n substantief uit 'n deftiger taallaag verskyn, kan /ə/-formasies maklik teen die norm in voorkom. Dikwels verskil die Afrikaanse skryftaal opvallend van die alledaagse omgangstaal, sodat die geskrewe taal nie 'n baie betroubare bron vir ons studie is nie. Andersyds oefen die skryftaal in bepaalde kringe van taalgebruikers 'n sterk invloed op hulle gesproke taal uit; daarom is dit wel van belang om ook met skryftaalvorme rekening te hou. Maar die klem lê ook nou weer op die hedendaagse spreektaal met al sy variante.

---

21) Afrikaanse taalboek, Kaapstad 1917.

22) Wat die grammatici eintlik bedoel het, was wel die slotklank van 'n woord, maar hulle manier van stel was misleidend.

Die volgende beskrywing van die attributiewe adjektiewe<sup>23)</sup> word gebaseer op die morfologiese en fonologiese struktuur van die byvoeglike naamwoord, met die attributiewe vorm as uitgangspunt. Dit is egter nie my bedoeling om 'n in alle opsigte volledige beskrywing van die huidige fleksiestelsel te gee nie. Vir so 'n beskrywing sou gebruik moes gemaak word van die resultate van morfologiese en fonologiese ondersoek wat vir Afrikaans nog nie gedoen is nie en buite die bestek van hierdie studie val. Binne die raamwerk van 'n historiese ondersoek dien hierdie beskrywing van die hedendaagse fleksie as uitgangspunt vir 'n diachroniese beskouing. Verskeie aspekte wat nie direk relevant is nie, moet ek daarom verwaarloos. Wat die morfologiese struktuur betref, word veral daarop gelet of die woord 'n suffiks het afgesien van die fleksieuitgang as die woord verbuig is, en op enige ander kenmerk wat in besondere gevalle van belang mag wees. Wat die fonologiese struktuur betref, word net op die volgende gelet: (1) op die klank of kombinasie van klanke waarop die stam van die suffikslose woord (vóór die fleksie-suffiks, indien die woord verbuig is) eindig; bv. die /p/ en /m/ in dien en arm, en die /nd/ en /ks/ in blinde en flukse; (2) die een- of meerlettergrepgigheid van die woordstam en die aksentverhouding by meersillabiese woorde.

In die afdeling A was dit nie altyd noodsaaklik, en wat betref afleidings met produktiewe suffikse nie eens moontlik om 'n volledige lys van voorbeelde te gee nie; maar in afdeling B word alle adjektiewe (uit die omgangstaal) genoem wat tuishoort in die verskillende groepe of tipes wat onderken word. Voorbeelde van selfstandige naamwoorde waarmee die adjektiewe verbind kan word, gee ek net as daar 'n spesiale rede voor bestaan.

---

23) Vir hierdie studie is gebruik gemaak van 'n materiaalversameling en ongepubliseerde studie oor die byvoeglike verbuiging in die Afrikaanse spreektaal deur prof. J. du P. Scholtz. Dié studie het ook mej. Simonis in 1947 ter insae gehad toe sy haar ongepubliseerde M.A.-Skripsie oor Die Verbuiing van die byvoeglike naamwoord in Afrikaans (Kaapstad) geskryf het. Prof. Scholtz gee o.a. 'n oorsig van wat grammatikas tot 1947 oor die fleksie in Afrikaans te sê het. In sy beskrywing wyk hy van die destydse tradisie af deurdat hy nie met die misleidende begrippe "letterlike" en "figuurlike" gebruik werk nie; wat die groepering betref, volg hy die "tradisionele" metode.

As ons die adjektiewe ondersoek, stel ons vas dat daar 'n reeks byvoeglike woorde in Afrikaans bestaan wat ons geredelik kan uitskakel uit die groepering wat volg. Sommige van hulle eindig op /ə/ wat as deel van die adjektiefstam beskou moet word, nie as 'n fleksiesuffiks nie. Voorbeelde van sulke formasies is: eis, erde, goue, linne, ope, beskeie, beless, besete, deurskote, geslote, onbegonne, tevrede, verlede, verlore, volwasse.

'n Ander groep vorm die redupliserende adjektiewe: dik-dik (skuiwe), groot-groot (hope), lang-lang (skuiwe), (die) ou-ou (storie) ens.,<sup>24)</sup> wat altyd sonder /ə/ bly. Verder is daar 'n aantal samekoppelings en samestellings van besondere aard en/of gebruik wat ook nooit 'n fleksieuitgang het nie, soos halfsluit, halfwas (vgl. volwasse met "stam" -e), goedkoop, kaalvoet (kinders), veraf (familie), agtermekaar (boere), agterstevoor (manier van doen) e.a. Daar sit allerlei probleme van morfologiese en sintaktiese aard aan dié soort formasies vas wat hier nie ter sake is nie.<sup>25)</sup>

#### A. Adjektiewe met suffiks

Die primêre en deurslaggewende faktor wat absoluut werk, is die morfologiese struktuur van die byvoeglike naamwoorde. Alle adjektiewe op 'n suffiks moet in attributiewe funksie die buigingsformans /ə/ hê. Adjektiewe van hierdie tipe gaan uit op: -ale, -agtige, -baro, -de (geseënde, aanstaande), -ele (departementele), -ende (verskillende), -êre (primêre), -erige (bangerige), -iale (koloniale), -iële (finansiële), -iese (logiese), -ige (pragtige), -like, -likse (jaarlikse), -lose, -rike (belang-riko), -se (Kaapse, aardse, helse, slaafse), -same (leersame), -ste (grootste), -te (gebreekte).

24) Vgl. J. du P. Scholtz, "Reduplikasieverskynsels in Afrikaans", Taalhistoriese opstelle, pp. 154-155. Kyk ook W. Kempen, Woordvorming en funksiewisseling in Afrikaans, Kaapstad s.j., p. 116.

25) M.J. Posthumus wy 'n hele hoofstuk aan dergelike "adjektiewiese" samekoppelings en samestellings wat in die volkstaal gebruiklik is; hy bespreek daar ook die adnominale gebruik van ongelede vorme soos blanko, ekstra, gratis en af (been), na (familie), toe (deur) ens. Kyk Die vry preadjunk in Afrikaans, Kaapstad 1957, pp. 22-45.



Opmerkings:

Die enigste skynbare uitsondering op die konsekwente deurwerk van die morfologiese faktor is die komparatiewe met hul suffiks -er wat in die reël nie deur die buigingsuffiks gevolg word nie. Hierdie komparatiefuitgang is as suffiks andersoortig as bogenoemde suffikse. Omdat die fleksiepatroon van die komparatiewe in alle opsigte ooreenkom met dié van woorde soos lekker, suiver, word hulle saam met daardie adjektiewe bespreek.

B. Adjektiewe sonder suffiks

Die suffikselose adjektiewe wat hieronder bespreek word, is op min uitsonderings na monomorfematies. Hulle fleksie word primêr bepaal deur die fonologiese struktuur van die woorde, meer spesifiek die slotklanke van die adjektiefstam. Op grond van daardie struktuur onderskei ons twee groepe, nl. formasies wat gewoonlik sonder die buigings-/ə/ bly en formasies wat gereeld verbuig word.

1. Formasies sonder /ə/

Tipe 1

vokaal of dift. (+ liquida of nasaal) + stemlose okklusief

Op /p/ diep, knap, oop, pap, ryp, slap; lomp, stomp skerp,

Op /t/ bot (gesig), groot, hout (wateremmer, kombuislepel)

laat, nat, plat, soet, sot, sout (amandels), stout, vlot,

vrot, wit; bont, kort, swart

Op /k/ bleek, blik (drinkbeker), dik, druk (verkeer) gek, mak,

puik, raak (skoot), ryk, siek, strak (gesig), swak, vaak

(gevoel), vlak, sterk; blank (vel), blink, dronk, flink

(karakter), mank (been), pienk, stink (ruik, kakiebos),

vransk (peer).

Opmerkings:

1. Hoewel die reël is dat adjektiewe van hierdie tipe in die alledaagse omgangstaal sonder /ə/ bly, is daar 'n aantal

spesiale gevalle wat van die algemene patroon afwyk.

(a) In die volgende vaste of geïkte uitdrukkings het die adjektief 'n /ə/: "stille water, diepe grond, onder draai die duivel rond"; "op hete kole sit"; "grote genade!", "grote Griet!" en dergelike uitroepe; "op die late aand", "op hierdie late uur", "so 'n swarte tater".

(b) Adjektiewe wat met affek gelaai is kry maklik 'n /ə/: "jou stoute kind!" Die verbindings "die swakke geslag", "swakke broeders" het 'n spottende bybetekenis. Verskeie van die vaste uitdrukkings onder (a) genoem, dra ook sterk affek.

(c) Naas die patroonmatige blank staan die vorm blanke, maar met betekenisverskil; vgl. "'n blank vel" met "'n blanke vrou", "die blanke ras."

(d) Blote en elke wyk van die patroon af deurdat hulle in vry gebruik altyd 'n /ə/ het: "blote voete", "die blote lyf", "met die blote oog", "die blote hemel", "die blote gedagte", "blote nuuskierigheid" en "elke oomblik", "in elke opsig", "in elke geval". Die verbinding "in elk geval" (= "in any case") wyk in betekenis af van "in elke geval" en kan vir 'n vaste uitdrukking deurgaen.

(e) Die adjektief ope word gewoonlik as verboë vorm van oop beskou, en albei word gebruik in verbinding met dieselfde soort selfstandige naamwoorde, dus is ope en oop in die meeste gevalle uitruilbaar, bv. "die oop of ope see", "met oop of ope arms", "'n oop of ope gesig, geheim, deur" ens. Al is die twee vorme vandag sinoniem en al word hulle in dieselfde sintaktiese verbindings gebruik, het ons taalhistories gesproke moontlik te make met twee woorde: die vorm ope gaan terug op Ndl. open, terwyl oop afkomstig kan wees van oop wat in die Hollandse volkstaal bekend is,<sup>26)</sup> of anders as 'n ou analogiese formasie beskou moet word. Die /ə/ van ope is dus moontlik deel van die etam - nie buigings-uitgang nie - soos by eie, goue.

26) Opprel gee die volgende voorbeeld en verklaring: "Da deur is oop. - Evenso in de samenstellingen oopdoen, oopgaan... - Misschien ontstaan door verwarring van opa met een vroeger op." (Opprel, a.w., p. 75). M.J. Posthumus bespreek die oop-ope geval in Afrikaans en meen "dat die /ə/ van die attributiewe ope 'n verbuigings-e van affek is." (Die vry preadjunk in Afrikaans, p. 35).

2. In die skriftelike taalgebruik kom baie meer vorme op /o/ voor, meestal in verbindings wat as geheel in die omgangstaal seldsaam is of nooit gehoor word nie. Ek gee 'n enkele voorbeeld ter illustrasie. Niemand sal, as hy natuurlik praat, verbindings soos "diepe eerbied", "diepe ootmoed", "diepe leedwese", "diepe rus", "diepe slaap", "diepe vernedering" gebruik nie, maar hulle is almal uit die skryftaal bekend en staan dan ook in die WAT. Ander verbindings van dieselfde aard is "soete herinneringe", "die bleke vrees", "blanke onskuld". Juis omdat die skryftaalvorme nie op vaste spreekgewoontes gebaseer is nie, heers daar hier heelwat onsekerheid.<sup>27)</sup> So vind ons "diepe ellende" naas "diep ellende", "'n diepe buiging" naas "'n diep buiging", "na rype beraad" naas "na ryp beraad". In elke geval maak die vorm sonder uitgang 'n natuurliker indruk omdat dit 'n ooreenstemming is met die patroon wat in die Afrikaanse omgangstaal heers.<sup>28)</sup> Maar soms word daar ook misbruik gemaak van die "Afrikaansheid" van die kort adjektief. So vind ons bv. in die taal van joernaliste dat hulle by Nederlandsagtige woorde die /o/ weglaat om hulle sterker te verafrikaans; 'n tipiese voorbeeld daarvan is flinke - flink. Die WAT gee uitdrukkings soos "'n flinke pak slaag", "'n flinke som geld", "flinke vordering", "'n flink karakter", "'n flink(e) kšrol" e.a. Maar flink bly skryftaalagtig ten spyte van die afgekapte /o/.

Ook hete is 'n egte skryftaalwoord; in die omgangstaal word warm gebruik. Maar hete (heet is uiters ongevoen) kom, volgens 'n opmerking in die WAT, dikwels by "emfatiese of deftiger woordgebruik voor."

---

27) As ons oor sulke gevalle die belangrikste woordeboeke raadpleeg (bv. die Afrikaanse Woordeboek, afk. WAT; Bosman, Van der Merwe, Hienstra se Tweetalige Woordeboek 4de druk, Kaapstad 1964, afgekort T.W.; en die Verklarende Woordeboek 4de druk deur Kritzinger, Labuschagne e.a., Pretoria 1963, afgekort V.W.), vind ons dan ook dikwels dat hulle nie ooreenstem in die fleksievorme wat hulle vermeld nie.

28) In samostellings waar die adjektief met 'n voorafgaande selfstandige morfeem verbind word, kry ons verboë naas onverboë vorme: "'n lewensgroot portret", "'n skatryk man", maar "die oorgrote moerderheid", "'n vierkante myl".

3. Daar is adjektiewe en adjektiewiese verbindings wat betreklik kort gelede in die Afrikaanse omgangstaal gekom het, meestal via die joernalistieke taalgebruik. 'n Voorbeeld daarvan is druk. Waar ons in die skryftaal nog dikwels die vorm op /ə/ kry, bv. "'n drukke straat", "die drukke verkeer", "'n drukke tyd", is die onverboë vorm in die omgangstaal die enigste gebruiklike.

Tipe 2      vok. of dift. (+ liq. of nas.) + stemlose frikatief

Op /s/    bros (brood), blas (vel), boos (gesig), dwaas, fris,  
grys, hees, kras, los, vies, voos; vals (tande); bars,  
dors, dwers, fors, nors (kind), noors, pers (kleur),  
skaars, stuurs, vars; skuins (streep);  
Op /f/    af (arm), laf, muf (kamer), suf (kop);  
Op /x/    moeg (os), ruig (wêreld), stug (vent).

Opmerkings:

1. Tipe 2 vertoon in die Afrikaanse omgangstaal 'n effens minder vaste patroon as tipe 1, o.s. omdat hier meer woorde en verbindings voorkom wat op die grens tussen spreek- en skryftaal staan.

(a) In 'n aantal verbindings uit die kultuurtaal wat in die omgangstaal in gebruik gekom het, hoor ons /ə/-formasies, bv. "'n valse eed", "valse getuienis", "'n valse profeet" (teenoor bv. "'n vale boom in 'n trapbalie"), "die gryse verlede" (teenoor "grys hare"), "'n dwaas onderneming" (teenoor "'n dwaas antwoord"), "losse gerugte" (teenoor "'n los skroef"); maar ook andersins is vorme met /ə/ in die omgangstaal nie onbekend nie, bv. "'n valse gesig", "dwaas ouers", "dwaas modes", en by sommige adjektiewe meentlik ewe gewoon as dié sonder /ə/: "'n nors uitdrukking", "'n stuurse gesig".

(b) Tussen boos en bose, wys en wyse bestaan daar 'n semantiese verskil: "'n boos gesig" (= "angry") maar "'n bose plan" (= "evil"); "'n wys vrou" (= "cross, ill-tempered") maar "'n wyse staatsman" (= "wise"). Eintlik hoort die vorm wyse in die skriftelike taal-

gebruik tuis, ewe as bese in verbindings soos "'n bese oog",  
"'n bese sweer".

(o) As die adjektief met affek gelaai is, het dit dikwels 'n /ə/, bv. "'n stuurse vent"; maar by adjektiewe wat in die gebruik met of sonder /ə/ onvas is, is dit moeilik om met sekerheid te sê of die /ə/ die gevolg van affektiewe gebruik is - vgl. onder (a) hierbo "'n stuurse gesig". In die verbinding "'n bese boel sonde, werk" het ons ongetwyfeld die uitdrukking van affek, maar bese het hier ook 'n besondere betekenis. So kan meer as een faktor tegelyk 'n rol speel by die gebruik van 'n vorm met of sonder /ə/. Vir sover die woord in die omgangstaal voorkom, het logge altyd 'n /ə/: /logge lowwes", "logge liggaam"; albei hierdie verbindings is met affek gelaai.<sup>29)</sup>

2. 'n Hele paar woorde van hierdie tipe, bv. brose, kiese, kuise, viese, forse, stugge, vlugge is tipiese skryftaalwoorde met die kenmerkende /ə/-uitgang. Waar hulle by uitsending in die gewone spreektaal voorkom, is dit meestal sonder die /ə/. By die jong kultuurontlening krasse, wat net in 'n hoër taallaag lewe, verdring die vorm sonder /ə/ algaande die oorspronklike krasse in die omgangstaal.

3. Die adjektiewe op /f/ in attributiewe funksie, soos trouens ook dié op /x/, is taamlik jonk en daarom nie frekvent nie. Waar ons by dié adjektiewe wisselvorme op -/ə/ het, resorteer hulle as gevolg van analogiese en fonetiese komplikasies van historiese aard onder ander tipes volgens die groeperingsbeginsel wat hier toegepas word (lawwe, suwwe, muwwe; ruie).

Tipe 3

vok. of dift. (+ liq.) + nas. of liq.

29) Fleksielose adjektiewe soos ons kry in "'n sleg mens", "'n sleg jong", "'n sleg Hotnet" en, seldsamer, "'n reg man" is ook draers van affek, maar hulle is vorme van 'n ander aard en wissel af met slegte, regte (die vorme slegge, regge is in Afrikaans onbestaanbaar). Ons het in sulke gevalle te make met komplikasies van analogiese en klankhistoriese aard waarop ek hier nie ingaan nie.

- Op /m/ dom, klam (hitte), krom, lam, skaam, slim, stom, tam;  
arm, warm, kalm, skelm
- Op /n/ bruin, dun, fyn, groen, klein, rein, skoon
- Op /ŋ/ bang, eng, jong, lang, streng
- Op /l/ dol (hond), fel, geel, geil (grond), gul, heel (kouse),  
hol, kaal, kil, koel, mal, skraal, skril, smal, snel,  
soel, stil, staal (brandkas), vaal, veel, vol, vuil,  
wol (onderbaadjie), yl
- Op /r/ baar (kaffer), dor, duur, saar, maer, naar, raar, seer,  
suur, swaar, teer, ver, waar

Opmerkings:

1. By hierdie soort byvoeglike naamwoorde ken die omgangstaal heelwat vorme wat van die patroon afwyk. Maar byna al die verboë vorme is deel van vaste of emfatiese verbindings;

(a) Ek noem hier net 'n paar van die bekendste vaste uitdrukkings: "n vrome wens", "die reine waarheid", "uit skone benoudheid", "die skone geslag", "op die lange baan", "n skrale troos", "jou malle moer", "jou malle verstand", "n dolle vaart", "uit volle bors", "met volle krag", "n volle uur", "die verre toekoms", "die Verre Ooste", "die ware Jakob", "op my ware woord" ens. Nie almal is ewe gewoon nie; aan enkeles kleef nog die skryftaalgeur, soos aan "die skone geslag", waarin die adjektief 'n betekenis het wat in vry gebruik onbekend is.

(b) Hierdie tipe adjektief kry maklik 'n /ə/ by affektiewe taalgebruik, veel meer as bv. tipe 1; ons sê dikwels "die stomme kind", "g'n stomme woord", "arme drommel", ens. Ook verskeie van bogenoemde vaste uitdrukkings is affektief van aard.<sup>30)</sup>

(c) In baie gevalle is die morfologiese verskil ook betekenisonderskeidend, nl. by stom ("n stom persoon" naas "die stomme kind"), rein ("n rein gewete" naas "die reine waarheid"), skoon

30) Naas onverbuigbare samestellings soos brandarm, vuurwarm is daelange, jarelange steeds verbuig teen die reël van die grondwoord in.

("skoon water" maar "die die skone water", "die skone kunste"), heel ("n heel hemp", "n heel man", maar "n hele dag"), vol ("n vol saal" naas "n volle dag"), baar ("n baar Kaffer", "baar geld" maar "bare onse", "die bare duivel"), waar ("n waar storie" naas "n ware Afrikaner"), en arm ("n arm boer" naas "die arme kindjie").

2. In die geskrewe taal kom ons nog baie /o/-vorme teë, by die een skrywer meer as by die ander. Dit hang af van sy styl en die "deftigheid" van sy onderwerp. Vorme soos die volgende is gewoon in die skryftaal maar byna onbekend in natuurlike omgangstaal: "met stonne geweld", "n bange nag", "n koele ontvangs", "die geile land van melk en heuning", "die prille jong", "stille hoop", "stille bewondering", "die smalle baan", "n dure ondervinding", "n sware verlies", "n warme aanhanger" e.a.

3. Ten slotte moet die adjektiewe vermeld word, waar 'n vorm met of sonder /o/ in vry of "normale" of "neutrale" gebruik in die spreektaal voorkom. Eintlik is daar net een adjektief waar die vorm in die alledaagse omgangstaal onvas is, nl. dor ("n dor wêreld" naas "n dorre wêreld"), hoewel selfs hier die /o/-lose vorm verreweg die gewoonste is ("dor blare, hout, ranke, takke, tye" ens.). Dit is moontlik dat daar in dialektiese of gewestelike taalgebruik meer adjektiewe is waar wisseling voorkom, maar dit kan hier nie ondersoek word nie.

Waar wisseling in die omgangstaal bestaan, is die verboë vorm feitlik altyd deur 'n duidelike semantiese of affektiewe verskil van die onverboë vorm gedifferensieer. Tipe 3 vertoon dus oor die geheel 'n vaste patroon.<sup>31)</sup>

Tipe 4

Kons. + diftong

blou, flou, grou, kou, lou, nou, ou, rou; bly, vry,  
sy (sakdoek); lui; kwaai, saai, taai; mooi, rooi; tamaai

31) Twee attributiewe vorme wyk van die patroon af deurdat hulle net met /e/ voorkom: pure (bv. "pure onse, kaf, goud, water") en ene (in "die die ene asyn, olie, modder" en dergelike min of meer vaste konstruksies).



Opmerkings:

In die gewone omgangstaal word, afgesien van kou, net die /ə/-lose vorm gebruik; vante en affektiewe verbindings daarenteen eindig soms op /ə/, maar die neiging bestaan om ook daar die fleksieuitgang weg te laat. In natuurlike praatstyl sê ons eerder "in nou aanraking", "in nou verband", "'n flou begrip", "'n bly dag", "vry tyd", "vry ure", as noue, floue, blye, vrye. Maar hierdie vorme kom dikwels in die geskrewe taal voor.<sup>32)</sup>

Kou wyk van die patroon af (vgl. tipe 9) deurdat dit meestal verbuig word; die al of nie gebruik van die fleksie-/ə/ hang egter van die spreker se styl af. Die /ə/-uitgang gaan by geen van die adjektiewe met 'n betekenisdifferensiasie gepaard nie.

Tipe 5

Kons. (of vok./dift.) + /ər/

- (a) ander, bitter, dapper, donker, helder, koper (wasbak, ketel), lekker, louter (goud), marmer (pilaar), nuster, seker, skrande, silwer (beker, bruilof), sober, sulwer, wakker, yster (koevoet)
- (b) groter, later, ens.

Opmerkings:

1. Byvoeglike naamwoorde met -/ər/ as stamuitgang bly in die reël sonder die fleksie-/ə/. 'n Ander groep adjektiewe, nl. die komparatiewe met hul suffiks -/ər/, sluit hierby aan; omdat hulle dieselfde fleksiepatroon volg as adjektiewe soos lokker, donker - en nie dié van die suffiks-groep van afd. A nie - kan ons hulle saam met dié monomorfematiese woorde bespreek.<sup>33)</sup>

In die spreektaal is verhoë vorme van woorde op -/ər/ uiters seldsaam; mens hoor wel vroeëre, latere, en ook die vaste uitdrukking "die sulwere waarheid".

32) Ook 'n afleiding soos eeuene is 'n skryftaaloord; andersyds is dit gewoon om van 'n "dagoud kuiken" te praat, van "naby familie" ens.

33) Bowendien is die komparatiefsuffiks -/ər/ andersoortig as die gewone suffikse. Hierdie -/ər/ is nie woordvormend soos bg. -lik, -ig, -e (vrou/lik, bloed/ig, boer/e) e.a. nie. In teenstelling met ander (afleidings-) suffikse kan die -/ər/ by enige adjektief gevoeg word; dit het die status van 'n fleksie-suffiks (vgl. Gleason, a.w., p. 96; De Groot, a.w., p. 219).



2. In die skryftaal is verhoë vorme egter nie seldsaam nie. Vaste of geykte verbindings soos "bittere beproewing", "die loutere waarheid", "in mindere of meerdere mate", "verdere besonderhede" is gewoon in dié medium.

3. 'n Uitsondering op die reël is die adjektiewe besondere, iedere, sekere. By besondere in attributiewe funksie kom ons nooit 'n /ə/-lose formasie teë nie: "'n besondere gereg", "in besondere mate", "in besondere omstandighede" ens. Die vorm sonder /ə/ het kennelik adverbiale kleur: "'n besonder aangename persoon", "'n besonder mooi meisie".

Ook ieder eindig altyd op /ə/ behalwe in die vaste verbindings "in ieder geval", "ieder oomblik", bv. "Hy kom ieder oomblik hier binnegeloop".

By al die wisselvorme wat hierbo bespreek is, is die /ə/ nie betekenisonderskeidend nie; by sekere en seker daarenteen wel. Seker dra die betekenis "onfeilbaar", "veilig" of "vasstaande": "'n seker middel", "'n seker saak"; terwyl met sekere iemand of iets nader gespesifiseer word: "'n sekere man".

4. By komparatiewe wat tweesillabies is net soos die adjektiewe bitter, helder, suiver ens., klink die verhoë vorm beslis gekunsteld en skryftaalegtig; komparatiewe met drie en meer sillabies kan nooit 'n /ə/ by kry nie. Vorme soos vriendelikere, makliker is in Afrikaans onbestaanbaar. Ons praat van "'n hoër salaris", "'n laer skool", "'n kleiner bedrag", "ouer mense", "gelukkiger dae" ens.

## 2. Formasies met /ə/.

Tipe 6

vok. of diftong + 2 stemlose kons. + /ə/

(a) juiste, vaste, woeste; egte, hegte, ligte, regte,  
sagte, slegte; saftig; stipte, naakte, atrikte

(b) bitse, fletse, preutse, ratse, trotse, vietsse, weidse;  
fikse, flukse, lakse, luukse, annaakse, steekse, hupse;  
murkse, alinkse, wulpsse

Opmerkings:

1. Die groep 6 (a) volg 'n vaste patroon in alle soorte taalgebruik;<sup>34)</sup> maar by 5 (b) is daar heelwat onvastheid en wisselvorms, want adjektiewe met 'n frikatief na stemlose okklusief toon 'n sterk neiging tot defleksie. Volgens die T.W. het net 6 van die 17 voorbeelde van 6 (b) die vaste vorm op /ɔ/, die ander ken wisselvorme met en sonder /ɔ/. Die onveranderlikes volgens die T.W. is bitse, fikse, snaakse, hupse, lunkse, nurkse, preutse, weidse; maar daarteenoor erken die W.S.<sup>34a)</sup> ook bits, fiks, nurks, preuts. Daarmee daal die getal adjektiewe sonder wisselvorms tot slegs 4 en die onvastheid op hierdie gebied blyk des te duideliker.

2. By egte volkstaalwoorde soos flukse en steekse is die onverhoë vorm besonder frekvent; en dit val op dat die /ɔ/-lose korrelaat net by bepalinge van persone en werkdiere voorkom: bv. "'n fluks boer", "'n fluks jong", "'n fluks kêrel", "'n fluks seun", "'n fluks kind", "'n fluks hings", "fluks muile", "'n fluks perd", "'n steeks os", "'n steeks perd"; dikwels dra fluks en steeks in dié gebruiksevalle ook sterk affek en/of nadruk. Mens hoor hierdie vorme veral by boere in die Boland terwyl op die dorpe hoofsaaklik of selfs uitsluitend flukse gebruik word. Hierdie morfologiese verskil is soms 'n fyn aanduiding van sosiale en streekverskille.

In verbindings soos "'n flukse draf", "'n flukse ont pad", "flukse rente", "'n flukse som geld", "'n flukse paar ure", waar flukse "aansienlik" beteken, is net die /ɔ/-vorm bekend. Hier gaan die morfologiese verskil saam met 'n semantiese onderskeiding; maar by variasies "'n fluks boer", en "'n flukse boer" is daar geen betekenisverskil nie:

3. In die spreektaal is rats gebruikliker as ratse, bv. "'n rats kêreltjie". Spits eindig nooit op /ɔ/ nie: "'n spits

---

34) Vir die afwykende vorms sag, sleg, reg kyk tipe 2 (voetnoot 25).

34a) Afkort. van Afrikaanse woordelys en spelreëls, 7de uitgawe, Kaapstad 1964.

gesig", "'n spits dak". Dis nogal verbasend dat 'n /ə/-lose vorm van die egte volkewoord snaakse naastenby onbekend is. Wiskien werk hier nog die oorspronklike afleiding (van Nd1. snaak) deur, al word dit vandag nie meer as afleiding gevoel nie.

Die mees gebruiklike vorm van hierdie adjektiewe is beslis die op /ə/, maar 'n hele paar woorde uit die alledaagse omgangstaal neig tot defleksie.

**Tipe 7**

vok. of dift. (+ liq. of nas.) + stemheb. okkl. + /ə/

gladde, luidde, wrede

blinde, blonde, ronde, vreemde, milde, wilde, harde, erge

Opmerkings:

Nie 'n enkele adjektief van hierdie tipe het 'n korrelaat op /ə/ nie. Ons het hier met die reëlmatigste groep te make. Die verbuiging is verpligtend, nie fakultatief by sommige adjektiewe soos in baie ander groepe nie.

**Tipe 8**

vok. (+ liq. of nas.) + stemheb. frik. + /ə/

dowe, dowwe (geluid), gawe, growwe, lawwe, liewe, nuwe,  
nuwe, ruwe, skuwe, sluwe, strawwe, stywe, suwe  
halwe, skurwe

Opmerkings:

1. In die gewone omgangstaal word van 'n paar adjektiewe soms afwykende vorms gebruik; dit het egter niks met nadruk of effek te doen nie. In dié opsig verskil hierdie wisselvorme van die afwykings in ander tipes.

(a) Slu en sku is veel seldsamer as sluwe, skuwe. Dit gold, hoewel in mindere mate, ook vir muf en suf waarna reeds eerder (tipe 2) verwys is.

(b) Ruwe en ru is nie altyd uitruilbaar nie. In die betekenis van "grof" kan net ruwe gebruik word: "ruwe diamante"; maar waar die betekenis "raw material" geïmpliseer word, is albei vorme,

ru en ruwe moontlik: "ru(we) suiker", "ru(we) olie", "ru(we) erte".<sup>35)</sup> In die omgangstaal is ru naastenby onbekend; dit is grootliks verdring deur die anglisistiese rof.

Al hierdie adjektiewe wat afwykende vorms het, is in die attributiewe funksie betreklik jonk en nog ongewoon in Afrikaans. Dit is opmerklik dat as dergelike woorde in jonger tyd ook attributief gebruik word, die neiging in Afrikaans skyn te wees om hulle onverbuig te laat. Om hier van defleksie te praat, sou m.i. verkeerd wees; 'n mens moet hier eerder met die invloed van die ou en frekwente predikatiewe vorm rekening hou, aangesien die attributiewe vorm in die omgangstaal feitlik onbekend was.

Tipe 9

|                     |
|---------------------|
| vok. of dift. + /ə/ |
|---------------------|

- (a) breë; doeie, goeie, koue, wye
- (b) droë, hoë, lae, leë, trae, vae, vroeë; ruie

#### Opmerkings:

1. Hier het ons 'n aantal byvoeglike naamwoorde wat met groot reëlmatigheid 'n /ə/ na vokaal of diftong het in teenstelling met die adjektiewe van tipe 4 wat sonder flekseusgang bly. In al die woorde van tipe 9 is 'n stemhebbende intervokalliese okklusief of frikatief (die slotklank van die oorspronklike attributiewe adjektiefstam) deur sekere historiese klankprosesse gesinkopeer. Hierdie klank is nog herkenbaar in die (stemlose) slotklank van die predikatiewe vorm. Dié kenmerke kry ons nie by die adjektiewe van tipe 4 nie.<sup>36)</sup>

35) In die meeste gevalle vorm ru deel van 'n samekoppeling soos in ru-gare, ru-koper, ru-kos, ru-metaal, ru-olie, ru-yater.

36) Behalwe ou (predikatief oud), wat in sy attributiewe vorm na hierdie tipe oorgeloop het. Kraai en rooi is ook vorme met gesinkopeerde intervokalliese frikatief, sodat hulle histories gesien ook as oorlopers sal beskou moet word; maar van hedendaagse standpunt uit staan hulle volkome gelyk met die ander voorbeelde van tipe 4 (ook in hul predikatiewe vorm, het hulle hul by tipe 4 aangesluit en het hulle geen konsonant op die end nie).

2. 'n Paar van die bogenoemde woorde kom in die spreektaal ook sonder /ə/ voor: kou naas koue, dooi naas dooië, vroe naas vroeë. Hulle is dus vergelykbaar met die /ə/-lose vorme wat in noot 36 genoem is. Moë in plaas van moeg (nooit moe nie) klink vir baie sprekers skryftaalagtig; dit is hoogs waarskynlik 'n Nederlandse vorm wat laat in die skriftelike gebruik van Afrikaans ingedring het en staan dan nie op een lyn met die ander adjektiewe van 9 (b) nie. Woorde soos moeg, ruig word veel meer predikatief as attributief gebruik.

Tipe 10

Kons. + /əl/ (+ /ə/)

dubbel(e), enkel(e), kreupel(e), kruppel(e), onnosel(e),  
skamel(e), soepel(e), troebel, vermetel(e), wankel(e) ydel(e)

#### Opmerkings:

Oor hierdie groep is daar min met sekerheid te sê; al die woorde behalwe troebel het wisselvorme met en sonder /ə/. Sommige bv. dubbele, enkele het gewoonlik die /ə/-formasie, terwyl troebel altyd en ydel meestal sonder /ə/ bly. Voor 'n persoonsnaam is ydel onverbuig: "n ydel vroumens" naas die geykte uitdrukking "ydele hoop". Van onnosel en simpel kom ons vorme met en sonder die formans /ə/ teë in dieselfde sintaktiese en semantiese verbindings. Dartel is nie 'n eg-Afrikaanse woord nie; edel(e), skamel(e), soepel(e) is in eerste instansie skryftaaltipes.

Vaer ons 'n /ə/-lose enkel en dubbel (duwvel) aantref, is dit gewoonlik deel van 'n samekoppeling, bv. 'n enkelbed, enkel-lengte, enkelbaan, 'n dubbeldeur, 'n dubbelhuis. En selfs daar kry ons wisselvorme, vgl. dubbeldoor, duwveldoor met dubbeledoor, duwweledoor, duwweledoor. In suiwer attributiewe gebruik ooreenweeg die /ə/-vorme van hierdie groep adjektiewe in die spreektaal.

Tipe 11

Adjektiewe met aksent op laaste sillabe

'n Groep adjektiewe wat in hulle fonologiese struktuur dit met mekaar gemeen het dat hulle (afgeesien van 'n moontlike fleksie-suffiks) twee- of meersillabies is en die hoofaksent op die laaste lettergreep dra, kry in attributiewe funksie die buigings-/ə/.<sup>37)</sup>

Die groep adjektiewe is onderling van baie verskillende morfologiese struktuur. Daar is onder hulle grens- of twyfelgevalle, d.w.s. waar dit sal afhang van die taalbeskrywer se uitgangspunt of hy hulle sal beskou as bestaande uit een of meer as een morfeem, selfs of hy sommige van hulle (veral van dié wat van vreemde herkoms is) van suiwer Afrikaanse standpunt uit sal beskou as uitgaande op 'n suffiks of nie. Die morfologiese probleme is hier nie ter sake nie, ook nie of die morfologiese struktuur van altans sommige van die groep 'n rol by die kwessie van die verbuiging speel of nie. Dit is duidelik dat ons hier te make het met 'n faktor van fonologiese aard wat op dieselfde manier by al die adjektiewe van die groep die voorwaarde vir die verbuiging is.

Voorbeelde: (a) bekende, bekwame, geheime, gehele, gevatte,  
vername, verspote ens.  
(b) kontant, presies, privaat, probaat e.a.

Opmerkings:

1. Die adjektiewe van groep (a) begin met 'n onbeklemd be-, ge- of ver- en eindig altyd op /ə/.<sup>38)</sup> Het gelyke en gehele (nie algehele nie) het /ə/-lose teenhangers, met 'n semantiese onderskeiding by gelyk ("horisontaal", "waterpas"): "'n gelyk vlakke", "'n gelyk veld"; geheel en gehele daarenteen dui nie verskillende betekenisnuanses aan nie, bv. "dié gehele waarheid"

37) Afleidings met 'n duidelik herkenbare prefiks soos in aangenaam, algemeen, onbekwaam, ongewoon, verbuig volgens die grondwoord en val in dieselfde fleksiekategorie as woorde soos geheim, vernaam ens.

38) 'n Hele paar woorde van hierdie groep word gevorm na die model van deelwoorde soos begane, gedane.

naas "deur geheel Europa" (die laaste verbinding verraaï Nederlandse invloed).

In betreklik geleerde of vaste uitdrukkings soos "die Nabye Ooste", "nabye toekoms" val dit op dat die tweede sillabe die klem dra en deur /ə/ gevolg word, terwyl die volke naby ("n naby dorpie") met die klem op die eerste sillabe altyd onverbuig bly.

2. Die voorbeelde van groep (b) kom net in bepaalde verbindinge sonder /ə/ voor. 'n Kenmerk van hierdie vreemde woorde wat heel gewoon is in die egte volkstaal, is die klem op die tweede sillabe. Voor 'n persoonsbepalende substantief word presies in die egte volkstaal nie verbuig nie; dus hoor ons "'n presies boer", maar altyd "die presiese antwoord", "die presiese getal", ens. In die omgangstaal is "'n probaat middel" 'n vasstaande uitdrukking, trouens die enigste verbinding waarin die adjektief voorkom. Die W.S. het hierdie vorm ook opgeneem, maar die T.W. noem net "'n probate middel". Die konstruksie met die onverboë probaat moet as 'n vaste verbinding beskou word wat in sy geheel uit Nederlandse oorgeneem is. Dit is moontlik onder die invloed van Nederlandse samekoppelings soos privaatbesit, -les, -lewen ens. - wat op hul beurt uit Duits ontleen is<sup>39)</sup> - dat privaat ook in Afrikaans in sommige verbindinge onverbuig voorkom, bv. "my privaat sake" naas "my private sake". Teenoor hierdie meer sporadiese vorme word kontant dikwels gebruik, waarskynlik onder invloed van die bywoord kontant (bv. kontant betaal) en die selfstandige naamwoord kontant in samestellings soos kontantgeld, -waarde ens. Moontlik het ook by bankrot - bv. "'n bankrot boedel" - die gelykluidende bywoord 'n rol gespeel. Attributief is hierdie woord nie besonder frekwent nie.

Al die ander vreemde woorde met die klem op die laaste sillabe eindig op /ə/: astrante, fatale, finale, formele, intieme, spontane ens.; verder ook meerlettergrepijges soos kompetente, delikate e.a. Hierdie woorde stem in gedrag ooreen met die adjektiewe van groep (a).

---

39) Vgl. G. Royen, a.w., p. 45.

As ons terugkyk oor die 12 tipes, stel ons vas dat die plurimorfematiese adjektiewe - behalwe dié met /ə/ as komparatiefsuffiks en samestellings wat soos die grondwoord onverbuig bly - altyd op /ə/ eindig. Hulle het 'n absoluut vaste vorm. En omdat die meeste meersillabiese adjektiewe deel van hierdie groep is, ook in afleidings soos superlatiewe, teenwoordige en verlede deelwoorde, is die /ə/-formasie kenmerkend van die meersillabiese en veral die plurimorfematiese adnominale adjektief in Afrikaans. Dit geld vir dié eg-Afrikaanse én die vreemde woorde.

By die monomorfematiese byvoeglike naamwoorde is die klankstruktuur doorslaggewend in die basiese fleksiepatroon. Hulle kry gereeld die fleksiesuffiks /ə/ na 'n stemlose of stemhebbende konsonantverbinding en na 'n stemhebbende (gesinkopgerde) okklusief of frikatief, terwyl hulle na 'n stemlose konsonant, na 'n nasaal of liquids en na 'n vokaal aan die einde van die adjektiefstam gewoonlik onverbuig bly. Uitsonderings op dié basiese patroon en wisselvorpe is veel seldsamer na 'n stemlose klank as na 'n lateraal of nasaal.



## HOOFSTUK VI

### DIE VERBUIGING IN DIE AFRIKAANSE GESKRIFTE VOOR 1875

#### 1. Skryftaal versus spreektaal

In die hedendaagse Afrikaanse skryftaal verskil die vorm van die attributiewe byvoeglike naamwoord dikwels van dié in die spreektaal, veral in bepaalde verbindings en in minder natuurlike stylsoorte. Die skryftaal maak veel meer gebruik van verboë vorme. Hierdie verskil moet in die vroeë periode van Afrikaans, nl. rondom en voor 1875, nog veel sterker gewees het aangesien vroeë skrywers van taalboeke, soos D.F. Malherbe, J.J. le Roux en N.H. Hoogenhout spesiaal op die verskynsel wys. Uit hulle handleidings blyk duidelik dat die adnominale verbuiging in die omgangstaal aan die begin van die 20ste eeu al was soos ons dit vandag ken. Maar le Roux merk nog in 1923 op dat 'n mens "by Afrikaanse skrywers . . . die hopeloooste verwarring omtrent die vorm van die Adjectief aantref," en dit nie net in sy eie tyd nie: "dit het reeds in die vroegste dae, toe 'n begin gemaak is om Afrikaans te skrywe, die geval gewees".<sup>1)</sup> Hy het al 'n paar jaar eerder in sy Handleiding in het Afrikaans voor Nederlanders<sup>2)</sup> na die oorsaak van daardie verwarring verwys: "Bij Afrikaanse schrijvers vindt men dikwels onder Ndl. invloed de Bijv. Nwdn. in een vorm die afwijkt van 't Afr. spraakgebruik". In 1917 kla D.F. Malherbe ook al daaroor dat in die skryftradisie meer gesondig is "teen die korrekte gebruik van die hnw. als teen enige ander reël. Ja, 'n mens sou selfs kan sê: in ons skryftradisie is dit tradisie om die hnw. verkeerd te gebruik. Als ons praat, als dit onbewus uitvloei, is alles in die haak; skrywe ons, dan werk die invloed van die Nederlandse verboë vorme so

---

1) J.J. le Roux, Oor die Afrikaanse sintaksis: I Woordgroepe en volsein, Amsterdam 1923, p. 47.

2) Amsterdam 1921, p. 36.

sterk in, dat ons foute maak".<sup>3)</sup> Voorbeelde van dergelike Nederlandse of krasie-Nederlandse vorme is o.a. "'n grote, kale vlakke", "'n lange tyd", "'n dwarse antwoord", "van rijke ouders", "die jonge klomp", ens. wat hy in Ons Klyntjie, jg. 1900, teëkom. Hy verwyt die skrywers van vóór en ná 1900 hul vernederlandste buigingsvorme. "Die Nuwe Beweging het in die begin ook niks suiwerder gewerk als die manne van die eerste tydperk nie. Dit kan 'n mens bewijs uit die werk van ons beste skrywers. Eers in die laaste jare na veel studie en bewuste strewe, kan 'n mens 'n groot verbetering opmerk."<sup>4)</sup> Maar selfs dan nog is vorme soos "'n blijwend besit", "op letterkundig gebied", "gesond verstand" ens. glad nie onbekend in boeke, tydskrifte en koerante nie.<sup>5)</sup>

Malherbe se buigingsreëls - hy gee 'n uitstekende beskrywing van die Afrikaanse taalgebruik - stem deurgaans ooreen met ons huidige fleksie. Waar die /s/ (ook vandag nog) fakultatief is, verkies hy soms die kort vorm, soos by die adjektiewe op -el en by kou; by ander wys hy op die onvaste verbuiging, bv. by vals(e), dubbel(e) e.a.<sup>6)</sup>

Le Roux stem in sy Handleiding "wat de hoofdzaken betreft" met Malherbe se fleksiereëls saam.<sup>7)</sup> Maar in sy Sintaksis val hy hom aan as een van dié skrywers wat dié begeerte het "om selfs teen die taalgevoel in te verafrikaans", en haal voorbeelde uit Vergeet nie (uitgawe van 1920) aan soos "rein liefde", "'n bleek afgematheid", "op vry voet", "in streng erns" e.a.<sup>8)</sup> Le Roux beskou dit as "'n nuwe uitwas" - na die ou euwel van Nederlands-

---

3) D.F. Malherbe, Afrikaanse taalboek, p. 43.

4) A.w., p. 44.

5) Vgl. Malherbe, a.w., derde druk 1920, p. 47; en J.J. le Roux, Oor die Afrikaanse sintaksis, p. 46.

6) Malherbe baseer sy beskrywing op die een- of meerlettergrephoud van die adjektiewe en op die klankstruktuur (volgens spelling!) van die predikatiewe vorm. Sy indeling het tot ons hedendaagse skoolgrammatikas toe tradisie gebly.

7) Handleiding, p. 32.

8) Oor die Afrikaanse sintaksis, p. 46

By dergelike literêre verbindings sou 'n mens ook vandag nog die verboë vorm gebruik.

agtige verboë vorme - dat "skrywers wat aan grammatiese studie doen, volgens self opgelegde reëls en teen die taalgevoel in, gaan verafrikaans".

Uit dergelike opmerkings sien ons hoe moeilik Afrikaans van sy Nederlandse agtergrond losgekom het. Bowendien was daar nog 'n verdere moeilikheid wat verwarring in die hand kon werk. By Le Roux en reeds vroeër by Hoogenhout, albei Bolanders, vind ons spesifieke verwysings na streekverskille. Le Roux meen in sy Handleiding dat die Transvalers waarskynlik 'n groter voorliefde vir vorme met /ə/ toon as die Bolanders; en Hoogenhout, wat van die Paarl afkomstig is, merk op dat in ander streke die adjektiewe meer dikwels 'n /ə/ neem as in sy eie distrik. Maar geen van hulle gaan verder op die saak in nie.

Die kort beskrywing wat H.M. Hoogenhout in sy Praktisches Lehrbuch der Kapholländischen Sprache<sup>9)</sup> van die adnominale verbuiging gee, is in ooreenstemming met die huidige gebruik so ver as wat dit gaan. Afwykend is alleen sy opmerking oor adjektiewe met die suffiks -vol wat volgens hom onverbuig moet bly. Maar Hoogenhout se beskrywing is volgens sy eie spreektaalgebruik opgestel, soos hy self opmerk; in die skryftaal van sy tyd was daar maar min blyk van 'n eenvormige fleksie. Dit sien ons duidelik in die prosastukke van ander skrywers wat in die boekie opgeneem is, en in die Vergelykende taalkunde van Afrikaans en Engels deur S.J. du Toit, waarvan die tweede uitgawe in 1902 verskyn het. Volgens Du Toit se reël en praktyk<sup>10)</sup> word alle attributiewe adjektiewe verbuig. Dit het ook Hoogenhout opgeval; daarom maak hy in sy boek vóór die stukke van Du Toit, M.H.N.(ser) en ander daarop attent dat hier alle byvoeglike naamwoorde op /ə/ uitgaan.<sup>11)</sup> Daarteen is die verbuiging deurgaans "modern" in die

---

9) Leipzig, s.j. (c. 1904), pp. 7-9.

10) S.J. du Toit, a.w., p. 15.

11) Hoogenhout, a.w., p. 75.

Die styl maak by Du Toit geen verskil nie. Hy verbuig sy adjektiewe of hy 'n drama soos Nagrita Frinslo skrywe of die Bybel vertaal.

fragment wat waarskynlik deur Hoogenhout self uit Duits vertaal is, in die fragmente uit sy vader, C.P. Hoogenhout, se Geskiedenis van Josef, en in die kostelike "same-spraak tussen Klaas, Flori en Tysi". In die fragment uit P.P.J. Coetser Sr. se Gebourtoniase uit di Kaffer-oorloë van 1834, 1835 (Paarl 1897) is die fleksie weer suiwer Nederlands.

Hierdie fleksieverskille in die skryftradisie in teenstelling met die gebruik in die omgangstaal moet by 'n ondersoek van vroeë Afrikaanse geskrifte altyd in gedagte gehou word. As nog taamlik onlangs, toe die adnominale verbuiging bo alle twyfel soos die hedendaagse was, dergelike afwykings van die algemene praatpatroon wydverspreid kon wees, by skrywers wat Afrikaans wou skrywe en volgens die leuse "skrywe soos jy praat" wou werk, dan moet ons aanneem dat hierdie neiging nog veel sterker was in 'n tydperk toe dit nog ongewoon was om in Afrikaans te skrywe. Die feit dat die invloed van die Nederlandse skryftradisie aan die begin van hierdie eeu hom nog so sterk kon laat geld na 'n meer as dertigjarige Afrikaanse skryftradisie, maak die ondersoeker versigtig ten opsigte van sy vroeë taalmateriaal. As ten spyte van daardie invloed eg Afrikaanse fleksievorme voorkom, selfs al is hulle miskien nie besonder frekvent tussen meer Nederlandse vorme nie, dra hulle besonder veel gewig en moet hulle seker as 'n aanwysing beskou word van wat in die spreektaal die reël was. Ook kan nie sommarso gekonkludeer word dat die van die hedendaagse Afrikaanse afwykende verboë vorme destyds nog naas die tipies Afrikaanse onverboë vorme in die omgangstaal geleef het nie. Dit moet duidelik wees dat die vrymaking van Afrikaans van die Nederlandse tradisie op die gebied van die adnominale verbuiging 'n besonder moeilike en stadige proses was, en dat die Afrikaanse taalkundige by die interpretasie van sy gegewens daarom voor lastige vrae te staan sal kom.

## II Die gebruik by skrywers van Afrikaans uit die tydperk 1830 - 1875

Onder die Afrikaanse geskrifte van vóór 1870 is die briewe en sketse van Samuel Zwaartman vir ons verreweg die belangrikste. Hulle is van 'n aard en omvang dat hulle 'n taamlik volledige beeld van die destydse omgangstaal gee. Dit is nie die geval met ander geskrifte voor Zwaartman nie. Hulle is óf so kort en verskillend van herkoms óf staan so kennelik onder Nederlandse invloed, dat hulle baie van hulle waarde vir ons verloor. Om dié rede is dit wenslik om Zwaartman se taal so volledig moontlik te ondersoek as uitgangepunt vir ons verdere ontleding van die 19de-eeuse verbuiging. By die vroeër tekste sal ons moet vaststel in hoeverre hulle ooreenstem met of afwyk van Zwaartman se fleksie en die hedendaagse gebruik. Dit kom daarop neer dat ons telkens moet probeer bepaal waar ons met vorme uit die spreektaal of uit die skryftaal te make het.

### 1. Samuel Zwaartman

Die vermaaklike en hekkelende "Boerenbrieven" en "Kaapsche Schetsen" van Samuel Zwaartman,<sup>12)</sup> skuilnaam van die Engelse wetsagent H.W.A. Cooper van Fraserburg, wat tussen 1870 en 1873 in Het Volksblad verskyn het, het die belangstelling en leeslus van baie lesers in dié dae gaande gehou. Hy skryf vlot en geselskerig, plek-plek platvloers, dikwels ook met 'n skerp satiriese ondertoon. Ons kry uit sy geskrifte die indruk dat hy, as van huis uit Engelssprekende, nie so vas gesit het in 'n Nederlandse skryftradisie nie, en aan die ander kant baie goed met die geaardheid en veral die taal van sy Fraserburgse medeburgers vertrou was. Maar Cooper moet Nederlands daren geken het, anders sou hy nie so op sy gemak en volgens Nederlandse spelreëls die "plat-Hollans" kon geskryf het nie. Sy taal is deur en deur Afrikaans en gee ons 'n goeie beeld van die omgange-

---

12) Die Afrikaanse geskrifte van Samuel Zwaartman, Uitgegee in die  
Patrietvereniging Nr. 9 deur G.S. Nienaber, Johannesburg 1942.

taal van die tyd; tog is dit nie sonder Nederlandismes nie, ook nie in die fleksie van die adjektief nie.

As ons sy adnominale verbuiging ondersoek, stel ons vas dat dit byna in alle opsigte met die hedendaagse Afrikaanse gebruik ooreenstem. Waar uitsonderings of wisselvorre voorkom wat van die huidige Afrikaanse sisteem afwyk, sal ons moet nagaan in hoeverre Zwaartman hier deur die Nederlandse skryftradisie beïnvloed is of miskien 'n ouer spreektaalgebruik weergee.

(a) Adjektiewe met suffiks:

Die byvoeglike naamwoorde wat op 'n suffiks, bv. op -ig, -lik, -s, -ies, of -aal uitgaan, eindig by Zwaartman op -e afgesien van die volgende uitsonderings<sup>13)</sup>:

(1) Nederlandse verbindings wat in dié vorm moontlik ook in die spreektaal gangbaar was, is die benamings van veelomstrede en -besproke politieke begrippe, nl. "die Vrijwillig Beginsel" ("the Voluntary Principle") en "Verantwoordelijk Bestuur" ("Responsible Government") waaroor in Samuel se dae veel en vurig gedebatteer is. Hy wy selfs 'n hele skets aan die bespreking van een van die twee; daarom kom hierdie begrippe dikwels ter sprake.

'n Deurwerking van Nederlandse skryfverre van die tyd kry ons by die volgende: "een vriendelijk man", "een vriendelijk kerel", "een werkzaam man", "ieder verstandig mens", "ver eenig mensch", "eenig ander dorp", "een Hollands woord", "een bottel Engels bier" (3 keer) - hoewel ook Engels vir sommige van die -g-lose vorme verantwoordelik kon gewees het (bv. "eenig ander dorp" uit "any other village"). 'n Gu Nederlandse stylvorm is die onverboë eerste adjektief in 'n kombinasie van twee adjektiewe deur en: "veel verstandig en

---

13) Waar hy Engelse terme verafrikaans, doen hy dit dikwels met behoud van die Engelse ongeflekterde vorm, bv. "de publiek woorks" (= public works), "de Koloniaal Sektaaris" (= Colonial Secretary), wat hy twee keer skryf naas 4 keer die gewone "koloniale sektaris", verder "Municipaal meeting" (= municipal meeting) 2 maal, maar ook 2 keer "municipale kerels".

bemiddelde mense", "een nuttig en goeië burger". (Die fleksie-e kan hier ook net deur elisie voor volgende vokaal verdwyn het.)

(11) Afgesien van Nederlandsagtige vorme kom nog 4 on-afrikaanse onverboë adjektiewe met suffiks voor, nl. "een ellendig toestand, "zoo een ou vrouwagtig manier", "op een grimlagchent manier"<sup>14)</sup> en "voor Hollans boeke", wat bloot die gevolg kan wees van 'n gevoel van onsekerheid by die hantering van Afrikaans as geskrewe taal, of ook wel van 'n verkeerde indruk van wat Hollands is.

Al die ander adjektiewe met suffiks is gereeld verbuig soos in hedendaagse Afrikaans, bv. "een levendige ding", "de teunswor-dige plan", "een nuttige stuk werk", "oen dogelike pert", "de Engelse bestuur", "die ou dendiese jong", "die verduivelde goed" ens.

(b. Suffikelose meersillabiese adjektiewe:

(1) Soos in hedendaagse gebruik bly die adjektiewe op -er - en daarby sluit ook die komparatiwe aan - by Zwaartman mees-tal onverbuig. Die komparatiwe kry nooit 'n buigings-e nie (10 keer); ook ieder (10 keer), lekker (5 keer) en yter ("de ijster ledokant") is altyd onverbuig. Maar naas ander (68 keer) skryf Swaartman nog 15 keer andere volgens Neder-landse patroon: "de andere dinge", "andere mense", "op anders dorpe".

(11) Ook die verbuiging van adjektiewe op -el sluit by die hedendaagse gebruik aan. Net een keer het Zwaartman 'n on-verboë vorm: "respectabel mens"; origens verbuig hy dergelike byvoeglike naamwoorde. Hy praat bv. 3 keer van respectabele boere, mense en manne; en waar hy enkele gebruik, nl. 2 keer,

---

14) Dergelike foutiewe vorme het blykbaar ook in die Nederlands van daardie dae aan die Kaap voorgekom. In 'n opmerking van die redaksie van die Volksblad lees ons: "een noodeloos opoffering van ruimte"(p. 13).

is dit in albei gevalle met -e.

(iii) Al die ander suffiklose meersillabiese adjektiewe (met aksent op die laaste lettergreep) kry konsekwent die buigings-e, bv. bekwame, beminde, civiele, private, verkeerde, vername en talre ander, soos in hedendaagse Afrikaans. Net een adjektief bly onverbuig, weer in ooreenstemming met die moderne gebruik, nl. gelyk wat 3 keer voorkom: "op gelyk grond" en "gelyk grond" (2 keer). Met die tweede spelling dui Zwaartman waarskynlik die amper monosillabiese uitspraak van die woord aan. Miskien is dit daarom dat die woord die buigingspatroon van die eenlettergrepige adjektiewe op stemlose okklusief volg.

(c. Suffiklose monosillabiese adjektiewe:

By die monosillabiese byvoeglike naamwoorde met stemlose okklusief, nasaal, liquida of diftong as stamoinde gee Zwaartman beslis die voorkeur aan die eg Afrikaanse onverboë vorm.

(1) Hy skryf bv. 47 keer groot en 21 keer grootse, waarby die Nederlandse genusonderskeiding geen rol hoegenaamd speel nie. Ons vind groot in alle soorte verbindings: "die groot skip", "zij groot broer", "die groot neus", "groot Boumans zij groot henge", "de groot kerel", "groot vandiesies"; grootse kan in soortgelyke verbindings voorkom, bv. "grootse vensters", "die grootse baart", "grootse dorpe", "een grootse klok", maar dit is opvallend dat byna al die -e-vorme bf in 'n meervoudsverbinding bf in affektiewe taalgebruik voorkom, terwyl die onverboë adjektief in die "gewone" beskrywing optree. Naas 9 gevalle voor 'n meervoudige substantief waar die invloed van die Nederlandse verboë vorm meentlik is, kry ons grootse waar spot, bewondering en ander gevoelens vertolk word. Zwaartman spot bv. met 'n "roomsse Fraserburger wat "sêh daar is hel met grootse vlammen" (p. 12); of met sy eie vrome gevoelens, want toe laas die reën na die "swaar droogte . . . gekom het, het ik grootse gedachten gevoel opswel onder mij naag waar de konsensie zit" (p. 62); of met die kerel wat



hom laat uitroep: "magtig, de kerel het groote oge" (p. 18). Moontlik is die verboë vorm voor abstrakte soos eer, skrik, mag net 'n uitdrukking van affek, maar invloed van die Nederlandse vorm het seker ook 'n rol gespeel by dergelike woorde.

Ook by ander adjektiewe van hierdie tipe kry ons wissel-vorme met die meerderheid aan die onverboë kant. Zwaartman skryf gewoonlik wit (6 keer) en zwart (13 keer), bv. "wit tawerts", "de wit steveltjies", "wit halsdoek", "die zwart volk", "zwart natie", "zwart broek", maar 3 keer ook witte en 2 keer zwarte, nl. waar hy 'n paar lawwe grappies oor predikante krytraak: "de witte zakdoek", "een witte ding", "met zijn zwarte tjalie", "een zwarte zak". In dieselfde situasie plaas hy soms die verboë naas die onverboë vorm. Vet kom by hom net 2 keer en dan onverbuig voor, korte daarenteen 3 keer en verbuig; ook dik kry geen -e nie, selfs nie in spottende taalgebruik nie ("oen dik, vet korte kereltje", p. 6; Andries du Toit "zijn vet dogter .... is eindelijk een knevel van een mooi", p. 26); dieselfde geld vir ziek en stomp: "de laatste ziek mens", "klein de Vet .... wat die stomp neus het" (p. 73). As ons dan skielik weer op vorme soos "zieke mense" (naas "ziek mense"), "rijke gemeentens", "rijke kerels", "diepe slote", "korte dage" afkom, almal in meervoudsverbindings, word ons gesterk in ons indruk dat die Nederlandse skryftradisie vir die meeste verboë vorme van hierdie groep adjektiewe verantwoordelik is en dat die sprektaalvorm onverbuig was.

(ii) Waar die adjektiefstem op 'n nasaal uitgaan, is die toestand meer ingewikkeld, maar ook daar blyk tog duidelik dat die onverboë vorm vir Zwaartman die normale was. Hy skryf 45 maal klein, bv. "de klein klerkie", "de klein Duitser" en baie dikwels ook voor vanne soos "klein Bouman"; daarnaas kom slegs 6 maal kleine voor: "kleine stokkies", "kleine voëls", "de kleine ongeluk". As hy spot, verkies hy

meestal die -e-vorm: "Vanie sij groot dam ... is eintlijk een kleine zeë" (p. 63); Sprick, die Parlements lid, "het maar een kleine kop maar daar sit murg in" (p. 82); die advokate in die hof "moet op mekaar zit met zoos een groot gemeente in een kleine kerk" (p. 86); "die leelijke kleine De Wet met de groot neus" (p. 33) is later weer "klein De Wet met die groot neus" (p. 42).

Van die ander adjektiewe is bruin (1 keer) onverbuig; lang is 'n enkele keer sonder -e in "lang haare" (p. 50), origens 8 keer lange. Uitdrukkings soos "lange dage", "lange jare" is ook vandag nog bekend, maar "lange oore", "die lange snor", "lange tijd" klink onafrikaans. Jong kom 5 keer met en 5 keer (in verbinding met "kerel") sonder die buiging-suffiks voor: "een heele fluxse jong kerel", "jong kereltjes", maar "de jonge mens", "die jonge kerels", "een dwase jonge man", "in zijn jonge dae". Dit is nogal opvallend dat Zwaartman olimme (6 keer) en donne (2 keer) altyd verbuig in stryd met Afrikaans. Of dié veelvuldige gebruik van -g-vorme in hierdie groep adjektiewe aan die invloed van die Nederlandse skryftradisie toegeskryf moet word, kan nie met sekerheid gesê word nie maar lyk tog waarskynlik.

Arme volg die Afrikaanse patroon in 12 uit die 14 gevalle waar dit 'n uitdrukking van (skynbare) meegevoel is; as sodanig is die verboë vorm ook vandag gebruiklik. Twee keer dra arme egter die betekenis van "behoefdig" en is volgens ons huidige gevoel heeltemal onafrikaans.

(iii) Ook by adjektiewe met 'n liquida voor die fleksie-e (indien verbuig) kry ons 'n wisselende patroon, maar dikwels in ooreenstemming met Afrikaans. Altyd verbuig is ware (3), naare (1) en verre (2), waarvan alleen die laaste in stryd met Afrikaanse fleksiereëls is: "elk ware Afrikaner" (p. 71), "de elektrisiteit is een naare ding" (p. 63), "na een verre afgeleë dorp" (p. 90). Die verboë zwaare (5 keer) soos in "een zwaare woort", "een zwaare stang", en in die verbinding "zwaare weer" wat vandag nog as samekoppeling (swareweer)

bekend is, het 3 keer ook 'n ongeflekterde toehanger; uitdrukkinge soos "zwaar straf", "zwaar droogte", "zwaar werk" is heeltemal Afrikaans. Nog twee byvoeglike naamwoorde volg die Afrikaanse patroon en bly onverbuig: "de zeer hant" (p. 59) en "alderhande brantwaer ezels en osse" (p. 3).<sup>15)</sup>

Dit lyk dus of in Zwaartman se dae dieselfde verskeidenheid vorme op die gebied van die adjektiewe op -r bestaan het soos vandag, indien nie meer nie.

Daar kom net 2 adjektiewe op -l voor, heele en malle. Twee keer lees ons "die ou malle mot" (pp. 21 en 57). Die samekoppeling mallemot word vandag nog gebruik, ook met toepassing op persone. By heele is die verboë vorm ongetwyfeld die normale met 58 gevalle soos in hedendaagse Afrikaans; net 3 keer skryf Samuel 'n onverboë heel in stryd met die huidige gebruik. Heel het by hom nie die betekenis van "volledig", "onbeekadig" soos in ons gebruiklike "heel kouse", "'n heel hemp" ens. nie. Hy praat van 'n "heel speul mens", "en heel speul peeper", "daar is heel trop wat nix krij nie".<sup>16)</sup> Andersyds skryf hy ook weer keer op keer "heele speul...", "hele trop ...".

(iv) By die attributiewe adjektiewe met diftong in die anlaut (die onverboë vorme) of diftong voor die fleksie-uitgang (die verboë vorme) kry ons by Zwaartman 'n effens ander verspreiding van die adjektiewe oor die twee groepe as in die huidige Afrikaans: by hom bly in die reël onverbuig blaauw, mooi, ou, kwani, rooi (soos deurgaans in Afrikaans), terwyl hy altyd fraaije, luie, roue, vrye, doois, goeis skrywe (die eerste vier vorme dus in stryd met die hedendaagse Afrikaanse gebruik). In albei groepe vind ons by Zwaartman egter wisselvorme, by sommige adjektiewe meer, by ander minder of glad nie.

---

15) Vgl. die Afrikaanse reël dat samestellings volgens die grondwoord se fleksie verbuig word.

16) Moontlik onder Engelse invloed: "a whole lot of ..."

Blaauw kom net 3 keer in attributiewe funksie voor, 2 keer onverbuig en een keer verbuig teen die Afrikaanse reël in: "een blaauwe rok met silver knoope". Naas die gewone mooi in alle suiwer beskrywende situasies soos "een mooi kerk", "mooi nooientjes", "zij mooi vos henge", lees ons 8 keer ook mooie, nl. 2 keer voor 'n selfstandige naamwoord in die meervoud ("zulke mooie perkes", "die mooie versies") en die res in nadruklike of affektiewe, meestal spottende, taalgebruik ("een mooie vriese kereltje", "dit is een mooie spulletje" ens.). Vier van die -e-voerne wyk en van Nederlands en van Afrikaans af, die ander vier stem met die Nederlandse fleksie ooreen.

Naastenty 150 maal skryf Zwaartman ou in alle soorte taalgebruik en net 2 maal ouë ("de ouë stuk gold", "de ouë speul"), sodat hier geen twyfel kan bestaan oor wat die gesproke vorm was nie. Ook rooi is in al vier gevalle waar dit voorkom, onverbuig soos in ons hedendaagse Afrikaans: "een rooi streep", "rooi kiere", "de Rooi Zee". Kwaai is in tipies Afrikaanse uitdrukkings soos "een kwaai jong", "een kwaai ou kerel" onverbuig, maar as bepaling voor die deftige woord "wet" kry dit 'n -e ("de kwaai wet"), moontlik onder Nederlandse invloed. Ons kry dit meermale dat Zwaartman begin onseker word en onder Nederlandse invloed kom sodra hy verbindings met meer geleerde substantiewe neerskryf. Waar hy oor alledaagse dinge praat, is hy veel meer onbevange en verbuig hy volgens ons huidige patroon. Van die gegewens kan ons aflei dat die normale spreektaalvorm van hierdie groep adjektiewe op diftong (blou, mooi, ou, kwaai, rooi) in Zwaartman se tyd die onverboë was.

In die ander, nl. die verboë, groep van Zwaartman is die reëlmatige goei die mees frekwente adjektief (66 keer). Twee voorbeelde van goei (bv. "een goei kerel") lyk meer na toevallige ontsprings as na defleksie. Goei- ken ons in Afrikaans vandag net in die groetformules goeiniddag, goei-môre ens. Dooie, fraaije, roue en vrije kom elk net 'n

enkele keer voor sonder onverboë teëhangers: "de doeie mense", "een fraaije groote affaire", "rouë Engelse in de voornaamste poste", "een vrije lant". Ook luie is altyd verbuig (4 keer) en dra affek, bv. "die luie drommels", "een luië predikant", "een heele speul luie kerels". Terwyl goeie en doeie ooreenstem met die Afrikaanse gebruik, wyk die ander genoemde adjektiewe van die hedendaagse spreektaal af, waar net die onverboë vorme fraai, lui, rou, en vry bekend is. Die verboë vorm van die adjektief klink vir ons vandag boeikerig, vir Malherbe en Hoogenhout blykbaar ook al;<sup>17)</sup> gevolglik lyk dit onwaarskynlik dat hulle in Samuel Zwaartman se dae tot die gewone omgangstaal behoort het.

(v) Byvoeglike naamwoorde van die tipe droo(g)e, hoo(g)e, laaë, leege, en verder lieue, nieuue eindig by Zwaartman konsekwent op -e. Dikwels het die intervokaliëse -g, alrens op skrif, bewaar gebly, maar die behoud of verlies van hierdie klank en of hy as frikatief of dalk as stemhebbende okklusief uitgespreek is,<sup>18)</sup> verander niks aan die fleksievorm nie.<sup>19)</sup> Zwaartman skryf bv. 3 maal drooge en net 1 keer drooë, 3 maal hooge en 4 maal hooë, maar slegs laaë (2 keer) en leege (2 keer). Wat die fleksie betref, staan hy aan die kant van ons hedendaagse sisteem, ook by die adjektiewe lieue (24 keer) en nieuue (26 keer). Nêrens kom ons 'n eg Nederlandse lief of nieuw teë nie.

(vi) Attributiewe adjektiewe met stemlose frikatief as woerdeinde of voor die buigings-e is skaars maar nietemin verrassend vanweë die byna konsekwente gebruik van verboë vorme, dikwels in stryd met Afrikaans. In ooreenstemming met ons huidige sisteem verbuig hy "de booe geest", "een dwaze

17) Vgl. Hoogenhout, a.w., pp. 7-8.

18) Vgl. J. du P. Scholtz, Taalhistoriese opstelle, p. 191.

19) Die interessant dat Zwaartman in sy briewe altyd eige skryf (7 keer), maar in die Kaapse sketse net eie (10 keer); ook tege behou oral die intervokaliëse klank.

jonge man", "zulke laffe (= lawwe) briewe"; hy wyk af van Afrikaans in "een mooie yrisse kereltje" en in die gebruik van dese/deuze (5 keer), bv. "van deze week", "van deuze jaar", "deuze keer". Dese leef vandag nie meer nie, wel verbindings met dees, bv. vandeeweek, dadaae. Het ons by hierdie verboë vorme alleen met Nederlandse skryfinvloed te make? Reeds die vorm laffe (Afr. lawwe), verder die spelling z vir Afr. s laat ons dit vermoed.<sup>20)</sup> Twee keer kry ons ook kort (Afrikaanse) vorme, bv. in die verbinding "met zij schuins voete" (p. 19) en in die woordespel: "Een wijs paert wort met een zware stang gerij, maar een wijze goferneur het geen stang of teuvels" (p. 69). Miskien speel Zwaartman hier met die semantiese verskil van wijs (= "kwaai, brutaal, parrmantig") en wijze (= "verstandig"), maar uit die samehang blyk dat hy met "een wijze goferneur" 'n "kwaai goferneur" bedoel wat "met de kolonie de verderf in" hol. Die eg Afrikaanse wys = "kwaai" (vgl. ook "'n wys vrou") is egter onverbuigbaar; die vorm wijze lyk daarom eerder na 'n verboë vorm onder Nederlandse invloed as na 'n doelbewuste assosiasie met wyse (= verstandige). Cooper toon hom nêrens as 'n stilis wie se geestigheid en ironie uit fyn woordspelings voortkom nie. Hy haal die grappige uit die plat, nare "boeretaal".

By die adjektiewe op stemlose frikatief kom dus wel onverboë vorme voor, maar die groot meerderheid was blykbaar in Zwaartman se tyd verbuig. Ons sien dieselfde neiging in sy gebruik van die besittlike voornaamwoord onze, wat hy nog dikwels (meer as 45 keer) naas die meer frekwente ons skryf. Dit ly geen twyfel dat die wisselvorme uit die spreektaal van sy tyd kom nie, aangesien ons selfs vandag nog by ou mense onse kan hoer.

(vii) In ooreenstemming met Afrikaanse reëls word die volgende

---

20) Dit staan bo alle twyfel vas dat Zwaartman nie tussen die stemhebbende -z en die stemlose -s onderskei het nie. Die stemhebbende alveolêre frikatief /z/ kom nie in die Afrikaanse fonologiese sisteem voor nie.

tipies konsekwent verbuig: fluxse, snaakse, steakse; regte, slegte, zagte; vaste; en harde, ronde, vreemde. Hierop is nie 'n enkele uitsondering teëgekom nie.

Samenvattend kan ons sê dat Samuel Zwaartman se verbuiging met ons hedendaagse Afrikaanse fleksie ooreenstem; plek-plek staan hy egter nog onder Nederlandse invloed - waar hy oor deftiger onderwerpe skryf, soos in sy "Kaapsche Schetsen", meer as in sy geselserye "Boerenbrieven". Dan duik by hom ook skielik op die Nederlandse wij i.p.v. ons en ander Nederlandismes veral in die vormleer. In die meeste gevalle is sy onafrikaanse verhoë vorme direk aan die invloed van die Nederlandse skryftradisie te wyte, wat weer bewys hoe moeilik vroeë skrywers in Afrikaans hul van daardie tradisie kon losmaak. Bowendien is Zwaartman nie in die eerste plek in die suiwerheid van sy taal geïnteresseerd nie; Die volkstaal is vir hom maar 'n middel tot 'n doel, nl. vermaaklike kritiek en satire. As half Nederlandse wisselvorme die grappigheid verhoog, word hulle ook gebruik. 'n Heeltemal getroue weergawe van die gesproke taal mag ons dus nie van Zwaartman verwag nie; ons vind dit ook nie, ten minste nie altyd nie.

## 2. Geskifte vóór Samuel Zwaartman

Uit die voeragaande ontleding blyk n.i. duidelik dat die attributiewe byvoeglike naamwoord rondom 1870 reeds soos in hedendaagse Afrikaans verbuig is, al swig Zwaartman nog 'n hele paar keer vir die Nederlandse skryftaalinvloed. Maar die meeste van sy tydgenote en voorgangers staan nog veel sterker onder daardie invloed, sodat ons by hulle net af en toe 'n suiwer kyk op die spreektaal kry. Dins elke brief wat in die koerante verskyn het, gee 'n ander en min of meer skewe beeld van die toestand in die gesproke taal. Des te swaarder weeg onder die omstandighede die waarde van eg Afrikaanse vorme waar hulle deur die warboel van Nederlandsagtige adjektiefvorme heen na vore kom. Aangesien die fleksie in elke teks uit die periode 1830 - 1875 so sterk individueel gekleurd en van die skrywer se vermoë om van die Nederlandse

invloed weg te kom afhanklik is, verskaf die tekste nie 'n beeld van 'n deurlopende ontwikkelingsgang van die verbuiging in daardie jare nie. Elke teks is 'n meer of minder geslaagde poging om die gesproke Afrikaans op skrif te bring. As Meurant nog in 1860 in sy Zamenpraak en briewe aan Oom Jan Twijfelaar<sup>21)</sup> al sy adjektiewe op min uitsonderings na verbuig, terwyl ander briefskrywers herhaaldelik onverboë vorme soos in Afrikaans vandag gebruik, gee hy allesbehalwe 'n weerspieëling van die omgangstaal van sy eie tyd. Daarom het dit min sin om elke skrywer se taalgebruik apart te beskrywe; miskien is dit 'n meer doeltreffende metode om na te gaan waar en hoe dikwels tipies Afrikaanse vorme voorkom en watter woorde - wat by Zwaartman 'n Afrikaanse fleksie het - die meeste aan Nederlandse invloed blootgestel was.

Die materiaal is o.a. gehaal uit 'n twintigtal briewe wat tussen 1861 en 1865 in De Zuid-Afrikaan verskyn het,<sup>22)</sup> briewe en samesprake uit die jare 1844 - 50 in Meurant se koerant Het Kaapsche Grensblad, en ander geskrifte wat deur G.S. Hienaber in 'n publikasie van die Patriotvereniging uitgegee is.<sup>23)</sup> Nie al die briewe en stukke in Hienaber se bundel was geskik vir hierdie studie nie, want baie van hulle het 'n deur en deur Nederlandse verbuiging en getuig van onvermoë by die korrespondente om Afrikaans te skrywe. 'n Paar van die vroeë geskrifte is al taalkundig ondersoek deur prof. J. du P. Scholtz, nl. die geskrifte van Boniface, "Kaatje Kekkelbek" en die Afrikaanse stukke wat in Meurant se blad verskyn het.<sup>24)</sup> Ook prof. J.L.M. Franken het

21) Klaas Waarzegger se Zamenpraak en Briewe uit 1861, Uitgegee deur G.S. Hienaber as Dl. 1 van die Patriotvereniging, Johannesburg 1940.

22) Volgens afskrifte wat prof. J. du P. Scholtz jare gelede gemaak het.

23) Afrikaans tot 1860, P.V.6, Johannesburg 1942.

24) "Boniface se Afrikaans, 1830-1832", Tydskrif vir W. en K., IV, 2, 1943; "Meurant se Afrikaans in 1844-1850", Die Huisgenoot, 22 en 29 Aug. 1941; "'n Afrikaanse brief van 1851", Die Huisgenoot, 13, 20 en 27 Junie 1941; "Die Afrikaans van 'Kaatje Kekkelbek'", Die Huisgenoot, 21 Nov. 1941.



"Die Afrikaans van Boniface" ontleed.<sup>25)</sup> Omdat in die stukke in Meurant se koerant groot fleksieverskille aangetref word en soms tipies Afrikaanse vorme voorkom naas Meurant-agtige buigingsverskynsels in ander briewe, was dit wenslik om hierdie geskifte nog eens noukeurig te ondersoek en individuele skrywers te isoleer. Dit is hoogs onwaarskynlik dat die briewe van "Platje Wynneus", "Sabiena Zeekoeygat" en "Een van die Agterstraat" uit Meurant se pen gekom het. Die fleksie hier staan na aan die huidige Afrikaans, terwyl Meurant se vorme en onafrikaans en on-nederlands is. Trouens, prof. Scholtz het al op 'n paar ooreenkomste in die woordgebruik van Kaatje Kekkelbek en Sabiena Zeekoeygat gewys;<sup>26)</sup> aangesien ook die fleksie in die twee tekste sterk ooreenstem, is dit nie onmoontlik dat Andrew Goddes Bain, die outeur van "Kaatje Kekkelbek",<sup>27)</sup> ook onder die skuilnaam "Sabiena Zeekoeygat" geskryf het nie.

(a. Adjektiewe met suffiks:

Die byvoeglike naamwoorde met 'n suffiks voor die fleksie-uitgang is gereeld verbuig soos by Zwaartman; byna die enigste uitsonderings is 'n paar onverboë vorme van die tipe Duits, Engels, Hollands waar ons vandag die -g-vorm sou gebruik. "Een huwbaar dogter" by Elsie Benzenstok (Meurant) lyk na 'n toevallige ontsporing, terwyl die frekwente onverboë vorme by Jantje Eenvoudig en 'n paar ander skrywers in De Zuid-Afrikaan klaarblyklik Nederlandse invloed is (bv. "een duidelik bewijs", "jou nuttig krant", "als eerlik man" ens.).

(b. Suffikslose meersillabiese adjektiewe:

Van ander weet ons met sekerheid dat dit soos vandag gewoonlik onverbuig gebruik is afgesien van bepaalde verbindings waar ook nou nog die -g-vorm moontlik is. Selfs Meurant skryf meer dikwels ander

---

25) J.L.M. Franken, Taalhistoriese bydraes, Kaapstad 1953, veral p. 191.

26) Die Huisgenoot, 21 Nov. 1941.

27) Vgl. J. du P. Scholtz, "Outeurskap en ontstaanstyd van 'Kaatje Kekkelbek', Standpunte XVII, 5, Junie 1964, p. 16.

as andere; by die briefskrywers in koerante is andere naastenby onbekend.

Ook adjektiewe op -er bly - soos in Afrikaans - onverbuig: duyster (1), lekker (3), seker (2), sober (4) - in die uitdrukking "sober water" wat blykbaar 'n regmakertjie was - en suiver (8). Maar soos by Zwaartman en in hedendaagse gebruik het adjektiewe soos bekende, geheele, verkeerde, civiele, publieke ens. altyd die buigings -e.

(c. Suffikslose monosillabiese adjektiewe:

(1) Die attributiewe byvoeglike naamwoord met die hoogste gebruiksfrekwensie is ou. In die briewe uit De Zuid-Afrikaan (1861-65) vind ons oral ou (70 keer); nie eens Jantje Eenvoudig - waarskynlik die skuilnaam van 'n predikant wat in 1865 lang briewe oor die Kerkstryd skryf in taamlik Nederlandse-agtige taal - gebruik die verboë oue nie. Maar Klaas Waarzegger, alias Meurant, skryf in 1861 konsekwent ouwe (110 keer). Hy reageer skerp op die "Valse Jan Twyfelaar" - wat in sy "nageaapte brief" net ou naas ander onverboë (Afrikaanse) vorme gebruik - en as hy, Klaas Waarzegger, skryf "Doppers taal", wat geen "Hoog Hollans" is nie, maar "ook geen Hottentotstaal nie, zoo als die nageaapte brief."<sup>28)</sup> Vir Meurant was blykbaar ook die onverboë vorme 'n kenmerk van onbeskaafde taalgebruik, ten minste op skrif. Die briewe in Het Kaapsche Grensblad wat waarskynlik uit Meurant se pen stam, het ook ouwe, terwyl in ander briewe 16 keer ouw voorkom;<sup>29)</sup> Kaatje Kekkelbek en Sabiena Zeekooygat praat deurgaans van "ouw Pratt", "die ouw dikke kerel", "ou remskoen knegts" ens. (13 keer). Boniface skryf in sy vroeë stukke nog ouwe, maar in 'n gesprekke in De Nataliër van 3/6/1844 kom "die ouw kerrel" voor. Die ou-gebruik moet dus al in die dertiger jare algemeen in die spreektaal gewees het. Maar dit het lank geduur voordat

28) Klaas Waarzegger, p. 64.

29) Hl. by Platje Wynneus, Een van de Agterstraat, Grietje Beuzenstok, Grietje van Pas en Sabiena. Prof. Scholtz reken Grietje Beuzenstok se brief van 29/12/1849 tot Meurant se geskifte, maar juis hier kry ons 5 keer ouw (naas 8 maal ouwe) wat by Meurant anders nooit voorkom Hie. ("Afrikaanse geskifte in ou Kaapse koerante en tydskrifte", Tydskrif vir W. en K., XIII, 3, Mei 1935.)

die deftiger en Nederlandsagtige ouwe in die skryftaal vir ou plek gemaak het.

Ander adjektiewe met diftong voor die fleksieuitgang (indien verbuig) is seldsaam. In 'n paar van die vroegste en mees Afrikaanse tekste kom onverboë vorme in ooreenstemming met die hedendaagse gebruik voor, nl. rooi (1), kwaai (1), blaaui (2) en mooi (4 van die 5 voorbeelde by Boniface, bv. "mooi kaerse"); in die ander gevalle is die adjektief verbuig in stryd met Afrikaanse - en dikwels ook Nederlandse - reëls: mooie (11), fraaije (2), blouwe (1), kwaaije (2), verder ook die tweensillabiese tanaaije (1). Die reëlmatige verboë goeie volg altyd die huidige patroon.

(ii) 'n Ander adjektief wat ons dikwels teëkom, is groot (21 keer) en sy verboë vorm (20 keer). Ten spyte van sy Nederlandse inslag is Jantjie eenvoudig die belangrikste groot-gebruiker in De Zuid-Afrikaan met verbindings soos "tot groot onser", "groot schande" ens. In Het Kaapsche Grensblad is die onverboë vorm meer verspreid, maar net in dié stukke wat ook in ander opsigte na aan Afrikaans staan; ons kry daar bv. "die groot Base", "een groot pot", "groot mannen", "groot Maneer" (= meneer) ens. Die Mourant-agtige briewe het oral groote.

Al die ander monosillabiese adjektiewe wat op stemlose okklusief uitgaan (nl. knappe 1; zwarte 2, vette 1, vrotte 1, witte 1; dikke 2, gekke 2, ryke 1, sterke 1) is verbuig in stryd met Afrikaans maar in die meeste gevalle in ooreenstemming met Nederlands. Net zwart en dik is 'n paar keer (altesame 7 maal) onverbuig aangetref in egte spreektaalverbindings: "een zwart jong", "zijn zwart hond", "Klaas Patat die dik Boer", "ou dik Martinus".

(iii) Tussen 1845 en 1870 lewer ons tekste 26 voorbeelde van die onverboë klein op in ooreenstemming met die hedendaagse gebruik. Die voorbeelde en hul verspreiding is van so 'n aard dat ons met 'n taanlike mate van sekerheid klein as die spreektaalvorm al van daardie tyd kan beskou. Jantjie

Eenvoudig skryf net 1 keer "een kleyn tyd gelee" (naas 3 keer kleyne); in die ander stukke in De Zuid-Afrikaan is die verhouding 4 tot 3, "die klein diaken" naas "de kleine mannetje". Selfs Klaas Waarzegger gebruik 6 maal die onverboë vorm (naas 30 keer kleine), wat hy by geen ander monosillabiese adjektief doen nie. Elsie Twyfelaar en die Valse Jan Twyfelaar ken niks anders as klein nie (8 keer), bv. "die klein vent", "die klein Paintertje". Sabiena Zoekoeygat het 4 maal klein naas 3 maal kleine: "'n klein kerel", "die arme klein landmeter" naas "die kleine Magistratje". As Kaatje Kekkelbek "een kleine bootje" sing, is die -e-vorm te wyte aan die metriese skema van haar rympe.

By die ander monosillabiese adjektiewe wat op 'n nasaal (voor fleksieuitgang, indien verbuig) uitgaan, is onverboë vorme uiters skaars in die hele tydperk. Naas die onverboë adjektiewe donne (14), slimme (12), vrome (1); dunne (1), groene (4), jonge (4) en lange (4) is net 6 onverboë (Afrikaanse) vorme aangetref, bv. in die uitroep "jou don eelmont"; verder in die verbindings "jong ganse" (2 keer) en "een lang teyt"; by Kaatje Kekkelbek in die tipies Afrikaanse verbinding "a sehelm boer"; selfs Meurant skryf een keer in sy Zamenpraak: "ons wil de dun ent van de schaapbont afkap" (p. 24). Al is die onverboë vorme betreklik seldsaam, kom hulle in sulke gewone volkstaalverbindings voor dat ons in hulle 'n aanduiding van die spreektaal kan sien, en hulle as 'n deurbraak van die gesproke Afrikaans deur die Nederlandse skryftradisie kan beskou.

(iv) Soos by Zwaartman neem die adjektief arme ook in hierdie geskrifte 'n aparte plek in omdat dit doorgaans in ooreenstemming met hedendaagse Afrikaans gebruik word, nl. 15 keer verbuig waar dit meegevoel vertolk, en 2 keer onverbuig in die sin van "behoefdig": "het is swaar voor een arm boer . . . wat geen gelt het om een lereens (= licence) te betaal om krayen te schiet" (De Zuid-Afrikaan 8/9/1864); in 'n gesprek oor liefdadigheid sê Piet se praatziek vrou:

"Ik heb gehoord . . . dat jy een arm blinde man dedelyk geholpe hebbe" (Het Kaapsche Grensblad 1/12/1849).

(v) Van die paar adjektiewe op stemlose frikatief, na vokaal of stemhebbende konsonant en voor fleksienitgang soos dwase (1), valse (6),<sup>30)</sup> wijze = "kwaai" (2) is net wijze in stryd met die Afrikaanse fleksie; die verbinding "een wys kerrel" daarenteen is interessant as eg Afrikaanse vorm. As Jantje Eenvoudig "zyn boos hart" skryf, gebruik hy 'n Nederlandse, nie 'n Afrikaanse vorm nie. Al in die materiaal beperk, sien ons tog ooreenkomste met Zwaartman se gebruik. Soos Zwaartman toon die vroeë skrywers van Afrikaans 'n sterker neiging tot die verboë vorm by adjektiewe waar ook die huidige gebruik onvas is en verboë vorme toelaat. Ons en onze bestaan naas mekaar soos by Zwaartman en selfs nog later. In die deftige onafrikaanse briewe, bv. Bezuidenhout s'n,<sup>31)</sup> word konsekwent onze geskrywe.

(vi) Byvoeglike naamwoorde op dentaal voor die fleksienitgang nl. nare (2), ware (8), zware (2) en heele (10) is altyd verbuig; van hulle is net zware in stryd met die Afrikaanse patroon, maar in 'n heeltemal Afrikaanse brief van 1845 deur "Een van de Agterstraat" kom ons "en swaar naam" teë wat m.i. 'n aanduiding is dat die onverboë vorm swaar soos vandag gebruiklik, destyds al bekend en ten minste naas die verboë vorm bestaan het.

(vii) Ooreenkomstig met Zwaartman en die hedendaagse patroon eindig die adjektiewe van die volgende tipes altyd op -e: droge, hoë; lieue, nieuue; blinde, ronde; roete, slegte; en fluxe.

### 3. Gevolgtrekkings

Al kamoeffleer Nederlandsagtige buigingsvorme in ons vroeë Afrikaanse bronne die werklike toestand in die ongangstaal, kan die

---

30) Al die voorbeelde kom voor by Jantje Eenvoudig in verbindings soos "valse getuygenis", "valse broeders", waar ook vandag nog die -e-vorm gebruik sou word.

31) Afrikaans tot 1860, p. 83.

volgende gevolgtrekkings omtrent die spreektaalvorme gemaak word:

- (a) In Samuel Zwaartman se tyd, dus rondom 1870, was die adnominale verbuiging van die adjektief soos in hedendaagse Afrikaans, net die byvoeglike naamwoorde op -a na vooraangaande vokaal (+ stemhebbende konsonant) was moontlik meer dikwels verbuig as vandag.
- (b) Rondom 1840 was die toestand in die gesproke taal min of meer dieselfde wat die basiese patroon van die verskillende adjektief-groepe betref. Die morfologiese en fonologiese faktore van die huidige fleksiesisteen is toe al onmiskenbaar. Die verbuiging van die meersillabiese adjektiewe en dié met 'n suffiks was alreeds vas. Net die monosillabiese groepe het moontlik heelwat meer wisselvorme van verboë naas onverboë adjektiewe bevat as die taal van Zwaartman en die huidige Afrikaans. Dit is opmerklik dat die "voorloper" van elke monosillabiese groep, d.w.s. die byvoeglike naamwoord met die hoogste gebruiksfrekwensie - altans in ons tekste - nl. ou, groot, klein, die huidige fleksiepatroon verrai of selfs onmiskenbaar weergee, terwyl ander en minder frekwente lede van die verskillende groepe nog meestal op -e uitgaan. Die oorsaak is waarskynlik by twee verskynsels. In die eerste plek kan ons aanneem dat elke groep ook in die spreektaal sy voorlopers en sy agterblywers gehad het. Die voertou word geneem deur dié adjektiewe wat die meeste in die gewone spreektaal gebruiklik was. Seldsame adjektiewe kon langer hul "Nederlandse" fleksievorm behou, en omdat daar geen geslagsverskil meer was nie, was daardie "Nederlandse" vorm eenvoudig die verboë adjektief. 'n Onderzoek van tekste vóór 1830 sal meer lig op dié saak moet werp. In die tweede plek is die skryf van Afrikaans, meer spesifiek die weergawe van die fleksie in die gesproke taal van daardie tyd, deur die Nederlandse skryftradisie belemmer. Ook hier speel die gebruiksfrekwensie 'n rol. Dit val op dat die woordeskat, veral die verskeidenheid adjektiewe, baie beperk is. 'n Frekwente spreektaalwoord is nie noodwendig 'n frekwente woord in geskifte nie. Bowendien is ons tekste beperk wat betref aard, inhoud, onderwerp en getal. Maar by woorde wat baie dikwels voorkom (bv. ou, mooi, groot, klein) seëvier al vroeg die Afrikaanse

vorm; terwyl 'n man by die skryf van seldsaam adjektiewe - al was hulle frekwent en onverbuig in die omgangstaal - veel makliker onder die invloed van die Nederlandse (meestal die verboë) vorm kon gestaan het.

Soos reeds eerder gesê is, moet die tekste tussen 1830 en 1875 primêr as mylpale in die geskiedenis van geskrewe Afrikaans beskou word, nie as 'n voerspieëling van die toestand in die gesproke taal nie.

Daarom kan ons konkludeer: afgesien van die agterblywers binne 'n bepaalde tipe was die adnominale verbuiging tussen 1830 en 1840 basies soos vandag.

## HOOFSTUK VII

### DIE VERBUIGING IN KAAPS-NEDERLANDSE TEKSTE

VAN 1775 TOT 1838

"Reeds lank voor die Kaap in Engelse hande oorgegaan het", skryf prof. J. du P. Scholtz in Die Afrikaner en sy taal, 1806-1875, "was die sproektaal van die Kaapse koloniste nie meer Hollands nie, maar Afrikaans. Meer as gemeensame omgangstaal was Afrikaans egter nie. Hollands was die taal van die regering, die kerk en die skool; Afrikaans is beskou as 'n leer, verbasterde vorm daarvan, 'n dialek, geskik om te gebruik teenoor slawe en Hottentotte en in die alledaagse omgang met mekaar, maar verder seker nie . . . Wie gelees het, het Hollands gelees; wie geskryf het, het Hollands geskryf of probeer skrywe."<sup>1)</sup>

Alreeds in die 18de eeu het die "Europese" Nederlands 'n vroeëde taal aan die Kaap begin word, en die korrekte gebruik daarvan het vir die koloniste al hoe meer moelikhede opgelewer. Die "Europese" Nederlands soos hier gebruik, het stadigann 'n Kaapse kleur begin kry, in sommige geskrifte meer as in ander. In die geskrifte van voor ± 1830 was die skrywer se bedoeling altyd om Nederlands te skrywe; maar die taalvorm in die verskillende tekste wissel van suiwer Nederlands tot byna-Afrikaans, veral teen die einde van die periode.

Aangesien die skrywers opeetlik 'n ander taalvorm as die van hulle daaglikse omgang in geskrifte gebruik het, sal ons nou moet nagaan wat die verhouding was a) tussen egte Europese Nederlands en hierdie Kaapse Nederlands en b) tussen die "Kaaps-Nederlandse" skryftaal en die sproektaal van die skrywers. Daarom moet elke teks vir ons doel getoets word aan die Nederlandse en die Afrikaanse adnominale fleksiestelsels. Om verwarring te

---

1) J. du P. Scholtz, Die Afrikaner en sy taal 1806-1875, tweede druk, Kaapstad 1965, p. 169.



voorkom met terme soos "Kaaps-Hollands"<sup>2)</sup> en "Afrikaans", wat betrekking het op die taal wat aan die Kaap gepraat is, word die taalvorm van die tekste voor ± 1830 in die vervolg "Kaaps-Nederlands" genoem, d.w.s. Nederlands soos dit aan die Kaap geskryf is. Die term is egter meer as net 'n geografiese aanduiding, want nie alles wat in Nederlands aan die Kaap geskryf is, is Kaaps-Nederlands nie. J.E. Loubser omskryf die term "Kaaps-Nederlands" as "die taalvorm wat in mindere of meerdere mate afwyk van offisiële Ndl. in geskifte wat vanaf die begin van die 18de eeu tot ongeveer die middel van die negentiende eeu in Suid-Afrika geskryf is, en waarvan aangeneem kan word dat die skrywer Nederlands (en nie doelbewus Afrikaans nie) wou gebruik".<sup>3)</sup>

Tekste in korrekte Nederlands, sonder hier en daar 'n Kaapse ontsporing, is vir ons doel waardeloos; maar soldsane ontsporings in 'n anders korrekte Nederlandse teks is juis besonder waardevol: as by 'n skrywer wat klaarblyklik met die Nederlandse skryftaal vertrou is, 'n fout insluip, kan ons dié foutiewe vorm met 'n taamlike mate van sekerheid as uit sy spreektaal afkomstig beskou. Geskifte met sterk Kaaps-Nederlandse inslag moet versigtig beoordeel word. Dr. Loubser het reeds opgemerk dat die taalgebruik van sulke tekste dikwels misleidend kan wees. "So word," sê hy, "sekere kenmerkende Afrikaanshede wat afwyk van Nederlands feitlik konsekwent verby, selfs in 'n tyd waarin aangeneem kan word dat dit al algemeen gebruiklik was in die spreektaal."<sup>4)</sup> Onder dergelike kenmerke is o.a. te noem die dubbele ontkenning, die vorm ons i.p.v. wij, ek i.p.v. ik. Wat die adnominale verbuiging betref, het ons gesien dat Nederlandsagtige vorme hul tot in die 20ste eeu op skrif gehandhaaf en die eg Afrikaanse sisteem

---

2) Mansvelt, Schuchardt, Viljoen en selfs nog N.W. Hoogenhout gebruik die term "Kaaps-Hollands" (Kap-Holländisch", "Cape Dutch") as ekwivalent vir "Afrikaans".

3) J.E. Loubser, Die saangestelde verbale vorm: Van Nederlands na Afrikaans, Groningen 1961, p. 119.

4) Loubser, a.w., p. 120.

grotendeels verdoesal het. In die 19de eeu was dit nog meer die geval. Gevolglik mag ons ook die adnominale fleksievorme in Kaaps-Nederlandse stukke nie sonder voorbehoud as 'n weergawe van die spreektaal beskou nie.

Onder ons Kaaps-Nederlandse materiaal is daar drie lang, deurlopende tekste, nl. Louis Trigardt se dagboek (1836-38), die dag- en kasboekie van Johanna Duminy (1797, 1790-95) en die berig van Wikar (1779); verder het ons die argiefmateriaal bestaande uit 'n reeks briewe, verslae van veldwagmeesters, inventarisse en rekeninge wat deur L.C. van Oordt in die Kaapse argief opgespoor en gedeeltelik in die tien deeltjies van Die Kaapse taalargief<sup>5)</sup> uitgegee is.

By die ondersoek en ontleding van die Kaaps-Nederlandse materiaal is die retrogressiewe metode die veiligste. Daarom word by die beskrywing van die toestand in hierdie periode begin met die dagboek van Trigardt, tydgenoot van die eerste skrywers in Afrikaans, en daarvandaan teruggewerk na die tyd vóór 1800.

Toe Trigardt sy dagboek geskryf het, het die eerste Afrikaanse geskrifte al verskyn, waaruit ons in die vorige hoofstuk sekere konklusies kon trek wat betref die spreektaal van daardie tyd. Ons het dus 'n aanduiding van hoe sy tydgenote en waarskynlik ook hy self gepraat het. Daarom is dit besonder interessant om sy

---

5) Dele 1 - 4 het as driemaandelikse uitgawes van Nov. 1947 - Des. 1948 verskyn; dele 5 - 10 het tussen 1950 en Apr. 1956 in die Tydskrif vir wetenskap en kuns verskyn - daarvan is oordrukke gemaak. Afkorting KT. Die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing het aan prof. J. du P. Scholtz, hoof van die departement Nederlands en Afrikaans aan die Universiteit van Kaapstad, geldelike toekennings gemaak sodat hy in die jare April 1959 tot Maart 1962 die dienste kon verkry van mnr. L.C. van Oordt vir verder insameling van taalmateriaal in die Kaapse Argief, veral uit die tydperk vóór 1785. Prof. Scholtz het die versamelde materiaal tot my beskikking gestel vir die doel van hierdie studie. Omdat hierdie materiaal nie uitgegee is nie, sal daaruit gesitueer word met die nodige argivale verwysings, soos ook deur prof. Scholtz gedoen is in reeds gepubliseerde studies (kyk Taalhistoriese opstelle, Aangehaalde literatuur en bronne, pp. 276 - 286, onder CJ, MOOC, RLR, St.)

spreektaalgewoontes met die adnominale verbuiging in sy Kaaps-Nederlandse skryftaal te vergelyk. 'n Dergelike vergelyking kan lig werp enersyds op fleksiegewoontes in geskrewe taal, ook van vroeë Afrikaanse geskrifte, en andersyds op die "Afrikaanse" buigings-verskynsels in die spreektaal van 'n man wat Nederlands probeer skrywe. Dit sal ons help by die bestudering van vroeër tekste waar ons oor geen dergelike vergelykingsmateriaal uit die gesproke taal beskik nie.

### I. Die dagboek van Louis Trigar dt (1836-38)

Die welgestelde trekboer Trigar dt, wat die oostelike Kaapland verlaat en met sy hele gesin en aanhang na Lourenço Marques trek, vertel in sy dagboek van die moeilikhede en die deursettingsvermoë van 'n handjievol mense op 'n lang tog in 'n wilde wêreld. As gewese veldkornet en gesiene burger skryf hy betreklik maklik, maar dit is Nederlands met 'n baie sterk Kaapse inslag. Sy taalgebruik het al by herhaling die aandag van taalkundiges getrek. Dit is o.a. deur dr. J. Smuts in besonderhede bestudeer in sy doktorsale dissertasie,<sup>6)</sup> waarby hy van Gustav Preller se uitgawe van die dagboek gebruik gemaak het.<sup>7)</sup> Onlangs het T.H. le Roux 'n nuwe uitgawe van die dagboek besorg<sup>8)</sup> wat 'n veel betroubaarder teks vir taalkundige ontleding verskef as Preller s'n. Wat die adnominale verbuiging betref, het 'n vergelyking van die eerste 100 bladsye in Le Roux en die ooreenkomstige gedeelte in Preller egter geen noemenswaardige verskille aan die lig gebring nie. In altesame 13 gevalle verskil die twee tekste, maar die verskille weeg byna teen mekaar op, want by Preller kry ons 8 verboë vorme wat by Le Roux onverbuig is, en 5 onverboë vorme wat by Le Roux

---

6) 'n Onderzoek na die ontwikkelings stadium van Afrikaans teen die tyd van die Groot Trek, veral na aanleiding van Trichardt se dagboek, ongepubliseerde doktorsale dissertasie, Universiteit van Kaapstad 1943.

7) Dagboek van Louis Trichardt, tweede verbeterde uitgaaf, Kaapstad 1938.

8) Die dagboek van Louis Trigar dt, Pretoria 1964.

wel verbuig is. Op p. 40 lees ons bv. by Le Roux "ouw Botha" waar Preller "ouwe Botha" het, maar op p. 50 kry ons "ouwe Hans" in Le Roux teenoor "ouw Hans" by Preller. Kort na mekaar kom in Preller "grootte Captijn" en "de swart kouij" voor, terwyl Le Roux groot en swarte in die ooreenkomstige passasie gee. Le Roux se noukeuriger tekaversorging en uitgawe<sup>9)</sup> laat die totaalbeeld van die attributiewe verbuiging nie noemenswaardig verander nie. In sover dit die gebruik van 'n bepaalde teksuitgawe betref, het Smuts se ondersoek dus nog geldigheid. Met die bestudering van pp. 1-100 (iets oor die helfte van die dagboek) het ek egter in sommige gevalle tot ander bevindings met betrekking tot statistiese verhoudings gekom as Smuts; daarom - en ook om die m.i. onbevredigende indeling in een- en meerlettergrepige adjektiewe - kon ek sy beskrywing van die adnominale verbuiging nie sonaar oorneem of as grondslag vir die volgende bespreking aanvaar nie. In die plek daarvan word onderstaande beskrywing hoofsaaklik (indien nie anders vermeld nie) op die gegewens uit pp. 1-100 gebaseer; die beeld wat ons hieruit kry, is van so 'n aard dat 'n ontleding van die res van die dagboek m.i. nie noodsaaklik was nie.

#### 1. Vergelyking met die Nederlandse stelsel.<sup>10)</sup>

Aangesien Trigardt Nederlands wou skrywe - al was dit "op syn Kaaps" - en nie "plat-Hollans" soos sommige van sy tydgenote in Kaapland nie, moet ons kyk of en in hoeverre sy verbuiging met die van Nederlands ooreenstem.

Volgens dr. Smuts se ondersoek het grammatikale geslag soos in Nederlands en voorafgaande bepaling in Trigardt se dagboek weinig of geen rol ten opsigte van die verbuiging van die byvoeglike naamwoord gespeel nie en het dié faktore ook in sy spreektaal ongetwyfeld geen funksie meer gehad nie.<sup>11)</sup> Voor oorspronklike het-

9) Al laat ook dié nog wat te wense oor. Vgl. L. Koelmans se bespreking van die Dagboek in De nieuwe taalgids, LVIII, p. 41 vlg., en J.A. Verhage se resensie in Kriterium III, 2, p. 17 vlg.

10) Statistiese gegewens in hierdie afdeling volgens Smuts.

11) Smuts, a.w., p. 163.

woorde in die enkelvoud wat voorafgegaan word deur 'n bepaalde woord, skryf Trigardt in die hele dagboek 18 keer die verboë en net 3 keer die onverboë adjektief (bv. "de vrise spoor", "de nooie weer" maar "de groot schapegetal"). Hy gebruik egter byna nooit die onsydige lidwoord het nie. En tog het heelwat van die konstruksies met 'n oorspronklike het-woord die korrekte onverboë adjektief as die onbepaalde lidwoord of 'n onbepaalde voornaamwoord voorafgaan, al oorweeg ook hier die verboë vorm (56 keer verbuig, 22 keer onverbuig): "een zuure gezigt", "een klijne riviortje" naas "een klijn kamertje", "mooi weer" e.a.). Hierdie onverboë vorme in bepaalde konstruksies moet, sover hulle in ooreenstemming met Nederlands is, in sy geheue bly hang het. Hulle was egter nie vir hom, soos vir die Nederlandse spreker, lewende, d.w.s. spreektaalvorme nie.

By de-woorde in die enkelvoud gebruik Trigardt met of sonder 'n voorafgaande bepaling 330 keer die verboë naas 66 keer die onverboë vorm van die adjektief (bv. "de oude wagen", "een grote man", "een klijn rivier").

Voor substantiewe in die meervoud verbuig hy byna konsekwent sy adjektiewe (150 keer, teenoor 9 keer onverbuig, bv. "een paar nakken ossen", "de swarte koppies", "rijpe mielies"; maar "jong lamms").

Van ooreenstemming met die Nederlandse buigingsstelsel kan by Trigardt oor die algemeen nie meer sprake wees nie - ook al omdat hy selfs in sy skryftaal feitlik geen het-woorde meer ken nie; wel staan hy onder invloed van Nederlandse buigingsvorme soos hy dié by die aanleer van Nederlands leer ken het of wat uit sy lektuur in sy geheue bly hang het.

## 2. Vergelyking met die Afrikaanse stelsel

As Trigardt se verbuiging nie dié van Nederlands is nie - al probeer hy ook Nederlands skrywe -, moet dit 'n duidelike inslag toon of van 'n floksiesisteen soos dit nog vandag in Afrikaans bestaan of van die Afrikaanse sisteem in 'n vroeër stadium van sy ontwikkeling. Ons weet uit die vroeë Afrikaanse geskrifte dat

toe al die morfologiese struktuur van die byvoeglike naamwoord 'n deurslaggewende rol in die verbuiging gespeel het, in dié sin dat alle adjektiewe met 'n suffiks (uitgesonderd alleen die komparatief) die fleksieuitgang gekry het. Net onder die suffikslose adjektiewe kom bepaalde groepe sonder 'n buigingsuitgang voor. By Trigardt nou is die toestand soos volg:

a) Adjektiewe met suffika:

Dit is opvallend dat Trigardt die adjektiewe met 'n suffiks in stryd met Nederlands maar in ooreenstemming met Afrikaans byna gereeld verbuig. Hy skryf 54 keer vorme soos "een geweldige vuur", "een jarige kalf", "afgruiselike rumoer", "een vriendelike gezig", "geen behoorlike verblijf", "zulke driegende gevaar", "de verlegte kalf" e.a.; 6 keer gebruik hy die onverboë vorm of onder Nederlandse (of kwasie-Nederlandse) invloed, bv. "een verwart geschreeuw", "een oud afgeleef man", "een bajaard mens", "het gunstiglik oordeel", of uit onbeholpenheid: "een ouwe stukkend spiegel", "haar eennig drie osse".

Dit ly m.i. geen twyfel nie dat Trigardt ook in sy spreektaal die byvoeglike naamwoorde met 'n suffiks verbuig het in ooreenstemming met die destydse Kaapse en hedendangse Afrikaanse gebruik.

Dr. Smuts kom hier tot die teenoorgestelde gevolgtrekking, nl. dat wat "die verbuiging van die meerlettergrepige bawe. betref, . . . die taal van Trigardt en sy tydgenote heelwat van Afrikaanse gebruik" verskil.<sup>12)</sup> Volgens Smuts verbuig Trigardt in die hele dagboek die meerlettergrepige byvoeglike naamwoorde (behalwe dié op -er; dié op -el word wel ingesluit) in 50 gevalle, terwyl hulle 13 keer onverbuig bly. Smuts kry dus 'n totaal van 63 meerlettergrepige adjektiewe (woorde op -el inklus), terwyl ek in die eerste 100 bladsye alleen al 78 gevalle van adjektiewe met suffiks teëgekom het (woorde op -er, -el en suffikslose meerlettergrepige adjektiewe nie bygereken nie) wat almal meerlettergrepig was; 18 van die 78 vorme is superlatiewe op -ste. Afgesien van hierdie

---

12) Smuts, a.w., p. 170.

statistiese fout kom Smuts tot misleidende gevolgtrekkings omdat hy alle meerlettergrepige adjektiewe (uitgesonderd dié op -er) oor een kam skeer. Dit is duidelik dat by Trigardt die morfologiese struktuur (d.w.s. met of sonder suffiks) alreeds die deurslaggewende rol speel.

b. Suffikaloze monosillabiese adjektiewe

(1) Adjektiewe met vaste verbuiging.

Trigardt laat 'n paar groepe adjektiewe konsekwant op -e uitgaan in ooreenstemming met die hedendaagse gebruik, nl. die tipes dode (2 keer), goede (17 keer), koude (2 keer); droge (3 keer), hooge (1 keer), lege (2 keer); halve (7 keer, "een halve stukkie"); digte (1 keer), regte (1 keer, "een regte oordeel"), slegte (5 keer) - by hierdie tipe hoort ook onegte (2 keer, bv. "een onegte kind") en opregte (1 keer) - en vaste (1 keer, "een vaste bos"); verder die tipe harde (3 keer, bv. "met harde vet"), ronde (3 keer, "een ronde murgbeen"), vreemde (1 keer, "een vreemde skaap") en wilde (11 keer). Afgesien van 'n paar vaste verbindings met half ("anderhalf uur", "half voed groot") is van hierdie woorde net een enkele onverboë vorm aangetref, nl. die onafrikaanse "een weld swijn" teenoor herhaaldelik "wilde vark" en "wilde bees".

Ook altyd verbuig maar in stryd met Afrikaans en meestal ook met Nederlands is die adjektiewe op -s<sup>13)</sup>: losse (1 keer, "een losse plekkie"), peerse (1 keer), spitse (1 keer), varse (1 keer, "een varse spoor"), vrisse (2 keer, "een vrisse spoor"). Aangesien Trigardt die adjektiewe op -s altyd verbuig, verbaas dit ons dat hy die besittlike voornaamwoord ons in die geheel 209 keer gebruik teenoor net 34 keer onze.<sup>14)</sup> Daarby wyk die meeste ons-vorme van Nederlands af (124 keer), maar driekwart van die onze-gevalle stem wel met Nederlands

---

13) Vgl. Smuts, a.w., p. 166.

14) Volgens Smuts se statistiek, a.w., p. 111.

ooreen. Die gewone vorm vir Trigardt is dus ons (vir alle genera, enkelvoud en meervoud); onze verraaal niskien Nederlandse invloed maar het moontlik naas ons nog in Trigardte se spreektaal voorgekom. 'n Gevoel vir die verskil tussen die twee vorme besit Trigardt nie meer nie.<sup>15)</sup>

Cedeeltelik in stryd met Afrikaans is die altyd verboë adjektiewe op -i; heele (5 keer) en gehele (7 keer) wyk nie van die huidige gebruik af nie, die res daarenteen wel: geele (1 keer, "geele wortels"), kaale (5 keer, "de kaale veld"), koele (1 keer), male (1 keer, "male skaap"), volle (4 keer, "volle maan"), vuile (1 keer, "vuile siekte").

(ii) Adjektiewe met wisselende verbuiging.

Tipe: diepe, groote, sterke.

Byvoeglike naamwoorde met 'n stemlose konsonant in die auslaut van die adjektiefstam het by Trigardt naas die meer gewone verboë vorm ook dikwels die onverboë vorm. Hier speel die gebruiksfrekwensie in die gesproke en geskrewe taal klaarblyklik 'n rol. Trigardt skryf bv. in 25 gevalle groote en in 15 groot, lg. veral by die name van alledaagse begrippe waarmee hy goed vertrou is: "een groot hamer", "de groot revier", "de groot stad", "de groot Captijn", "een groot Kaffer", "de groot schapen", "een stukkie groot geruijt". Dikwels gebruik hy in verbinding met dieselfde selfstandige naamwoorde egter ook die verboë vorm. In ander gevalle stem die vorm met Nederlands ooreen: "een groot gerugt", "groot gevaar", "groot gebrek", e.a. Of die korrekte Nederlandse vorm in dié gevalle net toeval is, kan nie met sekerheid uitgemaak word nie. Waarskynlik het hier 'n vae herinnering aan die Nederlandse vorm steun gekry van dieselfde onverboë vorm uit sy spreektaal. In verbinding met Kaffer(s) skryf Trigardt blykbaar altyd die onverboë (Afrikaanse) vorm, nl. 5 keer "groot Kaffer(s)", 10 keer "de Bloot Kaffers" en 2

---

15) Smuts, t.a.p.



keer "een, zijn wit Kaffer" ('n albino?). Bloet kom in geen ander verbinding voor nie, wit wel en dan verbuig: "een witte kalf", "witte linnen" e.a. Ook swarte eindig normaalweg op -e, net in een geval skryf hy "de swart witrug koui"; in soortgelyke konstruksies laat hy ook ander adjektiewe onverbuig: "de rooiwitrug koui", "de rooi witrug Kaffers veers", "de bruin -itrug". En tog lyk hierdie vorme vir my nie na vaste samekoppelings nie, maar na spreektaal-vorme met 'n nog vry staande onverboë adjektief.

Al die ander adjektiewe op stemlose konsonant (rijs 1, dieps 1, bonts 2, natts 1, makke 1, sikke 4, sterke 4, vlakke 1) is verbuig behalwe die tipies Afrikaanse vorm "brand niek schaap", en verbindings met brak, bv. "de brak bos" en die pleknaam "de Brak spruit".

Tipe: klijn, jong, zwaar.

Soos in die vroeë Afrikaanse geskrifte het Trigardt se byvoeglike naamwoorde met n, ng en r in die stamanslout verboë en onverboë vorme; meestal is die vorm sonder die fleksieuitgang 'n uitsondering, maar nie in die geval van klijn nie. Trigardt gebruik die onverboë klijn 12 keer, bv. "de klijn Bossemans mijd", "de klijn Boijen" (ekv.), "met zijn klijn vrouw", "een klijn trommel", "een klijn bokkekraal", "twee klijn bokkies", "de ander kleijn Kaffers"; daarnaas skryf hy 11 keer klijne, bv. "de klijne volk", "klijne water", "de klijne Kaffers". Dunne en schone, wat saam net 3 keer voorkom, is verbuig (bv. "schone weer"); Interessant is egter 'n tipies Afrikaanse verbinding: "de een agter been". Naas 32 gevalle van jonge is net een enkele jong aangetref: "de jong lammers". Ook die woorde op -r is op een uitsondering na verbuig in stryd met die huidige Afrikaans en meestal ook met Nederlands: zware (2 keer), seere (2 keer, "een seere been"), suure (1 keer, "een suure gezigt"); maar "aan de ver kand op de wal" is weer eg Afrikaans.

'n Uitsondering is arm en warm, wat in al drie gebruike-

gevalle onverbuig is: "de arm vrou", "warm weer" (2 keer).

Miskien is hierdie "Afrikaanshede" blote toeval.

Tipe: ouwe, rooie, mooie.

'n Uitera frekwente vorm is ouwe, wat in die ondersoekte deel 345 keer voorkom naas 6 keer ouw. Die kort vorm kom net voor in verbinding met 'n persoonsnaam soos "ouw Hannis", "oue Albach"; maar as Trigar dt hom nie deur sy spreektaal laat beïnvloed nie, skryf hy ook in dié verbindings altyd ouwe. Pretorius gebruik in sy brief aan Trigar dt, wat in die dagboek opgeneem is, ook die vorm "ou hans" (p. 10), en ou Albach ken blykbaar net die onverboë vorm (16 keer). As Trigar dt vir Albach laat praat, boots hy sy gebrekkige spreektaal na; maar waar hy self skryf, wil hy nie sy eie spreektaal weergee nie; hy wil klaarblyklik Hollands skryf, dus die erkende skryftaalmedia gebruik.<sup>16)</sup> Uit sy eie "vergissinge" kan ons egter aflei dat ook hy 'n ou-gebruiker in die spreektaal was, al het hy miskien nog af en toe die wisselvorm ouwe ook gebruik.

Mooie kry 12 keer 'n e ("geen mooie weer") en is net 1 keer daarsonder soos in Afrikaans ("mooi weer"). Ook ander, meer seldsame, adjektiewe is verbuig, nl. vrouwe (4 keer) en

---

16) In 'n bestryding van dr. Smuts se opvatting dat die Elsasser Albach Vreemdelinge-Nederlands gepraat het, sê prof. J. du P. Scholtz: "Ou Albach het Trichardt as komiese figuur geïnteresseer, en hy het daar klaarblyklik genot in geskep om hom as sodanig te skilder. Vir Afrikaners in Trichardt se tyd, gewend aan die deftige Nederlands van Bybel, preekbundel en offisiële berigte, het die bewuste gebruik van die spreektaal ongetwyfeld 'n komiese effek gehad. Hyna alles wat in die begin in Afrikaans geskrywe is, was spottend van aard of het 'n sterk komiese inslag gehad. Daar was dus voldoende rede vir Trichardt om sy eie Afrikaanse spreektaal nie natuurgetrou op skrif weer te gee nie, terwyl hy dit juis kon doen in die geval van Albach om 'n grappige effek te bereik. Albach het vreemdelinge-Afrikaans gepraat en nie vreemdelinge-Nederlands nie." ("n Afrikaanse brief van 1851", Die Huisgenoot, 13, 20 en 27 Jun. 1941).

Terloops, Albach se taal is beslis nie Duits-Afrikaans nie soos prof. F.H. le Roux meen (Inleiding, p. XV). Die foute in sy sinsbou, woordorde en klankleer verrai die Fransman; dié soort foute sou mens nooit by 'n Duitser wat Afrikaans (leer) praat, kry nie. Trouens, Albach vertel self dat 'n weduwee by wie hy gevry het, hom afwys met die woorde: "Wat je dink, verdom Vrans nan." (Dagboek, p. 61).

vraaije (1 keer).

Die kleurname rooi en blou daarenteen is byna orals onverbuig soos in Afrikaans. Trigardt skryf 10 keer rooi en 3 keer rooi: bv. "van rooi kassiemier", maar "de Rooi Kaffer", "een rooi bok", "de rooi witrug Kaffers veers" e.a. By blou/bloue is die verhouding presies soos by rooi (11 : 4): "de blou witkop", "met een blou achimmel kween", "blou bafta", "2 stukkies blou goed", "de Blou Bergh" e.a. teenoor "de Bloue Bergh", "de bloue goed", "blauwe bafta", "bloue blommetjes".

Wat die byvoeglike naamwoorde op diftong betref, kan ek dus nie met dr. Smuts saamstem nie waar hy sê: "Enwe. wat op 'n klinker of tweeklank uitgaan, verbuig Trigardt byna altyd".<sup>17)</sup> By minstens twee adjektiewe is die Afrikaanse patroon al onmiskenbaar. Ouwe aarsel blykbaar nog tussen die verboë klas (-e ná gesinkopeerde d) en die onverboë klas, maar in Trigardt se spreektaal was daar ongetwyfeld meer onverboë vorme as wat uit sy skryftaal blyk.

c. Suffikslose meersillabiese adjektiewe

(1) Die byvoeglike naamwoorde op -el word in die eerste helfte van Trigardt se dagboek net 3 keer verbuig, 1 keer soos in Afrikaans, nl. "een dubbelde waag", naas "kreupele en sieke schapen" (2 keer) in stryd met Afrikaans; maar 11 keer kom onverboë (Afrikaanse) vorme voor, bv. "een kreupel kalf", "de kreupel kranl", "die kreupel oese", "de schimmel koui", en by herhaling "troewel weer" (7 keer) in ooreenstemming met Nederlands én Afrikaans.

Dr. Smuts kom hier tot heeltemal ander statistiese bevindings; hy tel in die hele dagboek 9 verboë en 7 onverboë vorme.<sup>18)</sup> Die uitgawes van Freller en Le Roux verskil in die ondersoekte deel egter nie in die weergawe van die -el-

17) Smuts, a.w., p. 167.

18) Smuts, a.w., p. 169.

adjektiewe nie.

Trigardt staan hier heeltemal aan die kant van Afrikaans, waar sekere woorde - soos dubbele - meestal verbuig word, en ander - soos kreupel, troeswel - gewoonlik sonder -e gebruik word.

(ii) Woorde soos donker, helder, ieder, lekker, mager kry by Trigardt nooit die buigings -e nie (8 keer); "donker/helder weer", "ieder vrou", "een lekker stuk pampoen", "een mager sieke koui", "mager vel", "de mager beeste" e.a. Die verhouding van ander tot andere is byna gelyk (33 : 37). Daar is net 1 komparatief teëgekem ("in vroege tyd"), en dié was onverbuig.

Al skryf Trigardt nog dikwels andere(n), is dit duidelik dat hy die orige adjektiewe op -er onverbuig gebruik het.

Andere(n) moet ons as 'n Nederlandse skryftaalkomvorm beskou.

(iii) Die stofaanduidende byvoeglike naamwoorde het meestal die huidige vorm; Trigardt skryf gewoonlik "de eijser goed", "eijser arms", maar een keer ook eijser klerie"; Afrikaans is "de staal veer"; Trigardt se tinne ("1 tinne arm ring", "7 tinne kogels") is onder oomense vandag nog bekend, terwyl die jonger geslag net tin- in samestellings ken.

(iv) Adjektiewe van die tipe gedane, gemene, dus met die klem op die laaste sillabe, is verbuig soos in Afrikaans: "gedane diens", "van gemene volk", "geruime tyd".

### 3. Samevatting

Hoewel Trigardt se bedoeling was om Nederlands te skrywe, stem sy adnominale verbuiging basies ooreen met dié van die vroeë Afrikaanse geskrifte van vóór 1850. Die fleksiesisteen is reeds van by die adjektiewe op suffiks en by dié van die tipes goede, koude; droge; slegte; vaste; wilde, harde, ronde, vreemde; verder by die meersillabiese byvoeglike naamwoorde met klem op die laaste sillabe. By adjektiewe van die tipes diep, groot, sterk; klein, jong, swaar; ou, rooi is die Afrikaanse patroon - veral by die frekwente

woorde - herkenbaar, maar moontlike wisselvorme in die spreektaal en veral invloed van kwasie-Nederlandse verboë vorme laat 'n beeld ontstaan wat afwyk van die hedendaagse.<sup>19)</sup> In die vroeë Afrikaanse tekste kom ons presies dieselfde verskynsels teë as by Trigardt maar spreektaalvorme kom soms onbelemmerder deur omdat daar geprobeer is om Afrikaans te skrywe, terwyl Trigardt "Nederlands" skryf.

Die taalgebruik by Trigardt steun ons bevindings omtrent die fleksietoestande in vroeë Afrikaanse tekste en die destydse spreektaal. Sommige adjektiefgroepe het toe blykbaar nog heelwat wisseling getoon, terwyl ander reeds 'n vaste (verboë) vorm gehad het. Die Afrikaanse fleksiestelsel het klaarblyklik nie in alle besonderhede gelyklopend uit die Nederlandse ontwikkel nie.

## II. Die dag- en kasboekie van Johanna Duminy (1797, 1790-95)

Veertig jaar vóór Trigardt skryf Johanna Duminy, die lewenslustige Kaapse vrou wat met 'n offisier van die Franse vloot getroud was, haar vrolike, plek-plek amper speelse dagboekie waarin sy 'n kyk gee op die boerelewe en samelwing in een van die buitelandse distrikte. Die dagboekie bestaan uit twee fragmente uit die jaar 1797; dit is saam met 'n kasboek (met die aantekeninge van lopende uitgawes oor die jare 1790-1795) deur J.L.M. Franken uitgegee en toegelig.<sup>20)</sup> Al is een van die fragmente erg beskadig, kry ons tog 'n goeie beeld van die skryfster se ongedwonge, natuurlike taalgebruik. "As ons haar gekeuvel lees", sê Franken, "is dit asof ons haar hoor praat en kry ons die indruk dat haar spreektaal nie ver gestaan het van haar skryftaal nie".<sup>21)</sup> In hoeverre haar ednominale fleksie haar spreektaal weerspieël of onder invloed

---

19) Hiermee word gedeeltelik 'n antwoord gegee op dr. L. Koelmans se vraag of Afrikaans in 1836 al min of meer 'n eenheid gevorm het en of "het in grote trekken gelijk aan het Afrikaans van nu" was. (N.Tg., LVIII, nr. 1, p. 43).

20) Duminy-dagboekie, V.R.V., Deel 19, Kaapstad 1938.

21) Duminy-dagboekie, Inleiding p. 72.

van Nederlandse skryftaalvorme staan, sal uit die volgende bespreking moet blyk.<sup>22)</sup>

### 1. Vergelyking met die Nederlandse stelsel

Al skryf Johanna Duminy gewoonlik "de iaar", "de schip", "de bokkie", "de brood" ens., sodat dit duidelik is dat grammatikale geslagesonderskeiding vir haar nie meer bestaan het nie, val dit op dat sy betreklik selfde 'n monosillabiese suffikeloze adjektief onverbuig laat in stryd met die Nederlandse reël. "Waar Hdl. 'n onverboë vorm vereis, kry ons dit dikwels ook so in die dagboekie".<sup>23)</sup> Johanna Duminy skryf herhaaldelik "vraaij weer" (8 keer), "een vraai gesigt", "vraaij koorin", "moony weer" (2 keer), "het was moony en jonk vee", "warn vlees", "kouijt vlees", teenoor "een vraaije weg", "een vraaie onest" (dus selfs voor 'n eg Afrikaanse substantiefvorm), "een mouije vrouw", ens. Hierdie onverboë vorme voor 'n oorspronklike het-woord, veral in baie gebruikelike verbindings, is klaarblyklik oorblyfsels van die Nederlandse fleksiestelsel. Aangesien sy geen gevoel vir die onderskeid tussen de- en het-substantiewe meer gehad het nie, moet hierdie vorme op haar herinnering van die Nederlandse verbindings berus. 'n Ander oorblyfeel is 'n verbinding soos "een ordentelik mens".

Afgesien van hierdie onverboë adjektiewe - en die byvoeglike naamwoorde wat op -er uitgaan; hulle volg alreeds die Afrikaanse patroon - laat sy feitlik al haar ander byvoeglike naamwoorde op -g eindig, ongeag die genus van die substantief in Nederlands of die vooraangaande bepaling, bv. "een groote c(ermis)bet", "ouwe broot", "witte broot", "een goude (-goede) tavel eete". Haar verbuiging is dus beslis nie meer suiwer Nederlands nie, wel staan dit nog nader aan dié fleksie as Trigardt s'n.

---

22) Franken maak in sy taalkundige inleiding (p. 74, later herdruk Taalhistoriese bydraes, p. 171) net 'n vae opmerking oor dié aspek van Johanna se taalgebruik, wat ons nie juis veel help nie: "Die verbuiging van die adjektief en die gebruik van onse i.p.v. ons voor oorspronklike neutra dui op die verdwyning van die onsydige lidwoord . . ."

23) Prof. J. du P. Scholtz wys daarop dat dit opvallenderwys veral by dié b.nwe. voorkom wat ook in die huidige Afr. onverbuig bly, soos fraai, mooi, warm ens. (Taalhistoriese opstelle, p. 130).

## 2. Vergelyking met die Afrikaanse stelsel.

Op die eerste gesig lyk Johanne Duminy se verbuiging baie onafrikaans omdat sy verreweg die meeste adjektiewe verbuig.<sup>24)</sup> By nader beskouing blyk egter dat minstens een basiese kenmerk van die Afrikaanse fleksie by haar al vaste reël moet gewees het, nl. die verbuiging van die adjektiewe op suffiks. Terwyl die suffikaloze groepe ook vorme sonder -e het, is dié met suffiks altyd verbuig.

### a. Adjektiewe met suffiks

Uit 'n totaal van 57 gevalle in die dagboek én die kasboekie is 32 in ooreenstemming én met Nederlands én met Afrikaans, bv. "de verkeerde saamer", "de voorige nagt", "een saapschee bul", "een werksame vrouw", "kostelike snyboone", "de ouijste soon"; in 21 gevalle stem die vorme ooreen met Afrikaans maar is hulle in stryd met Nederlands: "een kostelike dienie", "voor gekozte papier", "voor geleeverde brood" (5 keer), "1 lewendige steenbakkie" e.a. Het 1 keer kry ons 'n Nederlandse vorm wat nie Afrikaans is nie (die reeds hierbo genoemde "een ordentelik mens"), en 3 keer vorme wat nóg Nederlands nóg Afrikaans is: "voor . . . geluvert brooden", "voor geleeverd nedesynen" (2 keer).<sup>25)</sup> Van die 57 adjektiewe op suffiks wyk dus net 4 van die Afrikaanse stelsel af. Hierdie "Afrikaanse" buigingsreël word in die dagboek ewe konsekwent toegepas as in die kasboekie. Ons het hier ongetwyfeld al 'n kenmerk van die nuwe sisteem.

### b. Adjektiewe sonder suffiks

#### (i) Meersillabiese adjektiewe

'n Vaste patroon vertoon ook die meersillabiese byvoeglike woorde op -er. Ander word by Johanna Duminy net 2 keer

---

24) Dit is ook die bevinding waartoe J.A. de Villiers in Die klankleer en vormleer van Joh. Duminy se taal (ongepubliseerde M.A.-skripsie, Univ. van Kaapstad, 1942) kom omdat hy die taal van die dagboekie alleen met die huidige Afrikaanse gebruik vergelyk en dit nie in sy historiese perspektief sien nie.

25) Al drie kom uit die kasboekie. Is hulle net voorbeelde van onversorgde taal in die suiwer vir private doeleindes geskrewe kasboek?

verbuig maar bly 11 keer onverbuig. Ook 'n enkele lekker volg die patroon; verder die stofaanduidende adjektiewe cooper (3 keer) en eijser (3 keer). Sy gebruik hier nêrens 'n vorm op -e nie, bv. "de cooper en tinne goed", "een kooper keeteltje", "eijser werk voor 4 ledikantes", "voor eyser potten".

Ander stofadjektiewe wat gerieflikheidshalwe ook hier genoem word, volg nie altyd die patroon van die -er-woorde nie en wyk dikwels van die huidige gebruik af. Katoen in "twee katoen haspels" is miskien deel van 'n samestelling; sij het al die Afrikaanse vorm: "voor sij trielie (sic) en bant", terwyl ander stofadjektiewe nog die "Nederlandse" stamuitgang -e(n) het: "met houijte wielen", "12 staalon vurken"; tinne daarenteen het nog tot in die 20ste eeu sy -e behou.

Die enigste voorbeeld van woorde op -el is onnosel wat in 'n eg Afrikaanse verbinding voorkom ("een regte onnosel . . . bouer").

#### (ii) Monosillabiese adjektiewe

By hierdie byvoeglike naamwoorde wyk Johanna Duminy die meeste van die Afrikaanse fleksie af omdat sy hulle op min uitsonderings na gereeld verbuig ongeag hul klankstruktuur.

Die verboë vorm by goude = "goede" (10 keer), wilde (3); drooge (6), loege (1); slegte (2); halve (3), lieve (5) en heele (9) steem met die hedendaagse gebruik ooreen. Al die ander verboë vorme daarenteen is in stryd met Afrikaans. Johanna Duminy skryf bv. sieke (15 keer): "de sieke vrouw"; grootte (16): "een grootte c(er)misbet"; soutelamoenen, "souteoolie" (7); swarte (4): "een swarte vel", "voor swarte sneeslinnen"; witte (9): "witte broot", "voor witte baaij"; deese (2): "van deese maant"; onse (60): "onse gouet", "onse vee"; verder orne (4), tamme (1), klyne (2), rode (3) suure (2), ouwe (4) en blouwe (3).

Onverbuig soos in Afrikaans is die adjektief - behalwe in die reeds hierbo genoemde "Nederlandse" gevalle soos "warm vlees", "vraaij weer" ens. - alleen in die volgende verbin-



dings: "voor 4 groot bodels snuij" (kasboek), "ons lieve vanielie", "een klijn wage" en in die lewendige beskrywing van die onbeholpe boer op die veiling: "een regte onnosel en dom en liederlik gekleete bouer".

Onverboë monosillabiese vorme is dus uiters skaars. Waar hulle egter voorkom, is dit ("kouijt vlees" uitgesonderd) by woorde wat ook in die huidige Afrikaans onverbuig bly, nl. groot, ons, dom, warm, klein, fraai en mooi. Dit blyk uit die materiaal dat die tipies "Nederlandse" vorme oorblyfsels is wat in die skryfster se geheue uit haar leeslektuur, bybel- en kerktaal bly hang het. Anders onderskei sy nêrens tussen het- en de-substantiewe nie. Sy skryf "goude menschee" maar ook "een goude tavel eete" (3 keer), "een leege ledelant", "wat ouwe broot", "een stuk blouwe linnen" ens. Daar is ook geen verskil tussen die fleksie in die dagboek en dié in die kasboekie nie, dus speel stylverskille ook geen rol nie.

Johanna Duminy se byvoeglike buigingsgewoontes neem 'n plek in tussen die Nederlandse en die Afrikaanse stelsels. Haar fleksie is klaarblyklik nie meer Nederlands nie; waar Afrikaans egter 'n verboë vorm vereis, kry ons dit ook altyd by haar, en waar sy 'n onverboë vorm gebruik, is dit (op een uitsondering na) in ooreenstemming met Afrikaans. Al vertoon sy 'n duidelike voorkeur vir verboë vorme, is haar fleksie nie sisteemloos soos dit, oppervlakkig beskou, lyk nie.

### III. Die berig van Hendrik Jacob Wikaar (1779)

In teenstelling met Trigardt en Johanna Duminy, wat net vir eie plesier en vir hulself geskryf het, is Wikaar se berig met die doel opgestel om deur die destydse goewerneur Van Plettenberg gelees te word.<sup>26)</sup> Hierdie berig was immers die vereiste vir Wikaar se begenadiging nadat hy uit die kompanjiesdiens gedeserteer

---

26) The journal of Hendrik Jacob Wikaar, uitgegee deur E.E. Mossop, V.R.V. Deel 15, Kaapstad 1935.

het. Begrypplikerwyse het Wikar - 'n Sreed van geboorte maar blykbaar met 'n redelike skryfkennis van Nederlands, aangesien hy "skrywer" in die Kompanjie se hospitaal aan die Kaap was - baie moeite gedoen en sy beste Nederlands geskrywe, wat later nog hersien is deur die Stellenbosse landros Oloff de Wet. Daar die hersiene afskrif in "gekuiste" offisiële Nederlands is vir ons waardeloos. Wikar se eie teks daarenteen is deurspek met onnederlandse vorme wat in baie gevalle met hedendaagse Afrikaans ooreenkom. Uit die aard van die saak speel by hom egter die Nederlandse invloed 'n nog groter rol as in die ander twee tekste. Hy sal so veel moontlik probeer het om vorme uit sy eie spreektaal te verny, veel meer as Johanna Duminy of later Trigardt. Daarom lewer hierdie geskrif groter moeilikhede vir ons op by die bestudering van die Kaapse taal in daardie dae. Ten spyte van sy Nederlandse kamouflasie verskaf egter ook hierdie Kaaps-Nederlandse teks 'n kyk op die destydse Kaapse spreektaal.

#### 1. Vergelyking met die Nederlandse stelsel

Soos prof. J. du P. Scholtz al aangetoon het, het Wikar maar min gevoel vir die Nederlandse nominale tweeklassestelsel gehad.<sup>27)</sup> In baie gevalle skryf hy de i.p.v. het, en hy verbuig herhaaldelik die byvoeglike naamwoord voor 'n substantief van die het-klas in stryd met die Nederlandse reël. Soms is die korrekte onverboë Nederlandse vorm van die byvoeglike naamwoord 'n geluuskoot, in ander gevalle is hy blykbaar nog bewus van die het-karakter van 'n substantief, veral by bekende en gebruiklike woorde, en besig hy dan ook die adjektief volgens Nederlandse reëls. Maar in talle gevalle weet hy òf nie raad met die adjektiefvorm nie òf verbuig hy dit volgens sy spreektaalgewoonte. Op min uitsonderings na is die afwykings van die Nederlandse stelsel altyd verboë vorme. Waar Nederlands 'n verboë vorm vereis, gee Wikar dit byna altyd, bv. "een giftige slang", "de kloyne vogels", "'t zwarte steerthaar",

---

27) Taalhistoriese opstelle, p. 129. Kyk ook J.L.M. Franken, Taalhistoriese bydraes, p. 153.

die enigste uitsonderings is die volgende: "de flus genaamd waaterdrinkers spoor", "een roodagtig steen", "een principaal erfgenaam", "de groot fonteyn", "onze groen tobak".

Die adjektiewe op -er wyk meental van die moderne Nederlandse reël af. Wikaar - soos verskeie 18de-eeuse Nederlandse skrywers - laat hulle dikwels onverbuig. Hy skryf bv. 8 keer ander i.p.v. andere soos "op een ander plaats", "een ander cours", "een ander goeye vriend"; "de bezonder handslagt", "een bezonder revier" (2 keer), "zoeker tyd", "op zoeker distans" ens. Van die 3 komparatiewe wat teëgekom is, is net een verbuig.

Opvallend is sy stofs aanduidende adjektiewe, wat op twee na almal volgens Nederlandse skryftaalreëls verbuig: "een zilveren beugeltas", "een lavoere leepel", "koopere en yzere koraale", ook "glasse koraale", "een yzere harpoen", "een leere lappie" naas die twee uitsonderings: "een olivenhout kierre", "een zyer harpoen".

Waar Nederlands egter die onverboë vorm vereis, fouteer Wikaar dikwels. Byna 30 keer verbuig hy die byvoeglike naamwoord voor 'n het-substantief in stryd met die Nederlandse reël,<sup>28)</sup> bv. "een grootte uur", "een grootte eyland", "van grootte nut", "witte water", "een kleyne stuk", "een klyne gedierte", "een lange stuk", "van puure loot", "met zware donderweer", "goede weyvel", "houde water", "guaede ongedierte", "zulke mooye goed", "een halve uur", "een geloofbaare stuk", "een algemeene bygeloof", "andere wild", "voor andere gedierte" e.a. In meer as 40 gevalle skryf Wikaar egter die korrekte onverboë vorm. In teenstelling met Johanna Duminy was hy nog terdeë daarvan bewus dat sommige substantiewe 'n onverboë adjektief as bepaling vereis. Opvallenderwys begaan hy selde die fout dat hy voor 'n de-woord 'n onverboë onnederlandse vorm gebruik, soos hierbo al aangetoon is. Waar 'n selfstandige naamwoord vir hom 'n de-woord was, skryf hy die verboë vorm; waar hy van die het-karakter van 'n substantief ten minste af en toe bewus was, gebruik hy soms die vorm sonder -e volgens Nederlandse reëls. Die feit dat hy nou "brakegtig water" en dan "witte

---

28) Vgl. Scholtz, t.a.p.

water" skryf, "wit kristal" en "witte kristal", "halve uur" en "half uur", bewys egter dat die nominale - en daarmee gaan saam adnominale - onderskeidings vir hom in sy spreektaal óf nie meer bestaan het nie óf as wisselverme voorgekom het. By die substantiewe toon hy 'n sterk neiging tot de-gebruik, by adjektiewe tot verboë vorme.

Wikaar se verbuiging is klaarblyklik nie meer suiwer Nederlands nie, maar hy staan veel nader aan die Nederlandse sisteem as Johanna Duminy. Onsekerheid in die fleksie hang by hom nou saam met sy onsekerheid t.o.v. grammatikale geslagsonderskeiding.

## 2. Vergelyking met die Afrikaanse stelsel

Wikaar se verbuiging toon nog minder ooreenkomste met Afrikaans as Johanna Duminy s'n. By hom kry ons net sporadiese vorme wat met die huidige gebruik en dié van vroeë Afrikaans ooreenstem.

### a. Adjektiewe met suffiks

Van 140 gevalle van adjektiewe met 'n suffiks is die groot meerderheid (112) verbuig in ooreenstemming met Nederlands en Afrikaans (bv. "kleeverige lijn", "etbaare gediertens", "een wonderlyke zaak"), 11 is onverbuig volgens die Nederlandse reël maar in stryd met Afrikaans (bv. "met brakagtig water", "een reedlik paard"); in 14 gevalle volg Wikaar die Afrikaanse patroon in stryd met Nederlands: "een geloofbare stuk", "een net pijn gekwetate Hartebeest", "allo andergemaakte goed", "een afgeslagte voogelstruysvel", "weergaloose koornland" e.a. Drie keer gebruik hy 'n onverboë vorm wat nóg Nederlands nóg Afrikaans is.

Uit hierdie materiaal kan ons nie aflei dat in Wikaar se tyd die morfologiese struktuur van die adjektief deurloëgewend was by die verbuiging nie. Die verbuiging of nie-verbuiging was by Wikaar, soos dit lyk, in belangrike mate afhanklik van die onderskeiding tussen de- en het-woorde; waar hy bv. heeltemal seker is van 'n de-geval, soos in die meervoud, gebruik hy nooit 'n onverboë vorm nie.

Maar wat die rede vir sy fleksie ook mag wees, uit 140 gevalle wyk net 14 van die Afrikaanse sisteem af - wat tog ook weer die

indruk skep dat die Afrikaanse reël altans vir 'n deel agter sy skryftaalgebruik sit.

b. Adjektiewe sonder suffiks

(i) Meersillabiese adjektiewe.

Waar Johanna Duminy alreeds 'n vaste patroon getoon het, nl. by die adjektiewe op -er, kry ons by Wikar slegs 'n paar "Afrikaanse" vorme wat 'n sekere rigting aandui. Dat hy 8 keer ander soos in Afrikaans skryf (naas meer as 20 keer andere in dieselfde posisie), is op sigself geen tipies Afrikaanse kenmerk nie omdat in 18de-eeuse Nederlands die onverboë vorm ander taamlik verbreid was waar nou die verboë vorm vereis word. Maar hy laat besonder en zeeker herhaaldelik voor de-woorde onverbuig (7 keer), sodat daar by hom tog 'n neiging om adjektiewe op -er onverbuig te gebruik, te bespeur is. Dis ongelukkig dat ander adjektiewe op -er, soos donker, helder, wakker, nie in die "Berigt" voorkom nie sodat ons geen sekerheid omtrent hierdie tipe woord by Wikar het nie, te meer omdat besonder en seker, wat hy onverbuig laat, in Afrikaans vandag juis uitsonderings op 'n algemene reël is en verbuig word.

Met buigingsvorme soos "een aparte gewas", "een algemeene bygelcof" staan Wikar aan die Afrikaanse kant. Al die ander meersillabiese adjektiewe sonder suffiks is verbuig volgens Nederlandse én Afrikaanse patroon, bv. "een enkelde hout deur", "20 assurante keereis", "een aangename vrugt" ens.

(ii) Monosillabiese adjektiewe

In ooreenstemming met Nederlands én Afrikaans gebruik Wikar onverboë vorme by woorde soos groot (7 keer), wit (1 keer), zwart (3 keer), dees (1 keer); schoon (1 keer), klaar (1 keer), zuur (1 keer) en vuyt (1 keer), almal in verbinding met het-woorde. Waar hy egter 'n onverboë vorm teen die Nederlandse reël in gebruik, stem dit altyd met Afrikaans ooreen<sup>29)</sup>: "de groot fonteyn", "onze groen tobak". Byvoeglike naanwoorde

---

29) Vgl. Scholtz, a.w., p. 129.

soos diepe, scherpe, brakke, sterke, korte, platte, verze, fris; kleyne, dunne, donne, varme, lange, jonge; fraaye, nooye en naauwe word gereeld in stryd met Afrikaanse verbuig.

Maar Afrikaans 'n verboë vorm vereis, het Wikar dit ook - soms teen die Nederlandse gebruik in, nl. by goede ("goede weyvelde"), koude ("koude water"), ronde, vreemde, wilde, droge, hoge en heele (geheele). Die onverboë byvoeglike naanwoorde in Afrikaans wat op 'n vorm met intervokaliëse -d teruggaan, soos kwaai, ou en rooi is by Wikar interessant omdat hy hulle byna oral verbuig met behoud van die d, bv. quaade in 'n verbinding soos "quaade vriende", en in die onnederlandse "quaade gedierte", roode (voor "hout" en "kooper" egter rood) en oude, wat 17 keer voorkom. Aangesien Johanna Duminy altyd ouwe skryf en dié vorm toe al in die Hollandse volkstaal gebruiklik was, moet die d-spelling by Wikar, ten minste by oude, as skryftaaltorme beskou word. Heel waarskynlik is dit ook by ander adjektiewe met intervokaliëse d die geval.

Hy verskryf hom selfs een keer en gee die spreektaaltorm goeye. Soos Afrikaans ou<sup>30)</sup> gaan ook kwaai en rooi op oorspronklik verboë vorme terug (met later verlies van die buigings-e). Hulle moet in Wikar se tyd as quaale, rooie uitgespreek gewees het.

#### IV. Gegewens uit argivale bronne

In Wikar se berig is Afrikaanshede betreklik seldsaam; 'n duidelike Afrikaanse patroon in die adnominale verbuiging vind ons nie by hom nie. Maar Wikar het die jare voordat hy gedeserteer het, in Kaapstad deurgebring en was altyd in aanraking met die amptenare van die Kompanjie, wat waarskynlik nog betreklik suiwer Nederlands gepraat het.

Dit was anders in die buitelandse distrikte. Baie van die boere en veldwagmeesters wie se briewe en rapporte in die Kaapse argief bewaar gebly het, het ver van die Kaap en sy beskawing gewoon. Daar was nie die gedurige kontak met Nederlanders nie: reisigers,

---

30) Vgl. Scholtz, a.w., p. 130.

amptenare en private persone wat onlangs eers van Europa gekom het of net 'n rukkie aan die Kaap vertoef het. In die afgeleë buitedistrikte het die koloniste ook veel minder geleentheid gehad om deur kerk en skool met Nederlands in aanraking te bly. Daarom verbaas dit ons nie dat ons in die argiefmateriaal meer Afrikaanse en foutiewe Nederlandse vorme teëkom as by Wikar en selfs nog by Johanna Duminy.

In die briewe van die Kaapse Taalargief (KT) en die later versamelde argiefmateriaal (KA) wissel die taalgebruik van betreklik korrekte Nederlands tot 'n sterk Afrikaans getinte taalvorm, altans in sommige opsigte. By die ondersoek van hierdie Kaapse Nederlandse tekste was dit uit die aard van die saak meestal onprakties of selfs onmoontlik om volledige statistieke van die onderskeie fleksievorme te gee soos tot dusver by die drie deurlopende tekste gedoen is. Daarom is gewoonlik net gelet op die van Nederlands afwykende vorms, omdat hulle die verbrekkeling van die Nederlandse fleksiesisteen weerspieël en meermale ook die spreektaalgewoontes verraaï wat agter die gebrekkige Nederlands verborge sit.

Die stukke van die KT, vir die oorgroot gedeelte uit die tydperk 1776-1830, is oorsigtelik en chronologies gerangskrik en is wat inhoud betref, min of meer gelyksoortig. In die KA, daarenteen, het ons met 'n chaotiese versameling briewe, uittreksels uit justisiële verslae, inventarisse e.d.m. te make, dus materiaal van 'n baie uiteenlopende aard. Bowendien is daar in die KA-versameling betreklik min stukke van na 1775 omdat Van Oordt toe die opdrag gehad het om hoofsaaklik die tydperk vóór 1775 te ondersoek. Die gegewens waarvan hier gebruik gemaak is, kom hoofsaaklik uit die afdeling "Stellenbosch-Argief" (afkorting St.), uit stukke van die "Kaapse Weeskamer" (WOC) wat inventarisse, boedelpapiere en skuldbriewe bevat; en uit "kriminele prosesstukke" (CJ). Die KA-bewysplase word oral aangegee met die kenletters, die nommer waaronder die betrokke teks in die Kaapse argief geklassifiseer is, en die datum.

### 1. Adjektiewe met suffiks

Vaste verbindings wat in byna alle aan regeringsinstansies gerigte briewe voorkom, is "mijn ootmoedig(e) versoek", "een vriendelijk versoek" en soortgelyke. In die KT alleen kry ons dit 31 keer. Daarvan het 16 gevalle na die possessief die onverboë vorm en net 9 gevalle die verboë vorm. Almal, die verboë en die onverboë vorme, volg die Nederlandse patroon. Die voorkeur lê klaarblyklik by die onverboë vorm. Ons het hier met 'n stereotiepe formule te make, nie met 'n lewende verbinding nie. Aan die ander kant kry ons verskeie kere konstruksies met die onbepaalde lidwoord waarin die adjektief van Nederlands afwyk en met die Afrikaanse gebruik ooreenstem, bv. "een vriendelyke versoek (KT 139/1797; 177/1804; 184/1805; 234/1812), "een ootmoedige en een belleke versoek" (KT 234/1812).

Vaste verbindings in die titulerende aanhef van dieselfde soort briewe is ook die volgende (hulle word veral na 1800 baie frekwent): "Provisioneel veldwagmeester", "Aan den fingerent landrots" e.a. Laasgenoemde kom by A.J. van der Walt alleen 6 keer voor (KT 223, 224, 228, 229, 234, 245/1812). Moontlik is die Nederlandse onverboë adjektiefvorm voor 'n manlike persoonsnaam in die enkelvoud wat in die 18de-eeuse Nederlands 'n bekende verskynsel was, vir die gebruik van dergelike vorme in Kaaps-Nederlands verantwoordelik.

Dis moontlik na analogie van bogenoemde onverboë vorme dat daar in 13 gevalle ook geskryf is "met mijn gewonelik hand" (KA: St. 6/1, 1775), "die onwillig Mense" (KT 175/1801) e.d.m. Uit dié voorbeelde blyk duidelik hoe magteloos die betrokke persone by die skrywe van Nederlands was.

In vry konstruksies waar die skrywer nie deur 'n formuleagtige verbinding beïnvloed is nie, kom ons 12 keer tipies Afrikaanse vorme teë, ook by mense wat die pen maklik hanteer. So skryf bv. die weduwee Margarita De Bruyn dat haar seun, "dese arme gebrekkelike kint", weens "een slegte been" onbekwaam vir die krygsdiens is (KT 133a/1795). Die veldkommandant An. (Adriaan?)



van Jaarsvelt berig dat ene "Markus Vorie . . . zijn vrouw een gebrekkelijke been heeft" (KA: RLR 44/nr. 66, 1782). 'n Ander A. (Albertszoon?) van Jaarsvelt skryf in 'n baie netjiese en vlot geskrewe brief dat 'n burger "geen schriftelike beregt ... hadde" (KT 301/1779). In ander briewe lees ons "by voorvallende kwaat" (KT 88/1786), "de vorige jaer" (KT 311/1786), "geen gebru(y)kbaaren velt" (KT 125/1794), "de onachuldige bloet" (KT 153/1799).

Van hierdie gegewens kan ons aflei dat die adjektiewe op suffiks al vóór Johanna Duminy se tyd in die spreektaal verbuig moet gewees het. Al staan Wikar hier nog aan die Nederlandse kant, moet die spreektaal, ten minste op die buitposte, toe al die Afrikaanse patroon gevolg het, wat egter nie wil sê dat daar geen wisselvorme was nie.

## 2. Adjektiewe sonder suffiks

### a. Meersillabiese adjektiewe

By die meeste woorde op -er is die onverboë vorm so frekwent dat daar geen twyfel ontrent die spreektaalvorm kan bestaan nie. Van ander het ons die meeste voorbeelde. Dit kom 40 keer onverbuig voor, soos in "ander kant", "een ander plaas", "van ander luy", "de ander dag", "de ander hottentots" ens., naas 14 keer andere. Na 1810 verdwyn die verboë vorm heeltemal. Selfs suijver in die vaste formule "de suijver waarheid", in allerlei verklarings, is byna konstant onverbuig (6 keer). Ook die komparatiewe neig in dieselfde rigting. Van 6 gevalle is 4 onverbuig (bv. "geen scherper orders").

Ook waar hedendaagse Afrikaans net die verboë vorm gebruik, nl. by iedere, kry ons in die argiefstukke slegs onverboë vorme (7 keer): "een ijder burger" (KT 70/1784), "in eijder kontreij" (KT 134/1795) ens.

Van die adjektiewe op -el - waar die verbuiging vandag nog taanlik onseker is - kom net twee bewyskragtige woorde voor; een is onverbuig: "een onpazawel weg" (KT 47/1798), die ander is verbuig in 'n eg Afrikaanse konstruksie: "die sent myn dog een sempele brief" (KT 99/1787). In die aanhef of titel kry ons egter

ook herhaaldelik die woord edel in die half vaste verbinding "edel heer" e.d.m., 7 keer s<sup>o</sup>nder en 5 keer m<sup>e</sup>t die fleksieuitgang.

b. Monosyllabiese adjektiewe

Waar Afrikaans vandag 'n onverboë vorm vereis, bv. by adjektiewe van die tipes klein, jong en groot, swart, kry ons in die argiefstukke dikwels die verboë vorm in ooreenstemming met of teen die Nederlandse reël in. Soms is daar interessante verskille tussen die briewe van die KT en inventarisse uit die KA. Laasgenoemde staan veel meer aan die kant van Afrikaans.

(1) Van die groep byvoeglike naamwoorde met stemhebbende konsonant in die stamauslaut (tipe klein, jong, hol, seer) kom klein(e) die meeste voor. Naas 12 verboë gevalle, waarvan 8 volgens Nederlandse patroon, kry ons in die KT 8 keer klein soos in Afrikaans, bv. "de kleyn reviers kloof" (KT 147/1798), "haar kleijn suster" (KT 203/1810). Die meeste onverboë vorme is van ná 1800. Maar in die KA is daar heelwat voorbeelde uit die laaste kwart van die 18de eeu. In inventarisse van 1775-1777 kom ons 13 keer klein soos in Afrikaans teë - waarvan 8 gevalle in stryd met Nederlands is - bv. "een kleen Coffe kestel", "3 kleen baljes", "een kleen Coper passor", "2 kleen kisten" uit Ferreira se inventaris (MOOC 8/16, 1776). Die offisiële lys gee hier oral die verboë vorm. In ander inventarisse lees ons "1 klijn was balie", "1 klijn kost kassie", "1 klijn coffie meule" (MOOC 8/16 nr. 55, 1776), "een kleijn balie" (MOOC 8/17, 1777). In 'n kriminele prosesstuk van 1776 kom ook die tipies Afrikaanse konstruksie "mijn kleijn Baas" 2 keer voor (CJ 410 en 411, 1776). Ander Afrikaanse vorme is arm, ("want ik en arm mensch is", KT 146/1795; "ik ben Een arm mene", KT 163/1801); schellem - 'n eg Afrikaanse adjektief - ("de schellem hottentots", KT 254/1815), jong ("de jong volk", KT 260/1817). Dis ook opvallend dat die verboë vorm arme soos in Afrikaans as uitdrukking van medelye voorkom: "dese arme ... kint" (KT 133a/1795), "mij arme kind" (KT 165/1802), "die arme mensche(n)" (KT 149/1798).

By die byvoeglike naamwoorde op -r is ook al 'n aanduiding van die Afrikaanse stelsel herkenbaar. Onverbuig soos in die huidige gebruik is bv. "ons kent seyn ser mont" (KT 318/1795), "suurlamoene" wat saam met "soetelamoene" en "bittere sitroene" in die "Stemvers-Kassaboek" van 1777 genoem word (KA: MOOC 14/195), en "een zhwar eijtsapan plekt" (KT 315/1794). Daarnaas vind ons egter ook "een seere voet" en ander onafrikaanse vorme. Soos vandag word sommige -r-adjektiewe verbuig, bv. "door een sware Donder en blicxeem" (KT 144/1798), "haar ander velt is een dorre en slegte velt" (KT 57/1782).

Ook by die byvoeglike naamwoorde op -l is die ooreenstemming met Afrikaans in die gebruik van onverboë en verboë vorme na gelang van die besondere adjektief seker nie net toevallig nie: "l hol tiassel" (uit 'n inventaris wat talle Afrikaanse adjektiefvorme bevat, KA: MOOC 8/16, Inv. 55, 1776); "onse volle gebruikt van de water" (KA: St. 6/1, 1777), "seyn heele werk", "seyn heelle siek(e)" (KT 228/1812), "de hele Ligham deur" (KT 63a/1783), en dan ook "de geheele lant" (KT 153/1799), "de gehele velt" (KT 247/1812).

(ii) Wat die adjektiewe met stemlose konsonant in die stam-  
auslaut betref (tipe groot, skerp, vare), vind ons in die argiefstukke meer onverboë Afrikaanse vorme as by Wikar en Johanna Duminy. In die KT tref ons van groot(e) naas 10 Nederlandse vorme op -e en 5 gevalle met -a wat nóg Nederlands nóg Afrikaans is, 14 keer groot in ooreenstemming met Afrikaans aan; 11 van die 14 onverboë vorme is in stryd met Nederlandse reëls,<sup>31)</sup> bv. "met groot Agting" (KT 45/1781),

---

31) Dis interessant dat 'n Hollandse reisiger, blykbaar die kaptein van 'n skip, wat twee maande aan die Kaap vertoef het, in 'n brief aan 'n Leidse vriend skryf: "En daar is ook Groot Verlegenheid" (KA: MOOC 12/35, 1784). Hy gebruik ook eg 18de-eeuse vorme: "een groot Negotiant", "Ander vrugte". Sy styl is beskaaf en betreklik natuurlik.

"een groot uijt span plaats" (KT 55/1782), "aan groot vis-  
revier (2 keer, KT 98/1787), "ons lant is in groot oproer"  
(KT 110a/1790), "een groot 14 dagen" (KT 135/1795) ens.

Wit en swart kom saam net 4 keer onverbuig voor, bv. in  
"wit boij" (KT 119a/1793), "een swart seij doek" (KT 268/1821),  
"een wit brouk" en "1 swart casneirse broek" (KT 273/1823).  
Eg Afrikaans is 3 sporadiese gevalle: "zijn kort asem" (2 keer,  
KA: CJ 1119 nr. 61, 1780) en "met scerp orders" (KT 161/1801).

Teen die Afrikaanse reëls in kom in die KT varse voor,  
bv. in 'n berig van 'n moord, wat baie spreektaalvorme bevat:  
"voor varse bloet", "de varse lijk (201/1810); in dieselfde  
berig kry ons ook die huidige Afrikaanse vorm: "e(en)(d)vars  
revier". In die KA lees ons 'n keer "1 noors meul" (MOOC  
8/14, Inv. 64, 1773) wat in ander etukke as "noorse meele"  
voorkom. Herhaaldelik word onze gebruik, bv. "onze vee",  
"onze verzoek" ens.

(iii) Adjektiewe van die tipes regte, slegte; vaste, woeste;  
en vreemde, harde, wilde wat in Afrikaans altyd verbuig is,  
het ook in die argiefstukke byna konsekwent die verboë vorm,  
bv. "en slegte velt" (KT 57/1782), "een slegte been" (KT  
133a/1795), "zynen rechten gebruyk" (KT 174/1803); "zyn faaste  
geld" (KT 174/1803), "deur de woesste veld" (KT 182/1805),  
"met geruste geweeten" (KA: MOOC 12/35, 1785); "van vriende  
vee" (KT 171/1803), "een harde weg" (KT 187/1806), "hunne  
welde natuur" (KT 272/1823).

(iv) Woorde met intervokalisie d soos goede, oude, rode  
(Afr. goeie, ou, rooi) lewer in ons argivale bronne 'n ver-  
warde beeld op. Die frekwentste van die drie woorde is oude  
in sy verskillende vorme: oude, ouwe, oud, ouw. Oude kom ons  
20 keer en ouwe 40 keer toe, byna altyd volgens Nederlandse  
patroon, 'n paar keer egter ook waar Nederlands die onverboë  
vorm vereis, bv. "wat oude yser werk", "1 ouwe vat" (KA:  
MOOC 8/17, 1779), "een ouwe hutje" (KT 142/1798). Oud in die  
verbinding "een oud man", wat 4 keer in die KA voorkom, is 'n

oorblyfsel van 'n gangbare Nederlandse vorm van die tyd. Opvallenderwys kry ons in die KA-stukke nie 'n enkele ou-geval nie; in die KT verskyn ou eers vanaf 1797: "ouw hendrik smit" (KT 136/1797), "een Ouw hottentot" (KT 155/1800), "de ouw hutte daar de ouw hendrek ge woont heb" (KT 156/1800), "toein de ouw burgers teuije was" (KT 164/1801), en "ou gezwint" (KT 206/1810). Dis opmerklik dat al hierdie ou-vorme in verbindings uit die alledaagse spreektaal voorkom en in briewe verskyn wat ook andersins Afrikaanshede bevat.

Goede is op 3 uitsonderings na altyd verbuig en behou oral die d-spelling. 'n Aanduiding van wat die spreektaal-vorm moet gewees het, gee sporadiese afwykings soos "een goeye blyk" (KT 97c/1784), "een gouye verwagten" (KT 183/1805), ook "het kouwe weer" (KT 133a/1795). Die enigste onverboë vorme is die formuleagtige "Ue goetvriend" as briefslot (2 keer) en 'n foutiewe "goed weyde" (KT 270/1823). Rode daarenteen is altyd verbuig (7 keer) en het oral die d-spelling.

By Wiker en Johanna Duminy kry 'n mens die indruk dat die adjektiewe met gesinkopeerde of gevokaliseerde intervokaliëse d in die reël nog die buigingsuitgang behou het. Uit die argiefstukke blyk egter dat by minstens een adjektief, nl. ou, wat as frekwentste woord die voorloper van sy groep was, die e-lose Afrikaanse vorm reeds gangbaar moet gewees het. Waarskynlik is dit in die spreektaal veel meer gebruik as wat uit die geskrewe tekste blyk. As ou inderdaad wyd verspreid was en tog grotendeels uit die skryftaal geweer is, moet ons aanneem dat soortgelyke woorde met 'n veel laer gebruiksfrekwensie nog minder kans gehad het om in hul spreektaalvorm op skrif te verskyn. Die feit dat nie eens die gevokaliseerde uitspraak by goede, kwade, rode wat in die 18de eeu in Nederland én aan die Kaap algemeen was, in die geskrewe taal tot uiting kom nie, wys hoe moeilik dit was vir 'n spreektaalvorm om in geskifte deur te dring.

(v) Adjektiewe van die tipes drooge,<sup>32)</sup> lege, braave, groffe.

32) 'n Vorm soos "droog groent" (KA: WOOC 14/214, 1776) is waarskynlik 'n toevallige ontleding.

lieve, nuwe met intervokaliëse frikatief, en ook halve is in ons bronne verbuig soos in die huidige Afrikaans: "het drooge rivier" (KA: CJ 409, 1775), "meijn loge waage" (KT 118/1793), "een brauwe smoel" (KT 101/1788), "na Nieuwe Jaar" (KA: CJ 1115 nr. 374, 1779), "een halfe rukenduse", d.w.s. "rekognitie" (KT 185/1805). Waar half voorkom, gee dit blyk van die persoon se onverboë om die skryftaal te hanteer.

(vi) Die adjektiewe op diftong het in ons argivalia altyd die verboë vorm. Maas 6 keer bloue - bv. "een stuk bloue Lint" (KA: CJ 1118 nr. 384-86, 1777), "met bloue behangzel", "met een bloue gardijn" (KA: MOOC 14/214, 1777), "in zijn blauwe hempt" (KT 201/1810) - en 3 keer vrije, bv. "een vrije Volk" (KT 303/1779), is nie 'n enkele onverboë vorm in hierdie tydvak teëgekom nie. Ook getrouwe is gereeld verbuig.

### 3. Stofaanduidende adjektiewe

In die argiefstukke van die laaste kwart van die 18de eeu stem die adnominale vorm van stofaanduidende adjektiewe feitlik in alle opsigte met dié van Johanna Duminy ooreen. Adjektiewe soos ys(t)er, koper, silver het so dikwels die Afrikaanse vorm dat oor hulle geen twyfel kan bestaan nie. Hier is dus nie net ooreenstemming met 18de-eeuse Nederlandse vorme nie, want in die Nederlands van daardie dae het die stofaanduidende byvoeglike naamwoorde net voor 'n onsydige substantief die stamuitgang -en verloor. In Kaaps-Nederlands, soos trouens in Afrikaans, volg die stofaanduidende adjektiewe op -er almal dieselfde reël ongeag geslag of getal van die substantief.

Tipiese Afrikaanse vorme sonder parallelvorme in 18de-eeuse Nederlands is "onverboë" woorde soos seij, tin, paslijn; hulle kom veral in inventarisse voor: "een zwart seij doek" (KT 268/1821), "1 swarte sey onder baatje" (KT 273/1823), "een tin trekpot" (KA: MOOC 8/17, 1779), "22 Paslyn taffel Borden" (KA: MOOC 8/16, 1776). Dit gebeur herhaaldelik dat die offisiële sekretaris in sy lys die vorme van die planslik opgestelde inventaris probeer vernederlands

deur 'n -e by te voeg en dan tinne, porcelijne ens. skryf.<sup>33)</sup>

Ook in die KT kom nog -e-vorne voor teen die Afrikaanse reël in, bv. "seyve ("gestreeppte seyve onder haatjesgoud", 273/1823), 'n hiperkorrekte volle ("sijn voering volle broek", 201/1821) en blikke ("een blikke schotel" 268/1821). Daarteen is gouwe wat herhaaldelik voorkom, in ooreenstemming met Afrikaans.

#### 4. Aardrykskundige name

'n Interessante en waardevolle tipe woord vir ons is ook die aardrykskundige name wat samekoppelings is van adjektief plus substantief. Uit die aard van die saak is geografiese name gewoonlik 'n konserwatiewe element in 'n taal en kan hulle langer as gewone woorde 'n argaisse vorm behou. Aan die ander kant het hulle 'n hoë gebruiksfrekwensie, altans in die onmiddellike omgewing, en kan hulle daarom ook die algemene wysigingsprosesse van die taal deurmaak. Geografiese name bestaande uit 'n substantief, meestal 'n soortnaam, en 'n voorafgaande bepalende adjektief is in Suid-Afrika besonder frekwent en weerspieël ook iets van die adnominale geskiedenis. 'n Kenmerk van die hedendaagse saamgekoppelde geografiese name is die vorm van die adjektief, wat volgens die algemeen geldige fleksiereëls of verbuig of onverbuig voorkom. Ons sê dus "Kuweland", "Rondebosch", "die Koue Bokkeveld", maar "Soutrivier", "Dieprivier", "Swartland", "Langkloof", die Warm Bokkeveld, "Blouberg", ens. 'n Uitsondering is "die Langeberge".<sup>34)</sup>

(a) Waar die adjektiefdeel van die geografiese naam 'n stemlose stamuitgang het, is die onverhoë vorm al voor 1800 gebruiklik, al

---

33) Dit kan egter ook gebeur dat 'n sekretaris verkeerd korrigeer en die -e-lose vorm i.p.v. dié op -e skryf. So word bv. "1 copere lampet" (KA: MCCC 8/15, 1775) vervang deur "1 coper lampet".

34) Dit is opmerklik dat ons by die Afrikaanse plant- en diername presies dieselfde verskynsel teëkom. Samekoppelings met bleek, blou, bont, geel, groen, groot, grys, klein, plat, rooi, soet, suur, swart, taai, vars, wit kry nooit 'n -e by die adjektiefdeel nie, behalwe in "bontebok" wat naas "bontbok" voorkom. Maar blinde, harde, wilde, nuwe het in samekoppelings nooit die e-lose vorm nie. (Vgl. J. du P. Scholtz, Uit die geskiedenis van die naamgewing aan plante en diere in Afrikaans, Kaapstad 1941).

kom verboë vorme ook nog voor. So het ons bv. name met diep: "Diep Rivier" (Ao. 1779, 1789); met swart: "swartlant" (dit kom herhaaldelik voor, ook by Johanna Duminy) en "swartberg" (Ao. 1798) naas "swarte bergh" (Ao. 1795, 1800, 1808, 1812); met wit: "de wit revier" (Ao. 1778); met plat: "plat vontijn" (Ao. 1786); met sout: "soutrivier" (Ao. 1776; en 3 keer by Johanna Duminy) naas "Soute rivier" (Ao. 1795);<sup>35)</sup> met brak: "brakvontejn" (Ao. 1777, 1783), "brak revier" (Ao. 1793, 1831), "de Brak spruijt" naas "brakke Rivier" (Ao. 1777) en "de brakke water" (Wikar).<sup>36)</sup> Dit opvallend dat daar net een samekoppeling met groot voor 1800 in ons bronne voorkom, nl. Wikar se "groot fonteyn". Al die ander name het die verboë vorm bv. "de groote sak rivier", "de Groote rivier" ens. Selfs nog diep in die 19de eeu skryf die mense soms "de Groote Revier". Blykbaar beskou ook Trigardt hierdie vorm as deftig, want hy gebruik dit 3 keer naas 'n enkele "groot revier". Maar ná 1810 vind ons groot 9 keer as deel van riviername, bv. "grod Revier", "groot viesrevier", "groot ravier" e.s. Bonte behou steeds die -e, bv. "bontebergh" (Ao. 1776), "bontebokkraal" (Ao. 1784). Selfs vandag nog sê ons "bontebok" naas "bontbok".<sup>37)</sup>

(b) Aardrykskundige name met 'n adjektiefdeel van die tipe klein, lang ens. toon oorwegend die verboë vorm in stryd met die huidige gebruik. Van die talryke samekoppelings met klein is net 'n enkele "moderne" vorm aangetref, nl. "klynroggevelt" (Ao. 1795); daarteenoor kry ons "klyne Roggevelt" (Ao. 1776, 1786), "kleijne kouwie" (Ao. 1787), "klijne rievier" (Ao. 1781); verder "groene Berg" (Ao. 1810), "lange kloof" by Johanna Duminy en "klarestroom"

35) Ook Pieter Cloeten ontspoor 'n keer en skryf in sy joernaal van 1776 "dat is Zout R." naas sy gewone "Zoute R." (Godée Molsbergen, Reizen in Z.A. IV, p. 3).

36) Vandag nog dra 'n bekende plaas die naas "Brakkekuil".

37) Die verlies van die -e hang miskien saam met die gebruiksfrekwensie van die woord. In die streke waar hierdie boksoort nie voorkom nie, is feitlik net "bontebok" bekend.



(Ao. 1808). Modern is egter die vorme "Grom revier" (Ao. 1783), "sur berg" (Ao. 1810), "de ziir (= suur) velt" (Ao. 1810) en "hol vonteljn" (Ao. 1827).

(c) Waar die adjektief vandag op 'n diftong sonder fleksiesuffiks uitgaan, is dit in die vroeë geografiese name gereeld verbuig op een uitsondering na, nl. "in de ou velt" (Ao. 1799); ons kry anders in die hele periode gereeld "blouwe bergh" (minstens 10 keer) - selfs Trigardt skryf dit nog 1 keer naas 4 keer "de Blouw Bergh" -, "de blouwe klip", "het Rode Sant" (Ao. 1777), "de roije wal" (Ao. 1789).

(d) Opvallenderwys bevat die aardrykskundige name die verboë vorm as die adjektief in hedendaagse gebruik net verbuig kan voorkom: "Droogelant" (1782, 2 keer), "drooge rivier" (1776), "koude bokkevelt" (1778, 1786, 1800), "Goeffemanskraal" (1780); "ronde huvel" (1779) en natuurlik ook gedurig "rondebossie"; "nuwevelt" (1781, 1795, 1812, 1816, 1829); "nieuwe dreft" (1786), "schurwe berg" (1802). Die paar uitsonderings lyk na Nederlandse skryftaalvorme, nl. "nieuveld" (of "nuwvelt") uit die jare 1817 en 1831.

Onverboë vorme volgens die huidige patroon tree by aardrykskundige name dus al vóór 1800 op, maar word ná 1800 al hoe frekwenter. Die vorm van die adjektiefdeel stem in alle opsigte met die destyds gebruiklike vorm van die vry adnominale adjektief ooreen. Dieselfde fleksiereëls regeer die adjektief in albei funksies, in die vry en in die "gebonde" posisie. Daaruit blyk dat die adjektiefdeel in die geografiese name van daardie dae nie as deel van 'n samekoppeling beskou is nie. Al het dit later met die substantief tot 'n vaste eenheid versmelt, het dit die vorm van die vry adjektief behou. 38)

---

38) In Nederlands is voorbeelde van dié aard maar skaars. Dis egter opmerklik dat hulle onder vanne en ook by sommige aardrykskundige name (Hoogeveen, Korteweg, Langeveld e.a.) wel voorkom. Vgl. J. van Lessen, Samengestelde naamwoorden in het Nederlandsch, Groningen 1928, p. 59.

## V. Samevatting en tentatiewe gevolgtrekkings

Die voorafgaande ondersoek bring ons tot die volgende konklusies: By Trigardt, soos by die vroeë bewuste skrywers van Afrikaans, was die nuwe sisteem feitlik in alle besonderhede ontwikkel, behalwe dat daar nog heelwat wisselvorme by die monosillabiese suffikslose adjektiewe voorgekom het; die Afrikaanse stelsel is egter ook hier onmiskenbaar.

Teen die einde van die 18de eeu het die adjektiewe met suffiks alreeds hul Afrikaanse fleksievorm soos ons uit Johanna Duminy se taalgebruik en uit die argiefstukke kan sien. Sporadiese onverboë vorme volgens Nederlandse patroon kom net in formuleagtige verbindings voor, terwyl hiperkorrekte vorme van onsekerheid in die strewe na vernederlandsing getuig.

'n Tweede "Afrikaanse" kenmerk in die laat 18de-eeuse Kaaps-Nederlandse fleksie is verboë vorme van die tipes ronde, vreemde, kou(d)e; drooge; slegte, vaste, wat toe al taamlik vas moet gewees het, al het daar nog af en toe onverboë wisselvorme, ten minste in die skryftaal, ook voorgekom.

Ons kan met 'n taamlike mate van sekerheid konstateer dat waar hedendaagse Afrikaans 'n verboë vorm vereis, dit al vóór 1800 die patroon begin word het by adjektiewe mét en sónder suffiks.

Een van die oorsake vir hierdie ontwikkeling is heel waarskynlik die ondergang van die nominale tweeklassesisteem. Met die oorgang van het-substantiewe na een de-klas, is die verboë vorm van die adjektief begunstig. Dit verklaar in 'n mate ook hoekom ons in hierdie periode so veel verboë vorme in stryd met Afrikaans én dikwels ook met Nederlands kry, veral by monosillabiese adjektieftipes soos groot, swart; klein, lang, jong ens. Maar dit was klaarblyklik nie die enigste faktor nie. 'n Fonologiese faktor het by bepaalde tipes van monosillabiese adjektiewe die neiging tot verboë vorme teëgewerk. Bogenoemde groep ronde, vreemde ens. is daardeur nie geraak nie. Slegs adjektieftipes soos diep, groot, brak, klein, suur ens., dus woorde met 'n stem-

lose okklusief of stemhebbende nasaal of dentaal in die stam-  
uitgang, is deur dié faktor beïnvloed. Dit wil voorkom of die  
vorm van adjektiewe op diftong toe nog nie deur die fonologiese  
faktor bepaal is nie. Of die ontwikkeling in beskaafde kringe  
naby Kaapstad stadiger gevorder of eers as 'n kenmerk van minder  
beskaafdheid toegewerk en uit die skriftelike taalgebruik geweer  
is, kan nie met sekerheid gesê word nie. 'n Feit is egter dat  
Johanna Duviny min van die tipies Afrikaanse onverboë adjektiewe  
gebruik. Ook in die deftiger briewe uit die KT is hulle vóór  
1800 nie besonder frekvent nie. Naar in die stukke van die KA,  
veral in inventarisse, en in die vroeë geografiese name vind ons  
genoeg getuienis vir die aanname dat toe al onder invloed van 'n  
fonologiese faktor fleksievorme volgens Afrikaanse reëls gebruik-  
lik was. Ná 1800 neem die getal bewysplase sterk toe, al kry ons  
nog tot laat in die 19de eeu in ons tekste 'n veelvuldige gebruik  
van onnederlandse én onafrikaanse verboë vorme.

Uit al die gegewens meen ek te kan aflei dat in die laaste  
kwart van die 18de eeu en selfs nog later baie wisselvorme in  
die geval van monosillabiese adjektiewe soos groot, klein ens.  
bestaan het, maar dat in die spreektaal kort "Afrikaanse" vorme,  
veral by woorde met 'n hoë frekwensie, al taanlik gewoon was.  
Dié gebruik moet na 1800 toegeneem het.<sup>39)</sup>

Hierdie ontwikkeling van onverboë adnominalo vorme in stryd  
met Nederlandse reëls het egter niks te make met die laat 18de-  
eeuse neiging in Nederlands om voor het-woorde ná 'n voorafgaande  
bepaling die onverboë vorm te gebruik nie.

By die meersillabiese adjektiewe op -er kan Nederlandse  
invloed egter wel 'n rol gespeel het. In die 17de en 18de eeu  
is -er-adjektiewe dikwels sonder fleksiesuffiks gebruik in  
beskaafde, nie-offisiële Europees-Nederlandse tekste.

---

39) Hierdie bevindings gee steun aan prof. Scholtz se opvatting  
"dat die Afr. stelsel van byvoeglike verbuiging al rondom 1775  
'n ver gevorderde stadium in sy ontwikkeling bereik het".  
(A.w., p. 132).

In die verbuiging van Kaaps-Nederlandse tekste uit die periode 1775-1830 tree dus twee faktore wat die Afrikaanse fleksie bepaal, al hoe meer na vore: a) die morfologiese faktor, wat net die adjektiewe met suffiks raak en reeds rondom 1800 'n taamlik vaste patroon geskep het, en b) die fonologiese faktor, m.a.w. die klankstruktuur van woorde, wat by die al of nie verbuiging van sekere monosillabiese adjektiewe en die meer-sillabiese groep op -er later deurslaggewend sou word, maar wat aan die begin van die periode òf dour verboë skryftaalvorme verdoesel is òf nog maar min werkzaam was.

## HOOFSTUK VIII

### DIE VERBUIGING IN KAAPS-NEDERLANDSE TEKSTE VOOR 1775

#### I. Aard en verspreiding van die materiaal

Die moeilikste tydperk in die Afrikaanse taalgeskiedenis is nog steeds die periode voor 1775. Al beskik ons nou oor veel meer gegewens uit die jare 1700-1775 as wat vroeër die geval was, bly ons materiaal fragmentaries van aard. Ons besit geen deurlopende tekste soortgelyk aan bv. die "Berigt" van Wikar uit die tyd na 1775 nie. Ons materiaal bestaan alleen uit briewe, rapporte, justisiële verslae en inventarisse uit die KA, waarop van toepassing is wat reeds in die vorige hoofstuk oor die KT- en KA-bronne gesê is. Die vroeë bronne moet egter nog versigtiger beoordeel word omdat ons, ten minste voor 1750, met skrywers van 'n baie heterogene taalgemeenskap te make het. Soms gebeur dit dat 'n Kaaps-Nederlandses stuk nog vol Duitse of Franse kenmerke in die vormleer of sintaksis sit. Die geskrifte van stamvaders en immigrante wat nog nie lank aan die Kaap was nie, is soms onbruikbaar omdat die taalvorm daar alleen gebroke Nederlands, nie Kaaps-Nederlands is nie. Aan die ander kant kry ons in die geskrifte van vreemdelinge wat Kaaps-Nederlands leer praat het, soms vorme wat klaarblyklik uit die spreektaal van die tyd afkomstig was, maar nog deur ou gevestigde en van Nederlanders afkomstige persone feitlik konsekwent uit hul skriftelike taalgebruik geweer is, as gevolg van hul groter vertrouwdheid met die skryftradisie en hul intiemer kennis van die amptelike en bybelse Nederlands.

Vir gegewens oor die byvoeglike verbuiging is die talryke inventarisse, veral uit die tyd voor 1750, 'n kostbare bron. Ten eerste is die plaaslike skrywer dikwels 'n man sonder veel skryf-ondervinding wat maklik vorme uit sy spreektaal neerskryf (in die offisiële lys van die amptelike sekretaris word meestal die korrekte ekwivalent gegee); ten tweede noem die boedellyste uitsluitend

dinge wat in byna elke 18de-eeuse huishouding of boerderybedryf voorgekom het, bv. 'n bed, potte, skottels, 'n ploeg, 'n wa ens., sodat die byvoeglike naamwoorde telkens in verbinding met doodgewone substantiewe staan. Hierdie omstandighede, en die hele aard van taalgebruik in inventarisse van dikwels baie eenvoudige boedels (die opsteller sal nie veel aanleiding hê om sy taal te "verdeftig" nie), is in groot mate 'n waarborg dat ons te make sal hê met vorme wat uit die alledaagse omgangstaal stem.

Ongelukkig ontbreek in ons materiaal die moontlikheid vir 'n volledige statistiese vergelyking. Om begryplike redes het Van Oordt net dié dele uit inventarisse, en ook net dié briewe oorgeskrywe wat 'n Kaaps-Nederlandse inslag toon; hy het net by uitsondering 'n volledige boedellys gekopieer, en uit die aard van die saak nooit 'n hele justisiële verslag nie. Ten spyte daarvan het ons tog nog genoeg voorbeelde van Kaapse en nie-Kaapse taalgebruik waaruit ons ons konklusies kan trek omtrent die relatiewe frekwensie van spreektaalvorme in vroeër of later dele van ons tydvak. As daar dus in die vervolg statistieke ggee word, is dit met die nodige besef dat ons getalle net betreklike waarde het en slegs by benadering die verloop van 'n ontwikkeling kan weerspieël.

Met die groei en uitbreiding van die kolonie en die toename in die bevolking in die loop van die 18de eeu neem ook die hoeveelheid geskifte toe wat in die argief bewaar gebly het. Die materiaalskarnste voor 1700 is hoofsaaklik aan die klein bevolkingsgetal te wyte. In 1679 was daar slegs 87 vryburgers, 55 vroue, 117 "Nederlandse en gemengelde kinderen", 30 blanke knegs en 191 slawe, naas 287 amptenare in die nedersetting.<sup>1)</sup> Met die koms van die Franse Hugenate in 1688 is die bevolking skielik met ± 150 "vreemdlinge" vermeerder, en in dieselfde tyd is ook 'n aansienlike aantal nuwe Nederlandse koloniste aan die Kaap gevestig.

---

1) A. Būseken, Simon van der Stel en sy kinders, Kaapstad 1964, p. 83.

Deur immigrasie,<sup>2)</sup> veral in die eerste helfte van die 18de eeu, maar vernaamlik deur 'n groot geboorteoorskot, wat al in 1691 die bevolkingsaanwas deur immigrasie begin oortref, het die getal koloniste taamlik vinnig gegroei. Aan die einde van hierdie periode bestaan die blanke bevolking uit ± 10,000 mense - relatief gesproke tog nog maar 'n klein taalgemeenskap veral as 'n mens aan hul verspreiding oor 'n gebied van byna honderdduisend vierkante myl dink.

Behalwe die toename in bevolkingsgetalle is in die periode voor 1775 die ontwikkeling van 'n aparte volksgroep van belang. Uit 'n taamlik heterogene versameling koloniste, uit verskillende dele van Europa afkomstig, het in die loop van hierdie tydperk 'n min of meer homogene volk met 'n eie "nasionaal karakter" ontwikkel, soos die Nederlandse skout-by-nag Stavorinus omstreeks 1770 opmerk.<sup>3)</sup>

Die toenemende bevolking en geleidelike "verafrikaansing" van anderstalige burgers bring mee dat daar meer en makliker in Kaapo-Nederlands geskryf word. In sommige gevalle kan ons nagaan hoe bepaalde immigrante, bv. die Duitser A. Krugel, eers net gebroke Nederlands skryf maar naderhand al hoe meer die (Kaapo) Nederlandse taal magtig word. Aan die ander kant veroorsaak die groot geografiese uitbreiding van die kolonie in die 18de eeu 'n sterk isolering van baie koloniste en 'n dun verspreiding van die bevolking. Hier was weens gebrek aan kerklike versorging en skoolgeriewe betreklik min geleentheid om met die moedertaal in aanraking te bly, en min behoefte om te skryf.

- 
- 2) Onder die nuwe burgers was daar ook besonder baie Duitsers wat hulle in die 18de eeu aan die Kaap gevestig en baie gou met die Hollandse bevolking versmelt het. (Vgl. S.P.E. Boshoff, Volk en taal van Suid-Afrika, Pretoria 1921, p. 31.)
- 3) "De eerste Europese bevolking dezer Colonie, uit verscheiden Natiën bestaan hebbende, zijn thans, door langheid van tijd, zoodanig onder een gesmolten, dat zij niet meer van elkanderen te onderscheiden zijn; zelfs de meesten van die, welke in Europa geboren zijn, en eenige jaaren hier hebben gewoond, hebben, als 't ware, hun nationaal karakter voor dat van dezen landaart verwisseld." (Aangehaal deur J. du P. Scholtz, "Die Afrikaanse taalkunde: 'n wetenskap in wording", Handelingen van het twintigste nederlands philologencongres gehouden te Leiden op 1 en 2 April 1948, Groningen 1948, p. 123.)

Die aard en verspreiding van ons materiaal laat 'n indeling in drie tydvakke toe, nl. die periodes van ± 1670-1720, van 1720-1750 en 1750-1775. In alle teksscorde (inventarisse, briewe en verklarings, en prosesstukke) is die omvang van die materiaal na 1750 byna twee keer so groot as wat dit voor 1750 was.<sup>4)</sup> So kry ons bv. voor 1720 ongeveer 115 inventarisse en tussen 1720-50 dieselfde getal, terwyl ons na 1750 byna 200 boedellyste het. 'n Eenderse verspreiding vind ons by briewe, rapporte en verklarings, wat in die eerste twee tydvakke in hoeveelheid min of meer dieselfde is (± 35) maar na 1750 byna verdriedubbel word (± 130). Die hoeveelheid Kaaps-Nederlandse materiaal wat uit die kriminele en siviele prosesstukke gehaal is, verdubbel in elke tydvak. Naas die reeds genoemde materiaal kry ons oor die hele periode verspreid ook 'n reeks los boedelpapiere, rekeninge, kassaboeke e.d.m.

By die beoordeling van ons tekste, veral van inventarisse, veroorsaak die anonimiteit van die skrywer of - as hy sy naam wel teken - die feit dat hy in die bestaande genealogiese werke en ander bronne nie maklik opgespoor kan word nie, dikwels 'n groot probleem. As 'n inventaris bv. Afrikaanse vorme bevat wat "toevallig" met Suid-Nederlandse dialekforme ooreenstem, is dit eensinnig om te weet of die skrywer, as hy nie 'n gebore Kapenaar was nie, uit Suid- of Noord-Nederland afkomstig was; by 'n Franse vlugteling behoort ons te weet of en hoe lank hy in Nederland vertoef het voor hy na die Kaap gekom het.<sup>5)</sup> As ons dit alles volledig en noukeurig wou nagaan, sou dit 'n aparte studie vereis wat buite die bestek van hierdie ondersoek val.

By die bestudering van die tydperk voor 1775 lê die materiaal deur sy aard en verspreiding ons baie beperkings op; dit dwing

---

4) Hier word net na die tekste verwys wat vir die ondersoek vraagbaar was, dus nie die talle geskrifte wat wel gelees is maar niks opgelewer het nie.

5) C.G. Botha gee hieroor in sy boek The French refugees at the Cape (Kaapstad 1919) nie genoeg uitsluitel nie.



one tot groot versigtigheid by die beoordeling van die gegewens. Die konklusies wat daaruit getrek word, is daarom ook in die meeste gevalle tentatief.

## II. Beskrywing van die fleksievorme

### 1. Adjektiewe met suffiks

(a) In die vorige hoofstuk het dit geblyk dat die verboë vorm by adjektiewe met suffiks in die Kaapse omgangstaal rondom 1775 al taamlik vas was. In die stukke voor 1775 stem die verboë vorm in 570 gevalle met Nederlands en Afrikaans ooreen, in 35 gevalle egter alleen met Afrikaans.

Reeds in 1719 lees ons in 'n prosesstuk van "een Spaanse Doosje" (CJ 1032, p. 75, 1719); enkele jare later kry ons in 'n inventaris, opgestel deur 'n amptelike sekretaris: "een Hoorse Kabaaijje" (CJ 1042, p. 92, 1728); ander vorme in prosesstukke is "eenige gebrek" (CJ 2973, p. 108, 1729), "dat met Vaderlandse riet is beset" (CJ 1043, p. 95, 1730), "Een Chinees Taatje" (CJ 335, p. 013, 1731). Bogenoemde vorme kom almal uit stukke wat deur amptelike sekretarisse opgestel of nagesien is, dus deur mense met redelike skryfvermoë en kennis van die amptelike taal. Dit is egter opvallend dat die amptelike sekretarisse wie se name bekend is, dikwels 'n Franse van gehad het. Voor 1720 tref ons bv. herhaaldelik stukke van D. Thibault aan, in die twintiger jare dié van Migault (waarskynlik die skoolmeester uit Nederland wat in 1719 'n skool vir Franse en Hollandse kinders oprig) en in die jare dertig veral geskrifte van Grandpreez. As justisiële sekretarisse moes hulle Nederlands magtig gewees het;<sup>6)</sup> as hulle van Nederlands afwykende vorme gebruik - wat herhaaldelik gebeur - is dit seker nie te wyte aan gebrekkige taalkennis nie, maar eerder aan invloed van die omgangstaal. Grandpreez skryf 4 keer verboë (Afrikaanse) vorme in stryd met Nederlands: "1 silvere

---

6) Sommige van die Hugenotefamilies het voor hul komo na die Kaap al tien, twintig en meer jare in Holland gewoon.

Engelse fluijtje" (CJ 336, 1732), "op die vee post staande riet huijsje" (2 keer, CJ 337, pp. 0174 en 0184, 1733), "dat... een man is van een stille, ordentelijke en hupsche gedrag" (CJ 341, p. 415, 1737).

Voorbeelde uit geskifte van onbekende skrywers is o.a. "een opgesminkte geschrift"<sup>7)</sup> (CJ 3637, p. 330, 1739), "een schriftelijke Rapport" (CJ 344, p. 226, 1739), "een gekozte paard" (CJ 2980, p. 116, 1740), "voor gekozte vee" (CJ 1093, nr. 211, 1765), "schoon gemaakte Land" (CJ 1092, nr. 6, 1765), "een daaromtrent staande hartebeest huijsje" (St. 3/11, 1763), "1 kljne franse potje" (MOOC 8/13, Inv. 21, 1767), ens. Die opmerklik dat 20 van die 35 voorbeelde uit stukke voor 1750 kom.

Die neiging om verboë vorme teen die Nederlandse reël in te gebruik, begin dus al vroeg selfs by mense met skryfervaring. Dit is taanlik duidelik dat onkunde omtrent die onderskeiding tussen het- en de- woorde die oorsaak vir dergelike buigingevorme was. Ons sien dit bv. aan voorbeelde soos "de voornoemde keldertje" (CJ 1055, nr. 111-115, 1742), "in de aenstaande jaar" (MOOC 3/9, 1749),<sup>8)</sup> "van desselfde jaer" (CJ 2919, p. 254, 1736), "dese gestoolde gelt" (CJ 1086, nr. 332, 1762) e.s.

(b) Die onverboë vorm word ± 70 keer in ooreenstemming en 36 keer in stryd met Nederlandse reëls gebruik. Onder die korrekte vorme tref ons veral eg 16de-eeuse verbindings soos "een braaf eerlijk man", "geen verstandig man" aan; onder die foutiewe onverboë vorme is daar hoofsaaklik die formuleagtige "den agtbaar raad" e.d.m. Waar die skrywer met die taal worstel, veral in briewe en verslae na 1750, is foute soos "een aensienlijk Trek plaats" (CJ 1087, 1763), "mijn Broeffig Eelent" (MOOC 14/214, 1770), "onbruykbaar waagene" (MOOC 8/13, Inv. 2, 1769) waarskynlik mislukte pogings

---

7) Is hierdie "opgesminkte" wat in 'n justisiële verslag in half offisiële styl voorkom, 'n verskrywing van "opgesmukte" of invloed van Duits "geschminkt"?

8) Geskryf deur 'n Kaapse seun wat as student in Holland was.

tot vernederlandsing van die skrywer se eie spreektaalvorme. Ook die Franse Hugonote met gebrekkige kennis van Hollands begaan voor 1720 herhaaldelik dergelike foute.

Teen die einde van die periode kom die onverboë vorm byna uitsluitend in formuleagtige verbindings of in onbeholpe konstruksies voor wat nóg Nederlands nóg Afrikaans is, terwyl die onnederlandse verboë vorm herhaaldelik in verbinding met woorde uit die daaglikse verkeer gebruik word en die spreektaal verras.

## 2. Monosillabiese adjektiewe sonder suffiks

a. Tipes vaste, vreemde, droge (droë), liewe.

Adjektieftipes wat in hedendaagse Afrikaans altyd verbuig moet word, nl. (i) die tipes regte, vaste; vreemde, wilde en (ii) die tipes droge (droë), lege (leë); brawe, growwe, liewe, nuwe, volg al rondom 1775 die huidige fleksiepatroon.

In die tydperk voor 1775 is ons gegewe oor hierdie tipes baie skraal. Die verboë vorm van regte (en opregte), slegte, vaste, naekte stem altyd (13 keer) met Nederlands én Afrikaans ooreen: "het regte wagen pad"<sup>9)</sup> (CJ 387, p. 303, 1766), "mijn regte Zwager" (CJ 2973, p. 179, 1731), "ik heeft soo een slegte voet" (CJ 1113, nr. 106, 1769), ens. Die onverboë vorm is net 4 keer teëgekom, oral volgens Nederlandse patroon, bv. "slegt goud" (CJ 2981, p. 173, 1750) "vast bescheijt" (CJ 377, p. 92, 1760), "met een opregt gemoet" (CJ 1096, nr. 532, 1769).

Vreemde en wilde is altyd verbuig, 4 keer soos in Nederlands (en Afrikaans) - "het vreemde goit (= goet)", "twee wilde beesten" - en 1 keer soos in Afrikaans en afwykend van Nederlands: "beneffens heeft hoij al freemde vae Eut den trop gesett" (in 'n justisiële verklaring, CJ 1069 nrs. 331-332, 1754). In Grandpreez se "Brievenboek" (hoofsaaklik afskrifte van uitgaande briewe) vind ons die enigste onverboë vorm van hierdie tipe: "bollen van diverse

---

9) Die geswore klerk Faber gee hier "in substantie" weer wat De Nekker gesê het.

Caabse wild bloemen roode, geel en blaauw etc<sup>d.</sup> (MOOC 14/229, 1758).

By die adjektiewe met intervokaliere frikatief (tipes droge; brave, groffe/growe; nuwe) wat na 1775 reeds soos in die huidige gebruik hoofsaaklik verbuig is, oorweeg voor 1775 ook al die verboë vorm; die gebruik stem meestal ooreen met Nederlandse en Afrikaanse reëls,<sup>10)</sup> maar in 7 gevalle is die vorm tipies Afrikaans, hoofsaaklik by nuwe (6 keer); "1 nuwe beslag" (rekening, CJ 2919, p. 384, 1737), "tot na nieuwe jaar" (CJ 378, p. 261, 1762), "en nūwe rak ge makt" (rekening, MOOC 14/196, 1771) e.s. In hierdie verband kan ook halve genoem word; halve volg 14 keer die Nederlandse en Afrikaanse patroon, af en toe is daar 'n og Afrikaanse konstruksie soos "een halve dod kistge" (rekening, MOOC 14/196, 1772).

Verskeie kere word ook die onverboë vorm van bogenoemde tipes gebruik, maar meer dikwels in stryd as in ooreenstemming met Nederlands.

Ongelukkig is die gegewens te min en nie bewyskragtig genoeg om vaste gevolgtrekkings daaruit te kan trek nie. Dit val egter op dat die verboë vorm verreweg die frekwentste is en dat die korrek gebruikte vorm byna uitsluitend tot stukke van geoefende skrywers beperk is. Die veelvaldige fontiewe e-lose vorme daarenteen toon aan dat die onverboë woord, ten minste na 1750, iets vreemde was vir die gewone man. Dit is seker ook van belang dat adjektiewe wat of in vorm of wat die betekenisonderskeiding betref, tipies Afrikaans is ("een slegte voet", kyk hierbo), ook steeds die Afrikaanse buigingsuitgang het.

(b) Tipes klein, arm, jong; duur, geel.

Die adjektieftipes wat vandag onverbuig bly (nl. arm, klein, jong; duur, geel; groot, swart; ou, fraai) en in ons bronne van na 1775 al die hedendaagse Afrikaanse toestand nader, lewer voor 1775 die grootste verrassings op. Veel meer in die eerste helfte van

---

10) drooge (1 keer), legu (2); brave (2), lieve (14), groffe (6), ruwe (1), stijve (1); nuwe (60).

die 18de eeu as in die jare 1750-1775 kom ons in die tekste herhaaldelik "Afrikaanse" vorme teë.

Van die begin van die een af kry ons 'n ononderbroke reeks van gevalle waar die adjektief klein onverbuig staan in stryd met Nederlands. Teen die einde van die periode neem die gevalle in frekwensie toe. Die onverboë vorm is van vroeg af al gewoner as die verboë. Klein kom altesame meer as 60 keer voor - 24 keer in ooreenstemming met albei tale, die res soos in Afrikaans alleen - terwyl kleine 48 keer gebruik word (7 keer in stryd met Nederlands). Hier volg nou 'n reeks voorbeelde in chronologiese volgorde: "1 klijn spiegel" (MOOC 8/2, Inc. 52, 1711), "1 kleijn silver vork" (MOOC 8/2, Inv. 62, 1712), "2 kleen d<sup>o</sup> (= bultakke)" (MOOC 8/2, Inv. 79, 1713), "een cleijn Rijssere pot" (MOOC 8/3, Inv. 54, 1714), "1 klijn porselijn Boter pot" (MOOC 8/4, Inv. 55, 1724), "vier kleijn sneijtjes agter in de Linker oor" (CJ 333, p. 24, 1728 in die getuienis van Jan Joubert),<sup>11)</sup> "een kleijn Jonge" (CJ 335, p. 35, 1731 - in Grandpreez se skrif), "een kleijn valleij" (CJ 335, p. 28, 1732 - Grandpreez), "een klijn slavin" (MOOC 3/9, 1740), "1 kleyn ketel" (MOOC 8/10, Inv. 54, 1763), "om mijn een kleijn letter te schreijven" (KT 5/1766), "ses kleijn erde potten" (MOOC 8/12, Inv. 39, 1767) ens. Van die sestiger jare af kom herhaaldelik "mijn kleijn Baas", "eijn klein sinjeur" e.d.m. in die taal van blank en nie-blank voor. In baie gevalle kan ons die skrywer nie opspoor nie; waar hul name wel bekend is, vind ons onder hulle Franse sowel as Nederlandse vanne. Dit egter opmerklik dat ons hierdie vorme by alle soorte skrywers vind, by geoeffende en by minder geletterde persone. Ons getuienisse is so volop dat ons in klein sonder twyfel 'n spreektaalvorm moet sien wat waarskynlik naas die verboë vorm gebruiklik was.

Ook jong, lang en groen tree herhaaldelik onverbuig op soos in Afrikaans. In 'n vroeë offisiële prosesstuk is daar 6 keer sprake

---

11) Blykbaar die seun van die stamvader Pierre Joubert, wat in 1688 uit Frankryk aangekom het.

van "seeker jong matroos", of "dien jong matroos" (CJ 333, pp. 298-303, 1729);<sup>12)</sup> in 'n memo by 'n inventaris skryf ene Otto in baie ongekunstelde skrif: "mijn mijt heft e(n) ijong son en die is voor vee als hij int leevent blijft" (MOOC 8/6, Inv. 94, 1743); later lees ons in 'n prosesstuk van "een Zwart grijze Jong ongeleerde Ruijn of Zwartschimmel Faard" (CJ 378, p. 27, 1762). Lang het 3 keer die onverboë vorm, Grandpreez noem in 'n lysie van plante en sate wat hy vir iemand gestuur het, 'n boomsoort wat gebruik kan word tot "sparren en steelen van lang sweep(e)" (Brievenboek van Grandpreez, MOOC 14/229, 1758). Minder bewyskragtig is die verbinding van lang met persoon in "de eene een lang en de andere een kort persoon" (CJ 343, p. 156, 1739) omdat persoon dikwels oneydig gebruik word, maar in dieselfde stuk kom ons ook "dien lang persoon" teë wat tog weer die waarde van die voorafgaande voorbeeld versterk. Groen volg 2 keer die Afrikaanse patroon. In boedelpapiere van een van die Uijse wyk net groen van die Nederlandse sisteem af: "2 groen combeersen" (MOOC 14/195, p. 15, 1708); al die ander adjektiewe volg die 18de-eeuse Nederlandse buigingsreëls. Feitlik dieselfde konstruksie is in 'n later bron in die N.G. Kerkargief, Kaapstad, opgespoor: "1 groen kombeers". Dit kom uit 'n rapport van die "Diaconij hospitaal" d.d. 5/7/1755.

Verskeie kere is daar sprake van "(het)warm bat"; net Fredrik Seelen, die Duitse stamvader, gebruik die eg Afrikaanse konstruksie "de warm bat" in 'n brief wat talle Afrikaanshede bevat (CJ 1089, nr. 37, 1762). Arm word die drie keer wat dit in die gekopieerde stukke voorkom, in ooreenstemming met Afrikaans gebruik: "een Arm man" (CJ 381, p. 82, 1764), en 2 keer by Etienne Barbier: "dat zij de Beesten van die Arm lieden gestoolt hebben", en "de arm Colloniers" (CJ 344, p. 536 en 552, 1739). Ongelukkig kan ons by Barbier moeilik sê wat inderdaad vorme uit die spreektaal en wat slegs gebroke vreemdelinge-Nederlands is.

12) Volgens die WNT is dit 'n samestelling wat alreeds uit Roggeveen (Dagverh. 12) bekend is.

Naas hierdie onverboë vorme vind ons egter meer dikwels die verboë vorme jonge (17 keer), lange (8 keer), groene (3 keer), en verder bruine (2), rijne (1), ruime (1), lamme (1), domme (1 keer), soms teen die Nederlandse reël in.

Waar meegevoel uitgedruk word, is die verboë arme in ooreenstemming met die huidige Afrikaanse gebruik, bv. "met die arme kleine kent" (MOOC 8/10, briefie van C. Buseytenhout, by Inv. 3, 1760), "ik heb 2 arme kinderen, die altijd siek is" (CJ 403, p. 130, 1772).

By die adjektiewe op -g kom reeds baie vroeg "Afrikaanse" vorme voor. Die geneesheer Dirck Snith (Dietrich Schnitt), wat in 1702 uit Duitsland aangekom het, gebruik 3 keer seer onverbuig in stryd met Nederlandse reëls: "met seer oogen" (CJ 656, p. 263, 1713), "een seer keel" (2 keer, MOOC 14/195, 1716). Ander adjektiewe verbuig hy egter wel. Hy skryf bv. in dieselfde stukke "over gedaane moeilten en gehurde medecijn(en)". Onverboë vorme in stukke van Duitse skrywers wat taanlik maklik skryf, weeg besonder swaar omdat Duitsers geneig is om alle adjektiewe te verbuig aangesien in hul moedertaal geen onverboë adnominale byvoeglike naamwoorde bestaan nie. Opvallenderwys vind ons later in die eeu weer by 'n Duitser 'n onverboë zuur. J.H. Ekkert (= Bokardt) het in 1750 uit Duitsland geëmigreer; in 1765 skryf hy in 'n rekening "15 hondert Zuur Limoenen" naas verskeie kere "Zuure Limoenen" in dieselfde stuk (CJ 1091, nr. 39, 1765).

Swaare (8) en verre (1 keer) is altyd verbuig soos in Nederlands in verbindings naas Afrikaans vandag 'n onverboë vorm vereis, bv. "oen seer swaare koers", "door een swaare verkouwenis" (Grandpreez se skrif, CJ 1047, pp. 49 en 52, 1733), "weegens de swaare koude" (CJ 391, p. 148, 1767), "ik het een sware last op mijn hals gehaald" (CJ 1085, nrs. 418-419, 1762), "soo een swaare togt / soo een verre togt" (CJ 1038, pp. 244-245, 1725). Maar in verbindings soos die volgende: "dat ik hir so en raren kommanden heft" (MOOC 3/13, 1764) en "de ware in zigt" (CJ 399, p. 961, 1770) stem die verboë vorm ook met die Afrikaanse gebruik ooreen.

Die woorde op -l is feitlik altyd verbuig, ook waar Afrikaans die onverboë vorm vereis, soos in geele, steile, volle, vuile. Die enigste vorm sonder fleksieuitgang is dol in "een dol mens" (CJ 1049, nr. 58, 1735) en smal in "een smal pick" wat (naas "een breede pick" en "geen bre-picken") in die hofverklaring van 'n Franse Hugenoot voorkom (St. 5/7, 1709).

Heele het altyd die fleksieuitgang in ooreenstemming met die hedendaagse gebruik in Afrikaans (én Nederlands). Ook geheele is oral verbuig, 5 keer volgens Nederlandse én Afrikaanse reëls, en 1 keer op sy Kaaps: "voor een Geheele jaar" (CJ 1985, nr. 64, 1761);

Tel ons dus alles bymekaar, dan het die adjektiewe op nasaal of liquida in die tyd voor 1775 byna 50 keer die onverboë vorm soos in Afrikaans in stryd met die Nederlandse fleksie, naas die ca. 35 onverboë vorme in ooreenstemming met albei tale. Van die ca. 140 verboë vorme is 45 soos in Afrikaans (10 daarvan afwykend van Nederlands); afgesien van 14 foutiewe vorme volg die res die Nederlandse patroon.

(c) Tipe groot, diep, sterk.

Ook by die byvoeglike naamwoorde met stemlose okklusief in die stamuitgang kom ons herhaaldelik onverboë (Afrikaanse) vorme teë. Maar die getalle is minder groot as dié in die voorafgaande groep. Alles te same is daar net 20 onverboë adjektiewe wat van Nederlands afwyk en met die huidige Afrikaanse gebruik ooreenstem, plus ca. 20 onverboë gevalle wat ook Nederlands is.

Groot tref ons 14 keer in die Afrikaanse vorm aan. Dit opmerklik dat kort vorme reeds heel aan die begin van die 18de eeu voorkom, veral in verbinding met eg huislike woorde: "een groot spiegel" (MOOC 8/2, Inv. 6, 1706), "1 groot eijserpot" (MOOC 14/196, 1707, en MOOC 8/4, Inc. 67, 1721), "1 groot boor" (St. 5/8, 1715, inventaris van die boedel van die geregsbode Isaac Dalque), "groot Cipedoo" (persoonsnaam, CJ 1040, p. 126, 1727), "een groot viertangh" (CJ 5636, p. 294, 1728), "een van twee vingers breet on een groot vinger Lank" (dit kom 3 keer voor in 'n verklaring van



Wt. Louw, CJ 336, p. 119, 1732). Maar dit is vreemd dat ons bronne byna 30 jaar lank daarna geen voorbeelde van groot volgens Afrikaanse patroon oplewer nie. Verbindings soos "tot mijn groot leet weesen" e.d.n. wat ook Nederlands is, word hier nie in rekening gebring nie. Na 1758 kry ons egter herhaaldelik onverboë vorme. Grandpreez skryf "24 lb. groot rosijnen" (Brievenboek, MOOC 14/229, 1758); in ander stukke lees ons "een groot schoft afwoonende" (CJ 384, p. 228, 1764), "1 groot Tafel" (MOOC 8/13, Inv. 14, 1767) e.a.

Ander onverboë vorme van hierdie tipe is betreklik skaars. Van die 9 voorbeelde van swart (5 daarvan in ooreenstemming met Nederlands) kom 2 by Grandpreez voor, nl: 1 in sy Brievenboek (tafelmesse "met swart hefften") en 1 in 'n deur hom geskrewe hofverslag ("1 swart balij", CJ 2919, p. 259, 1739). By Grandpreez vind ons ook 2 keer plat ("300 plat peeren" en "100 plat queeperen" - Brievenboek). In 'n Kaapse bron van 1759 het Franken "een scherp kerri" gekry (Taalhistoriese bydraes, p. 145). Al die ander voorbeelde van onverboë vorme stem ook met Nederlands ooreen en kan daarom nie as spesifiek Afrikaans beskou word nie: bloot (1 keer), kort (1 keer), wit (4 keer), dik (1 keer), diep (1 keer). Verbuig is groote (56 keer), swarte (16), witte (10), korte (3), vette (2), natte (1), platte (1) soete (4), bonte (4), sieke (2), storte (2), dikke (2 keer), byna altyd in ooreenstemming met Nederlands. Sewe keer is die geflekteerde vorm egter foutief, en dit val op dat dié foutiewe vorme op 1 na van ná 1750 dateer, bv. "een grote geraas" (CJ 2973, p. 49, 1728), "1 swarte chamberloekje" (MOOC 8/8, Inv. 34 ½, 1755), "3 pond Witte stijsaal" (MOOC 8/7, Inv. 52, 1756), "roode en witte suiker hout" (Grandpreez, Brievenboek, 1758), "een swarte jongens kind" (CJ 408, pp. 583-87, 1773) ens.

Die neiging om die fleksieformans weg te laat, is dus heelwat swakker by die tipe groot, swart as by die tipe klein, jong. Dat ons in die middelperiode, d.w.s. tussen ± 1730 en 1750, so min van dié onverboë vorme by die groot-tipe aantref, is grotendeels te wyte aan die aard van die materiaal. In die inventarisasie van daardie tydvak kom opvallend min - verboë of onverboë - adjektiewe, voor, veral van die betrokke tipe.

d. Tipes ouw, blaauw, fraij.

Die adjektiewe van hierdie tipes lewer die interessantste materiaal op. Ouw word hier saam met woorde soos blaauw, fraij, vrij bespreek, omdat dit presies dieselfde gedragelyn volg en soos blaauw ens. aan die kant van die hedendaagse Afrikaans staan.

(1) Ouw kom veral in ons vroegste bronne dikwels voor. Ons vind dit 13 keer in stukke van voor 1750 en 6 keer in later tekste. Met verskrywings of toevallige ontsporings het ons hier klaarblyklik nie te make nie, want in sommige tekste word ouw vier of vyf keer gebruik. Dit is egter opvallend dat die eerste drie tekste waarin die woord voorkom (11 keer), waarskynlik deur Franse Hugenote of hul kinders opgestel is. Beteken dit dat ons hier alleen met gebroke Nederlands van Franse te make het? In 'n inventaris van Lefebre van "Lormarrin geleegen aan Draakenstein" (skrywer?) lees ons "een ouw gebrekkijk slaaf"; "een half versleeten en een ouw waagen"; "twee ouw Caerels" (= katels); "een ouw kelder met eenige vlessen"; "een ouw thee kestel" (MOOC 8/3, Inv. 106, 1720). Die skrywer van hierdie inventaris verbuig ander adjektiewe wel, bv. "eenige vlessen", "eenige boergereetachap", sodat ons die ongeflekteerde ouw nie sonaar op rekening van die krompraat van 'n Fransman kan stel nie. Uit dieselfde tyd het 'n inventaris van "Niël-Nigault" bewaar gebly waarvan die skrywer ook weer onbekend is. Hoontlik het dit betrekking op die kestel van Maria Magdalena Niël wat in 1719 met François Louis Nigault uit Emden getroud is. Hy het in 1715 aan die Kaap gekom en is verlof gegee om 'n skool op te rig waar die kinders Frans en Hollands kon leer.<sup>11)</sup> Dit is waarskynlik hierdie Nigault wat in die twintiger jare dikwels as plaaslike sekretaris fungeer; daarom is dit nie uitgesluit dat die inventaris Niël-Nigault ook deur hom geskryf is nie. In dié stuk kom ouw 2 keer voor:

---

11) Botha, a.w., pp. 37 en 95.

"(E)een ouw kombars", "een ouw Taafel"<sup>12)</sup> naas "een ouwd emmer" (MOOC 8/4, Inv. 102, 1721-22). Volgens die handskrif is 'n inventaris met 3 ouw-vorme uit die jaar 1722 heel waarskynlik ook van Migault: "een ouw waagen", "een ouw ploeg", "een ouw veeren buisak" (MOOC 8/4, Inv. 34, 1722). As hierdie man bevoeg was om 'n skooltjie te stig en Frans en Nederlands vir die jeug te leer, het hy seker 'n redelike kennis van Hollands gehad. Ewendien het hy eers laat uit Emden, Duitsland, na die Kaap geëmigreer. Soos baie Franse gesinne was die Migaults al jarelank in Duitsland woonagtig. Soms was dit die kinders of kleinkinders van die Franse vlugtelinge wat hulle later aan die Kaap gevestig het.<sup>13)</sup> In 'n stad soos Emden langs die Nederlands-Duitse grens het Migault dan ook seker Nederduits of Nederlands gepraat.

Ongeveer uit dieselfde jaar dateer die inventaris van "nieltien andries van west Cappell weduw van steeven winter hof"; dit is waarskynlik opgestel deur een van die twee mans wat die boedel gewaardeer het, nl. Roelof Jonas en Jan van Elwee (MOOC 8/4, Inv. 36½, 1721-22). In die stuk, wat heelwat spreektaalvorme bevat soos gerietschap, kombars, kaarell (= katel), plaas, vijr (= vuur) e.a., kom in een pos "vier ouw mom pijpen" voor, naas verskeie kere oude en oudt volgens Nederlandse patroon.

In 1740 skryf Jan J. Swart naas 2 keer ouwe ook een keer "dri ou tafel borde" (MOOC 8/6, Inv. 43, 1740) in 'n kort maar ordentlik opgestelde stukkje. Andries van der valdt gebruik gewone verhoë vorme (klijne, grootse, ouwe) maar ook 1 keer "een ouw waagen" (MOOC 8/6, Inv. 58, 1743). Abraham, seun van die stamvader Jacob de Villiers, het die boedel van 'n familielid op die plaas La Provence "na sijn waardigijt getakseert en bevestig"; in dié inventaris gebruik hy 4 keer

---

12) Dieselfde vorme het Franken in 'n dokumentjie van omstreeks 1725 gevind (Die Huisgenoot, 23 Aug. 1929).

13) Botha, a.w., p. 45.

die "Afrikaanse" ouw: "een ouw bet", "vier ouw baalis", "drie ouw emmers", "drie ouw koekapan" (MOOC 8/9, Inv. 3, 1758). Later kom ons by Abraham Dominicus en 'n onbekende skrywer nog 2 ouw-vorme teë, nl. "Een ou back kist" (gekorrigeer deur die amptelike sekretaris as "oude bakkist", MOOC 8/12, Inv. 42, 1766) en "een ouw ossewagen" (MOOC 8/14, Inv. 1, 1771).

Uit die voorbeelde blyk dat die ouw-vorme by baie verskillende soorte skrywers voorkom, by afstammelinge van Franse Eugenote en by (Kaaps gebore?) Nederlanders, by geëfende en minder geëfende skrywers. As ons hier ook in die oog hou dat oud dikwels teen die Nederlandse reël gebruik word (in 11 uit 25 gevalle) en miskien 'n poging was om ouw te vernederlands (bv. "aan de oud kuyls revier" MOOC 8/2, Inv. 41, 1710; "een oud sadel en toom" MOOC 8/3, Inv. 49, 1713; "1 out wagen" MOOC 8/3, Inv. 74, 1718; "een oud vrou" CJ 2973, p. 176, 1731; "een oud saal" MOOC 8/13, Inv. 52, 1770), is dit m.i. geen twyfel nie dat ou in die spreektaal van die vroeë 18de eeu alreeds gebruiklik was, sy dit dan as wisselvorm naas oude/ouwe.<sup>14)</sup>

(11) Die adjektiewe met diftong in die stamuitgang het ruim 25 keer die onverboë (Afrikaanse) vorm, 15 daarvan afwykend van Nederlands. Blaauw bv. is verskeie kere onverbuig in stryd met die Nederlandse fleksiereëls aangetref. In twee verklarings oor dieselfde saak, nl. dat "kobes Louw ... zijn af schijft van zijn vrou naas als een braaf man van zijn vrou hoort te doen in zij hem ge lij heeft gedaan", verklaar die getuies, hulle het nie gesien dat "zij blau ooge hat" (CJ 1054, nrs. 230 en 232, 1741). In 'n later stuk, waarskynlik 'n rekening, kom naas 'n korrekte "1 strenge blouw kummelgaarn" ook die meervoud "blou knoppen" voor, wat deur die

---

14) Oude/ouwe word verder bespreek onder die groep adjektiewe met intervokalisie d.

amptelike sekretaris verbeter word tot "blouwe knopen" (CJ 1068, nr. 262, 1750-53). Die vroegste voorbeeld kom uit 'n lys van gesteelde goedere wat deur "'n drossend hollands jongetje hendrik genaamt" on 'n slaaf gesteel is. Volgens die getuienis is die lysie deur die "jongetje" self geskryf. Sy verbuiging is gewoon Hollands (bv. "de Jonge Moses", "Wit Linnen", "bij de gekken Snees", "een Stuk Straept goet"), maar opmerklik is daarnaas "een blaau Rock met een gingang broek" (CJ 322, p. 50, 1718). Die verboë blaauwe kom in ons bronne minstens 5 keer voor.

Ander onverboë vorme in stryd met Nederlands is fraaij, louw en vrij: "wat fraaij saek dat het is" (geskryf deur J. Bernardt, die Duitse stamvader wat in 1709 uit Keulen gekom het, CJ 1034, p. 266, 1720); "de bloed afgewast met louw wijn" (relaas van Elisabeth de Iager, CJ 408, pp. 951-953, 1772); vrij is alleen onverbuig in verbindings soos "vrij swarte" "de vrij snit", "twe vrei landt bouwers" en is nie bewyskragtig nie omdat die adjektief hier waarskynlik deel is van 'n vaste verbinding. Verskeie kere stem die onverboë vorm van 'n byvoeglike naamwoord ook met Nederlands ooreen, bv. "terwijl het een mooi pad was" (CJ 395, p. 626, 1769), "met wat laauw water" (CJ 397, p. 80, 1769), "een taaij bosje" (CJ 396, p. 286, 1769), e.a. Die verboë vorm van hierdie adjektiewe is veel seldsamer, van die altesame 12 voorbeelde stem net die adjektief vrije 3 keer in bepaalde verbindings met Afrikaans ooreen (bv. "mijn vrije wil"; "nijt vrije liefde") die ander volg die Nederlandse patroon.

In hierdie verband moet op 'n bepaalde verskynsel gewys word wat op al die reeds besproekte monosillabiese adjektiefgroepe betrekking het. Dit gebeur herhaaldelik dat veral kleurname in verbinding met 'n stofnaam of stofaanduidende adjektief onverbuig bly. Oorspronklike samestellings soos "een Blaulinnese behangsel" was miskien die aanleiding vir die ontstaan van die veelvuldige konstruksies waarin die kleuradjektief onverbuig bly, maar in baie gevalle kan daar

geen sprake van 'n samestelling wees nie. In dergelike verbindings is blaanw 4 keer onverbuig, bruijn 1 keer en swart 2 keer. Al hierdie vorme is in inventarisse teëgekóm. 'n Onbekende skrywer gebruik in 'n lys "1 bruijn laakense broek" en in die daaropvolgende pos "1 blaanw dito menel" (MOOC 8/6, Inv. 86<sup>1</sup>/<sub>2</sub>, 1744); in 'n effens later lys lees ons "1 blauw sijde rok en broek" naas "1 blaauwe Mansjas" (MOOC 8/6, Inv. 126, 1747); nog later is daar "1 blaanw Kirsaij Jas" naas "1 blaauwe Manel" (MOOC 8/9, Inv. 21, 1760) en "een blaanw lakens overslag Baaijtje" naas "een blaauwe Jas aan sij Lijf" (CJ 3639, pp. 632 en 704, 1772). Van dieselfde aard is die voorbeelde met swart; bv. "Een swart lakense rok carisoel en broek", wat gevolg word deur "Een groene dito menel" (MOOC 8/8, Inv. 14, 1754, miskien geskryf deur A.L. Snith, seun van die Duitse stamvader Schnitt); maar in 'n ander inventaris word die verboë vorme van die plaaslike skrywer - "1 swarte gase neusdoek", "1 swarte fluele mantel" (MOOC 8/12, Inv. 15, 1764) - deur die offisiële sekretaris in die een geval verbeter tot "1 swarte gase neusdoek", dus met behoud van die fleksie -e, in die ander tot "1 swart fluweele mantel". Die verboë vorm kom in dergelike verbindings so dikwels voor dat ek hier moeilik 'n min of meer vaste patroon kan ontdek. Bowendien kry ons die onverboë vorm ook in verbindings sonder 'n stofnaam. Grandpreez neem bv. 2 keer in sy lysie van plante en sate "een fraij rode bloem" (Brievenboek). Dit val ook op dat die onverboë woorde in hierdie konstruksies juis dié woorde is wat ook in vry gebruik soms die fleksieformans verloor. Daarom is dit onwaarskynlik dat hierdie defleksie van 'n bepaalde konstruksie afhanklik was. Dit is eerder die deurwerking van 'n defleksiepatroon wat deur die klankstruktuur van die adjektief bepaal is.

(e) Tipe pers, vals, fluks.

Die byvoeglike naamwoorde op -s in die stamuitgang toon 'n duidelike voorkeur vir verboë vorme ook waar in die huidige Afrikaans alleen die onverboë adjektief gewoon is. Van die min vorme sonder -s, wyk net "een vals eet" (CJ 400, p. 379, 1770-71) van Nederlands af. Die ander stem ooreen met Nederlands én Afrikaans, bv. "peers en awartagtig bloet" (CJ 341, p. 288, 1737), "door een valsche spargement en onmanierligheyd van Reeden" (CJ 1040, p. 64, 1725).

Van die verboë vorme volg net fluks, ganse en valse die Afrikaanse (én Nederlandse) patroon: "een fluks sterke jongen" (CJ 401, p. 525, 1771), "op zijn ganse lijf" (CJ 1048, nr. 210, 1734), "valsche sleutels" (CJ 407, p. 736, 1774), "of ben ik een valsche speelder geweest" (CJ 2981, pp. 265-266, 1751). Al die ander verboë byvoeglike naamwoorde wyk af van die Afrikaanse maar stem ooreen met die Nederlandse sisteen, nl. fores (1 keer), grijze (1), losse (3) en spitse (1).

(f) Tipe oude, rode, goede, wijde.

Uit die byvoeglike naamwoorde met intervokaliëse -d in die verboë vorm het op een of ander stadium die twee groepe ontwikkel wat ons hedendaagse Afrikaans onderskei,<sup>15)</sup> nl. dié op -e (goeie, breë, koue, wye) en dié sonder -e (ou, kwaai, rooi). Wat die toestand voor 1775 was, is moeilik om vas te stel omdat die tradisionele spelling die spreektaalvorme verdoesel. Dit is feitlik seker dat die d in intervokaliëse posisie in hierdie woorde nie meer as okklusief uitgespreek is nie,<sup>16)</sup> en tog kry ons byna oral die d-spelling. Net ouwe is hierop 'n uitsondering - dit kom 40 maal naas 60 keer oude voor. Maar naas 51 keer goede is net 2 keer goeie teëgekom, en dié is albei uit die laaste jare van die periode in briewe met sterk Afrikaanse inslag. So skryf die

15) Vgl. Hoofstuk V, tipes 4 en 9.

16) Vgl. Van Loey, Schönafeld's Hist. gram., p. 37, en Van Haeringen, Neerlandica, p. 153.

sewentienjarige Alida E. Janzen van die Paarl aan haar "muis" dat sy op "een goeie okkasie" wag "om na de kap te kome" (MOOC 14/214, 1774), terwyl Jacobus Pienaar, wat van plan is om 'n plaas te koop, skryf: "ik doe u nog een goeijie bot" (CJ 1113, nr. 104, 1769) - die byvoeglike naamwoord is hier soos in Afrikaans verbuig en afwykend van Nederlands. Af en toe is daar ook vorme soos rooije ("Jou rooije Judas!" St. 6/1, 1748; "roeiwijn" MOOC 8/5, Inv. 22, 1738; "twee roije rokken / twee roije broeken / een paar roije cousjes" MOOC 8/5, Inv. 143, 1736), kwaaje (3 keer, bv. "de kwaaje traitement" MOOC 3/5, nr. 76, 1728) naas die gewone vorme rode (14 keer), quade (1), en verder breede (3), doode (3), koude (1 keer). Aangesien die spelling by hierdie tipe woorde so konserwatief is met betrekking tot die d, word 'n mens ook agterdogtig omtrent die weergawe van die gesproke fleksievorme.

Den te swaarder weeg daarom die e-lose vorme wat van Nederlands afwyk en met Afrikaans ooreenstem, nl. die reeds bespreekte ou-vorme. Dit is opmerklik dat van die ander woorde wat vandag net soos ou onverbuig is (rooi, kwaai, ens.), nie 'n enkele -e-lose "Afrikaanse" vorm teëgekom is nie; daar is wel die onverboë adjektiewe oud (25 keer), rood (3 keer),<sup>17)</sup> quaad (3 keer)<sup>18)</sup> volgens Nederlandse patroon of ook in stryd daarmee. Waar dus die hedendaagse taal 'n onverboë vorm vereis, kry ons dié in die vroeë bronne alleen by ou. Waar Afrikaans egter 'n verboë vorm het, vind ons die betrokke adjektiewe ook meestal verbuig in die vroeë bronne. Al hou ons rekening met konserwatiewe spelvorme, ongetroue weergawe van die gesproke taal en die veel laer frekwensie van woorde soos rooije, kwaaje wat 'n moontlike -e-lose vorm miskien nie laat deurkom het nie, lyk dit of die huidige groepering in verboë en onverboë vorme toe nog nie bestaan het nie.

17) Dit is merkwaardig dat al drie in verbinding met 'n stofnaam voorkom: "1 rood kiatehoute kleeer kas" (MOOC 8/5, Inv. 19, 1728), "1 rood Ebbenhoute tafel" (MOOC 8/5, Inv. 118, 1734) en 'n "rood elsen houte boom" (CJ 400, p. 334, ca. 1770).

18) Bv. "Ik ben quaad vriend met Adriaan Louw" (CJ 403, p. 363, 1772).



Niet ou was 'n uitsondering en het blykbaar al vroeg na die adjektiewe op diftong in die stamuitgang oorgeloop. Origens is die byvoeglike naamwoorde met intervokalisie -d verbuig, meestal in ooreenstemming met Nederlands. Waar 'n onverboë vorm korrekte Nederlands is, wat betreklik dikwels die geval is (goed 12 keer, oud 14 keer, quaad 3 keer, rood 1 keer, naas altesame 17 foutiewe onverboë vorme), wil dit voorkom of die ou Nederlandse patroon veral by veel gebruikte woorde of verbindings in die skrywers se geheue bly hang het.

### 3. Monosillabiese adjektiewe in aardrykskundige name

Soos in die tydperk na 1775 weerspieël die aardrykskundige name in tekste voor 1775 iets van die vroeë adnominale verbuiging.

(a) In name met adjektiewe soos klein, groen, lang kom naas die gewone verboë vorme "de Lange Cloof", "de klijne vontijn" ens. die volgende afwykings voor: "an Klijn berg reevijer"<sup>19)</sup> (MOOC 14/212, 1717), "de klijn bokkeveld" (in 'n koopkontrak uit die jaar 1769, CJ 1113, nr. 74);<sup>20)</sup> "na Groen bergh" (in die verklaring van Jan Loose, CJ 345, 1739); en "op de plaats genaamt de lank

---

19) Dit kom voor in die Rekenboek-Joernaal van Arnoldus Kreutzmann, wat in 1699 uit Duitsland gëmigreer het. In dié Joernaal is daar opvallend veel onverboë vorme in stryd met Nederlands én Afrikaans. Dit verbaas 'n mens omdat Duitse immigrante, wat in hul moedertaal geen onverboë adnominale adjektiewe ken nie, anders altyd 'n neiging tot verboë vorme toon. Miskien is hierdie fleksielose woorde Kreutzmann se poging om Kaaps-Nederlands te skrywe.

20) C. Graham Botha noem in sy Place names in the Cape Province (Kaapstad 1926) nog verskeie ander name met klein, soos "Klein Vogel Vallei" (1715), "Klein Oliphants Kop" (1698) e.a. Sy spelling en vorme is egter nie betroubaar nie, want mens weet by hom dikwels nie of hy die moderne of die oorspronklike vorm van die naam gee nie. (Hy skryf byna deurgaans River i.p.v. Rivier.) So verwys hy bv. na 'n naam uit Pieter van Meerhoff se joernaal as "Klein Berg River" (1661), terwyl Van Meerhoff self "de Kleyn Bergh-revier" skryf (Dagregister III, p. 490). Abraham Gabbema het volgens Botha in 1657 in sy joernaal "Groot Berg Rivier" genoem, maar in die betrokke joernaal is daar sprake van "de groot berghreviere" (G. Holsbergen, Reizen in Z.A. I, p. 29).

fontein" (MOOC 10a/9, nr. 87, 1764). Anders lui dit gewoonlik soos in Nederlands "de lange fontein", "lange vlij", "groeneberg" "de klijne rietkuijl" ens., of 'n enkele keer ook anders as in Nederlands: "de klijne reoggefelt" (CJ 1113, nr. 142, 1769).

Dieselfde vorm het die ooreenstemmende aardrykskundige name wat in die verskillende reisjoernale van die 17de en 18de eeu vermeld word. Die enigste uitsonderings daar is "in den kleyne Valleye" by Frederick de Smit (Reizen in Z.A. I, p. 75, Ao. 1662), en "kleyne Valsey" in Van der Stel se Joernaal (1685).

(b) Waar woorde soos groot, wit, swart, diep, brak e.d.m. deel van 'n geografiese naam is, vind ons eers na 1750 onverboë vorme. In die vroeë tyd lees ons oral in ooreenstemming met Nederlands "de grote rivier" (= Oranjerivier), "de Grote Paerdenberg", "de grootte Cloof", "de soote Rivier", "soute Rivier", "'t Swarte land", "de swarte berg", "Witte (zant) duyntjes", "Bracke Revier", "Brakke Valsey", "de Diepe Revier", "diepe Cloof" ens. Dit is opvallend dat in ons bronne na 1750 minstens 10 keer "'t Swart Land" (Afrikaans "die Swartland") voorkom in alle soorte geskrifte, maar veral in briewe en inventarisse van eenvoudige boere. Ander "Afrikaanse" vorme is die plaasnaam "de wit elsebos" wat in 'n kontrak van twee skaapboere genoem word (St. 6/90, 1751); ook "van 't groot Rivier" (CJ 379, p. 222, 1762 - die 't hier is 'n deftige vorm van die justisiële sekretaris;<sup>21)</sup> rivier is meestal 'n de-woord in ons bronne); verder "Vet revier", en "de Soout pan" (MOOC 8/14, Inv. 6, 1771; RLR, nr. 60, 1773) wat 'n mens ook as samestellings van twee substantiewe sou kan beskou; maar aangesien ons kort daarop dikwels die teenwoordige vorm "Sout revier" in ons bronne teëkom,<sup>22)</sup> het ons in hierdie twee gevalle waarskynlik ook onverboë adjektiewe. Onverbuig is ook "Brak Rivier" wat in 'n reisjoernaal van 1752 optree (Reizen in Z.A. III, p. 320), en die adjektiewiese element in "Dwaarsfontein" as naam van 'n opstal in 'n inventaris van 1772 (MOOC 8/14, Inv. 39).

---

21) In dieselfde stuk skryf hy "aan de overzijde der zogenaamde Grote rivier".

22) Vgl. Hoofstuk VII, p. 234.

(c) Naas die gewone "Brede rivier", "'t roode sand" ens. lees ons ook "het roie sant" (uit 'n "Schuld boek" van 1750-1753, CJ 1068, nr. 231), "de kouwe bokke velt" (brief van Marta Erasmus aan haar kinders, RLR, nr. 26 b, † 1754) en "breejeravier" (getuienis van Catharina Piensaar, CJ 408, p. 761, 1772). Maar in alle plekname is die adjektief met intervokalisie d verbuig, of die d in die spelling behou is of nie.

Ronde en wilde as deel van 'n pleknaam is gereeld verbuig, ook waar die naam al 'n onnederlandse voorkoms begin kry. "'t Ronde-bosje" van Van Riebeeck se dae en die vroeë 18de eeu het ook na 1750 in vorme soos "de ronde bosch" en "Rondeboossie" e.d.m. die verboë adjektiefvorm.

Name met adjektiewe soos blaauw, mooi ens. het nêrens onnederlandse of tipies Kaapse kenmerke nie.

Hoewel aardrykskundige benaminge gewoonlik in hul vorm konserwatiewer is as vry verbindings, neem ons in die vroeë Kaapse plekname dieselfde neigings tot onverboë vorme waar as by die vry gebruikte adjektiewe. Afgesien van verbindings met 'n onverboë klein wat reeds in die 17de eeu gebruiklik was, kom ons van Nederlands afwykende, Afrikaanse, vorme eers na 1750 teë. Die frekwensie van dergelike "Afrikaanse" vorme tussen 1750 en 1775 en daarna laat 'n mens egter vermoed dat hulle reeds voor 1750 in die spreektaal moes geleef het, al besit ons daarvoor geen skriftelike bewyse nie.

#### 4. Meersyllabiese adjektiewe sonder suffiks

##### (a) Adnominale woorde op -er

Die adnominale woorde op -er soos ander, ieder, bitter, helder (asook die komparatiewe groter, harder en die stofaanduidende koper, silver ens.) is op 'n paar uitsonderings na (besondere, iedere, sekere, en enkele ander woorde net in vaste verbindings) in hedendaagse Afrikaans onverbuig.<sup>23)</sup> In die

---

23) Vgl. Hoofstuk V, tipe 5.

17de-eeuse Nederlands was fleksielose -er-woorde baie verbreid, veral in die eerste helfte van die eeu. Teen die einde van daardie eeu vind ons dergelike vorme nog betreklik dikwels in reisjoernale en nie-literêre tekste, maar hulle is toe blykbaar as minder deftig beskou.<sup>24)</sup> Nog in die 18de-eeuse Nederlandse tekste van nie-literêre aard is 'n onverboë ander taamlik algemeen<sup>25)</sup> terwyl ander woorde op -er toe in die reël verbuig is.

In die Kaaps-Nederlandse tekste van die 18de eeu kom die -e-lose ander meer as 30 keer naas andere voor. Laasgenoemde was hoofsaaklik in offisiële styl en in gekte uitdrukkings gebruiklik, terwyl die onverboë vorm in talloos eg Afrikaanse verbindings voorkom, bv. "aan de ander kant", "op een ander plaats" (CJ 342, p. 364, 1738), "ander goederen" (MOOC 14/213, 1759), "den ander pad" (CJ 399, p. 961, 1770), "een ander kaffer" (CJ 401, p. 560, 1771), "een ander keer" (CJ 408, p. 587, 1773) ens. Dit staan vas dat ander van die begin af die gebruiklike vorm in die omgangstaal aan die Kaap was en dit tot vandag toe gebly het.

As ons kom by die suiwer adjektiewe op -er (bv. bitter, donker) wat in Afrikaans altyd onverbuig bly, laat ons materiaal ons in die steek. Van hierdie woorde het ons net 4 voorbeelde, nl. bittere, donkere, helder en wakkere.<sup>26)</sup> Van dié 4 woorde is een in die gesiteerde verbinding onbekend in Afrikaans (wakkere), by twee van die ander is die verbuiging onafrikaans maar in ooreenstemming met Nederlands, sodat ons voorbeelde ons niks verder bring nie. Die enigste adjektief wat dikwels voorkom, is zuiver(e), maar omdat dit altyd deel is van die formuleagtige verbinding "de zuiver(e) waarheid" (6 keer onverbuig, 9 keer verbuig) waarin ons vandag nog die verboë vorm kan besig, verskaf ook dié voorbeelde geen insig in die 18de-eeuse fleksiepatroon nie. Ongelukkig

---

24) Vgl. Hoofstuk III, p. 99.

25) Vgl. Hoofstuk IV, p. 147; vgl. ook J. du P. Scholtz, Taal-historiese opstelle, p. 143

26) "Een wakkere hoop houts" (CJ 325, p. 357, 1721), "bittere traanen" (in 'n liefesbrief van 1766, CJ 1093, nr. 251), "Baas het is donkere lugt" (CJ 3639, p. 613, 1772), "het helder sterre ligt" (CJ 408, p. 253, 1772).

beskik ons ook nie oor bewyskragtige voorbeelde van komparatiewe nie.

Die enigste woorde wat vandag feitlik altyd verbuig word, is besondere, iedere<sup>27)</sup> en sekere (= "bepaalde"). In ons bronne kry ons konsekwent ieder teen die hedendaagse Afrikaanse reël in (6 keer), bv. "voor iederdag" (St. 5/7, 1710), "ieder Jong" (CJ 1094, nr. 95, 1767), "ieder draager" (CJ 1106, nr. 46, 1775); die moontlikheid bestaan dat ieder in Kaapse spreektaal in dié tyd nog onverbuig gebruik is. Besonder(e) tree net 3 keer op, 1 keer met en 2 keer sonder -e. Die onverboë seker, wat veral voor 1750 voorkom (7 keer uit 'n totaal van 9), sluit by die 17de-eeuse tradisie aan, bv. "over seker rioel" (CJ 1040, p. 92, 1727), "aen seker slaven" (CJ 340, p. 112, 1737 - geskryf deur Grandpreez) ens. Daarnaas kry ons, veral na 1750, hoofsaaklik sekere (11 keer).

Uit hierdie skaars materiaal kan ons geen algemene konklusies omtrent die fleksiepatroon van die -er-woorde trek nie. Daar is egter 'n ander groep adjektiewe, die stofaanduidende woorde koper, silwer, ijs(t)er, wat ook op -er eindig en moontlik lig op hierdie saak kan werp.

In teenswoordige Afrikaans is 'n verbuiging van koper, silwer ens. onmoontlik. In die 17de- en 18de-eeuse Europese Nederlands was "onverboë" woorde van hierdie tipe egter glad nie onbekend voor onseydige substantiewe nie; hulle het sporadies ook voor meervoudsvorme voorgekom.<sup>28)</sup> Aan die Kaap is hierdie neiging tot defleksie blykbaar voortgesit en veralgemeen, want van die vroegste tye af kry ons in ons bronne, veral in inventarisse, ruim 200 keer "onverboë" stofaanduidende adjektiewe op -er ongeag die genus of getal van die volgende substantief. Soms kom ons 4, 5 of selfs meer voorbeelde in een inventaris teë: "2 Eysser potten", "1 Eysser Driervoet", "1 Kooper pan" (St. 5/8, Inv. van Isaac

---

27) Besonder(e) is egter geen egte spreektaalwoord nie en ons sê veel meer elke as iedere.

28) Vgl. Hoofstuk III, pp. 116-119, en Hoofstuk IV, pp. 147-148.

Dalque, 1715), "met sulfer Schoengespes" (KT 291/1733), "2 koper kandelaars" (MOOC 8/5, Inv. 140, 1737), "een paar sulver schoengespes" (MOOC 3/13, 1765) e.a. Daar kan geen twyfel bestaan omtrent die buigingsvorm in die spreektaal nie. Slegs ± 60 keer kom vorme op -e volgens Nederlandse patroon voor.

Dat hierdie defleksie geen uitsluitende kenmerk van die 18de-eeuse Kaapse stofadjektiewe was nie maar 'n kenmerk van die -er-adjektiewe in die algemeen, kan ons aflei uit die feit dat die ander stofaanduidende woorde soos houte(n), pampiere(n) geen spoor van defleksie vertoon nie - teen wat ons anders sou kan verwag op grond van die hedendaagse gebruik.

Hierdie stofaanduidende adjektiewe eindig feitlik altyd op -e(n). Ons kry oral houte(n) (Afrikaans hout) alleenstaande en in allerlei samestellings soos Ebben-, geel-, kiate-, stinkhoute,<sup>29)</sup> ook kiate, blikke, fluwels(n), glase, katoene, pampiere, stale(n), strooie(n), wolle ens. volg konsekwent die patroon.

Daar is net die uitsonderlike geval van die -e-lose postelyn/peerslyn, wat met die hedendaagse reëls ooreenstem. Meer as 20 keer kom hierdie stofaanduidende adjektief sonder die fleksieformans voor teen die Nederlandse reël in. Alreeds in ons vroegste bronne lees ons bv. "2 groote posteleijn spoel kommen" (MOOC 8/2, Inv. 62, 1712), "5 pasteleijn taafel borden / 3 pasteleijn treck potties" (MOOC 8/4, Inv. 35½, 1721-22); maar ook in later jare is die kort vorm die gebruiklikste, al word ook 12 keer die deftige postelyne geskryf. Soms verbeter die sekretaris 'n "onverboë" pasteleijn in plaaslike inventarisiese tot porcelijne.<sup>30)</sup>

Van ons 18de-eeuse stofaanduidende adjektiewe stem dus alleen die -er-woorde (koper, silver) met die huidige gebruik ooreen, terwyl al die ander - behalwe posteleijn - nog by die

---

29) 'n Uitsondering is "1 klijn geel hout Loedikantje" (MOOC 8/12, Inv. 61, 1712) wat by die 18de-eeuse Nederlandse gebruik aansluit.

30) Ons kom ook 3 keer 'n onverboë tin naas die gewone tinne teë. Maar die voorbeelde kom in sulke gebroke verbindings voor dat hulle nie bewyskrachtig is nie.

Nederlandse sisteem aansluit. Maar waar in die 18de-eeuse Hollands die stamuitgang -e(n) by houten, stalen ens. dikwels as fleksieformans beskou is en voor neutra daarom kon verval, vind ons in Kaapse-Nederlands geen spoor van 'n dergelike toestand nie. Genus en getal van die substantief oefen geen invloed uit op die behoud of verlies van die slot -e(n) nie.

Die konsekwente behoud van die uitgang -s(n) by houten(n), staale(n) ens. bewys dat die verlies van die -e(n) by koper, ijs(t)er e.a. van die voorafgaande -er afhanklik was en dus as 'n klankwettige verskynsel (defleksie na -or) beskou moet word. Aangesien hierdie defleksie by die koper, silver-groep so vas was - in ooreenstemming met Afrikaans - en parallel loop met die defleksie by ander, moen ek te kan aflei dat die buigingsverlies by alle -er-woorde (soos bitter, donker, groter) en voor substantiewe van albei nominale klasse in die 18de eeu baie verbreid moet gewees het, al ontbreek ons skriftelike bewysplase grotendeels. Die Kaapse taal het hier 'n fleksiepatroon ontwikkel wat in die 17de-eeuse gebruik wortel, maar later van die klankstruktuur van die adjektiewe alleen afhanklik was.

#### (b) Adjektiewe op -el

Die verbuiging van die adjektiewe op -el soos dubbel, simpel ens. is in die huidige taalgebruik nog baie onvas.<sup>31)</sup> In die 17de eeu het hierdie woorde - soos die -er-adjektiewe - dikwels die fleksieuitgang verloor.<sup>32)</sup> Ook aan die Kaap kry ons vorme met en sonder die buigings -e. Ons voorbeelde is egter skaars en gee ons nie juis 'n kyk op die fleksiegewoontes van die 18de eeu nie.

Ons kom wel die adjektief edel(e) dikwels teë (6 keer onverbuig, 22 keer verbuig) maar altyd in formuleagtige titulatuur of in die aanhef van briewe,<sup>33)</sup> sodat hieruit niko omtrent die

---

31) Vgl. Hoofstuk V, tipe 10.

32) Vgl. Hoofstuk III, p. 99.

33) Bv. "van den Edel Heer Gouverneur", "de Edel koppanjee" ens.



spreektaal te leer val nie. Adjektiewe van die -el-tipe wat bewyskragtig sou kon wees, is miserabel, onnosel, passabel en schaemel, maar hulle kom altesame slegs 5 keer voor, of verbuig of onverbuig volgens Nederlandse reëls. Net een uitdrukking, "so een onnosel mens" (CJ 339, p. 256, 1735), is ook eg Afrikaans.

Die woorde enkel en dubbel is frekwenter. Hulle het oral 'n paragogiese d of t ontwikkel, wat dan ook in die verboë vorm optree.<sup>34)</sup> Op een uitsondering na<sup>35)</sup> is dubbeld en enkeld oral (12 keer) verbuig soos in Afrikaans en Nederlands: "een dubbelde trekband / een enkeldde trekband" (Boedelpapiere van Jan Botma, EGOC 14/195, 1705), "dubbelde ... broeks knopen" (CJ 673, p. 118, 1747), "een dubbelde ossensweep" (CJ 403, p. 8/9, 1772), "het is een dubbelde kanalye" (CJ 400, p. 378, 1770), "5 enkelte ligte" (CJ, nr. 67, 1735) ens.

In "een schimmele merrie paard" (CJ 337, p. 301, 1733) herken ons die Afrikaanse adjektief skimmel, wat in hedendaagse gebruik egter net onverbuig kan voorkom.

(c) Adjektiewe met klem op tweede sillabe

Byvoeglike naamwoorde met die klem op die tweede lettergreep soos gemeen, ovaal ens. het in hedendaagse Afrikaans altyd die fleksie-e.<sup>36)</sup> In ons vroeë bronne kom ons egter verskeie kere onverboë vorme in stryd met Nederlands en Afrikaans toe wat nie sonder meer as foute in die skriftelike taalgebruik beskou kan word nie.

(i) Veral die herhaaldelike gebruik van die onverboë ovaal lyk interessant. Reeds in 1721 lees ons in 'n inventaris wat 'n reeks interessante vorme bevat (bv. "twe sekottels", "botter kare", "en gebrecklige jonge" e.a.) die verbinding

---

34) Hierdie paragogiese d of t is in hedendaagse Afrikaans net in die predikatiewe gebruik van dubbeld, enkeld bekend, nie in die (verboë) attributiewe vorme nie.

35) In die suiwer Nederlandse verbinding "een Enkelt rokken" (CJ 1031, pp. 78-79, 1718).

36) Vgl. Hoofstuk V, tipe 11a.



"en hofal tafel", in die offisiële bewoording as "1 ovale tafel" vermeld (MOOC 8/4, Inv. 82, 1721, waarskynlik geskryf deur Pieter Wion). Die ander 4 voorbeelde dateer van na 1760 en kom as ovaal, howaal en hoewaal in verskillende inventarisse voor (MOOC 8/10, Inv. 66, 1762 en Inv. 44, 1763; MOOC 8/13, Inv. 14, 1767; MOOC 8/3, Inv. 55, 1771). Die spelling van 1762 "1 owaal-tafel" dui op 'n samekoppeling, maar daarnaas kry ons minstens 11 keer die verboë vorm (h)ovale - waaronder selfs 'n eg Afrikaanse geflekteerde vorm "1 ovale tafeltje" (MOOC 8/6, Inv. 57, 1743) voorkom - veral in verbinding met tafel, wat klaarblyklik vry konstruksies is. 'n Ovale tafel was in 18de-eeuse huishoudings blykbaar 'n baie gewone meubelstuk; daarom is dit wel moontlik dat ook die onverboë vorm ovaal soos dit meermale in die inventarisse in verbinding met tafel optree, uit die spreektaal van die tyd stam.

Aan die ander kant lyk sporadiese vorme soos "de gewoon hand teeken" (St. 6/1, 1773), "1 unbekwan stukkende waagen" (MOOC 8/18, 1775) en "1 gemeen spiegel" (offisieel verbeter tot gemeene, MOOC 8/15, Inv. 42, 1775) wel na foute in die skryftaal.<sup>37)</sup>

(ii) Moontlik het ovaal onder invloed van ander "onverboë" woorde soos halfsleet en vierkant die fleksieformans verloor. Om dié rede word die buigingsgeskiedenis van halfsleet en vierkant ook hier bespreek al het hulle nie die hoofklem op die laaste sillabe nie. Nieteenstaande die feit dat hierdie woorde andersoortig is, word hulle hier tog saam bespreek omdat hulle gebruiksafer eenders was en hulle in die geskie-

---

37) In Suid-Nederlandse dialekte waar byvoeglike naamwoorde met nasaal of liquida na (lang) vokaal geapokopeer word, soos klein, zwaar ens., word die fleksieformans ook by meerlettergrepige woorde met dieselfde klanke in die aansluit geapokopeer, bv. "gemeen manne", "gehoorzaam kindere" (Vgl. Pauwels, Het dialect van Aarschot, p. 310). Invloed of deurwerking van 'n Suid-Nederlandse verskynsel lyk my egter uiters twyfelagtig aangesien ons hierdie vorme eers so laat aan die Kaap kry. Die ooreenstemming is waarskynlik suiwer toevallig. Bowendien is die verboë (Afrikaanse) vorme gemeene, gewone, ovale in ons bronne veel frekwenter.

denis van die fleksie ook parallel aan mekaar geloop het. Die voltooid deelwoordsuffiks -en van halfseleeten ("een half sleten waagen", WOOC 8/5, Inv. 26, 1730; "5 sitse halfseleeten jakken", WOOC 8/11, Inv. 15, 1764) is in die tweede helfte van die 18de eeu blykbaar as buigingsuitgang beskou, want ons kry daar twee keer in inventarisiese 'n "onverboë" halfseleet (Afrikaans halfelyt).<sup>38)</sup> In 1750 skryf bv. Pieter Marais "een half seleet wagen" (WOOC 8/7, Inv. 8); in 'n inventaris van 1775 vind ons naas ander "onverboë" vorme soos vier kant en gemeen ook "1 half seleet brandewijns ketel" (WOOC 8/15, Inv. 42; in die offisiële lys word alle foute reggemaak, dus herstel tot halfseleete, vierkante en gemeene).

In dieselfde tydperk - d.w.s. na 1750 - kom minstens 4 keer 'n onverboë vierkant in stryd met Nederlands (en Afrikaans) voor.<sup>39)</sup>

In teenstelling met half seleet is die -e-lose vierkant 'n ou Nederlandse vorm en word dit ook korrek gebruik in verbindinge soos "een vierkant stuk van 't deksel" (CJ 344, p. 462, 1739), "een klijn vier kant tafeltie" (WOOC 8/8, Inv. 14, 1754). Maar die volgende vorme wyk van Nederlands af: "1 vierkant tafel" (WOOC 8/9, Inv. 47, 1757; WOOC 8/10, Inv. 66, 1762), "1 vierkant kombuijs-tafel" (deur die sekretaris verbeter tot vierkante, WOOC 8/15, Inv. 36, 1775) en "1 vier kant eetens tafel" (ook gekorrigeer, WOOC 8/5, Inv. 42, 1775).

Dit is merkwaardig dat hierdie e-lose vorme in dieselfde tydperk - tussen 1750 en 1775 - en soms in dieselfde stukke voorkom. Wat halfseleet en vierkant betref, het die Kaapse (spreek)taal in dié tyd blykbaar die voorkeur aan die vorm sonder -e gegee.<sup>40)</sup> By die al of nie verbuiging van hierdie woorde het die genus van die substantief geen rol gespeel nie.<sup>41)</sup>

38) In Afrikaans bestaan alleen die "onverboë" vorm halfelyt met opheffing van die vokaalwisseling. Vgl. ook Afr. halfwas uit Ndl. halfwassen.

39) In hedendaagse Afrikaans word alleen vierkante gebruik en dan met die betekenis "square"; die moderne ekwivalent vir die 18de-eeuse vierkant(e) is vierkantige.

40) Ook waar hedendaagse Afrikaans alleen die -e-vorm ken, nl. in vierkante.

41) Daar is reeds eerder verwys na twyfelagtige buigings-

forme by sommige Duitsers wat hulle hier aan die Kaap kom vestig het. Arnoldus Kreutzmann skryf bv. nog 18 jaar na sy aankoms byna deurgaans onverboë forme in stryd met Nederlands en Afrikaans. Ook in 'n reisverhaal van 1752 bestaan daar twyfel oor die betroubaarheid van die frekwente "Afrikaanse" forme. Die joernaal is geskryf deur Carel Albrecht Haupt wat op die ekspedisie onder vaandrig A.F. Bouthier gelas was "om het Dag-Register te houden en daarby waar te nemen alle zaken tot den pen relatie hebbende" (Reizen in Z.A. III, p. 258). 'n Mens kan egter moeilik sê of Haupt se "Afrikaanse" forme net voorbeelde van sy Vreemdelinge-Nederlands is en toevallig met Afrikaans ooreenstem, of wel uit die destydse spreektaal afkomstig was. Ten tyde van die ekspedisie was hierdie gebore Berlyner maar vier jaar in diens van die kompanjie. Al skryf hy betreklik maklik en vlot Nederlands en teken hy selfs sy naam as "Hoofd", vind ons dikwels spore van sy Duitse herkoms.

Opmerklik is by hom 'n besonder groot aantal onverboë forme van monosyllabiese adjektiewe in ooreenstemming met Afrikaans. Hy skryf bv. 10 keer groot ("een seer groot rivier" pp. 271, 314, 324 - alhoewel "rivier" by hom altyd 'n de-woord is -, "in groot agting" p. 292, "een groot sterfte" p. 313, "een groot meenigte Cafferren" p. 319, "den groot capitein" p. 316 e.a.), minstens 7 keer klijn ("een klijn rivier" pp. 299 en 323, "een klijn fontijn" p. 302, "een klijn kist" p. 307, "een klijn vierkant deur" p. 309, "de se genoemt klijn Chinesen" p. 319, "een klijn lopend rivier" p. 318) verder brak, scherp, sterk, ruyn, schoon, seer, geel, vol ("Brak rivier" p. 320, "een scherp puntige olijfstok" p. 303 - moontlik te lees as scherppuntig -, "een sterk hoest" p. 279; "een ruyn vlakte" p. 333, "een schoon lopend rivier" pp. 281 en 289, "een schoon rivier" p. 320; "voor een seer kool" p. 298, "een clear lopend rivier" p. 286, "na de geel of bruyn kant" p. 311, "met een vol mond" p. 310). In ooreenstemming met forme in sommige argivale stukke lees ons hier ook "variabel windjes" pp. 282, 286, "een groote en considrabel bosch" p. 282, "een begusam weg" p. 304, "een begusam haven" p. 270; "een klijn vierkant deur" p. 309. In dieselfde verbindings skryf Haupt egter ook die verboë forme; na die bepaalde lidwoord gebruik hy meestal die vorm op -e. Dikwels is sy konstruksies en fleksievorme nog Nederlands nog Afrikaans, bv. "nu in deesse landen veele wild gevonden werd" p. 295, "bestaande uit hoog en laag hennelen" p. 306, "een korte mantelje" p. 307, "een vlakke veld" p. 329, "een bosch van wild ruyte" naas "klyne ruyte" p. 284 ens.

As hogenoemde "Afrikaanse" forme by Haupt meer is as 'n bloot toevallige ooreenstemming met hedendaagse Afrikaans en 18de-eeuse argivale forme, en die destydse spreektaal laat deurekemer, steun hulle ons opvatting dat woorde van die tipes groot, klein, seer teen 1750 reeds die huidige fleksiepatroon gevolg het.

### III. Slotopmerkings

Die 18de eeu was vir die Kaapse taal 'n tydperk van ingrypende veranderings, van oorgang en chaotiese toestande waarvoor verskillende faktore verantwoordelik was. Soos uit bostaande bespreking blyk, het in hierdie tydperk die fleksievorme van die adjektief al hoe meer van die Nederlandse patroon begin afwyk. In die chaos van adnominale vorme is daar egter drie hoofgroepe in ons bronne herkenbaar:

- (i) vorme wat nog die Nederlandse reëls volg,
- (ii) vorme wat as die aanloop tot die latere Afrikaanse sisteem beskou kan word, en
- (iii) vorme wat tussen (i) en (ii) aarsel en blyk gee van die bestaan van wisselvorme in die gesproke taal of ook wel van die magteloosheid aan die kant van die skrywers om "korrekte" Nederlands te gebruik.

In hierdie uiteensetting van die 18de-eeuse fleksieverskynsels aan die Kaap het ek my in hoofsaak beperk tot die beskrywing van ons materiaal en - in teenstelling met die metode wat in die ander hoofstukke gevolg is - opsetlik afgesien van die koördinering van verskillende verskynsels en van konklusies omtrent die ontwikkeling van 'n nuwe stelsel. Dit het my oorbodig gelyk omdat in die hiervolgende slotbeskouing 'n samevattende oorsig van die buigingsverskynsels aan die Kaap teen die agtergrond van die Nederlandse fleksiegeskiedenis gegee word in sover die dikwels beperkte omvang en onseker aard van die materiaal dit toelaat.

## SLOTBESKOUING

### ONTWIKKELINGSGANG VAN DIE KAAPSE FLEKSIE

#### I. Die situasie in die sewentiende eeu

Nadat die verskillende fases van die Nederlandse en die Kaapse buigingsgeskiedenis nagegaan, en veral die Kaaps-Nederlandse materiaal gesif en beskryf is, bly daar nog die taak om die bevindings te koördineer en - sover moontlik - die ontwikkeling van die Kaapse fleksie van die 17de eeu tot vandag te skets.

Met die volkeplanting in 1652 en die daaropvolgende jare is die Nederlandse taal - hoofsaaklik deur Hollanders - na die Kaap gebring. Die basiese taalvorm, en daarmee ook die adnominale verbuiging, wat aan die Kaap oorgeplant is, was wesenlik Hollands. Maar soos in Hoofstuk III aangetoon is, was die Hollandse taal en fleksie in die middel van die 17de eeu allesbehalwe homogeen. Die sterk vereenvoudigde fleksiesisteen van die beskaafde (ongangs-)taal het wel reeds in hoë mate met die hedendaagse Nederlandse stelsel ooreengestem; maar binne en naas hierdie basiese patroon was daar nog heelwat wisseling en afwyking van die norm in die geskrewe en die gesproke taal moontlik. In albei, skryf- en spreektaal, was daar ook verakille na gelang van die stylsoorte en na gelang van die sosiale en geografiese taalkringe waaruit die skrywer gekom het. Bowendien was die Hollandse taal in die middel van die 17de eeu nog nie heeltemal vry van suidelike vorme wat deur immigrante van die Suide na die Noorde gebring is nie. Ons ken hierdie suidelike "kort" vorme veral uit Suid-Hollandse en Seuse geskrifte van die tyd, maar ook in dié geskrifte was hulle nooit frekwent nie.

Die stryd tussen verskillende fleksievorme het deur die ondersoek van 17de-eeuse tekste en die waarnemings en opmerkings van die destydse grammatici aan die lig gekom. In tekste soorte waar 'n bepaalde styl tradisioneel was, bv. in die klugte en

blyspele en in die streng literêre werke, is baie wisselvorms deur die betrokke skryftradisie of reglementering deur grammatici teen dié tyd uitgeskakel. Maar in geskrifte van betreklik onopgevoede mense, soos sommige 17de-eeuse seevaarders en joernalhouers in diens van die Oos-Indiese kompanjie, kry ons 'n taalvorm wat waarskynlik nader staan aan die omgangstaal van die gemiddelde burgerstand en dié mense wat met Van Riebeeck na die Kaap gekom het. Dit is juis in dié tekste dat ons in die tweede helfte van die 17de eeu herhaaldelik die bogenoemde wisselvorms aantref.

Die basiese buigingspatroon in die Hollandse (beskaafde) omgangstaal en nie-literêre skryftaal van rondom 1650 was kortliks soos volg: die onverboë vorm is gebruik

- (a) na een, geen ens. of sonder voorafgaande bepaling voor 'n manlike persoonsnaam (Nominatief);
- (b) na een, geen ens. of sonder voorafgaande bepaling voor 'n onsydige substantief;
- (c) feitlik altyd by komparatiewe en dikwels ook by adjektiewe op -er.

Origens was die vorm met die fleksieformans -e of -en normaal, nl. na die bepaalde lid- en voornaamwoorde by alle substantiewe van die de-klas (dus manlik en vroulik) in die enkelvoud en by meervoudsvorme.

Die wisselvorme wat afwykend van die gewone Hollandse patroon af en toe voorgekom het, was onverboë vorme

- (a) na een, geen ens. voor nie-persoonsaanduidende manlike substantiewe in die objeksfunksie, bv. "een swaer storm wint", "met groot blyckxsem";
- (b) voor vroulike substantiewe ongeag die aard van die voorafgaande bepaling, bv. "een stijff topsijlsoelte", "een schoon fontein en gras", "een klein revier" (ook in tekste waar rivier 'n de-woord is);
- (c) voor selfstandige naamwoorde in die meervoud.

Soos in die hedendaagse Nederlands was die adnominale verbuiging in die 17de eeu afhanklik van die voorafgaande bepalende

woord en die volgende substantief. Net by die woorde op -er het 'n fonologiese faktor 'n rol gespeel. Hierdie sisteem het in die latere Afrikaans radikaal verander, omdat die grondslag van verbuiging nie meer geslag en getal van die substantief en die aard van die voorafgaande bepaling is nie, maar die morfologiese en fonologiese struktuur van die byvoeglike naamwoorde self.

In Afrikaans eindig op -e

- (a) die plurimorfematiese adjektiewe, behalwe dié met -er as komparatiefsuffiks;
- (b) die monomorfematiese adjektiewe wat op 'n stemlose of stemhebbende konsonantverbinding of op stemhebbende (in bepaalde gevalle gesinkopeerde) okklusief of frikatief uitgaan.

Onverbuig bly gewoonlik die monomorfematiese woorde wat uitgaan op

- (a) 'n stemlose konsonant
- (b) 'n nasaal of liquida
- (c) vokaal of diftong.

Hoe en wanneer hierdie verandering van die Nederlandse na die Afrikaanse sisteem van byvoeglike verbuigings plaasgevind het, sal ons nou beskrywe - sover altans as wat ons dit kan agterhaal.

Die hierbo kort saamgevatte Hollandse fleksiepatroon met die wisselvorms moet in die eerste jare en dekades ook kenmerkend van die spreektaal aan die Kaap gewees het. In die vyftiger en sestiger jare wyk die fleksie in Kaapse stukke in nie-aantelike styl nie essensieel van die Europese Hollands af nie. Selfs die "foute" in die vroegste geskrifte, soos verboë i.p.v. onverboë vorme voor neutra ("een hooge geberchte", "een moij lopende revierken") was in patria nie onbekend nie. Nog in die vroeë 18de eeu word hulle deur grammatici veroordeel.<sup>1)</sup> As dergelike "foute" egter by vreemdelinge soos die Duitsers Frederick de Smit en Pieter van Meerhoff voorkom, moet daar in hul taalgebruik ook met die invloed van Duitse fleksievorme rekening gehou word. Klocke versuim bv. om die joernale van dié twee skrywers met

---

1) Vgl. Ten Kate, a.w., p. 365; en Huydecoper, a.w., pp. 192-193.

kontemporêre suiwer Hollandse reisverhale en met ander 17de-eeuse nie-literêre geskrifte te vergelyk. Daarom sien hy hierdie foutief verboë vorme, asook die herhaaldelik genoemde onverboë vorme, geskei van die Europees-Hollandse agtergrond en gaan sonder voldoende verantwoording uit van die veronderstelling "dat het flexie-loze adjectief niet de voortzetting is van de oude uitgangloze vorm".<sup>2)</sup> Hy wil in hierdie afwykings - onnederlandse onverboë vorme aan die een kant en verboë vorme aan die ander - eerder die begin van die huidige Afrikaanse sisteem sien: "Deze tweeslachtige toestand is in wezen dezelfde als in het huidige Afrikaans". Ons 17de-eeuse bronnestudie lewer egter die bewys dat die Kaapse fleksie in die eerste twintig jaar na die volksplanting direk by die Hollandse aansluit. Van die ontstaan van die latere Afrikaanse stelsel kan daar in dié tyd nog geen sprake wees nie.

In die laaste kwart van die eeu loop die Europese en die Kaapse Hollands uiteen. Terwyl in Nederland die groot stede uitstralingsentra van die beskaafde taal word wat die omliggende dialokte begin beïnvloed, was aan die Kaap geen normaliserende invloed van dié aard aan die werk nie. Daar was wel die goewerneur en sy amptenare in wie se geskrifte ons naastenby niks van die tipiese vorme van die joernale teëkom nie. Hul taal was op die lees van Europese amptelike Nederlands geskoei. Maar in die joernale van die sewentiger jare en later, bv. dié van "den caertmaeker Siewert Jans Boom" en die skipper Gerrits Ridder Huys,<sup>3)</sup> is daar heelwat voorbeelde van onverboë vorme teen die algemene Nederlandse reël in (bv. "een groot muschet-schoot", "mooij fijn santgrond", "groff steen gront en sant" ens.). In die Hollandse (nie-literêre) geskrifte is hulle teen dié tyd byna onbekend. Uitganglose woorde op -er soos ander, donker ens. was egter ook in Europese (nie-literêre) Nederlands toe nog en tot

---

2) G.G. Kloeke, Herkomst en groei van het Afrikaans, p. 314.

3) Vgl. Hoofstuk III, p. 95.



diep in die 18de eeu gebruiklik. Daarom verbaas dit ons nie dat ook die regeringsamptenare en opgevoede mense aan die Kaap soos Adam Tas en die justisiële sekretarisse by die adjektiewe op -er veral voor neutra graag uitganglose vorme besig, alhoewel hulle die ongeflekteerde monosillabiese vorme nie sou skryf nie. Die grondslag asook die besondere kenmerke van die verbuiging was toe nog dié van die 17de-eeuse Nederlands.

Aan die begin van ons argivale bronne (rondom 1700) is die toestand min of meer dieselfde as dié in die reisverhale van die laat 17de eeu: die basiese fleksiepatroon is dié van Europese Nederlands, maar daarnaas kom ook die fleksielose wisselvorme klein, zwaar, groot, ander ens. voor, waar Europese Hollands en literêre Nederlands van die tyd die verboë vorm vereis het. Ander afwykings van Europese Nederlands is verboë (maersillabiese) adjektiewe met 'n suffiks in verbindings waar in Nederlands die onverboë vorm gebruik moet word.

Die afwykings aan die Kaap het dus in twee rigtings gegaan: die een bevorder onverboë vorme in stryd met Nederlands, die ander verboë vorme waar 'n Hollander die adjektief onverbuig laat.

Uit hierdie wisselvorme binne en afwykings van die oorspronklike patroon het in die loop van die 18de eeu 'n nuwe stelsel van byvoeglike verbuiging begin ontwikkel. Die proses het hom egter in verskillende stadia veltrek, d.w.s. sommige buigingsverskynsels van die nuwe wordende sisteem het vroeër as ander vas geraak.

## II. Verlies van die buigings -e

### 1. Byvoeglike naamwoorde op -er.

Die onverboë adjektiewe op -er was waarskynlik die vroegste groep wat in sy buigingloosheid 'n onderdeel van die nuwe opkomende stelsel geword het. Soos in die vorige hoofstukke reeds herhaaldelik aangetoon is, was hierdie onverboë woorde 'n direkte voortsetting van 'n 17de-eeuse en 18de-eeuse Nederlandse ver-

skynsel.<sup>4)</sup> En omdat hier die klankstruktuur deurslaggewend was, is alle adnominale woorde op -er deur dié verskynsel geraak, dus ook die stofaanduidende woorde en die komparatiwe. Waar die huidige Afrikaans die patroon verbreek en -e-vorme besig, is dit te wyte aan later invloed uit die skryftaal (in die geval van besondere, iedere),<sup>5)</sup> of het ons te make met geykte uitdrukkings (bv. "die suiwere waarheid") of met verbindings uit 'n hoër taalsfeer (bv. "'n donkere toekoms", "bittere tranen"), of is dit die resultaat van semantiese differensiasie (bv. seker = "veilig" teenoor sekere = "bepaalde"). Ons bronne laat geen twyfel nie dat fleksielose -er-vorme van alle tipes reeds in die eerste helfte van die 18de eeu algemeen in gebruik was.

## 2. Byvoeglike naamwoorde soos klein, ouw, groot.

Besonder opvallend in ons vroegste bronne is monosillabiese adjektiewe soos klein, groot; ouw, blauw en in mindere mate ook groot deur die hoë frekwensie van fleksielose vorme in stryd met moderne en 18de-eeuse Nederlands. Dit is merkwaardig dat die -e-lose vorme alreeds in die eerste drie dekades van die 18de eeu so dikwels aan die Kaap voorkom.

Hierdie gebruik van -e-lose vorme stem in 'n hoë mate ooreen met die fleksielose vorme wat ons uit 17de-eeuse Nederlandse tekste, en veral uit die reisjoernale van dié tyd, leer ken het. In Suid-Nederland het hulle van vroeg af taamlik sterk gestaan, en hulle vorm tot vandag toe in suidelike dialekte 'n kenmerkende defleksiepatroon. In die Noorde, daarenteen, was hulle nooit besonder opvallend nie behalwe in die eerste kwart van die 17de eeu toe hulle veral deur uitgeweke suiderlinge (bv. die vroeë Vondel, Carel van Mander) of Seene (bv. Ph. van Borsselen) gebruik is.

---

4) In die 17de eeu kon woorde op -er sonder fleksieuitgang verskyn ongeag die getal of geslag van die substantief, terwyl in die 18de eeu die fleksie-e hoofsaaklik voor neutra geapokopeer is (bv. "het donker gat").

5) Hierdie skryftaalinvloed met differensiering van -er- en -ere-vorme moet betreklik jonk wees, want Trigardt skryf bv. nog konnaekwent 'n onverboë ieder.

Daarna is hulle uit die streng literêre Noord-Nederlandse taal  
gweer. In die Hollandse klugte was hulle onbekend, maar in  
die reisjoernale veral van Suid-Hollanders en Seeue was hulle in  
die laat 16de eeu tot in die tweede helfte van die 17de eeu so  
gebruiklik in verbinding met woorde uit die seemanstaal en uit  
die daaglikse verkeer, dat ons hulle as lewende vorme uit die  
laer omgangstaal moet beskou. As vreemdelinge in diens van die  
kompanjie Nederlands laer praat en skryf, soos Pieter van Meerhoff,  
Frederick de Smit e.a., en hulle gebruik dieselfde van beskaafde  
Nederlands afwykende onverboë vorme as gebore Suid-Hollanders  
en Seeue, kan ons dit nie as blote toeval interpreteer nie.

Dit wil voorkom of die vroeë onverboë vorme in ons Kaapse  
argiefstukke ("een cleijn pot", "groen combeersen", "een ouw thee  
keetel", "blau sooge") oorgeërf is uit 17de-eeuse Nederlands,<sup>6)</sup>  
veral soos gepraat deur die laer kompanjiesdienare van Suid-  
Hollandse en Seeuse herkoms.

Daar bestaan egter 'n belangrike verskil tussen, aan die  
een kant, die 17de-eeuse Suid-Nederlandse en, aan die ander kant,  
die Hollandse en Kaapse onverboë vorme. In Suid-Nederlandse tekste  
van die 16de en 17de eeu en in hedendaagse suidelike dialekte  
is dié vorme uitsluitend by vroulike substantiewe en by meer-  
vondervorme bekend. Dit is ook die geval in reisjoernale van  
Suid-Nederlanders wat op vroeë leeftyd na die Noorde uitgevyk  
het (bv. Pieter van den Broecke). In teenstelling hiermee vind  
ons dat die Seeu Michiel de Ruyter in die vyftiger jare en selfs  
vroeër herhaaldelik 'n kort vorm voor masculina skryf ("een wze  
stijf wynt", "met groot blyckxeem" e.a.). So tref ons ook by die  
joernaalhouers aan die Kaap die onverboë vorm by alle soorte  
de-woorde in die enkelvoud aan. Wanneer ons Kaapse argivale

---

6) Onder die kompanjiesdienare en vroeë koloniste was daar 'n  
aansienlike aantal Seeue, verder Brabanders en Vlaminge wat  
'n neiging tot defleksie in die omgangstaal kon versterk het.  
Ook Franse Hugenate-gesinne wat jarelank in Seeland en Holland  
woonagtig was voor hul vertrek na die Kaap, het daardie ver-  
skynsel miskien help bevorder. (Vgl. Boshoff, a.w., p. 38).

geskrifte in nie-amptelike styl (soos dié van die KA) aan die begin van die 18de eeu talryker word, het die tweeklassesisteen van de- en het-woorde al begin wankel. Ons weet dat die de-het-onderskeiding in die Kaapse spreektaal teen 1750 opgehef was<sup>7)</sup> en die aanloop daartoe sien ons al in vroeë bronne in voorbeelde soos "de gereetschap ende meubels" (MOCC 8/1, Inv. 3, 1692), "de goet" (CJ 313, 1709), "de antwoord" (CJ 1025, nr. 115, 1711; CJ 646, p. 21, 1722 - by Thibault), "de gereetschap" (MOCC 8/2, Inv. 103, 1713), "een ruijt van de glas ram / die glas ram" (CJ 331, p. 256, 1727 - by Grandpreez), "in de linker oor" (CJ 333, p. 24, 1728), "die orlogie" (CJ 336, p. 355, 1732 - by Grandpreez), "op de spoor" (CJ 339, p. 0183, 1736), "van desselfde Jaar" (CJ 2919, p. 254, 1736), "de voornoemde keldertje" (CJ 1055, nr. 111-115, 1742) ens. Waarskynlik het by hierdie opheffing van nominale klasse die invloed van vreemdtaliges - Hottentotte, slawe, Franse Hugenote en ook Duitsers - 'n rol gespeel. By hierdie onsekerheid t.o.v. nominale klasse verbaas dit ons nie dat in die vroeë 18de eeu fleksielose adjektiewe soos klein, ouw, groot reeds met alle soorte selfstandige naamwoorde, dus ook oorspronklike het-woorde, verbind word nie.

Dit lyk baie waarskynlik dat die fleksielose adjektiewe in bepaalde verbindings (veral voor oorspronklik vroulike en meervoudige substantiewe) uit die Nederlande na die Kaap gekom het. Dit kon die uitgangspunt gevorm het vir die uitbreiding van die gebruik van -e-lose vorme by hierdie tipes adjektiewe ook voor ander selfstandige naamwoorde. As hierdie vorme in aanloop inderdaad van 17de-eeuse Nederlande afkomstig was, is dit ook begryplik dat hulle reeds vroeg so dikwels optree.

Maar die verdere ontwikkeling was suiwer Kaaps, naamlik die uitbreiding van 'n fleksieverskynsel op die grondslag van fonologiese parallelisme. Met die verdwyning van nominale genuskategorieë word die morfologiese en fonologiese struktuur van die

---

7) J. du P. Scholtz, Taalhistoriese opstelle, p. 125.

adjektiewe geleidelik die nuwe basis van die adnominale verbuiging. Woorde met dieselfde klankstruktuur as klein, ouw, groot - nl. eenlettergrepige woorde met nasaal, diftong of okklusief op die end - het hul mettertjyd by die voorloper van hul groep geskaar, d.w.s. by die mees gebruikte woord van 'n groep met die "nuwe" fleksievorm. Die verskeie groepe het egter op verskillende tye 'n vaste fleksiepatroon ontwikkel.

(a) Tipes klein en ouw.

Die g-lose adjektiewe klein en ouw tree in ons bronne voor 1750 so dikwels in egte spreektaalverbindings op dat ons met 'n hoë mate van oekerheid kan aanneem dat fonologies verwante adjektiewe ook al daardie patroon begin volg het, monosillabiese woorde dus wat op nasaal of diftong uitgaan. Voorbeelde van "Afrikaanse" vorme in vroeg 18de-eeuse bronne ("2 groen kombersen" - 1708; "dien lang persoon" - 1739; "e(n) ljong son" - 1743; "een blau Rock" - 1718; "blau ooge" - 1741; "fraaij saek" - 1720 e.s.) steun hierdie opvatting. Teen die middel van die eeu neem die getal voorbeelde toe. Ook in aardrykskundige name kom nou onverboë vorme van adjektiewe met nasaal as stamuitgang voor. Merkwaardig is egter 'n tydelike voorkeur aan verboë vorme in die laaste kwart van die eeu. In die veldvagnieesters se briewe (KT) van voor 1795 en in Johanna Duminy se dag- en kookboek is dié woorde konsekwent verbuig; net in die inventarisasie van plaaslike skrywers (KA) duur die gebruik van onverboë woorde soos klein, arm nog voort, maar ook hulle skryf oral ouwe, nie ou nie. Ná 1800 kom egter ook by die veldvagnieesters keer op keer "Afrikaanse" vorme soos klein, arm, ou ens. voor. Die skielike drang tot verbuiging in baie Kaapse tekste van die laaste kwart van die 18de eeu mag myns insiens nie as 'n toenemende gebruik van verboë vorme in die spreektaal geïnterpreteer word nie. Aangesien Trigardt en later selfs Meurant nog byna deurgaans die g-vorm by hierdie tipes adjektiewe besig in 'n tyd toe die g-lose vorm byna algemeen gebruiklik moet gewees het, sien ek in die verboë vorme van Johanna Duminy en haar tydgenote skryfvorme en pogings tot vernederlandsing

van die eie spreektaal. As ons aanneem dat in die gesproke taal van na 1750 g-lose vorme by die klein- en ou- tipes taamlik algemeen gewees het, beteken dit nie dat wisselvorme op -g nie ook nog voorgekom het nie.<sup>8)</sup>

Byvoeglike naamwoorde met 'n liquids as stamende sluit in hedendaagse Afrikaans by die klein-arm-groep aan en is meestal onverbuig. In die 17de-eeuse Nederlandse tekste is hulle (ewens klein, groen) dikwels gemaak deur die defleksieverskynsel (bv. "met clær mane schyn", "een swaer storm wynt" - De Ryter; "een zwaar niet" - Adon Tas). In ons Kaapse bronne word hulle byna altyd verbuig. Van seer het ons egter vroeë bewysplase (1713), wat die g-lose vorm in die spreektaal ten minste by dié woord laat deurskemer. Later voorbeelde van 'n onverboë seer, suur, swaar bevestig die indruk dat fleksielose vorme naas die geflekterde vorme in die tweede helfte van die 18de eeu gebruiq is. Omdat Trigardt egter nog alle adjektiewe op -g (op 1 uitzondering na) in stryd met Nederlands en Afrikaans verbuig, bejeen 'n mens ook die 18de-eeuse g-vorme met agterdog. Die fleksielose vorm was waarskynlik reeds voor 1800 gebruikliker as wat die bronne laat blyk.

Dieselfde geld van die woorde op -l, wat vandag (hele in die betekenis "whole" uitgesonder) alleen sonder -g voorkom. Afgesien van die onbetroubaarheid van die geskrewe vorme is ons materiaal ook te skaars om konklusies daaruit te kan trek.

(b) Tipe groot, dien, sterk.

Groot(e) is in ons vroeë bronne verreweg die frekwentste woord van die monosillabiese adjektiewe met stemlose okklusief as

---

8) Dit kom meermale voor dat in kleurlingtaal ouer toestande van die Kaaps-Hollandse taal bewaar gebly het. Is dit die rede hoekom die Griekwas en die Rehoboth-Basters nog dikwels die verboë vorm van die adjektief gebruik waar ons alleen die -g-lose vorm sou besig? J.H. Redemeyer noem die voorbeelde "agter de dōd van oenne kaptein; dat was 'n stille plek; 'n baie noeie boeie; 'n oue mah". Hy vind daarin egter geen konsekwensie nie en gaan ongelukkig ook nie verder op die saak in nie. (Kleurling-Afrikaans: Die taal van die Griekwas en Rehoboth-Basters, Amsterdam 1936, p. 65).

Onder Kaapse boorlinge hoor 'n mens nou nog uitdrukkings soos "n warne wind"; die kleurlinge van Kaapstad word soms selfs deur kleurlinge van ander streke geterg oor hul ongewone buigingsvorme, bv. "warne patats", "die grote see".

stamuitgang, en as sodanig is dit die voorloper van hierdie groep. Al kom die onverboë groot reeds in die vroegste stukke voor, is dit veel seldsamer as die e-lose klein en ou van daardie tyd. In die tweede helfte van die 18de eeu neem die gebruik van onverboë vorme sterk toe, ook by ander minder frekwente woorde van hierdie tipe. By Wikar vind ons 'n enkele Afrikaanse vorm, maar in die KT- en KA-stukke van die laat 18de eeu kom e-lose vorme herhaaldelik voor met toenemende frekwensie ná 1800. Baie van die onafrikaanse (en onnederlandse) verboë vorme van dié tyd moet op rekening van die skrywer se strewe na verhollandising van sy eie taalgebruik gestel word. As 'n skrywer dan skielik ontspoor en 'n eg Afrikaanse vorm besig, soos bv. Wikar en Johanna Duminy, kan ons daarin 'n veilige aanduiding van die spreektaalgebruik sien. Trouens, dieselfde kamoeflage van spreektaalvorme tref ons nog diep in die 19de eeu in hoë mate by Trigardt en nog meer by Meurant aan, hoofsaaklik by mense wat heelwat Nederlands geken het. Ons 18de-eeuse gegewens, veral van na 1775, gee egter duidelik blyk dat die "Afrikaanse" vorme rondom 1775 wyd verspreid was in die omgangstaal en dat die onverboë groot selfs sterker gestaan het as die vorm op -e.

By seldsame adjektiewe, of by ander attributiewe woorde wat in ons tekste skaars is, kan moeilik vaste gevolgtrekkings omtrent hul fleksiegedrag gemaak word. Te oordele na die vorme wat wel in ons bronne optree, was hulle veel vatbaarder vir 'n e-uitgang uit die skryftaal as die gewone en veel gebruikte adjektiewe van dieselfde tipe.

Ook oor die tipes los, vale en fluks kan weens die skaarsheid van gegewens min met sekerheid gesê word; maar dit lyk of hulle lank verboë naas onverboë vorme (lg. kom veral in eg Afrikaanse verbindings voor) behou het. Dié mening word gedeeltelik deur hedendaagse wisselvorme bevestig, ook deur die lang voortbestaan van onse naas ons.

### III. Vaste gebruik van die buigings -e

#### 1. Adjektiewe met suffiks

Die neiging tot die gebruik van verboë i.p.v. onverboë vorme raak in die eerste plek die adjektiewe met suffiks; dit word al vroeg in ons bronne sigbaar. Hierdie verskynsel hang ten nouste saam met die verbrokkeling van die oorspronklike nominale klassifikasie. Onsekerheid t.o.v. nominale klasse blyk uit die gebruik van de i.p.v. het (vgl. voorbeelde hierbo), maar dit word ook duidelik weerspieël in die verwarring van adnominale fleksievorme soos die volgende: "eenige boer gereetschap" (MOOC 8/3, Inv. 106, 1720), "een kljne disteleer keteltje" (MOOC 8/4, Inv. 31, 1722), "een groote geraas" (CJ 2973, p. 49, 1728), "eenige gebrek" (CJ 2973, p. 108, 1729) e.a. Uit dié verwarring ontwikkel by die adjektiewe met suffiks stadigaan 'n patroonmatigheid wat teen die middel van die 18de eeu duidelik herkenbaar is en waarskynlik reeds voor 1775 betreklik vas moet gewees het. Die gegewens uit die KT, Wikar en Johanna Duminy gee steun aan hierdie opvatting. In die 19de-eeuse Kaaps-Nederlandse én Afrikaanse tekste toon die verbuiging van die adjektiewe met suffiks dan ook feitlik deurgaans die Afrikaanse patroon. Selfs Trigardt, wat sy spreektaal origens met 'n aansienlike mate van sukses verbloem, besig hulle byna konsekwent. Sporadiese e-lose wisselvorme in 19de-eeuse tekste het nie veel bewyskrag nie. Nog in die vroeë 20ste eeu is onder invloed van die Nederlandse lees- en skryftaal af en toe onverboë vorme geskryf alhoewel hulle destyds al as Nederlandismes gebrandmerk is en in die spreektaal heeltemal onmoontlik was.

baie van die suffiks-woorde het 'n onbeklemd "prefiks" as anlaut gehad, bv. al die swak verlede deelwoorde soos geagte, gemelde, voornoemde; analogies met hulle en met sterk verlede deelwoorde het ook woorde met 'n verwante klankstruktuur soos gerene, gewone, ovale, ens., met klem op die tweede lettergreep, die vaste e-uitgang gekry.



## 2. Adjektiewe sonder suffike

- (a) Tipes regte, vaste; ronde, harde, wilde; dro(g)e; growe, nuse, halwe.

Die adjektiewe van hierdie tipes het vandag 'n absolut vaste e-vorm. In ons vroeë 17de-eeuse bronne is hulle betreklik seldsaam, maar waar hulle voorkom, is hulle oorwegend verbuig. Reeds voor 1800 toon hulle in die KA en KT 'n duidelike "Afrikaanse" fleksiepatroon in 'n reeks eg Afrikaanse verbindings; op grond daarvan kan ons aanneem dat dié vorme in die gesproke taal reeds algemeen was. Die feit dat ook Wikar hier nêrens 'n van Afrikaans afwykende vorm het nie, en Trigardt en die vroeë Afrikaanse skrywers hulle konsekwent verbuig, wys daarop dat hierdie woorde alreeds in die tweede helfte van die 18de eeu 'n vaste buigingsreël gevolg het.

- (b) Tipes goede, brede, quade, rode.

Dit is kenmerkend van die hele 18de eeu dat woorde van hierdie tipe meestal verbuig word. Nêrens is daar 'n spoor van die hedendaagse groepering in vaste vorme met -e (goeie, breë) en vaste vorme (rooi, kwaai) waarin die -e verdwyn het nie. Ook die geografiese name gee hier nie uitsluitel nie. Eers by Trigardt kom ons herhaaldelik die Afrikaanse rooij teë, wat vir hom die normale vorm naas 'n meer uitsonderlike rooije moet gewees het. In die vroegste Afrikaanse stukke is rooi en kwaai nog seldsaam. Changuion noem hulle egter uitdruklik in sy "Proeve van Kaapsch Taaleigen" as Kaapse ekwivalent van Nederlands rood en kwaad, selfs in predikatiwe funksie.<sup>9)</sup> Ook uit Samuel Zwaartman se taalgebruik blyk dat rooi, kwaai in die middel van die vorige eeu sonder e gebrueg is.

Die skeiding in twee groepe, een met, die ander sonder -e, moet dus 'n taamlik jong ontwikkeling wees. Voor 1800 het waarskynlik alle adjektiewe van die tipe goeie, rooie die vaste e-uitgang gehad. Maar vroeg in die 19de eeu moet die differensiëring plaasgevind het, moontlik na analogie van die adjektiewe op diftong soos mooi, fraai; ou uit oude/ouwe was al lank lid van daardie groep.

---

9) A.N.E. Changuion, De Nederduitsche taal in Zuid-Afrika hersteld, Kaapstad 1844, p. XVI.

#### IV Uitbreiding van defleksietendensies

Reeds in die eerste helfte van die 18de eeu het daar dus twee fleksierigtings ontwikkel, een wat die behoud van die fleksieuitgang -e bevorder het (nl. by plurimorfematiese woorde soos enige, geloofbare, Engelse, en by monomorfematiese woorde soos regte, vaste, wilde, droge, halve) en 'n ander wat defleksie in die hand gewerk het (by monomorfematiese woorde soos klein, ouw, groot, ander). Hierdie tendensies het in die loop van die 18de eeu veld gewen en fonologies verwante woorde of groepe wat nog geaarsel het, mettertyd verower.

'n Duidelike voorbeeld hiervan is die geskiedenis van die stofaanduidende adjektiewe. Reeds in die 18de eeu val woorde soos koper(e), silver(e), ys(t)er(e) onder die buigingsreël van ander adnominale woorde op -er (andor, bitter) en verloor die uitgang -e(n). Al die ander stofadjektiewe, bv. houte(n), blikke(n), staale(n), katoene(n), daarenteen behou deurgaans die oorspronklike stamuitgang -e(n). Die enigste uitsondering is pastelyn, wat van die vroeë 18de eeu af meer dikwels sonder as met die uitgang -e(n) verskyn. Eers in die laaste kwart van die eeu tree 'n verandering by die groep houte(n) ens. in. By Wikar vind ons die eerste voorbeeld van 'n "onverboë" vorm: "een olivenhout klerie"; uit dieselfde tyd dateer "een tin trekpote" uit 'n boedellyn van 1779 (KA: MOOC 8/17);<sup>10)</sup> Johanna Duminy skryf "twee katoen haspels" en "voor sij trielie en bant"; in 19de-eeuse KT-stukke kom ons ook 'n paar Afrikaanse vorme teë: "een hout beijl", "een swarte seij doek" (KT 268/1821) en "1 swarte sey onder baatje" (KT 273/1823); en Trigardt skryf 'n enkele keer ook "de staal veer". Ons gegewens dui daarop dat dié woorde rondom 1775 sterk onderhevig was aan defleksie, moontlik onder invloed van woorde met 'n eenderse struktuur (monomorfematies met 'n diftong, liquida of okklusief as uitgang) - anders sou Johanna Duminy wat origens alles wil verbuig, hier nie 'n "kort" vorm gebruik het nie. Wisselvorme, veral tinne naas tin,

---

10) Vroeër voorbeelde van tin i.p.v. tinne dra geen bewyskrag nie (Vgl. Hoefstuk VIII, voetnoot 30).

het egter nog lenk voortgeleef.

Ons kom dus tot die volgende konklusie: die basiese patroon van die Afrikaanse adnominaale verbuiging het in die tweede helfte van die 18de een sy beslag gekry; die hoofverteenwoordigers van die verboë en die onverboë groepe het voor 1775 reeds hul vaste vorm gehad, maar wisselvorme binne die betrokke groepe was nog volop veral by minder frekwente woorde. Elke groep het toe - soos trouens nog vandag - sy agterblyers gehad. Sekere groepe van adjektiewe, soos monosillabiese woorde op -g, adjektiewe van die tipe rooi, kwaai en die stofaanduidende woorde hout, tin, wol ens., het eers aan die begin of in die loop van die 19de een hul vaste Afrikaanse vorm gekry. Heelwat wisselvorme het egter - hoofsaaklik in geykte verbindings en in enfatiëse taalgebruik - bly voortbestaan tot vandag. In die groepe waar die hedendaagse taal speelruimte laat, is die behoud of verlies van die g-uitgang afhangend van stilistiese, affektiewe en aksentfaktore.

V. Vergelyking tussen die fonologiese grondslag van  
die byvoeglike verbuiging en die fonetiese  
voorwaardes waaronder werkwoorde met en  
sonder -e in Afrikaans voorkom

Uit die studie van ons bronne het ons ten spyte van leemtes en gebrekkige materiaal die ontwikkelingsgang van die Afrikaanse byvoeglike verbuiging in sy belangrikste stappe kon agterhaal, al moet heelwat vrae oor besonderhede onbeantwoord bly waar ons materiaal ons in die steek laat. Die "hoe" van die ontwikkeling bly dikwels duister, maar die "waarheen" het hom al vroeg duidelik geopenbaar. Met die verbrokkeling van die Nederlandse verbuiging wat afhanglik was van voorafgaande bepaling en volgende substantief, ontstaan aan die Kaap 'n nuwe stelsel, gebaseer op die struktuur van die adjektief.

'n Mens vra jou af: was die fonologiese reëls beperk tot een subsisteen van die wordende Afrikaanse taal, of werk bepaalde

fonologiese reëls op 'n breër basis en kom dit ook by ander sub sisteme tot uiting?

Die enigste ander stelsel waar 'n semanties funksielose -e onder bepaalde omstandighede as "uitgang" voorkom (naas vorme daarsonder), is die werkwoordelike sisteem. Om na te gaan of daar enige ooreenstemming bestaan tussen - aan die een kant - altyd e-lose werkwoorde soos loop, skiet, maak, draai, groei ens., of werkwoorde met wisselvorme, bv. vind/vinde, begin/beginne, leef/lewe ens., en - aan die ander kant - bepaalde adjektieftipes met 'n ooreenkomstige klankstruktuur, laat ek hier kortliks 'n vergelykende oorsig van dié twee stelsels volg. Ek gaan daarby uit van die slotklank in die Nederlandse stam van die werkwoorde en die adjektiewe omdat dit die gemeenskaplike, gelyksoortige uitgangspunt vir die verdere ontwikkeling moet gewees het, indien ons hier met 'n fonologiese tendensie wat in albei sub sisteme werk saam was, te make het.<sup>11)</sup> Dit sal blyk dat hierdie groepering byna in alle besonderhede met die indeling ooreenkom waarvolgens in Hoofstuk V die hedendaagse Afrikaanse adjektiefvorme in tipes ingedeel en beskrywe is.

#### 1. Vorme sonder /ə/

(i) Die Nederlandse stam eindig op 'n stemlose okklusief of frikatief: Adjektiewe soos diep, lomp, skerp; groot, bont, kort; siek, sterk, blink (vgl. tipe 1), verder los, vars, vals, skuins (tipe 2) word in die Afrikaanse spreektaal nie verbuig nie.

Ook werkwoorde met dieselfde struktuur het nooit 'n /ə/ nie: loop, help, stamp, werp; skiet, smelt, stort, plant; maak, melk, merk, blink, sanik; straf; lag; las, pols, para, wens.

(ii) Die Nederlandse stam eindig op 'n nasaal of liquida: die adjektiewe dom, arm, kalm; klein, jong; geel, duur ens. (tipe 3) is gewoonlik onverbuig; die werkwoorde neem, walm, kerm; woon, roken; hang; val, hoor en talle ander van hierdie omvangryke

---

11) By hierdie oorsig word gebruik gemaak van prof. Scholtz se groepering van verbale vorme in sy opstel "Die ontstaan van die Afrikaanse werkwoordelike vormstelsel" (Taalhistoriese opstelle pp. 12-14).

groep het in die reël ook geen wisselvorm op /ə/ nie. Die enigste uitsonderings onder die werkwoorde is beginne en spelle wat naas begin en spel veral onder die ouer geslag nog gehoor word. (beginne veel meer as spelle) maar selde of nooit geskryf word nie; en verder die dialektiese gebeure naas gebeur.<sup>12)</sup> Sommige adjektiewe van hierdie groep kry egter betreklik maklik in emfatisiese en emosionele taalgebruik die /ə/-uitgang.

(iii) Die Nederlandse stam eindig op 'n diftong: Adjektiewe van hierdie soort (tipe 4) is in die spreektaal altyd sonder /ə/: blou, flou, lui, mooi, saai, taai, tannai ens. By werkwoorde van hierdie struktuur bestaan geen wisselvorme op /ə/ nie: draai, gooi, groei, vry, kou, spu, skreeu.

(iv) Die Nederlandse stam eindig op /ər/: Die byvoeglike naamwoorde op /ər/ bly in die reël, die werkwoorde altyd sonder die uitgang /ə/, bv. ander, bitter, helder, silwer, groter, ens. (vgl. tipe 5): flonter, fluister, koester, laester, luister, verbaster ens.

## 2. Vorme met /ə/

(v) Eindig die Nederlandse stam op 'n /v/, het die Afrikaanse adjektiewe vaste verbuiging op /ə/: dowe, gawe, liewe, halwe (vgl. tipe 8); die werkwoorde - op 'n paar uitsonderings na - het almal dubbelvorme, nl. mét en sónder /ə/. In die spreektaal, alans in die Boland, is die /ə/-vorm gebruikliker as die op /f/, bv. beve, vergewe, belowe, drywe, grawe, lewe, skrywe, strewe, sterwe ens.<sup>13)</sup> Die woorde sonder /ə/ is meestal uit 'n formeler taallaag.

(vi) As die Nederlandse stam op /ə/ uitgaan, ken ons Afrikaanse adjektiewe net die verboë vorms: droë, hoë, lae, leë, trae, ruie (vgl. tipe 9). Baie van die werkwoorde het nog wisselvorme op /ə/: dra(e), dro(ë), ja(e), kla(e), pla(e), ploe(ë); bedrieë, buie, ëe.

12) Die voorkom van die -e in beginne en gebeure sou miskien vergelyk kan word met adjektiewe van die tipe gemene, gewone.

13) Vir 'n nagenoeg volledige lys sien Scholtz, t.a.p.

swye; volge; bêre, têre e.a.<sup>14)</sup> By ander is die /ə/ alreeds in die voorafgaande vokaal geabsorbeer (kry, lê, sê, vra ens.)

(vii) Die Nederlandse stam eindig op 'n /d/ na voorafgaande nasaal of liquida: Die byvoeglike naamwoorde van hierdie soort (tipe 7) het die absoluut vaste /ə/-vorm, bv. blinde, vreemde, wilde, harde e.a. Dit is opvallend dat werkwoorde met 'n ooreenkomatige struktuur baie dikwels 'n wisselvorm op /ə/ het. Woorde soos binde (ook toe-, vasbinde), vinde (uitvinde), skelde (uit-skelde), spelde (aan-, vaspelde) is nog taamlik gewone spreektaalvorme naas die normale vorme sonder /ə/; brande en worde, daarenteen, is seldsaam.

(viii) Waar die Nederlandse stam op 'n /d/ na lang vokaal of diftong eindig, het ons byvoeglike én werkwoordelike sisteme twee groepe vorme ontwikkel, een met /ə/, die ander sonder /ə/; by lg. is die uitgang later in die voorafgaande vokaal geabsorbeer.

Adjektiewe van die /ə/-groep is braë, doeie, goeie, koue, wye met vaste verbuiging (vgl. tipe 9); parallelle werkwoorde met wisselvorme op /ə/ is skel(e), wei(e), (be)dui(e), kru(e).

Verlies van die /ə/ kry ons in die byvoeglike naamwoorde kwaai, rooi, ou, waarby dooi en kou begin aansluit; en in die werkwoorde baai, blaai, braai, laai, raai, nooi, bloei, broei, versmaai.

(ix) Die Nederlandse stam eindig op 'n stemlose konsonantverbinding (a. frikatief-okklusief of twee okklusiewe; b. okklusief-frikatief).

(a) Volgens 'n Afrikaanse fonologiese reël kan 'n stemlose okklusief na stemlose konsonant nie op die end van 'n woord voorkom nie. Ons kry vaste /ə/-uitgang by adjektiewe soos juiste, regte, safte, naakte, strikte (vgl. tipe 6a) en by die werkwoorde berispe, gespe, raspe. Die groot gros werkwoorde van hierdie soort, nl. almal wat in die Nederlandse stam op /t/ eindig, het egter die oplet-okklusief verloor en ken geen wisselvorme op /ə/ nie: belas, rus, vas; sif; (aan-)heg, slag, (ver-)sug, vornag, vleg, wag e.a. Hiermee kan

---

14) Meer voorbeelde by Scholtz.

ons die seldsame onverboë adjektiefvorme reg, sag, sleg vergelyk wat net in sterk affektiewe en gemeensame taal gehoor word.<sup>15)</sup>

(b) Eindig die stam op 'n okklusief-frikatief-verbinding, is ons adjektiewe in die reël verbuig (bitse, fletse, flukse, anaakse, nurkse, olinkse - vgl. tipe 6b), alhoewel by woorde met die hoogste gebruiksfrekwensie 'n neiging tot /ə/-verlies bestaan (bv. trots, fluks, steeks).

Die paar werkwoorde met dié bepaalde struktuur kan alleen sonder /ə/ voorkom (bv. klets, kwets).

(x) Die Nederlandse stam eindig op /əl/: Terwyl die byvoeglike naamwoorde op /əl/ (dubbel, enkel, onnosel ens. - vgl. tipe 10) mét en sônder die uitgang /ə/ voorkom, het die werkwoorde van hierdie struktuur nooit 'n wisselvorm op -/ə/ nie: sarsel, dobbel, hakkel, koggel, omsingel, (af-)ransel, sukkel, verdubbel, verwikkel, vonkel, wankel ens.

Hierdie skematiese vergelyking van die twee stelsels is voldoende om die frappante ooreenkomste tussen die byvoeglike en werkwoordelike sisteme ten opsigte van die bestaan van vorme met en sonder /ə/ aan te toon. Ondanks die feit dat die ooreenkomste nie in alle groepe ewe sterk is nie en dat daar in die groepe (ix) en (x) selfs groot verskille waargeneem kan word, is 'n parallelisme tussen die twee stelsels onmiskenbaar. Kenmerkend is egter dat die werkwoordelike sisteem telkens 'n stap vooruit is wat defleksie betref. Waar die adjektiewe vaste /ə/-vorm het (groep (ix) uitgesonder), toen die werkwoorde naas die /ə/-lose vorm ook nog wisselvorme op /ə/. Laat die adjektiewe naas kort vorme nog /ə/-vorme toe, is die /ə/-uitgang by werkwoorde seldsaam indien nie onmoontlik nie. Nêrens tref ons 'n verbale /ə/-vorm aan waar die parallelle adjektiewe alleen die kort vorm besig nie.

Hierdie vergelykende oorsig het net fonologies verwante woorde sonder suffiks ingesluit. Waar die morfologiese faktor die fleksie van ons adjektiewe bepaal, gaan die twee stelsels verskillende

---

15) Vgl. Hoofstuk V, voetnoot 25.

pasie op: die adjektiewe (soos heerlik, pragtig, keaps, verdrukte ens.) het die vaste buigingspatroon op /ə/ waarop geen enkele uitsondering voorkom nie; die teenoorgestelde geld van werkwoorde soos begunstig, beledig, huldig, oorweldig, sondig, verkondig, verheerlik ens., wat nooit op 'n /ə/ kan eindig nie.

Diezelfde fonologiese faktore moet in die wording van die twee subsisteme van die Afrikaanse taal werkzaam gewees het, al is hulle nie uitsluitlik verantwoordelik vir die toestande soos ons hulle vandag ken nie. Die fonologiese faktore was reeds in die eerste helfte van die 18de eeu werkzaam, maar het nie eensklaps 'n nuwe grammatiese sisteem in die lewe help roep nie. Wat vir die werkwoordelike sisteem geld, is ook van toepassing op die byvoeglike stelsel: dit is die resultaat van 'n ontwikkeling wat oor 'n paar honderd jaar strek. Die veelvoudige wisselvorme en skakerings binne die hedendaagse sisteem laat sien dat die lang ontwikkeling in die rigting van vereenvoudiging en gelyk-making, waarin ook analogiese faktore 'n rol speel, nog nie tot absolute reëlmatigheid en vormvastheid gelei het nie.

In die uitskakeling van "betekenislose" vormonderskeidings is in die Afrikaanse werkwoordelike stelsel veel verder gegaan as in die stelsel van adnominale vorme. Die vraag sou kan gestel word waarom die vormverskil by attributiewe en predikatiewe gebruik van die adjektief in Afrikaans nie oral verdwyn het nie, soos in Engels, aangesien die onderskeidings geen semantiese funksie het nie. Dit sal in hierdie stadium van ons kennis nie moontlik wees om 'n bevredigende antwoord op so 'n vraag te gee nie, en spekulasies sonder voldoende grond het nie veel sin nie.



## LYS VAN AANGEHAALDE WERKE

### I. Studies

- Afrikaanse woordelys en spelreëls<sup>7</sup>, in opdrag van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns saamgestel deur die Taalkommissie, Kaapstad 1964.
- ALLARD, E., Een grammaticaal onderzoek van het proza van Hadewych, Nijmegen-Utrecht 1937.
- AMFZING, S., "Nederlandsch Taelbericht" - Kyk Zwaan, F.L.
- AUSSEMS, T.W.A., Klank- en vormleer van het dialect van Culemborg, Assen 1953.
- BAKKER, H., "Aantekeningen bij een paragraaf uit Gerlach Royens buigingsverschijnselen", Leuvense Bijdragen XLVII, 1-2, p. 52 vlg.
- BARNOUW, A.J., Boatrijs - A Middle Dutch legend, Oxford 1914.
- BLANCQUAERT, E., "Genus-onderscheid", in Album René Verdeyen, Brussel, Den Haag 1943.
- BLOOMFIELD, H.W., & NEWMARK, L., A linguistic introduction to the history of English, New York 1963.
- BÖESEKEN, A., Simon van der Stel en sy kinders, Kaapstad 1964.
- BORGER, J.J., "Haags uit de tweede helft van de 17e eeuw", Tijdschrift voor Ned. Taal- en Letterkunde LXIX, p. 49 vlg.
- BOSHOPF, S.P.E., Volk en taal van Suid-Afrika, Pretoria 1921.
- BOSMAN, D.B., VAN DER MERWE, I.W. & HIEMSTRA, L.V., Tweetalige woordeboek<sup>4</sup>, 2 dele, Afrikaans-Engels, Engels-Afrikaans, Kaapstad 1962.
- BOTHA, C. GRAHAM, (1) The French Refugees at the Cape, Kaapstad 1919.  
(2) Place names in the Cape Province, Kaapstad 1926.
- BROM, G., Boekentaal, Verh.d. Kon. Ned. Akad. v. Wetensch., Afd. Lett., Nieuwe Reeks Dl. LXII, Nr. 1, Amsterdam 1955.
- CHANGUION, A.N.E., De Nederduitsche taal in Zuid-Afrika hersteld, Kaapstad 1844.
- CORNELISSEN, J., & VERVLIET, J.B., Idioticon van het Antwerpsch dialect, 2 dele, Gent 1899-1906.
- COSIJN, P.J., De Oudnederlandsche psalmen, Haarlem 1873.
- COWAN, H.K.J., De Oudnederlandse (Oudnederfrankische) Psalmenfragmenten, Textus Minores Dl. XXIII, Leiden 1957.
- CRENA DE IONCH, A.C., G.C. van Santen's Lichte Wigger en Snappende Siitgen, Assen 1959.
- DE GROOT, A.W., Inleidng tot de algemene taalwetenschap, Groningen 1962.
- DEGRYSE, L., Statistisch en beschrijvend onderzoek van de verbuiging van het bijvoeglijk naamwoord in het modern Nederlands proza, ongepubl. "licentiaat" - verhandeling, Louven 1959.

- DE HUBERT, A., "Noodige waarschouwinge aan alle liefhebbers der Nederduitsze tale", - kyk Zwaan, F.L.
- DE VILLIERS, J.A., Die klankleer en vormleer van Joh. Duminy se taal, ongepubl. M.A.-skripsie, Universiteit van Kaapstad 1942.
- DE VIN, A., Het dialect van Schouwen-Duiveland: Grammatica en Historie, Assen 1953.
- DE VOOYS, C.G.N., (1) Geschiedenis van de Nederlandse taal<sup>5</sup>, Groningen 1952.
- (2) Nederlandse spraakkunst<sup>5</sup>, Groningen 1950.
- (3) Verzamelde taalkundige opstellen I-III, Groningen 1924, 1925, 1947.
- (4) "Bestaan er grondslagen voor een nieuwe regeling van het taalkundig mannelijk en vrouwelijk geslacht", N. Tg. XIV, p. 162 vlg.
- (5) "Iets over en uit het 'Scaecspel'", Tijdschrift voor Ned. Taal- en Letterkunde, XXVI, p. 243 vlg.
- (6) "Omgangstaal in het begin en tegen het einde van de zeventiende eeuw", N. Tg. XLIII, p. 129 vlg.
- (7) "Opmerkingen over het taalgebruik van Pieter Langendijk", N. Tg. XLIII, p. 305 vlg.
- DE VRIENDT-DE MAN, H.J., Bijdrage tot de kennis van het gebruik van het werkwoord ZULLEN in de 16e eeuw, Kon.Vl. Acad. v. Taal- en Lett., Reeks VI, Nr. 81, Gent 1958.
- DU TOIT, S.J., Vergelykende taalkunde van Afrikaans en Engels<sup>2</sup>, Paarl 1902.
- FRANCK, J., Mittelniederländische Grammatik<sup>2</sup>, Leipzig 1910.
- FRANKEN, J.L.M., Taalhistoriese bydraes, Kaapstad 1953.
- GLEASON, H.A., An Introduction to descriptive linguistics, rev. ed., New York 1961.
- HEINSIUS, J., Klank- en buigingsleer van de taal des Statenbijbels, Groningen 1897.
- HOFKER, S., De taal van Melis Stoke, Groningen 1908.
- HONDSHOVEN, R., Klank- en vormleer van het dialect van Helkwezer, ongepubl. "licentiaat" - verhandeling, Leuven 1953.
- HOOPT, F.C., "Waarnemingen op de Hollandsche Taal" - kyk Zwaan, F.L.
- HOOGENHOUT, H.K., Praktisches Lehrbuch der Kapholländischen Sprache, Leipzig s.j. († 1904).
- HUYDECOPER, B., Proeve van Taal- en Dichtkunde, in Vrijmoedige Aanmerkingen op Vondels Vertaalde Herscheppingen van Ovidius, Amsterdam 1730.
- JACOB, G.J.A., Het dialect van Grave, 's-Hertogenbosch 1937.
- JONGEJAN, E., "Van Leeuwenhoek's brieven en de Nederlandse schrijftaal in de 17e eeuw", N. Tg. XXXIV, p. 300 vlg.

- JORISSEN, THEOD., "De handschriften van Huygens", Versl. en Med. der Kon. Acad. v. Wetensch., Afd. Letterkunde, 2de reeks, Dl. III, 1873.
- KEMPEN, W., Woordvorming en funksiewisseling in Afrikaans, Kaapstad s.j. (1963).
- KERN, J.H., "Over de taal van de brieven van Huygens' zusters en Dorothea van Dorp", Tijdschrift voor Ned. Taal- en Letterkunde XLVIII, p. 43 vlg.
- KLAAS STIJL (en LAMBERTUS VAN BOLEUIS), Beknopte Aanleiding tot de kennis der Spelling, Spraakdeelen, en Zintekenen van de Nederduitsche Taal, Groningen 1776.
- KLOEKE, G.G., Herkomst en groei van het Afrikaans, Leiden 1950.
- KNUVELDER, G., Handboek tot de geschiedenis der Nederlandse letterkunde, 's-Hertogenbosch 1958.
- KOELMANS, L., (1) Teken en klank bij Michiel De Ruyter, Assen 1959.  
(2) Bespreking van Die dagboek van Louis Trigardt, N. Tg. LVIII, 1, p. 41 vlg.  
(3) "Bontekoe zelf", N. Tg. LVI, 3, p. 153 vlg.
- KOK, A.L., Ontwerp der Neder-duitsche Letterkonst, Uit de Natuur der Neder-duitsche Taal / de redelijke gewoonte en 't gebruik der goede schrijvers..., Amsterdam 1649.
- KOLTHOFF, J.B., Het substantief in het Nederlandsch der 16e eeuw, Groningen 1894.
- KOOIJMAN, K., Twe-spraak vande Nederduitsche Letterkunst, Groningen 1913.
- KOSSMAN, F., "De varianten van Hoofds Granida", Tijdschrift voor Ned. Taal- en Letterkunde XXXVI, p. 97 vlg.
- KRAMER, MATTHIAS, (1) Neue holländische Grammatik ... Nieuwe Hollandse grammatica, Amsterdam 1755.  
(2) Vollkommene niederdeutsche oder holländische Grammatik für diejenigen hochdeutschen Staats- Handels- und Kriegerleute, als auch andere, welche diese Sprache in kurzer Zeit ... richtig lesen, verstehen und reden... wollen, Leipzig 1774.
- KRITZINGER, M.S.D., LABUSCHAGNE, P.J. & PIENHAAR, P. DE V., Verklarende Afrikaanse woordenboek<sup>4</sup>, Pretoria 1963.
- KUIJPER, G., De waardering van Spiegels Twe-spraak, Intreelesing, Hardewijk 1947.
- LAFEBER, A.P.M., Dialect van Gouda Dl. I, Gouda 1962 (ongepubliceerd).
- LANDHEER, H.C., Klank en vormleer van het dialect van Overflakkee, Assen 1951.
- LE BOUX, J.J., (1) Handleiding in het Afrikaans voor Nederlanders, Amsterdam 1921.  
(2) Oor die Afrikaanse sintaksis: I Woordgroepe en volsin, Amsterdam 1923.
- LEUPENIUS, P., Aanmerkingen op de Nederduitsche Taale (1655), uitg. W.J.H. Caron, Groningen 1958.

- LEENDERTZ, P. jr., Floris ende Blanchevloer van Diederie van Assenede, Leiden 1912.
- LEVITICUS, F., De klank- en vormleer van het Nnl. dialect der St. Servatius-legende van H. van Veldeke, Gent 1892.
- LOUDSER, J.E., Die saargestelde verbale vorm: Van Nederlands na Afrikaans, Groningen 1961.
- LUDACH, A.E., Over de verbuiging van het werkwoord in het Nederlandach der zestiende eeuw, Groningen 1891.
- MANSVELT, N., Proeve van een Kaapsch-Hollandsch idioticon, Kaapstad 1884.
- MAIHERDE, D.F., Afrikaanse taalboek, Kaapstad 1917.
- HEISEN, K., Althochdeutsche Grammatik II: Formenlehre, Sammlung Metzler, Stuttgart 1961.
- MEINDELS, J., "Leeuwenhoek's taal", N. Tg. XLI, 3, p. 125 vlg.
- MOONEN, A., Nederduitsche Spraakkunst, Amsterdam 1706.
- MULLER, J.W., "Fragment eener zestiendeeuwsche Nederlandsche 'spraakunst'", Tijdschrift voor Ned. Taal- en Letterkunde XXXVIII, p. 1 vlg.
- MULLER, P.E., De dichtwerken van Philibort van Borsselen: Een bijdrage tot de studie van zijn taal en stijl, Groningen 1937.
- NAUTA, J.A., Taalkundige aantekeningen naar aanleiding van de werken van G.A. Bredero, Groningen 1893.
- NIEHABER, P.J., Suid-Afrikaanse pleknaamwoordeboek, Kaapstad-Johannesburg 1963.
- NYLÖE, JACOBUS, Aanleiding tot de Nederduitsche Taal<sup>3</sup>, Amsterdam 1723.
- OPPREL, A., Het dialect van Oud-Beierland, 's-Gravenhage 1896.
- OVERDIEP, G.S., (1) Stilistische grammatica van het moderne Nederlandach, Zwolle 1937.
- (2) De volketaal van Katwijk Aan Zee, Antwerpen - 's-Hertogenbosch 1940.
- (3) Vormleer van het Middelnederlandsch der XIIIe eeuw, Antwerpen 1946.
- PAUWELS, J.L., Het dialect van Aarschot en omstreken, 2 dele, Tongeren 1958.
- PETERS, P., "De geslachtsvormen van het adjectief in de nedl. dialecten", Onze Taeltuin V, 12, p. 357 vlg.
- PETTMAN, C., South African place names past and present, Queenstown, 1931.
- POSTHUMUS, M.J., Die vry preadjunk in Afrikaans, Kaapstad 1957.
- RADENMEYER, J.H., Kleurling-Afrikaans: Die taal van die Griekwas en Rehoboth-Basters, Amsterdam 1938.
- ROYEN, GERLACH, Buigingsverschijselen in het Nederlands Deel III, tweede stuk, Amsterdam 1953.

- SEWEL, Wm., Nederduytsche Spraakkunst, Waarin de Gronden der Hollandsche Taale Naauwkeuriglyk opgedolven, en zelfs voor geringe Verstande ... duydelyk aangeweezen zyn, Tweede druk, Amsterdam 1712.
- SCHOLTZ, J. DU P., (1) Die Afrikaner en sy taal: 1806-1815<sup>2</sup>, Kaapstad 1965.
- (2) Taalhistoriese opstelle: Voorstudies tot 'n geskiedenis van Afrikaans, Pretoria 1963.
- (3) Uit die geskiedenis van die naamgewing aan plante en diere in Afrikaans, Kaapstad 1941.
- (4) "Afrikaanse geskrifte in ou Kaapse koerante en tydskrifte", Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, Jg. 13, Nr. 3, Mei 1935, p. 322 vlg.
- (5) "Die Afrikaanse taalkunde: 'n wetenskap in wording", Handelingen van het twintigste nederlands philologencongres gehouden te Leiden op 1 en 2 April 1948, Groningen 1948, p. 114 vlg.
- (6) "Die Afrikaans van 'Kaatje Kekkelbek'", Die Huisgenoot, 21 Nov. 1941.
- (7) "'n Afrikaanse brief van 1851", Die Huisgenoot, 13, 20 en 27 Junie 1941.
- (8) "Bonifacio se Afrikaans, 1830-1832", Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, Nuwe Reeks IV, 2, 1943, p. 79 vlg.
- (9) "Meurant se Afrikaans in 1844-1850", Die Huisgenoot, 22 en 29 Aug. 1941.
- (10) "Outeurskap en ontstaanstyd van 'Kaatje Kekkelbek'", Standpunte XVII, 5, Junie 1964.
- SCHULTINK, H., De morfologische valentie van het ongelede adjectief in modern Nederlands, Den Haag s.j. (1962).
- SMOUT, H., Het Antwerpsch dialect, Gent 1905.
- SMUTS, J., 'n Onderzoek na die ontwikkelingsstadium van Afrikaans teen die tyd van die Groot Trek, veral na aanleiding van Trichardt se dagboek, ongepubl. Ph.D.-verhandeling, Universiteit van Kaapstad 1943.
- STOETT, P.A., Middel-nederlandsche spraakkunst: Syntaxis<sup>3</sup>, 's-Gravenhage 1923.
- TEN KATE, L., Aanleiding tot de Kennisse van het Verhevene Decl der Nederduytsche Sprache..., Dl. I, Amsterdam 1723.
- TE WINKEL, J., Geschiedenis der Nederlandsche Taal, Culemborg 1901.
- TIENBIJER, W.F., Klankleer der Gedichten van Willem van Hildegaersberch, Amsterdam 1916.
- VAN BELLE, JAN., (1) Korte Schets der Nederduitse Spraakkunst, Haarlem 1755.
- (2) Korte Wegwyzer, ter Spel- Spraak- en Dichtkonden, Haarlem 1748.
- VAN DEN BERG, B., Beknopte Nederlandse spraakkunst<sup>4</sup>, Den Haag 1964.

- VAN DEN BRANDEN, L., Het streven naar verheerlijking, zuivering en opbouw van het Nederlands in de 16e eeuw, Kon. Vl. Acad. voor Taal- en Letterk., Reeks VI, Nr. 77, Gent 1956.
- VAN DER PALM, KORNELIS, Nederduitsche Spraakkunst voor de Jeugt dl. II, Rotterdam 1769.
- VAN DER VEEN, J.O.S., Het taaleigen van Bredero: Eene bijdrage tot de syntaxis van het Nederlandsch der zeventiende eeuw, Amsterdam 1905.
- VAN DE WATER, A., De volkstaal in het oosten van de Bommelerwaard, Utrecht 1904.
- VAN HAERINGEN, C.B., (1) Heerlandica<sup>2</sup>, Den Haag 1962.
- (2) Netherlandic language research<sup>2</sup>, Leiden 1960.
- (3) "Opmerkingen bij de apocope van -e", N. Tg. XXXI, p. 241 vlg. en 322 volg.
- VAN HALTEREN, B., Het pronomen in het Nederlandsch der zestiende eeuw, Wildervank 1906.
- VAN HELTEN, W.L., (1) Middelnederlandsche spraakkunst, Groningen 1887.
- (2) Vondel's Taal: Grammatica van het Nederlandsch der zeventiende eeuw, Groningen 1883.
- VAN HEULE, CHRISTIAEN, (1) De Nederduytsche Grammatica ofte Spraec-konst (1625), uitg. W.J.H. Caron, Trivium 1, dl. 1, Groningen 1953.
- (2) De Nederduytsche Spraec-konst ofte Tael-beschrijvinghe (1633), uitg. W.J.H. Caron, Trivium 1, dl. 2, Groningen 1953.
- VAN HOOGSTRAATEN, DAVID, Lyst der gebruikelykste zelfstandige Naamwoorden<sup>4</sup>, Amsterdam 1733.
- VAN LESSEN, J., Samengestelde naamwoorden in het Nederlandsch, Groningen 1928.
- VAN LOEY, A., (1) Middelnederlandse spraakkunst, I Vormleer<sup>3</sup>, Groningen 1960.
- (2) Schönfeld's historische grammatica van het Nederlands<sup>6</sup>, Zutphen s.j.
- VAN WEEL, H.A., Het dialect van Vest-Voorne, Leiden 1904.
- VERDENIUS, A.A., (1) Studies over zeventiende eeuws, 1946.
- (2) "Over de vormen van het adnominale adjectief en het lidwoord van bepaaldheid in de 17de-eeuwse Amsterdamse volkstaal", N. Tg. XXXIII, p. 97 vlg.
- VERHAGE, J.A., Bespreking van Louis Trigerdt se dagboek, Kriterium III, 2, Julie 1965, p. 17 vlg.
- VOR DER HAKE, J.A., "De moeilijkheden van een onderzoek naar de levende taal in het verleden", N. Tg., V, 1911, p. 117 vlg.
- WALCH, J.L., De varianten van Vondel's Palamedes, 's-Gravenhage 1906.
- WEIJHEE, A., (1) Nederlandse dialectkunde, Assen 1953



WEIJNEN, A., (2) Zeventiende-eeuwse taal<sup>3</sup>, Zutphen 1960.

(3) "Opmerkingen over de taal van Pater Poirters",  
Vondelkroniek 1939, p. 324 vlg.

ZWAAN, F.L., Uit de geschiedenis der Nederlandsche spraakkunst,  
Groningen, Batavia 1939.

## II. Tekste

ALEWYN, A., Beslikte swaentje, Amsterdam 1715.

Antiquitates Belgicae of Nederlandsche Oudtheden, Amsterdam 1700.

ASSELIJN, TH., (1) De dobbelaar, Tijdschrift voor Ned. Taal- en Letterkunde XXVIII, pp. 162-205.

(2) Jan Klaasz of gewaande dienstmaagt, uitg. Schepers,  
Zwolle 1925.

BERNAGIE, F., (1) De goê vrouw - kyk Van Helten, W.L.

(2) Het studente-leven - kyk Van Helten, W.L.

Besondere Privilegien en Handvesten, verleent aan d'Inwoonders van Westzaanden en Crommenie..., Amsterdam 1661.

BOERWINKEL, A., Cronyk van Sint Aagten Convent, Amersfoort 1939.

BONTEKOE - kyk Hoogewerff, G.J.

BOSMAN, D.B., Brieve van Johanna Maria van Riebeeck en ander Riebeeckiana, Amsterdam 1952.

BOSMAN, D.B. & THOM, H.B., Dagregister gehouden by den Oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck, I-III, Kaapstad 1952-1957.

BREDERO, G.A., (1) Het Moortje - kyk Stoett, F.A. (2)

(2) Spel, op 't oud Liedt: Het daget uyt den Oosten,  
"Bredero, by hem in sijn overlyden onvolmaect ghevonden /  
en voort ghemaect door een Liefhebber der Poesys"  
(Cornelis Lodowijcksz. van der Plasse) Amsterdam 1638.

(3) Verzameld Werk, uitg. Cornelis Lodowijcksz. van der Plasse, Amsterdam 1638.

Het Brusselsch Klucht-tooneel, Bestaande in verscheyde eerlycke  
Bly-spelen..., Amsterdam 1700.

BUISERO, DIEDERIK, De Schoonste of het ontzet van Schevening,  
's-Gravenhage 1717.

I. Burghoorns Klucht-hoofdige Snorre-pijpen/Quacken/ en Quinck-  
slagen, 2 dele, (17de eeu).

CATS, J., Verzameld werk, Amsterdam 1655.

CHOMEL, M. NOEL, Huishoudelyk woordboek, vervattende vele middelen  
om zyn goed te vermoederen en zyne gezondheid te behouden..  
Die. I en II, Leiden en Amsterdam 1743.

CJ - "Crimineek Justitieën" in die Kaapse Argief. (Dit sluit in  
afdelings soos "Crimineek Proces Stukken", "Minuut Proces  
Stukken", "Regtsrollen", "Civiele Proces Stukken", ens.)

- CLOETEN, PIETER, "Journaal van eenen landtocht...met den Heledelen heer Mr. Hendk. Swellengrebel..." (1776) - kyk Godée Molsbergen, Reizen in Z.A. IV.
- COORNHERT, D.V., (1) De Wellevenskunsto, uitg. B. Becker, Leiden 1942.
- (2) Comedies - kyk Van der Meulen, P.
- COSTER, SAMUEL, Teeuwis de Boer, uitg. P.A. Stoett, Klass. Lett. Panth., Zutphen 1936.
- DANCKAERT, JAN - kyk Bosman, D.B. & Thom, H.B., Dagregister III, Bylse III.
- DARDAPELLI, Historie der Queesters op de Noorder eilanden van Holland gebruikelijk, Queestendam 1683.
- DE BLÉCOURT, A.S. & WIJS, J.J.A., Kenningboek der stad Leiden 1553-1570, Oud-Vaderlandsche Rechtsbronnen, Utrecht 1936.
- DE BRUNE, JAN, DE JONGE, Jok en Ernst: Dat is Allerlei deftige Hofredenen, Quinksalagen, Boerterryen..., Dl. I, Amsterdam 1644.
- DE JONG, M., Drie zestiende-eeuwse esbatementen, Amsterdam 1934.
- DE RUYTER, NICHIEL - kyk Verhoog, P. & Koelmans, L.
- Dronke Jaap, de Boer op het Concert, Haarlem ca. 1700.
- DUMINY, JOHANNA, "Dagboekje" (1797) en "Kasboek" (1790-1795) - kyk Franken, J.L.H.
- ELLERBROEC-FORTUIN, E., Amsterdamse Rederijkersspelen in de zestiende eeuw, Groningen 1937.
- El Paternoster de Gli Spagnoli ofte Rhijm-gedicht / so in Duytsch / als Italiaens..., Pamflet, Enchuyssen 1602.
- ENKLAAR, D.TH., Niddeleeuwseche Rechtsbronnen van stad en lande van Gecciland, Reeks Oud-Vaderlandsche Rechtsbronnen, Utrecht 1932.
- EYNABL, H.J., (1) Const. Huygens Hofwijk<sup>2</sup>, Zutphen 1920.
- (2) C. Huygens' Trijntje Cornelisdr. Klucht, Zutphen 1911.
- FOUCHÉ, L., Het dagboek van Adam Tan (1705-1706), London 1914.
- FRANKEN, J.L.H., Duminy-dagboeke, Van Rieboeck Vereniging 19, Kaapstad 1938.
- FREDERICQ, P. PR., Het Nederlandsch proza in de zestiende-eeuwse pamfletten uit den tijd der beroerten, met eene Bloemlezing (1566-1600), Brussel 1907.
- De ghe-dwonghe Griet, Brussel s.j. (laat 17de eeu).
- De geest van Jacob Camp Weyerman of Nieuwe en aardige invallende gedachten..., C. LXXX. M.D. LXXIV.
- GLAUCOMASTIX, JUVENALIS (Beschermer der verdrukte Onnozelheid), Ophelderingen en Aanmerkingen over de vermaarde Psalmberyminge van Petrus Dathenus..., 1758



- GODÉE MOLSBERGEN, E.C., Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse tijd, I-IV, Linschoten-Vereeniging XI, XII, XX, XXXIV, 's-Gravenhage 1916-1932.
- GODEWYC, P., P. Godewycz Witte-broots Kinderen / of Bedorve Jongelingen, Dordrecht 1641.
- BONNET, C.J., Briefwisseling tusschen de gebroeders Van der Goes (1659-1673), Amsterdam 1909.
- Het Groot Privilegie en Hantvest Boeck van Kennemerlandt en Kennemer-Gevolgh... zijnde uyt alle de Autenteycke stukken by een vergadert en 't samen gestelt door Willem Gerritox. Lams., Burgermeester tot Wormer, Amsterdam 1664.
- GUILIEMI A CASTRO, Spiegel der Eyghen-Kennisse, bestaende in te-saenghebonde Mal ende Traur-Dichten, in-ghesknoopt het Conterfeytsel des verelts..., Brussel 1643.
- Haegse Mercurius, Behelsende de vernakelijke, satyrique, galante, stigtelijke... en andere Reflexion..., 's-Gravenhage 1698, Amsterdam 1699.
- Handvesten ende privilegien, mitgeders keuren en ordonnantien van Assendelft, Amsterdam 1768.
- HEEROMA, K., De Schoonste of het ontzot van Schevening, Amsterdam 1963.
- HERMANS, C.R., (1) Geschiedenis der Rederijkers in Noordbrabant, 's-Hertogenbosch 1867.
- (2) Versameling van Kronyken, Charters en Oorkonden betreffende de stad en Meijerij van 's-Hertogenbosch, Provinciaal Genootschap van Kunsten en Wetenschappen in Noord-Brabant, 's-Hertogenbosch 1848.
- HEYH, PIET - kyk Ratelband, K. (1)
- HEYNS, ZACHARIAS, Emblemata en Sinne-spel van de Dry Hoof-Deuchden, Rotterdam 1625.
- HOOFT, P.C., (1) Granida, uitg. F.A. Stoett, Klass. Lett. Panth., Zutphen 1925.
- (2) Historiën - kyk Vervijs, E. & Stoett, F.A.
- (3) Warenar, Klass. Lett. Panth. 99, Zutphen s.j.
- HOOGEWERFF, G.J., Journalen van de gedenckwaardige Reizen van Willem IJzbrantsz. Bontekoe 1618-1625, Linschoten-Vereeniging LIV, 's-Gravenhage 1952.
- HUYGENS, C., (1) Hofvijck - kyk Eymael, H.J. (1)
- (2) Trijntje Cornelisdr. - kyk Eymael, H.J. (2)
- KALFF, G., Trou moet Blijken: Tooneelstukken der zestiende Eeuw, Groningen 1869.
- KLAERBOUT, JOOS, Klucht van 't Kalf, Middelburg 1662.
- KNUTTTEL, J.A., Proza uit de zeventiende eeuw, Amsterdam 1913.
- KOSSMAN, F.K.H., De spelen van Gijsbrecht van Hogendorp, 's-Gravenhage 1932.

KRUYSKAMP, C., (1) De Refereinenbundel van Jan van Doesborch, Leiden 1940.

(2) Dichten en spelen van Jan van den Berghe, 's-Gravenhage 1950.

KT = Die Kaapse taalargief - kyk Van Oordt, L.C.

Langendijk, P., (1) Krelis Louwen of Alexander de Groot op het poëtesaal, Klass. Lett. Panth. 128, Zutphen s.j.

(2) De spiegel der vaderlandsche kooplieden<sup>5</sup>, Klass. Lett. Panth. Zutphen s.j.

(3) Het wederzyds Huwelijks bedrog<sup>4</sup>, uitg. F.A. Stoett, Klass. Lett. Panth., Zutphen 1927.

Het leeven en bedryf van de hedendaagsche Haagsche en Amsterdamsche Zalet-Juffers, 1696.

Het Loosduynse Weeskind of Boknopt Leevensverhaal van een Door-sleepene Dienatmeid, Delft, Amsterdam, Leiden, Dort. s.j.

LE ROUX, T.H., Die dagboek van Louis Trigardt, Pretoria 1964.

MAK, J.J., Vier excellente cluchten, Klass. Galerij 46, Zutphen s.j.

MAURICIUS, J.J., Het Leidsche Studentenleeven, Kluchtig blyspel 1717, Programma, Feestviering in den schouwburg ter Gelegenheid van het Vyftigjarig Bestaan van het Leidsche studentencorps.

MEERKAMP VAN EMDEN, A., Stadsrekeningen van Leiden, Dl. II (1424-1434) Amsterdam 1914.

MEERMAN, WILLEM, Comœdia vetus, of Bootsmanpraetie, uitg. G. van Zonhoven, Amsterdam 1718.

MOOC = stukke van die Weeskamer ("Master of the Orphan Chamber") in die Kaapse Argief.

MOSSOP, E.E., (1) Joernale van die landtogte van... Olof Bergh (1682 en 1683) ens., Van Riebeeck Vereniging 12, Kaapstad 1931.

(2) The journal of Hendrik Jacob Wikar (1779), Van Riebeeck Vereniging 15, Kaapstad 1935.

MULLER, J.W., & SCHARPÉ, L., Spelen van Cornelis Everaert, Leiden 1920.

NIENABER, G.S., (1) Afrikaans tot 1860, Patriotvereniging Nr. 6, Johannesburg 1942.

(2) Die Afrikaanse geskifte van Samuel Zwartman, Patriotvereniging Nr. 9, Johannesburg 1942.

(3) Klaas Waarzegger se Samenspraak en Brieve uit 1861, Patriotvereniging Nr. 1, Johannesburg 1940.

OGIER, G., (1) De Granschap (1645), uitg. A.A. Keeremaekers, Amsterdam 1955.

(2) De Gulsigheydt, Antwerpen 1635.

(3) De Hooverdigheydt (1644), uitg. W. van Eeghem, Antwerpen 1934.

(4) De seven Hoofd-sonden (1682), heruitgawe Antwerpen 1889.

- OSINGA, M.D., & GELLINCK, W.S., Kenningboek der stad Leiden 1570-1580, 2de stuk 1574-1580, Oud-Vaderlandsche Rechtsbronnen, 's-Gravenhage 1930.
- OVERVOORDE, J.C., Rekeningen van de gilden van Dordrecht 1438-1600, Historisch Genootschap Dl. II, 's-Gravenhage 1894.
- PERK, A., Verslag omtrent den oorsprong en den aard der gebruik-regten op de heiden en weiden in Gooiland, Arnhem 1842.
- POIRTERS, P.A., Het Masker van de Werelt afgetrocken, Antwerpen (1646)
- POSTHUMUS, N.W., Bronnen tot de geschiedenis van de Leidsche Textielnijverheid, Dl. II, Rijksgeschiedkundige publicatiën, 's-Gravenhage 1911.
- PRELLER, G.S., Dagboek van Louis Trichardt<sup>2</sup>, Kaapstad 1938.
- RATELBAND, K., (1) De Westafrikaanse reis van Piet Heyn 1624-1625, Linschoten-Vereeniging LXI, 's-Gravenhage 1959.
- (2) Reizen naar West-Afrika van Pieter van den Broecke 1605-1614, Linschoten-Vereeniging LII, 's-Gravenhage 1950.
- R.L.R. = Stukke van die Ontvanger van landsinkomste ("Receiver of Land Revenue") in die Kaapse Argief.
- ROGGE, H.C., Brieven van en aan Maria van Reigersberch, uitg. H.C. Rogge, Leiden 1902.
- St. = die Stellenbosch-argief, gehuisves in die Kaapse Argief.
- STARTER, JAN, Klucht van Jan Soetekouw, Amsterdam 1627.
- STOETT, P.A., (1) Drie kluchten uit de zestiende eeuw, Zutphen 1932.
- (2) G.A. Bradero's Moortje, Zutphen 1931.
- Het suynigh en vermaeckelyck Coffy-Huys, Zaendyck 1678.
- TAS, ADAM, - kyk Fouché, L.
- TENGNAGEL, M.C., Frik in 't veur-huys, Amsterdam 1642.
- Het toevalligh bedrog mislukt, Rotterdam 1719.
- TRIGARDT, L., - kyk Le Roux, T.H.
- TUINMAN, CAROLUS, De Nederduitsche Spreekwoorden, Middelburg 1720.
- Ulenpieghel Van ulespieghels leuen, Antwerpen s.j. (ca. 1512), facsimile-uitgawe, 's-Gravenhage 1898.
- UNGER, J.H.W., & BEZENER, W., Bronnen voor de geschiedenis van Rotterdam: Deel III De oudste stadsrekeningen van Rotterdam, Rotterdam 1899.
- UNGER, W.S., De oudste reizen van de Zeeuwen naar Oost-Indië, Linschoten-Vereeniging LI, 's-Gravenhage 1948.
- VALCOOGE, (1) Regel der Duytsche Schoolmeesters, uitg. P.A. de Planque (volgens die druk van 1597), Groningen 1926.
- (2) Regel der Duytsche Schoolmeesters, uitg. G.D.J. Schotel (volgens die Alkmaarse druk van 1607), 's-Gravenhage 1875.
- VALENTIJN, FRANÇOIS, Oud en Nieuw Oost-Indiën, Dl. I, Dordrecht 1724.

- VAN BOS, L., (1) Dordrechtse Arcadia, Amsterdam 1663.
- (2) Zuyd-hollandtsche Theessalia, Gorinchem 1663.
- VAN BORSSELEN, PH., - kyk Muller, P.E.
- VAN BRUYNINGEN, WILLEM, Vlaemsche klucht, Amsterdam 1645.
- VAN DEN BERGH, J.P.X., Het archief van het seer oude en voornamelyc collegie van de Malen op het Hoogland buiten de stad Amersfoort, Dl. III, Rekeningen, 's-Gravenhage 1898.
- VAN DEN BERGHE, JAN, - kyk Kruyskamp, C.
- VAN DEN BROECKE, PIETER - kyk Ratelband, K. (2)
- VAN DER GOES, ADRIAAN en WILLEM - kyk Gonnet, C.J.
- VAN DER MERWE, H.J.J.M., Scheepsjournael ende Dagregister, Byvoegsel, Pretoria 1964.
- VAN DER MEULEN, P., De comedies van Coornhert, Assen 1945.
- VAN DER MUYR, H., Klucht vande Ketel-Boeter, Gorinchem 1644.
- VAN DER NOOT, JAN, Epitalameon, uitgegee deur W.A.P. Smit en W.Gs. Hollinga, Zwolle.
- VAN DER NOOT, THOMAS, Het eerste nederlandsche gedrukte kookboek Facsimile-uitgawe, 's-Gravenhage 1925.
- VAN DER STEL, SIMON, - kyk Waterhouse, G.
- VAN DER VEEN, JAN, Jan van der Veens Zinnebeelden of Adams Appel, Amsterdam 1642.
- VAN EEGHEN, D.F.W., Drie schandaleuse spelen, Antwerpen 1937.
- VAN EEGHEN, I.H., (1) Dagboek van Broeder Wouter Jacobsz, Dl. I, Historisch Genootschap, 4de serie, Nr. 5, Groningen 1959.
- (2) Vrouwenklooster en Begijnhof in Amsterdam, Amsterdam 1941.
- VAN EPPEN, J., De Hollandsche spectator, uitg. J. Koopmans, Groningen 1907.
- VAN FOGQUENBROCH, W., Verwarde jalouzy - kyk Van Helten, W.L.
- VAN GELDER, H.E., Almaarse opstellen, Vereniging "Oud-Almaar" 1960.
- VAN HELTEN, W.L., Drie kluchtspelen der 17e eeuw, Groningen 1871.
- VAN HINSBERGEN, PH.J.C.C., Bronnen voor de geschiedenis van Zeist, Dl. I, Assen 1962.
- VAN LEEUWENHOEK, A., Alle de brieven van Antoni van Leeuwenhoek, uitg. door een Commissie van Nederlandse geleerden, Amsterdam, Dl. I (1939), Dl. IV (1952), Dl. VI (1961).
- VAN MANDER, CAREL, Het Schilder-Boek, waer in voor eerst de leerslustighe Juecht den grondt der Edelvrij schilderconst in verscheyden deelen wort voorghedraghen..., Haarlem 1604.
- VAN MEERHOFF, P. - kyk Bosman, D.B. & Thom, H.B., Dagregister III, Bylae IV en V.
- VAN OORDT, L.C., Die Kaapse taalargief I-IV, Kaapstad 1947-1948; V-X, Tydskrif vir W. & K., Apr. 1950-Apr. 1956.

- VAN REIGERSBERCH, MARIA, - kyk Rogge, H.C.
- VAN RIEBEECK, J.A., - kyk Bosman, D.B. & Thom, H.B.
- VAN RIEBEECK, JOHANNA MARIA, - kyk Bosman, D.B.
- VAN RIJNBACH, A.A., De kluchten van Gerbrand Adriaensz. Braderoo, Amsterdam 1926.
- VAN RYNDORP, J., Voorspel op Konink William zeggenspreken in Yerland, 's-Gravenhage 1700.
- VAN SANTEN - kyk onder I Studies Crena de Jongh, A.C.
- VAN SPAAN, GERRIT, Het koddig en vermakelyk leven van Louwtje van Zevenhuizen, of het schermeschool der huislieden..., Rotterdam 1752.
- VAN STEYN, A., Lammert Heese of Klucht vande Melck-boer, Delft 1661.
- VAN VAERNEWIJCK, MARCUS, Van die beroerlike tijden in die Nederlanden en voornamelijk in Ghendt (1566-1568), uitg. Ferd. Vander Haeghen, 5 de., Maatsch. der Vlaamsche Bibliophilen, Gent 1872-1881.
- VERHOOG, P. & KOELMANS, L., De reis van Michiel Adriaanszoon De Ruyter in 1664-1665, Linschoten-Vereeniging LXII, 's-Gravenhage 1961.
- VERSEPUT, J., De reis van Mathijs Hendriksz. Quast en Abel Jansz. Tasman ter ontdekking van de Goud- en Zilvereilanden (1639), Linschoten-Vereeniging LVI, 's-Gravenhage 1954.
- Vervolg op het Overtooms-Praatje: of het doorluchtig leven en bedrijf van Groot-Hart, alias Wieldraajer, Leiden s.j.
- VERWIJS, E. - STOETT, F.A., Episodes uit Hooft's Nederlandsche Historiën, Zutphen s.j.
- VERWIJS, E., G. Brandt's Leven van Vondel<sup>2</sup>, bewerk deur J. Hoeksma, Amsterdam 1905.
- De volmaakte Hollandsche keuken-meid... Beschreeven door Eene voorname Hevroutse onlangs in 't Gravenhage overleeden, Amsterdam 1746.
- Het Vol-vrolijke Thee-Geselschap... Zijnde Het Tweede Deel van 't Zuinig en Vermakelik Coffi-Huis, Amsterdam 1687.
- VONDEL, J. VAN DEN, (1) Adam in ballingschap uitg. J. van Lennep - J.H.W. Unger, De werken van J. van den Vondel 1664-1667, Leiden s.j.
- (2) Pascha, uitg. J. van Lennep - J.H.W. Unger, De werken van J. van den Vondel 1605-1616 Leiden s.j.
- VOS, JAN, Klucht van Oene, Den tweeden Druck door hem zelf vermeerderd en verbeterd, Amsterdam 1643.
- WAARREGGER, KLAAS, - kyk Nienaber, G.S.
- Waerachtich verhaal vant' vroom ende lofweerdich feyt/bedreuen op de Custen van Biscayen..., waerachtelijk beschreven door Romphrey Mote, Enghelsmen, Pamflet, Leiden 1585.
- Waerachtige nieu tijdinghe / van het veroveren van 500 paerden..., Pamflet, Leiden 1602.

Een warachtich en naect verclaere, vande verschrickelijcke verraderije..., Pamflet, Middelburg 1585.

WATERHOUSE, GILBERT, Simon van der Stel's journal of his expedition to Namaqualand, edited from the MS in the library of Trinity College, Dublin 1932.

WEIJNEN, A., Bloemlezing van zestiende-eeuwse taal, Zutphen 1960.

WIKAR, HENDRIK JACOB, - kyk Mossop, E.E. (2)

Wilhelm of gequetste vryheyt, Treur-spel door L.v.B., Dordrecht 1663.

WOLFF, B. & DEKEN, A., Historie van Mejuffrouw Sara Burgerhart uitg. L. Knappert, Amsterdam 1906.

WOPP, J.A., De briefwisseling van Constantijn Huygens, Dl. I (1608-1634), 's-Gravenhage 1911.

Wortel der Nederlantsche oorloghen / met aanwysinghe tot inlandtsche eendracht, Pamflet 1590.

ZWAARTMAN, SAMUEL, - kyk Nienaber G.S.

Zedige snaakery, of snaaksche zedigheyt, bestaende in geestelyke en vleeslyke geboorte- huwelyk- en lyksermoenen..., By een gebragt door een zedige snaak, Dl. I, 's-Gravenhage 1728.